# PSIGOBIOGRAFIESE PERSOONLIKHEIDSBESKRYWING VAN GENERAAL CHRISTIAAN DE WET

**Riana Henning**

**Ingedien ter vervulling van die vereistes**
**van die graad Doctor Philosophiae**
**in die**
**Fakulteit Geesteswetenskappe**
**Sielkunde Departement**
**Rhodes Universiteit**

**Januarie 2010**

**Promotor: Professor Roelf van Niekerk**

**Mede-promotor: Professor Catriona Macleod**

# DANKBETUIGINGS

Sonder die onderstaande persone sou ek nie hierdie studie kon voltooi nie. Ek rig daarom 'n besondere woord van dank aan hulle:

Die Allerhoogste, wat my in staat gestel het om hierdie studie te voltooi;

Dr Roelf van Niekerk, vir waardevolle raad en leiding gedurende die studie;

Louise Luttig en Elize du Plessis, vir die taalkundige en tegniese versorging van die studie;

Anna, Rona, Louise, Alta en Pappa, vir die proeflees van die manuskrip;

Die personeel van die Oorlogmuseum in Bloemfontein, asook die Museum in Graaff-Reinet en Aliwal-Noord, vir hulp met die opsporing van biografiese- en geskiedkundige data;

Drr Servaas Rossouw en Andrew McLeod asook Me Elria Wessels, vir die voltooiing van die persoonlikheidsvraelyste;

Mnr Leon Endemann van die Genealogiese Instituut in Stellenbosh, vir hulp met die opsporing van Generaal De Wet se naasbestaandes;

Prof Tienie Van Schoor, vir raad asook toegang tot sy ongepubliseerde boek;

En laastens aan my pa en suster, baie dankie vir al jul hulp, bystand en aanmoediging die afgelope jare.

## OPGEDRA AAN

Ek dra hierdie studie aan my wonderlike ouers op. Hulle aanmoediging en geloof in my het my in staat gestel om hierdie studie te voltooi. Baie dankie vir julle onvoorwaardelike liefde, aanvaarding en ondersteuning. Ek is trots om julle as ouers te hê.

**OPSOMMING**

Hierdie is 'n psigobiografiese studie van Generaal Christiaan Rudolph de Wet. 'n Psigobiografiese studie is die bestudering van 'n persoon se volledige lewe met die doel om die persoon beter te verstaan. Psigobiografiese navorsing maak gebruik van psigologiese teorieë wat aangewend word om die biografiese data van 'n persoon se lewe te beskryf en moontlik ook te verklaar. Die individu wat bestudeer word, is gewoonlik 'n bekende, invloedryke, navolgenswaardige, interessante of modelfiguur. Daar is tans 'n oplewing in die veld van psigobiografiese studies, maar daar word nog steeds nie genoeg in die akademiese veld gedoen om psigobiografiese studies te bevorder nie.

De Wet (1854-1922) is vir hierdie studie gekies omdat hy 'n interessante, dog komplekse figuur was. Hy het veral tydens die Anglo-Boereoorlog in 1899-1902 bekendheid verwerf. As 45-jarige man het De Wet in die Anglo-Boereoorlog geveg en vinnig opgang as 'n militêre leier gemaak. Sy vindingryke ontsnappingspogings het die Britse magte hoofbrekens besorg. Wat De Wet verder uniek maak, is dat hy met net drie maande skoolopleiding in die parlement gedien het, as president verkies is, die hoogste gesag in die Verdedigingsmag gehad het en 'n boek oor sy oorlogsherinneringe geskryf het. Alhoewel daar akademiese werke oor De Wet bestaan, is daar tot op hede nog geen psigobiografiese studie oor hom gedoen nie.

Die doel van die studie was om die *mens* agter die legende na vore te bring. Daar is ook gepoog om moontlike antwoorde en verklarings op onbeantwoorde vrae te gee. Die studie het van beide kwalitatiewe en kwantitatiewe data gebruik gemaak en kan as 'n psigobiografiese gevalstudie beskryf word. Die Vyf-faktor model van Costa en McCrae (1992) is op die biografiese data van De Wet toegepas om sodoende sy persoonlikheidseienskappe te beskryf.

Die bevindinge het interessante persoonlikheidseienskappe van De Wet deur middel van die Vyf-faktor model aan die lig gebring. Volgens die kwalitatiewe navorsingsbevindinge was De Wet 'n vyandige, aksie-gedrewe, bevoegde,

prestasie-strewende, selfgedissiplineerde, warm, openhartige, saggeaarde en beskeie persoon. Die kwalitatiewe en kwantitatiewe data-ontledings het uiteenlopende persoonlikheidskenmerke by De Wet geïdentifiseer. Die grootste verskille het by die fasette warmte, openhartigheid en altruïsme voorgekom.

Die waarde van die studie is dat 'n wetenskaplike persoonlikheidsontleding van De Wet gedoen is. Dit is ook die eerste studie waar 'n teoretiese model op De Wet se persoonlikheid toegepas is. Alhoewel die studie sekere tekortkominge toon, beklemtoon dit terselfdertyd die wenslikheid daarvan om alternatiewe modelle te gebruik tydens die ontleding van persoonlikheidskenmerke. Die studie dui ook op die behoefte aan verdere navorsing, byvoorbeeld soortgelyke ontledings en vergelykings van die persoonlikhede van ander militêre bevelvoerders (De la Rey, Smuts, Beyers, Hertzog).

Sleutelwoorde: Psigobiografie; Christiaan Rudolph de Wet; Anglo-Boereoorlog; Vyf-faktor model; trekteorie; gevalstudie-navorsing.

## SUMMARY

This is a psychobiographical study of General Christiaan Rudolph de Wet. Psychobiography is the study of an entire life with the aim to understand a person. This kind of research utilises psychological theories as a framework to describe and explain biographical data of an individual's life. The subject to be studied is usually that of a famous, enigmatic or paradigmatic figure. More recently psychobiographical research has begun to re-emerge but one of the challenges in this filed is still the fact that psychobiography is not a common field of study because it is relatively unusual to find formal academic training in psychobiography.

De Wet (1854-1922) was chosen as the subject for this study because he was an interesting though complex figure. During the Anglo-Boer war in 1899-1902, he made an indelible impression on the nation. He also become known as an ingenious military leader. He started the Guerilla warfare and eluded the British forces repeatedly to emerge elsewhere. De Wet had only three months of formal schooling but notwithstanding this, he was chosen as the president of the Orange Free State, obtained the highest authority in the defense force and wrote a book on his war memories. Although academic studies have been done on De Wet, until now, no existing studies have adopted a psychological stance.

The aim of the study was to rediscover the *person* behind the legend. The study also aimed to provide possible answers and explanations of De Wet's inexplicable actions. Qualitative as well as quantitative data were used in this study and can be described as a psychobiographical case study. The Five-factor model of personality by Costa and McCrae (1992) was utilised to give a comprehensive personality description of De Wet.

The qualitative research findings on the Five-factor model suggested that De Wet was an aggressive, action orientated, competent, warm, straightforward, tender-minded, self-disciplined and modest person. The qualitative and quantitative data

identified discrepant characteristics of De Wet. The biggest differences were in the facets of warmth, straightforwardness and altruism.

The value of this study is that for the first time a scientific personality description of De Wet was undertaken by using the Five-factor model as a theoretical model. Recommendations that have been made include the use of alternative models in personality descriptions and the application of the Five-factor model on other military leaders like De la Rey, Smuts, Beyers and Hertzog.

Key words: Psychobiography; Christiaan Rudolph de Wet; Anglo-Boer War; trait theory; Five-factor model; single-case study

# INHOUDSOPGAWE


| | |
|---|---|
| **DANKBETUIGINGS** | i |
| **OPGEDRA AAN** | ii |
| **OPSOMMING** | iii |
| **SUMMARY** | v |
| **INHOUDSOPGAWE** | vii |
| **LYS VAN TABELLE** | xx |
| **LYS VAN FIGURE** | xxi |
| **LYS VAN BYLAES** | xxii |

| | **BLADSY** |
|---|---|
| **HOOFSTUK 1: INLEIDING** | |
| **1.1 Hoofstukoorsig** | 1 |
| **1.2 Probleemstelling en navorsingsdoelwit** | 1 |
| **1.3 Psigobiografiese studies** | 2 |
| **1.4 De Wet as psigobiografiese geval** | 3 |
| **1.5 Vyf-faktor model van persoonlikheid** | 4 |
| **1.6 Navorsingsmetode** | 5 |
| **1.7 Slot** | 6 |

## HOOFSTUK 2 : PSIGOBIOGRAFIESE NAVORSING

**2.1 Hoofstukoorsig** 7

**2.2 Omskrywing van psigobiografiese navorsing** 7

**2.3 Vereistes wat aan psigobiografiese navorsing gestel word** 8

2.3.1 Oortuigingskrag 8

2.3.2 Omvattendheid en volledigheid 8

2.3.3 Akkuraatheid 8

2.3.4 Korrekte vertolking 9

2.3.5 Werklikheidsgetrouheid 9

**2.4 Terme verwant aan psigobiografieë** 9

2.4.1 Biografie (*biography*) en outobiografie (*autobiography*) 10

2.4.2 Lewensgeskiedenis (*life history*) 10

2.4.3 Lewensverhaal (*life story*) 11

2.4.4 Narratief (*narrative*) 11

2.4.5 Psigo-geskiedenis (*psycho-history*) 12

2.4.6 Historiese psigologie (*historical psychology*) 12

2.4.7 Historiografie (*historiography*) 13

2.4.8 Gevalstudie (*case study*) 13

**2.5 Geskiedenis van psigobiografiese studies** 15

2.5.1 Vroegste geskiedenis 15

2.5.2 Middeleeue 15

2.5.3 Sewentiende eeu 16

2.5.4 Twintigste eeu 16

2.5.5 Een-en-twintigste eeu 19

**2.6 Beskrywing van individue en dissiplines wat in psigobiografiese studies gebruik is** 21

**2.7 Waarde van psigobiografiese studies** 22
2.7.1 Uniekheid van die individuele geval binne die geheel 22
2.7.2 Sosio-historiese en kulturele konteks 23
2.7.3 Longitudinale navorsingsmetode 24
2.7.4 Subjektiewe ervaring 24
2.7.5 Teoretiese validering en ontwikkeling 24
2.7.6 Beskikbaarheid van data 25
2.7.7 Psigobiografiese navorsing se bydrae tot sielkunde 25

**2.8 Kritiek teen psigobiografiese navorsing** 26
2.8.1 Reduksie 26
2.8.2 Onvoldoende bewyse 27
2.8.3 Psigoanalitiese teorie in psigobiografie 28
2.8.4 Onvoldoende opleiding 29
2.8.5 Beperkte deelname van psigoloë en akademici 29
2.8.6 Oortuigende en alternatiewe verklarings 29

**2.9 Toekoms van psigobiografiese navorsing** 30

**2.10 Samevatting** 31

**HOOFSTUK 3: LEWE VAN CHRISTIAAN RUDOLPH DE WET**

**3.1 Hoofstukoorsig** 32

**3.2 Gebeure voor 1854** 32

**3.3 Geboorte en kinderjare van De Wet (1854-1972)** 33
3.3.1 Vanaf geboorte tot elfjarige ouderdom (1854 tot 1865) 34
3.3.2 Vanaf 12-jarige tot 18-jarige ouderdom (1866 tot 1872) 36

**3.4 Vroeë volwassenheid (1873-1898)** 37

3.4.1 Vanaf 19-jarige tot 24-jarige ouderdom (1873 tot 1878) 37

3.4.2 Vanaf 25-jarige tot 30-jarige ouderdom (1879 tot 1884) 40

3.4.2.1 Onafhanklikheid in gedrang 40

3.4.2.2 Eerste gevegte vind plaas 41

3.4.2.3 De Wet word veldkornet 42

3.4.3 Vanaf 31-jarige tot 36-jarige ouderdom (1885 tot 1890) 44

3.4.4 Vanaf 37-jarige tot 44-jarige ouderdom (1891 tot 1898) 46

**3.5 Middel volwassenheid (1899-1910)** 47

3.5.1 Vanaf 45-jarige tot 48-jarige ouderdom (1899 tot 1902)

3.5.1.1 Eerste jaar van die Anglo-Boereoorlog (Oktober 1899 tot September 1900) 48

3.5.1.1.1 De Wet maak opgang as krygsman 49

3.5.1.1.2 Burgers behaal suksesse 51

3.5.1.1.3 De Wet verlam die Britse magte 52

3.5.1.1.4 Slag van Paardeberg 54

3.5.1.1.5 Terugslae en gevolglike guerrilla-taktieke 55

3.5.1.1.6 De Wet se ongeduld met ruggraatlose burgers 56

3.5.1.1.7 Eerste tekens van die verskroeide-aarde-beleid 59

3.5.1.1.8 De Wet se hardkoppigheid 60

3.5.1.1.9 Ontsnappings 61

3.5.1.1.10 De Wet en Danie Theron 62

3.5.1.2 Tweede jaar van die Anglo-Boereoorlog (Oktober 1900 tot September 1901) 64

3.5.1.2.1 Planne om Kaapkolonie binne te val 64

3.5.1.2.2 De Wet se vindingrykheid 66

3.5.1.2.3 Britte stel sonder sukses vrede voor 67

3.5.1.3 Derde jaar van die Anglo-Boereoorlog (Oktober 1901 tot Mei 1902) 69

3.5.1.3.1 Laaste stuiptrekkinge voor vredesluiting 69

3.5.2 Vanaf 49-jarige tot 56-jarige ouderdom (1903 tot 1910) 71

**3.6 Laat volwassenheid (1911-1922)** 72
3.6.1 Vanaf 57-jarige tot 62-jarige ouderdom (1911 tot 1916) 72
3.6.1.1 Uitbreek van Eerste Wêreldoorlog 73
3.6.1.2 Rebellie van 1914 74
3.6.1.3 De Wet in die gevangenis 75
3.6.2 Vanaf 63-jarige tot 68-jarige ouderdom (1917 tot 1922) 77

**3.7 Samevatting** 78

**HOOFSTUK 4: VYF-FAKTOR MODEL VAN PERSOONLIKHEID**

**4.1 Hoostukoorsig** 79

**4.2 Definisie van persoonlikheid en persoonlikheidsteorieë** 79

**4.3 Oorsig van persoonlikheidsteorieë** 80
4.3.1 Dieptepsielkundige teorie 80
4.3.2 Leerteoretiese teorie 81
4.3.3 Humanistiese teorie 82
4.3.4 Dimensionele teorie 83

**4.4 Persoonlikheidstrekteorie** 84
4.4.1 Evaluasie van persoonlikheidstrekteorie 86
4.4.2 Verband tussen die persoonlikheidstrekteorie en Vyf-faktor model 87

**4.5 Vyf-faktor model van persoonlikheid** 88
4.5.1 Ontwikkeling van die Vyf-faktor model 88
4.5.2 Aantal faktore an die Vyf-faktor model 91
4.5.2.1 Beskrywing van die Vyf-faktor model as ortogonaal 93
4.5.2.2 Geldigheid van die Vyf-faktor model 93

4.5.2.3 Veralgemeenbaarheid van die Vyf-faktor model na ander kulture/tale 94

4.5.2.4 Stabiliteit van die vyf faktore gedurende die individu se lewe 97

4.5.3 Beskrywing van die vyf faktore 98

4.5.3.1 Neurose (*Neuroticism*) – N 98

4.5.3.2 Ekstroversie *(Extraversion)* – E 99

4.5.3.3 Ontvanklikheid vir ondervinding (*Openness to experience*) – O 99

4.5.3.4 Instemmendheid *(Agreeableness)* – A 99

4.5.3.5 Pligsgetrouheid *(Conscientiousness*) – C 100

4.5.4 Vraelyste van die Vyf-faktor model 100

4.5.4.1 Bespreking van die verskillende vraelyste 101

4.5.4.2 Ontwikkeling van die NEO-PI-R 101

4.5.4.3 NEO-PI-R as gekose vraelys van die studie 104

4.5.4.3.1 Waarde van die NEO-PI-R 104

4.5.4.3.2 Kritiek teen die NEO-PI-R 112

4.5.5 Navorsingsbevindinge van die Vyf-faktor model 113

4.5.5.1 Voorspelling van werksprestasie en werkstevredenheid 114

4.5.5.2 Verband tussen spiritualiteit en die Vyf-faktor model 115

4.5.5.3 Toepassing van die Vyf-faktor model in die kliniese veld 116

4.5.5.4 Toepassing van die Vyf-faktor model in ander velde 118

4.5.5.5 Kognitiewe eienskappe 118

4.5.5.6 Fisiese gesondheid 119

4.5.5.7 Huwelike en verhoudings 120

4.5.5.8 Persoonlikheidseienskappe van moeders wat verkies om net een kind te hê 121

**4.6 Geskiktheid van die Vyf-faktor model van persoonlikheid vir die studie** 122

4.6.1 Geskikte taalgebruik 122

4.6.2 Omvattendheid 122

4.6.3 Verskeie velde 123

4.6.4 Hulp aan geestesgesondheidswerkers 123

4.6.5 Humanistiese oriëntasie 123

4.6.6 Navorsing 123
4.6.7 Geldigheid en betroubaarheid 124
4.6.8 Vraelyste van die Vyf-faktor model 124
4.6.9 Universeel en kruis-kultureel 124

**4.7 Kritiek teen die Vyf-faktor model van persoonlikheid** 125
4.7.1 Beskrywende aard van die Vyf-faktor model 125
4.7.2 Kritiek teen NEO-PI-R 126

**4.8 Psigobiografie en die Vyf-faktor model** 126

**4.9 Samevatting** 127

**HOOFSTUK 5: VOORLOPIGE METODOLOGIESE OORWEGINGS**

**5.1 Hoofstukoorsig** 129

**5.2 Versekering van hoë kwaliteit en geldigheid in die kwalitatiewe navorsingsproses** 129

**5.3 Psigobiografiese navorsing en metodologiese oorwegings daaraan verbonde** 132
5.3.1 Reduksie 133
5.3.1.1 Beskrywing 133
5.3.1.2 Voorsorgmaatreëls 134
5.3.1.3 Toepassing van voorsorgmaatreëls in studie 134
5.3.2 Navorservooroordeel 135
5.3.2.1 Beskrywing 135
5.3.2.2 Voorsorgmaatreëls 135
5.3.2.3 Toepassing van voorsorgmaatreëls in studie 136

5.3.3 Afwesige individu 136
5.3.3.1 Beskrywing 136
5.3.3.2 Voorsorgmaatreëls 137
5.3.3.3 Toepassing van voorsorgmaatreëls in studie 137
5.3.4 Kruis-kulturele verskille 138
5.3.4.1 Beskrywing 138
5.3.4.2 Voorsorgmaatreëls 138
5.3.4.3 Toepassing van voorsorgmaatreëls in studie 139
5.3.5 Eksklusiwiteitskritiek en eenvoudige navorsingsontwerp 139
5.3.5.1 Beskrywing 139
5.3.5.2 Voorsorgmaatreëls 140
5.3.5.3 Toepassing van voorsorgmaatreëls in studie 140
5.3.6 Oordrewe verwagtinge 140
5.3.6.1 Beskrywing 140
5.3.6.2 Voorsorgmaatreëls 141
5.3.6.3 Toepassing van voorsorgmaatreëls in studie 141
5.3.7 Groot hoeveelhede biografiese data 141
5.3.7.1 Beskrywing 141
5.3.7.2 Voorsorgmaatreëls 142
5.3.7.3 Toepassing van voorsorgmaatreëls in studie 143
5.3.8 Geldigheid en betroubaarheid 143
5.3.8.1 Beskrywing 143
5.3.8.2 Voorsorgmaatreëls 144
5.3.8.3 Toepassing van voorsorgmaatreëls in studie 146
5.3.9 Data-insameling 148
5.3.9.1 Beskrywing 148
5.3.9.2 Voorsorgmaatreëls 148
5.3.9.3 Toepassing van voorsorgmaatreëls in studie 149
5.3.10 Data-ontleding 149
5.3.10.1 Beskrywing 149
5.3.10.2 Voorsorgmaatreëls 150
5.3.10.3 Toepassing van voorsorgmaatreëls in studie 150

5.3.11 Ontoereikendheid van sielkundige teorieë 151
5.3.11.1 Beskrywing 151
5.3.11.2 Voorsorgmaatreëls 151
5.3.11.3 Toepassing van voorsorgmaatreëls in studie 152

**5.4 Etiese oorwegings** 152
5.4.1 Beskrywing 152
5.4.2 Voorsorgmaatreëls 153
5.4.3 Toepassing van voorsorgmaatreëls in studie 154

**5.5 Samevatting** 154

**HOOFSTUK 6: NAVORSINGSMETODOLOGIE**

**6.1 Hoofstukoorsig** 156

**6.2 Navorsingsmetode** 156

**6.3 Doel van studie** 157

**6.4 Navorsingsontwerp** 158

**6.5 Keuse van subjek** 158

**6.6 Data-insameling** 159

**6.7 Data-ontleding** 161

**6.8 Data-interpretasie en bespreking** 162

**6.9 Gevolgtrekkings en aanbevelings** 163

**6.10 Geldigheid en betroubaarheid** 164

**6.11 Etiese kwessies** 165

**6.12 Samevatting** 166

**HOOFSTUK 7: NAVORSINGSBEVINDINGE**

**7.1 Hoofstukoorsig** 167

**7.2 Neurose** 167
7.2.1 Angs 167
7.2.2 Vyandiggesindheid 169
7.2.3 Depressie 171
7.2.4 Selfbewustheid 172
7.2.5 Impulsiwiteit 173
7.2.6 Kwetsbaarheid 174

**7.3 Ekstroversie** 176
7.3.1 Warmte 176
7.3.2 Gemeenskapsgevoel 178
7.3.3 Selfgeldendheid 178
7.3.4 Aktiwiteit 180
7.3.5 Opwinding-soeke 181
7.3.6 Positiewe gevoel 182

**7.4 Ontvanklikheid** 184
7.4.1 Fantasie 184
7.4.2 Estetika 185
7.4.3 Gevoelens 185
7.4.4 Aktiwiteit 187
7.4.5 Idees 188
7.4.6 Waardes 189

**7.5 Instemmendheid** 192
7.5.1 Vertroue 192
7.5.2 Openhartigheid 194
7.5.3 Altruïsme 196
7.5.4 Inskiklikheid 199
7.5.5 Beskeidenheid 202
7.5.6 Saggeaardheid 204

**7.6 Pligsgetrouheid** 206
7.6.1 Bevoegdheid 206
7.6.2 Orde 209
7.6.3 Dienswilligheid 212
7.6.4 Prestasie-strewendheid 213
7.6.5 Selfdissipline 215
7.6.6 Oorweging 216

**7.7 Resultate van NEO-PI-R** 219

**7.8 Samevatting** 223

**HOOFSTUK 8: BESPREKING**

**8.1 Hoofstukoorsig** 224

**8.2 Politieke, ekonomiese, sosiale en historiese konteks vanaf 1854 tot 1922** 224

**8.3 Bespreking van die persoonlikheidseienskappe van De Wet aan die hand van 'n teoretiese model** 226

8.3.1 Neurose 226

8.3.2 Ekstroversie 229

8.3.3 Ontvanklikheid 232

8.3.4 Instemmendheid 236

8.3.5 Pligsgetrouheid 239

**8.4 Leierskap** 243

**8.5 Samevatting** 246

**HOOFSTUK 9: GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS**

**9.1 Hoofstukoorsig** 248

**9.2 Persoonlikheidseienskappe van De Wet aan die hand van die Vyf-faktor model** 248

9.2.1 Kinderjare en vroeë volwassenheid 249

9.2.2 Middel volwassenheid 250

9.2.3 Laat volwassenheid 253

**9.3 Waarde van studie** 253

9.3.1 Akademiese waarde 253

9.3.2 Waarde as psigobiografiese navorsing 254

9.3.3 Beskrywing en ontleding van De Wet se lewe 254

9.3.4 Moontlike verklarings vir De Wet se teenstrydige gedrag 254

9.3.5 De Wet se bevoegdheid as militêre leier 255

9.3.6 Waarde van die navorsingsontwerp 255

9.3.7 Die Vyf-faktor model 255

**9.4 Beperkinge van studie** 256

9.4.1 Biografiese data van De Wet 256

9.4.2 Vyf-faktor model van persoonlikheid 257

9.4.3 Psigobiografiese studies 258

9.4.4 Kwantitatiewe data 258

**9.5 Aanbevelings** 258

**9.6 Samevatting** 260

**BRONNELYS** 262

## LYS VAN TABELLE

Tabel 1: Opsomming van die belangrikste kontak met opponente waaraan De Wet deel gehad het 50

Tabel 2: Vyf faktore en ses fasette van die Vyf-faktor model 103

Tabel 3: Kwalitatiewe data volgens biografiese data 218

Tabel 4: Verwerkte kwantitatiewe data volgens die NEO-PI-R 219

Tabel 5: Vergelyking van die agtien ooreenstemmende fasette met die navorsingsbevindinge 220

Tabel 6: Verwerkte kwantitatiewe- en kwalitatiewe data op grond van die deskundiges en biografiese inligting 222

Tabel 7: Persoonlikheidseienskappe van 'n militêre leier soos gemanifesteer in die lewe van De Wet 245

## LYS VAN FIGURE

Figuur 1: Skematiese voorstelling van die ontwikkeling van die Vyf-faktor model 90

Figuur 2: Skematiese voorstelling van die navorsingsmodel 156

**LYS VAN BYLAE**


Bylaag 1: Skematiese voorstelling van gevegte gedurende die Anglo-Boereoorlog waarin De Wet betrokke was 302

Bylaag 2: Meetinstrumente wat gebruik is om geldigheid van die NEO-PI-R te bepaal 303

Bylaag 3: Studies wat onderneem is om die Groot Vyf se bydrae tot ander eienskappe/situasies te bepaal 305

# HOOFSTUK 1

# INLEIDING

## 1.1 Hoofstukoorsig

Hierdie inleidende hoofstuk verskaf ‘n beknopte opsomming van ‘n aantal aspekte wat die projek kenmerk. Dit beskryf die volgende: (a) probleemstelling en navorsingsdoelwit, (b) psigobiografiese navorsing, (c) die psigobiografiese geval (Christiaan Rudolph de Wet), (d) Vyf-faktor model van persoonlikheid en (e) die navorsingsmetode. Die hoofstuk word afgesluit met ‘n uiteensetting van die verskillende hoofstukke waarin die manuskrip verdeel is.

## 1.2 Probleemstelling en navorsingsdoelwit

De Wet was ‘n militêre leier, politikus en volksheld wat legendariese status verwerf het as gevolg van sy rol tydens die Anglo-Boereoorlog. Talle anekdotes is in omloop oor sy lewe en dit dui daarop dat hy oor ‘n komplekse persoonlikheid beskik het. Dit verklaar waarskynlik waarom biograwe die afgelope dekades probleme ervaar het om sekere insidente en gedrag te integreer met die algemene beeld van De Wet. Die studie poog om die moeilik verklaarbare aspekte van De Wet se persoonlikheid te beskryf deur 'n persoonlikheidsteorie toe te pas op sy biografiese inligting. Die verwagting is dat die prosedure moontlik antwoorde sal bied op sekere van die vrae wat steeds onbeantwoord is. Die benadering strook met L. Scholtz (2003) se aanbeveling dat gepoog word om die mens agter die legende na die voorgrond te bring.

## 1.3 Psigobiografiese studies

Psigobiografiese navorsing behels die ontleding van lewensverhale en die beskrywing van bepaalde insidente en prosesse. McAdams (2002) verduidelik dat die sistematiese aanwending van sielkundige teorieë daartoe kan bydra dat sodanige insidente en prosesse aangebied kan word as 'n samehangende en insiggewende lewensverhaal.

Alhoewel psigobiografiese geskrifte van so vroeg as 120 tot 46 vC bestaan het, was dit eers in 1791 met die verskyning van James Boswell se *The life of Samuel Johnson* dat die aandag op die psigologiese aspekte van biografiese studies gevestig is. In 1910 het Sigmund Freud *Leonardo da Vinci and a memory of his childhood* gepubliseer en die boek het besondere stukrag aan psigobiografiese navorsing verleen (McAdams, 2002; Runyan, 1988a).

Navorsing deur W.T. Schultz (2005a) dui daarop dat daar in die afgelope 15 jaar heelwat ontwikkeling in psigobiografiese studies plaasgevind het. Gedurende dié tyd was daar wêreldwyd 'n toename in die psigobiografiese publikasies (verhandelinge en joernaalartikels). Tussen 1999 tot 2006 is daar talle psigobiografiese studies by die Universiteite van Port Elizabeth[1] en Rhodes voltooi. Dit het byvoorbeeld studies van Jan Smuts, Helen Martins, C J Langenhoven, Hansie Cronjé en Moeder Teresa ingesluit (Bareira, 2001; Fouché, 1999; A. Jacobs, 2004; Stroud, 2004; Warmenhoven, 2004, 2006).

Daar is talle voordele verbonde aan psigobiografiese navorsing. Dit behels onder meer dat (a) dit die bestudering van volledige of voltooide lewens behels, (b) daar holisties na 'n persoon se lewensverhaal gekyk word, (c) relevante sosio-historiese en kulturele aspekte in ag geneem word, (d) die tipe navorsing oor 'n hoë mate

[1] Die Universiteit van Port Elizabeth het op 1 Januarie 2005, met die samesmelting van die Port Elizabeth Technikon, die Universiteit van Port Elizabeth en die Vista kampus van Port Elizabeth na die Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit (NMMU) verander.

van geldigheid kan beskik, (e) dit die psigobiograaf in 'n ideale posisie plaas om nuwe teorieë of konstrukte te evalueer en te valideer en (f) dat nuttige biografiese data vryelik beskikbaar is (Carlson, 1988; Elms, 1994, 2005; Runyan, 1984, 2005).

In teenstelling met bogemelde voordele, bestaan daar nog steeds heelwat kritiek teen psigobiografiese navorsing. Runyan (2005) meld egter dat psigobiografiese navorsing tans 'n blywende en prominente plek binne die sielkundige navorsing inneem. Die huidige omvang en status van psigobiografiese navorsing word in meer besonderhede in hoofstuk 2 bespreek.

### 1.4 De Wet as psigobiografiese geval

Hierdie studie verteenwoordig ‘n poging om De Wet se persoonlikheid breedvoerig te beskryf. De Wet het bekendheid verwerf as militêre leier, veral gedurende die Anglo-Boereoorlog. Die tydperk van sy lewe word gekenmerk deur ‘n groot aantal welbekende anekdotes waarvan heelwat in biografiese bronne opgeteken is. Die anekdotes handel byvoorbeeld oor ontsnappingspogings, taktiese vernuf, misleidingstegnieke, veldslae en skermutselings, sowel as sy hantering van ondergeskiktes. Die anekdotes dra daartoe by dat teenstrydighede in De Wet se lewe bespeur word en dit gee aanleiding tot talle vrae oor sy persoonlikheid.

De Wet se lewe kan kortliks as volg opgesom word (sy lewensverhaal word in meer besonderhede in hoofstuk 3 bespreek). Hy is in 1854 gebore en het as sesde kind op die plaas Leeuwkop in die Oranje-Vrystaat grootgeword. Hy het drie maande formele skoolopleiding ontvang en is daarna verder deur sy moeder en rondtrekkende onderwysers geleer om te lees en skryf. Hy is op 19-jarige ouderdom met Cornelia getroud. Met die ontdekking van goud en diamante in Suid-Afrika, het De Wet begin transportry. Hy is mettertyd as volksraadslid van die Oranje-Vrystaat verkies. Die Anglo-Boereoorlog het in 1899 uitgebreek waartydens De Wet en sy seuns hulle as gewone burgers by die Heilbron-kommando aangemeld het. Tydens hierdie driejarige oorlog het De Wet

bekendheid verwerf met onder andere sy ontsnappingspogings en misleiding van die vyand. Hy het ook gedurende hierdie tydperk gevorder tot die enigste hoofkommandant en opperbevelvoerder van al die Vrystaatse magte (Kestell, 1920; A. J. Pienaar, 1975). Ná die Anglo-Boereoorlog het De Wet na sy plaas teruggekeer en is hy later as minister van landbou in die nuwe regering aangestel. Hy het ook deelgeneem aan die 1914–Rebellie, waartydens hy gevange geneem is. Met sy vrylating na gevangenisskap van ongeveer een jaar, het hy na sy plaas teruggekeer, maar kon weens verswakte gesondheid nie langer met sy pligte voortgaan nie (Van Schoor, 2007). De Wet is in 1922 oorlede en aan die voet van die Vrouemonument in Bloemfontein begrawe.

Volgens Smuts (in Kestell, 1920) was De Wet 'n krygsman by uitnemendheid. Hy het sterk menings oor sekere kwessies, soos patriotisme, geloof en nasionalisme, gehuldig. Hy was ook uitgesproke oor sy bereidheid om tot die laaste vir die vryheid van die republieke te veg. De Wet se militêre bevoegdheid het aan hom wêreldwye bekendheid besorg en hy het in die proses 'n legende in die Suid-Afrikaanse geskiedenis geword. Aangesien De Wet se lewe uitsonderlik was, word hy as ‘n geskikte geval vir psigobiografiese navorsing beskou.

## 1.5 Vyf-faktor model van persoonlikheid

Die Vyf-faktor model van persoonlikheid wat deur Costa en McCrae (1992) geformuleer is, word in hierdie studie aangewend om De Wet se persoonlikheid te beskryf. Hierdie model verteenwoordig 'n trekteoretiese benadering tot persoonlikheid. Uitgebreide navorsingsprogramme is die afgelope dekades onderneem en dit het gelei tot die identifisering van vyf persoonlikheidsfaktore deur middel van 'n verskeidenheid evalueringstegnieke, insluitende selfbeoordelings, objektiewe toetse en waarnemersverslae (D. P. Schultz & Schultz, 2001). Die vyf faktore is: neurose (*neuroticism)*, ekstroversie (*extraversion*), ontvanklikheid (*openness)*, instemmendheid (*agreeableness)* en pligsgetrouheid (*conscientiousness)*. Elk van die vyf faktore word op hul beurt in

ses fasette onderverdeel. Costa en McCrae (in John & Srivastava, 1999) het die *NEO Personality Inventory* ontwikkel wat op die Vyf-faktor model gebaseer is.

Alhoewel daar kritiek teen die Vyf-faktor model van persoonlikheid bestaan, oorheers die voordele daaraan verbonde die nadele. Die model kan in verskillende kulture, taalgroepe, en vir die bereiking van verskillende sielkundige doelwitte toegepas word. Dit is voorts geskik vir die toepassing in longitudinale studies. Laastens verskaf die model ‘n meetinstrument wat oor bevredigende geldigheid en betroubaarheid beskik en terselfdertyd ook ‘n omvattende reeks persoonlikheidskonstrukte insluit wat kommunikasie tussen sielkundiges vergemaklik (John & Srivastava, 1999; McCrae & Costa, 2003). Die Vyf-faktor model is die afgelope tyd die persoonlikheidsmodel waaroor die meeste navorsing gedoen word (Edwards & Collins 2008; Biesanz & West, 2004; Yamagata, et al., 2006).

**1.6 Navorsingsmetode**

Hierdie studie volg 'n ondersoekend-beskrywende benadering. Die navorsings-ontwerp kan as 'n gemengde-metode, enkelgevalstudie-ontwerp beskryf word. Die data wat gedurende die studie ingesamel is, behels kwalitatiewe biografiese data sowel as kwantitatiewe psigometriese data (Bergen & White in M. J. Edwards, 2004). Die ontwerp is as die mees geskikte navorsingsontwerp vir die studie beskou aangesien (a) dit fokus op 'n gedetailleerde studie van 'n enkele geval, (b) dit die individu se volledige lewe in oënskou neem en (c) dit fokus op die individu binne sy sosio-kulturele en historiese konteks (Adams & Schvaneveldt, 1985; D. Edwards, 1990).

Die kwalitatiewe data is ingesamel deur gebruik te maak van beide primêre en sekondêre bronne. Die belangrikste primêre bron wat gebruik word, is De Wet (1902) se oorlogsherinneringe. Die sekondêre bronne wat gebruik word, sluit biografieë en tydskrif-artikels in. Hieronder tel die publikasies van Kestell (1920), Olivier (1971), Rosenthal (1968), L. Scholtz (2003) en Van Schoor (2007). Voorts

het die navorser ook ‘n aantal manuskripte geraadpleeg wat onder andere publikasies van A. J. McLeod (2004), A. J. Pienaar (1975), Pretorius (1976) en Rossouw (2003) ingesluit het.

## 1.7 Slot

Hierdie manuskrip word in nege hoofstukke aangebied. Hoofstuk 2 bied 'n oorsig van die huidige omvang en status van psigobiografiese navorsing. 'n Biografiese oorsig van De Wet se lewe word in hoofstuk 3 aangebied, terwyl die Vyf-faktor model in hoofstuk 4 bespreek word. In hoofstuk 5 word 'n aantal voorlopige metodologiese kwessies bespreek terwyl die navorsingsmetode in hoofstuk 6 beskryf word. Die navorsingsbevindinge word in hoofstuk 7 aangebied en vervolgens in hoofstuk 8 bespreek. Hoofstuk 9 sluit die studie af met 'n aantal gevolgtrekkings en aanbevelings.

# HOOFSTUK 2

# PSIGOBIOGRAFIESE NAVORSING

## 2.4 Hoofstukoorsig

Die doel van hierdie hoofstuk is om ‘n oorsig van psigobiografiese navorsing aan te bied. Na ‘n omskrywing hiervan, word psigobiografiese navorsing van verbandhoudende konsepte onderskei. Die hoofstuk sluit af met 'n bespreking van die geskiedenis van psigobiografiese navorsing, die rolspelers wat belangrike bydraes gelewer het, asook die waarde van en kritiek teen psigobiografiese navorsing.

## 2.2 Omskrywing van psigobiografiese navorsing

Psigobiografiese navorsing kan beskryf word as die studie van 'n individu se volledige lewe met die doel om die sentrale lewensverhaal te ontdek en aan die hand van 'n sielkundige teorie te formuleer (McAdams, 2006). Verskeie navorsers (Alexander, 1988; McAdams, 1988; W. T. Schultz, 2005b) het aangedui dat psigobiografiese navorsing gewoonlik lewens van bekende, voorbeeldige, navolgenswaardige of buitengewone figure behels. In teenstelling hiermee het Marvick (1996) verklaar dat individue nie noodwendig invloedryk of bekend hoef te wees nie. Volgens hom kan psigobiografiese studies byvoorbeeld handel oor 'n interessante persoon wat 'n breër groep mense verteenwoordig. Marvick het in hierdie verband die voorbeelde van 'n 17de eeuse kroegman of 'n non genoem. Tydens die uitvoer van psigobiografiese studies word individue se agtergrond, kultuur, familie en sosiale verhoudinge, asook die tyd waarin hul geleef het, in ag geneem (Alexander, 1988).

Runyan (1984) en Bromley (1986) het psigobiografiese navorsing voorts beskryf as die eksplisiete toepassing van sielkundige (veral persoonlikheids-) teorieë op

biografiese data in ‘n poging om samehangende en insiggewende lewensverhale te formuleer (McAdams, 2006).

## 2.3. Vereistes wat aan psigobiografiese navorsing gestel word

Navorsers soos Howe (1997), Runyan (2005) en W. T. Schultz (2005a) het 'n aantal vereistes geformuleer waaraan 'n goeie psigobiografiese studie behoort te voldoen. Die vereistes word vervolgens bespreek.

### 2.3.1 Oortuigingskrag

Een van die eerste vereistes waaraan psigobiografiese navorsing moet voldoen, is dat dit oortuigend moet wees (W. T. Schultz, 2005a). Die oortuigingswaarde van psigobiografiese lewensbeskrywings kan verhoog word deur die vermyding van diagnostiese aktiwiteite. Daarbenewens moet navorsers verseker dat daar ‘n duidelike en ongeforseerde verband bestaan tussen die beskikbare data en die gevolgtrekkings wat aangebied word.

### 2.3.2 Omvattendheid en volledigheid

Navorsers moet daarna streef om gedetailleerde data oor psigobiografiese gevalle in te samel in ‘n poging om enige moontlike gapings in die data te vermy. Vollediger psigobiografieë stel lesers in staat om die lewensverhale van bepaalde individue in besonderhede te volg (J. W. Anderson, 1981a; Elms, 1994). Howe (1997) het 'n oorwegend beskrywende benadering voorgestaan, aangesien formulering van vooropgestelde en ongegronde aannames daardeur ontmoedig word.

### 2.3.3 Akkuraatheid

Howe (1997) het beklemtoon dat psigobiografiese data so akkuraat as moontlik moet wees. Hierdie vereiste benadruk die noukeurige bevestiging van

ingesamelde data, sowel as ‘n stelselmatige benadering waartydens teenstrydighede en weersprekings elimineer word.

McAdams (1994) het psigobiografiese navorsers gemaan teen die oorbeklemtoning van sielkundige teorieë en onderbeklemtoning van objektiewe data-ontleding en beskrywings. Die vermaning impliseer dat sielkundige teorieë soms onakkurate of ongeldige aspekte bevat en dat dit noodwendig die geldigheid van die psigobiografiese lewensbeskrywing sal beïnvloed.

### 2.3.4 Korrekte vertolking

Die vierde vereiste waaraan psigobiografiese navorsing moet voldoen, is volgens W. T. Schultz (2005a) die korrekte vertolking van die data. In teenstelling met gewone beskrywings, lewer psigobiografiese beskrywings ‘n groter bydrae tot die begrip van lewensverhale. Die korrekte vertolking van data kan daartoe bydra dat oënskynlik onsamehangende gebeure en ervarings uiteindelik as 'n samehangende eenheid aangebied kan word.

### 2.3.5 Werklikheidsgetrouheid

Die laaste vereiste vir psigobiografiese studies is dat daar gefokus moet word op die geleefde ervarings van individue. Csikszentmihalyi (in Howe, 1997) het aangedui dat baie beter voorspellings rakende die impak van gebeure op persone gemaak kan word wanneer dit moontlik is om te bepaal hoe individue die gebeure op ‘n gegewe tydstip ervaar en beleef het. Psigobiografiese navorsing moet dus uiteenlopende aspekte, byvoorbeeld temperament, persoonlikheid, fisiologie, intellek, emosies, gedrag en vaardighede, in aanmerking neem (McAdams, 1994).

## 2.4 Terme verwant aan psigobiografieë

Daar is terme wat met psigobiografiese navorsing oorvleuel en dus verwarrend kan voorkom. Voorbeelde hiervan is biografie, outobiografie, lewensgeskiedenis,

lewensverhale, narratief, psigo-geskiedenis, historiese psigologie en historiografie. ‘n Aantal terme wat ‘n prominente posisie in psigobiografiese navorsing inneem word gevolglik omskryf en bespreek.

### 2.4.1 Biografie (*biography*) en outobiografie (*autobiography*)

Cole en Knowles (in A. Jacobs, 2004) het aangedui dat die term biografie verwys na gestruktureerde, objektiewe weergawes van lewens wat volgens bepaalde literêre tradisies geskryf word. Daarenteen verwys die term outobiografie volgens Elder (1981) na lewensverhale wat deur individue self vertel of geskryf word. Heelwat kritiek is teen biografiese metodes geopper (Anderson, 1981a, 1981b). McAdams (2002) het egter opgemerk dat daar onlangs 'n oplewing en groeiende aanvaarding van beide biografiese en outobiografiese metodes onder personoloë sowel as ander sosiale wetenskaplikes plaasgevind het.

Daar bestaan oorvleueling tussen die terme biografie, outobiografie en psigobiografie aangesien psigobiografiese navorsing beide biografiese, sowel as outobiografiese data en literatuur benut. Die belangrikste verskil tussen die terme is egter dat eersgenoemde twee meer fokus op individue se unieke persoonlike ervarings en daarom 'n mate van wetenskaplike geldigheid mag inboet (Chamberlayne, Bornat & Wengraf, 2000). Psigobiografiese navorsing beklemtoon wetenskaplike metodes, konsepte en riglyne en heg gevolglik minder waarde aan subjektiewe, persoonlike ervarings.

### 2.4.2 Lewensgeskiedenis (*life history*)

Bromley (1986) het die term lewensgeskiedenis gedefinieer as 'n wetenskaplike rekonstruksie wat gebaseer is op die beste beskikbare data wat fokus op vormgewende en kritiese insidente. Lewensgeskiedenisdata kan op verskeie maniere ingesamel word, byvoorbeeld deur onderhoude, fokusgroepe, opname-navorsing (*surveys*) of die insameling van argiefdata.

Die terme lewensgeskiedenis en psigobiografiese navorsing oorvleuel in 'n mate, want beide poog om individuele lewens wetenskaplik te ontleed en te rekonstrueer. Die terme verskil egter aangesien psigobiografiese navorsing op een spesifieke lewe fokus, terwyl lewensgeskiedenis fokus op verhoudings tussen verskillende lewens (McAdams, 2006). Rosenwald (1988) het 'n verdere verskil tussen die twee terme uitgewys, naamlik dat lewensgeskiedenis oorwegend op ooreenkomste tussen verskillende individue fokus, eerder as op die uniekheid van verskillende persone se lewens.

### 2.4.3 Lewensverhaal (*life story*)

Lewensverhale word gedefinieer as mondelinge of geskrewe weergawes van die gebeure, omstandighede en verhoudings in persone se lewens (Bromley, 1986). Die essensiële kenmerk van lewensverhale is die beklemtoning van subjektiewe aspekte, naamlik gedagtes, gevoelens en motiewe. Ten spyte van die klem op subjektiewe aspekte word lewensverhale gewoonlik sistematies hersien en geredigeer deur individue of navorsers.

Die terme lewensverhaal en psigobiografie oorvleuel daarin dat beide ‘n holistiese benadering tot individuele lewens voorstaan. In die verband is dit belangrik om daarop te let dat beide ekonomiese-, kulturele-, sosiale- en historiese veranderlikes inkorporeer (McAdams, 2002). Die terme verskil egter op 'n belangrike manier van mekaar deurdat lewensverhale meer waarde heg aan die beskrywing van persoonlike ervarings, terwyl psigobiografiese navorsing op die implementering van wetenskaplike riglyne en metodes fokus.

### 2.4.4 Narratief (*narrative*)

Sarbin (1986) het die term narratief beskryf as 'n geordende weergawe van 'n reeks gebeure. 'n Narratief neem gewoonlik die vorm van 'n storie aan met die klem op beskrywing, eerder as op verduideliking. Daiute en Fine (2003) het narratiewe as 'n ontwikkelingsgesprek beskryf, terwyl D. R. Olson (1990) daarop gewys het dat narratiewe kreatiewe en vernuftige denke vereis. Volgens die

definisie van Sarbin (1986) is die ooreenkoms tussen narratiewe en psigobiografieë dat beide beskrywing beklemtoon. Die verskil tussen narratiewe en psigobiografieë is dat psigobiograwe poog om individuele lewens wetenskaplik te ontleed, beskryf en te verklaar. Psigobiografiese studies het dus 'n wetenskaplike element wat narratiewe nie het nie.

**2.4.5 Psigo-geskiedenis (*psycho-history*)**

Volgens Runyan (1988b) bestaan daar aansienlike verwarring rondom die definisie van die term psigo-geskiedenis. Hierdie verwarring hou verband met die onderliggende spanning tussen die geskiedkundige en sielkundige dissiplines. Geskiedenis is primêr gemoeid met die bestudering van insidente en gebeure wat reeds plaasgevind het. Alhoewel psigologie ook soms historiese gedrag en ervarings bestudeer, fokus die dissipline ook op gedrag en ervarings wat nie noodwendig in die verlede plaasgevind het nie. Runyan (1984, 1988b) het die term psigo-geskiedenis beskryf as die aanwending van formele sielkundige teorieë vir die historiese interpretasie van politieke, sosiale en kulturele gebeure. Die definisie dui daarop dat psigo-geskiedenis oorwegend geskiedenis-georiënteerd eerder as sielkundig-georiënteerd is.

Oorvleueling bestaan egter tussen die terme psigo-geskiedenis en psigobiografiese navorsing, aangesien beide benaderings die rol van navorsing beklemtoon. Die verskil is egter dat psigo-geskiedenis op die bestudering van geskiedkundige gebeure fokus, terwyl psigobiografiese navorsing eerder die klem laat val op die bestudering van persoonlikheid.

**2.4.6 Historiese psigologie (*historical psychology*)**

Historiese psigologie verwys na die geskiedenis van sielkundige verskynsels (Runyan, 1984, 1988b). Dit behels die historiese ontwikkeling van psigologie as wetenskap en professie. Daar is weinig oorvleueling tussen die terme psigobiografie en historiese psigologie. Historiese psigologie kan wel in

psigobiografiese studies gebruik word wanneer die ontwikkeling van bepaalde sielkundige teorieë bespreek word.

### 2.4.7 Historiografie (*historiography*)

Die konsep historiografie (of geskiedskrywing) verwys na historiese navorsing waar databronne aangewend word om die verlede te rekonstrueer in betekenisvolle geskiedkundige verklarings (Berg, 2001). Hierdie bronne van data is onder andere: vertroulike verslae, openbare verslae, staatsdokumente, koerantartikels, films en foto's.

Historiografie en lewensgeskiedenis toon dieselfde ooreenkomste en verskille met psigobiografiese studies (sien afdeling 2.4.2). Net soos in die geval van lewensgeskiedenis waar daar oorwegend gefokus word op ooreenkomste tussen verskillende individue, fokus historiografie ook nie noodwendig op spesifieke persone se lewens nie, maar eerder op plekke, insidente of verskynsels.

### 2.4.8 Gevalstudie (*case study*)

Gevalstudie*s* verwys na wetenskaplike rekonstruksies en interpretasies van belangrike episodes in 'n persoon se lewe (Bromley, 1986; Runyan, 1982). Die essensiële kenmerk van 'n gevalstudie, in teenstelling met lewensgeskiedenis of geval-geskiedenis *(case-history)*, is dat die klem op gebeure binne sekere omstandighede én tye geplaas word.

Volgens Scholz en Tietje (2002) is dit belangrik om te verstaan wat 'n "geval" beteken. 'n Geval kan verwys na 'n individu, organisasie, stad, groep, gemeenskap, gebeure, oorlog of selfs 'n ongeluk (Bromley, 1986; Scholz & Tietje, 2002). Vir die doel van hierdie studie is die ontledingseenheid 'n enkele voltooide lewe. Cavaye (1996) het egter bygevoeg dat individuele gevalle nie in afsondering bestudeer kan word nie, maar eerder as deel van die geheel gesien moet word. Hierdie siening word hermeneutiese toepassing genoem en behels die inagneming van ekonomiese, gesins-, politieke en opvoedkundige kontekste (D. Edwards,

1998; Wiersma, 1988). Die gevalstudie-metode word in verskeie sielkundige sub-dissiplines gebruik, sowel as in ander dissiplines soos antropologie, die regte, kriminologie, bestuurstudies, opvoedkunde, siviele ingenieurswese, sosiologie en politieke wetenskap (McAdams, 2006; Scholz & Tietje, 2002).

Soos reeds verduidelik, fokus sielkundige gevalstudies hoofsaaklik op sekere gebeure of episodes in persone se lewens, terwyl psigobiografiese studies tipies fokus op vollediger lewensgeskiedenisse oor 'n veel langer tydperk (Bromley, 1986). Adams en Schvaneveldt (1985) het voorts gemeld dat gevalstudies waardevol is wanneer veralgemenings na groter populasies onnodig is. Volgens Phares (1991) en Stake (2000) leen beide gevalstudies en psigobiografiese navorsing hul tot die generering van nuwe idees, hipoteses en onthullings.

Hoewel daar voor- en nadele in die toepassing van die enkelgevalstudie-navorsingsmetode bestaan, lig navorsers soos Cavaye (1996), D. Edwards (1990), McAdams (2006) en Yin (1994, 2003b) die volgende voordele uit:

- dit is realisties aangesien verskynsels in hul natuurlike konteks bestudeer kan word;
- verskillende aspekte en veranderlikes van verskynsels kan bestudeer word;
- nuwe konsepte en teorieë kan vir verdere studie ontwikkel word;
- verskillende konstrukte soos byvoorbeeld ekstroversie en intimiteitsmotivering kan met mekaar vergelyk word;
- verskillende persoonlikheidsteorieë kan ondersoek word in terme van hul geskiktheid in die gevalstudie.

Nadele in die gebruik van die gevalstudie-metode is volgens Cavaye (1996), D. Edwards (1990), McAdams (2006) en Yin (1994, 2003b) die volgende:

- eksterne geldigheid is problematies, want dit is onmoontlik om gevalstudie-navorsingbevindinge na algemene populasies te veralgemeen;
- kontrole oor onafhanklike veranderlikes is afwesig en dit mag die interne geldigheid van gevolgtrekkings beperk;
- gevalstudies kan die verband tussen veranderlikes bevestig, maar kan nie noodwendig die rigting van die oorsaaklike verband aandui nie;

- interne samehang mag problematies wees aangesien verskillende verklarings vir 'n gegewe probleem aangebied kan word;
- navorsersydigheid kan interpretasie van bevindinge belemmer.

## 2.5 Geskiedenis van psigobiografiese studies

Hierdie studie maak van psigobiografiese metodes gebruik en dit is dus belangrik dat die leser vertroud sal wees met die geskiedenis van psigobiografiese studies om sodoende 'n geheelbeeld van psigobiografiese navorsing te kan vorm. Gilmore (1984), McAdams (1994; 2006) en Runyan (1988a, 2003, 2005) het waardevolle bydraes gelewer met betrekking tot die ontwikkelingsgeskiedenis van psigobiografiese studies. Die oorsig wat volg is op die bydraes van die drie navorsers gebaseer.

### 2.5.1 Vroegste geskiedenis

Voor die 20ste eeu het biograwe selde sielkundige konsepte aangewend om die lewens van individue te interpreteer. Gedurende 46-120 v.C. het Plutarchus oor die lewens van adellike Grieke en Romeine geskryf en op individue soos Pericles en Julius Caesar gefokus (McAdams, 1994, 2006). Plutarchus het hoofsaaklik morele karaktersketse saamgestel om persoonlikheidseienskappe soos eerlikheid, leierskap en dapperheid uit te beeld. In 'n sekere sin kan hierdie karaktersketse as die eerste tree in die rigting van psigobiografiese navorsing beskou word.

### 2.5.2 Middeleeue

Gedurende die Middeleeue het Christenstudente hagiografieë geskryf om heiliges (*saints*) te vereer en hul lewens aan te teken. Die biografiese weergawes van die heiliges se lewens is geskryf met die doel om God te verheerlik en geloofslesse oor te dra. Hierdie godsdienstige biografieë was subjektiewe persoonlikheids-beskrywings, en is vir die bereiking van godsdienstig-morele doelwitte aangewend (McAdams, 2006). Die wetenskaplike waarde daarvan is gevolglik beperk.

### 2.5.3 Sewentiende eeu

Na die Middeleeue (17de eeu) het biografiese studies 'n meer gesofistikeerde vorm begin aanneem met biograwe soos Walton en Aubrey wat hulself as literêre kunstenaars beskou het (McAdams, 2006) deur die lewens van kerkleiers en gewone mense te beskryf. As kunstenaars het hulle daarna gestreef om narratiewe te skryf wat oor beide vermaaklikheids- en kunssinnige meriete beskik het. Volgens McAdams (2006) is een van die kunstigste en insiggewendste vroeë biografieë, *The life of Samuel Johnson* deur Boswell (in 1791) geskryf. Volgens McAdams was Boswell se studie soos 'n lewensgetroue skildery wat baie fasette van Johnson se lewe ondersoek het. Hierdie biografie was die eerste wat die problematiek rondom die biograaf se verhouding tot die individu aangespreek het.

### 2.5.4 Twintigste eeu

In 1910 het Freud *Leonardo da Vinci and a memory of his childhood* gepubliseer wat as die eerste psigobiografiese studie beskou kan word. Freud het in hierdie studie vir die eerste keer ‘n psigoanalitiese teorie gebruik om 'n lewensverhaal te interpreteer (Runyan, 1988a). Na die verskyning van hierdie psigobiografiese studie het ander psigobiograwe begin om teoretiese modelle op lewensverhale toe te pas (McAdams, 1988, 2006; Runyan, 1984).

Die psigobiografiese studies wat gepubliseer is in die vyf jaar na die verskyning van Freud se eerste psigobiografie, het gefokus op die lewens van onder andere Shakespeare (geskryf deur Jones), Giovanni Segantini en Amenhotep (geskryf deur Abraham), Richard Wagner (geskryf deur Graf), Martin Luther (geskryf deur Smith) en Socrates (geskryf deur Karpas) in (Gronn, 1993; Runyan, 1984, 2005).

Volgens Runyan (1988a, 2005) het daar gedurende die 1920’s 'n hele aantal psigobiografiese werke verskyn wat dikwels deur skrywers sonder formele opleiding in psigoanalise of psigiatrie, geskryf is. Die bekendste studies wat gedurende die tydperk tussen 1920 en 1926 gepubliseer is, het gefokus op die lewens van Margaret Fuller (geskryf deur Anthony), Samuel Adams (geskryf deur

Harlow), Edgar Allan Poe (geskryf deur Krutch) en Abraham Lincoln (geskryf deur Clark).

Alhoewel daar gedurende die vroeë 1920's heelwat kritiek teen psigobiografiese studies uitgespreek is, was daar 'n toenemende verskyning hiervan gedurende die 1930's. Teen die einde van die dekade het psigobiografieë verskyn met die fokus op die lewens van skrywers soos Tolstoy, Dostoevsky, Moliere, Sand, Goethe, Coleridge, Nietzsche, Poe en Rosseau, asook van openbare figure soos Caesar, Lincoln, Napoleon, Darwin en Alexander die Grote (Runyan, 1988a). Runyan (1981a) was van mening dat die politieke wetenskaplike, Lasswell, se studie *Psychopathology and Politics* (1930) waardevol is, aangesien dit as die voorloper beskou kan word vir 'n nuwe psigobiografiese sub-genre, naamlik politieke psigobiografiese navorsing.

Gedurende dieselfde dekade (1930 – 1940) het Murray, destydse direkteur van die *Harvard Psychological Clinic*, 'n beroep op sielkundiges gedoen om intensiewer studies rakende individuele persone te onderneem. Hy het hierdie beweging of sub-dissipline personologie genoem. Murray was veral geïnteresseerd in die bestudering van lewensverhale, aangesien hy van mening was dat sielkundiges outobiografieë van proefpersone moet versamel en uitpluis soos wat dit deur elke persoon vertel is (McAdams, 1988). Gedurende hierdie tydperk het Allport en sy studente ook 'n bydrae gelewer met hulle belangstelling in idiografiese metodes en persoonlike dokumente. Ander betekenisvolle sielkundige bydraes gedurende hierdie periode is deur Bühler en Frenkel gelewer (McAdams, 2006; Runyan, 1984). McAdams (2002) het die bydrae van Bühler en Frenkel soos volg beskryf: "*The spirit and method of their efforts motivated Charlotte Bühler (1933) and Else Frenkel (1936) to collect and analyze autobiographical accounts written by almost 400 European men and women in the 1930's, representing various nationalities, social classes, and vocations*" (p. 719).

In teenstelling met die oplewing van psigobiografiese studies gedurende die 1930's was daar tydens die 1940's 'n afplatting in psigobiografiese studies. Twee publikasies wat gedurende hierdie periode verskyn het, verdien egter vermelding,

naamlik 'n studie wat gefokus het op die lewe van George III (geskryf deur Guttmacher) asook ‘n publikasie, *The mind of Adolf Hitler,* wat deur Langer geskryf is (Runyan, 1988a).

In die 1950’s het psigobiografiese studies weer opgevlam met die verskyning van publikasies soos *Jonathan Swift* en *Lewis Carroll* (geskryf deur Greenacre), asook *Beethoven and his nephew* (geskryf deur Sterba en Sterba). Twee verdere publikasies wat as keerpunte gedien en meegebring het dat noukeuriger en metodologies verantwoorde psigobiografiese studies daarna gevolg het, was eerstens dié van *Woodrow Wilson and Colonel House: A Personality Study* (geskryf deur George en George), sowel as *Young Man Luther: A study in Psychoanalysis and History* wat deur Erikson geskryf is (Runyan, 1997, 2005).

Die periode tussen die einde van die Tweede Wêreldoorlog en die middel 1960’s is gekenmerk deur 'n afname in belangstelling in die bestudering van persoonlike lewensgeskiedenis, waarteenoor die belangstelling in eksperimentele- en kwantitatiewe metodes die belangstelling in die veld van lewensgeskiedenis ver oortref het (Runyan, 1984).

Gedurende die twee dekades tussen 1960 en 1980 het 'n groot aantal psigobiografiese studies verskyn wat oor die lewens van skrywers, kunstenaars, musici, politici, geestelike leiers en wetenskaplikes gehandel het. In die tydperk vanaf 1971 tot 1977 het psigobiografiese studies die lig gesien wat oor onder andere Emily Dickinson (geskryf deur Cody), Joseph Stalin (geskryf deur Tucker), T E Lawrence (geskryf deur Mack), Adolf Hitler (geskryf deur Waite) en Samuel Johnson (geskryf deur Bate) gehandel het (Runyan, 1988a).

Gedurende die 1980’s het daar 'n aansienlike aantal psigobiografiese studies verskyn (Runyan, 1988a). Enkele voorbeelde hiervan is Wilhelm Reich (geskryf deur Sharaf), William James (geskryf deur Feinstein), asook studies van groepe soos die Amerikaanse presidente (geskryf deur Barber). Dit was egter eers gedurende die laaste dekade van die twintigste eeu dat studente, skrywers en filmmakers begin het om vroue, mense van kleur en lede van benadeelde groepe

se lewenstories te publiseer (Josselson, Liebelich, & McAdams, 1993; McAdams, 2002).

### 2.5.5 Een-en-twintigste eeu

Die huidige leiers in psigobiografiese navorsing is onder andere James Anderson (2005), Alan Elms (2005), Dan McAdams (2005, 2006) en William Runyan (2003, 2006). Die mees resente boek wat handel oor psigobiografiese navorsing, naamlik *Handbook of psychobiography*, is deur *Oxford University Press* uitgegee (W. T. Schultz, 2005).

Alhoewel Suid-Afrikaanse sielkundiges dikwels gekritiseer word vir die verwaarlosing van psigobiografiese navorsing is daar sedert 1995 heelwat gedoen om die toedrag van sake te verbeter (A. Jacobs, 2004). Voorbeelde van psigobiografiese studies wat deur studente by verskillende Universiteite in Suid-Afrika voltooi is, is:

- *Die mens Langenhoven* (Burgers, 1939).
- *C L Leipoldt: 'n Studie in stof-keuse, -verwerking en -ontwikkeling* (Burgers, 1960).
- *Ingrid Jonker: 'n Psigologiese analise* (Van der Merwe, 1978).
- *A psychological profile of an Olympic athlete* (Boukes, 1994).
- *The inner journey of Helen Martins, the creator of the Owl House: A psychobiographical study* (P. Cloete, 1999).
- *The life of Jan Christiaan Smuts: A psychobiographical study* (Fouché, 1999).
- *The life of Helen Martins, Creator of the Owl House: A psychobiographical study* (Bareira, 2001).
- *Daniel Hartman Craven: A psychobiographical study* (Greeff, 2002).
- *Bantu Stephen Biko: A psychobiographical case study* (Kotton, 2002).
- *The life of Balthazar Johannes Vorster: A psychobiographical study* (Vorster, 2003).
- *A psychobiographical study of Albert Schweitzer* (M. J. Edwards, 2004).

- *Cornelis Jacobus Langenhoven: A psychobiographical study* (A. Jacobs, 2004).
- *The personality of an elite ultramarathon athlete: A case study of Bruce Fordyce* (Morrison, 2004).
- *A psychobiographical study of Mother Teresa* (Stroud, 2004).
- *A psychobiographical study of Wessel Johannes "Hansie" Cronje* (Warmenhoven, 2004).
- *The psychological development of a Springbok rugby player: A psychobiographical study of Raymond Carlson* (Smeeton, 2005).
- *Karen Horney: A psychobiographical study* (Green, 2006).
- *Eugene de Kok: A psychobiographical study* (Espinosa, 2006).
- *A psychobiography of Marilyn Monroe* (Jackson, 2006).
- *A psychobiographical study of Winnie Madikizela Mandela* (Simango, 2006).
- *The emotional intelligence of "Hansie" Cronje: A psychobiographical study* (Warmenhoven, 2006).
- *Ray Charles: A psychobiographical study* (Biggs, 2007).
- *Hendrik Frensch Verwoerd: A psychobiographical study* (Claasen, M, 2007).
- *'n Psigobiografiese ontleding van Christiaan Neethling Barnard se loopbaanontwikkeling* (Van Niekerk, 2007).
- *Melanie Klein: A psychobiographical study* (Espinosa, 2008).
- *A psychobiographical study of Isie Smuts* (Smuts, 2009).

Met die laaste 15 jaar in oënskou, bestaan daar min twyfel dat heelwat veranderinge en vooruitgang in psigobiografiese navorsing plaasgevind het namate groter aktiwiteit in die psigobiografiese hoofstroom, asook die aanvaarding van die navorsing op groter vlak. Die 39 psigobiografiese verhandelinge wat tussen 2000 en 2003 gepubliseer is, tesame met die 188 artikels in vakkundige tydskrifte, is veral positief (W. T. Schultz, 2005a). Volgens hom het die gebruik van narratiewe modelle in baie van die gevalle by psigobiografiese werke beslis hiertoe bygedra.

## 2.6 Beskrywing van individue en dissiplines wat in psigobiografiese studies gebruik is

Die vorige afdeling (2.5) het aangetoon dat psigobiografiese navorsing oor talle bekende, komplekse, kreatiewe, interessante of navolgenswaardige figure voltooi is (Alexander, 1988; Marvick, 1996; Runyan, 1984; W. T. Schultz, 2005a). Psigobiografiese gevalle kan gevolglik in die volgende kategorieë ingedeel word: staatsmanne en politieke leiers, kunstenaars, digters, skrywers, musici, Bybelse figure, sielkundiges, wetenskaplikes, atlete, konings, militêre leiers, oorlewendes van die Hiroshima-bomaanval, Viëtnamese veterane, charismatiese leiers en Nazi dokters (Gilmore, 1984; W. T Schultz, 2005a).

Psigobiografiese studies is selfs al gedoen oor fiktiewe karakters in storieboeke, soos byvoorbeeld die karakter Hester Prynne in *The scarlet letter* en Regter Pyncheon in *The house of seven gables,* beide geskryf deur Hawthorne (Carlson, 1988). In haar verhandeling het T. Van Niekerk (2003) die animasiekarakters van Mickey en Minnie Muis ontleed om sodoende veranderinge in geslagstereotipes aan te toon. In Suid-Afrika bestaan daar byvoorbeeld psigobiografiese studies oor staatsmanne, digters, skrywers, aktiviste en atlete (Fouché, 1999; M. J. Jacobs, 2004; Kotton, 2002; Morrison, 2004; Warmenhoven, 2006). Die groei van psigobiografiese studies word nie net gemeet aan die aantal individue wat volgens die benadering bestudeer is nie, maar ook aan die wye omvang van verskillende dissiplines wat daartoe bygedra het. Runyan (1997) en W. T. Schultz (2005a) het die volgende dissiplines as voorbeelde genoem:

- in die dissipline van psigoanaliste en psigiaters het Freud en Erikson psigobiografiese studies gedoen;
- voorbeelde van studies wat deur historici gedoen is, is onder andere Mazlish en Strozier;
- politieke wetenskaplikes soos George en George, asook Tucker het biografiese studies onderneem;
- in die dissipline van akademiese personoloë is verskeie bydraes deur onder andere Prince, Elms, Demorest, Winter en Anderson gelewer;
- literêre kritici wat studies uitgevoer het, was byvoorbeeld Edel en Bate;

- die Instituut vir Psigo-geskiedenis van deMause in New York het ook waardevolle bydraes gelewer in hul studies oor verskillende persone soos byvoorbeeld Carter en Reagan.

Runyan (2003) het aangedui dat dissiplines soos sosiologie, antropologie, godsdiens, opvoeding, musiek en kunsgeskiedenis ook tot die bevordering van psigobiografiese studies bydra. In die dissipline van musiek kon biograwe, weens 'n gebrek aan sielkundige kennis, nie Mozart se welslae verklaar nie, waarna tot die slotsom gekom is dat sy welslae 'n onverklaarbare geheim is. Psigobiografiese navorsing het egter wel beskrywings en verklarings vir die komponis se buitengewone welslae aangebied (Howe, 1997). In die dissipline van kunsgeskiedenis is Vincent van Gogh een van die bekendste figure wie se lewensverhaal deur psigobiograwe beskryf is. In die psigobiografiese werke wat oor hom handel, word daar byvoorbeeld gepoog om te verklaar waarom hy sy oor afgesny het (Runyan, 1982; W. T. Schultz, 2005a). Godsdiens het ook tot verskeie psigobiografiese studies gelei, soos byvoorbeeld Jesus Christus se lewe, asook 'n beskrywing van Moses, monoteïsme en pelgrimsreisigers (Elms, 1988; Gilmore, 1984; Runyan, 2005).

## 2.7 Waarde van psigobiografiese studies

Psigobiografiese navorsers het reeds talle voordele verbonde aan die benadering voorgestel, hoewel daar terselfdertyd ewe veel kritiek teen die benadering geopper is. Vervolgens word die waarde van psigobiografiese studies teenoor die kritiek en uitdagings wat dit aan die psigobiograwe stel, opgeweeg.

### 2.7.1 Uniekheid van die individuele geval binne die geheel

Allport het in 1942 die nomotetiese/idiografiese onderskeid getref in sy poging om die studie van die uniekheid van individue te bevorder (Rosenwald, 1988; Runyan, 1983). Die nomotetiese benadering word veral deur voorstanders van die positivisme (*positivism*), asook deur kwantitatiewe navorsers gebruik. As gevolg

van Allport se aandrang op die bestudering van die individuele uniekheid, het baie personoloë persoonlikheidsnavorsing aan die hand van die idiografiese benadering onderneem (Demorest, 1996). Kritiek teen Allport se idiografiese benadering was dat sy digotome klassifikasie van die spesifieke en die algemene nie 'n bevredigende verduideliking vir die individualiteit van die hele persoon in konteks verskaf het nie. Allport het later ook besef dat hy 'n strategiese fout begaan het deur so 'n skerp kontras tussen idiografiese en nomotetiese benaderings te tref (Elms, 1994).

Allport het daarom die term idiografies met 'n minder ekstreme term, naamlik morfogenies, vervang. Morfogenies verwys na die bestudering van individuele prosesse as 'n geheel, eerder as net die spesifieke en unieke dimensies van persoonlikheid (Hermans, 1988; Lamiell, 1997). Volgens navorsers soos Carlson (1988) en Gronn (1993) is een van die belangrikste voordele van lewensgeskiedenis-navorsing die unieke en holistiese beskrywing wat dit aan die bestudering van individue voorsien. Alhoewel Allport in die 1940's die idiografiese benadering bepleit het, het Hermans (1988) veertig jaar later verklaar dat die aanvullende (*complementary*) aanwending van beide nomotetiese en idiografiese metodes as 'n enkelmetode (*single model*) navorsers toelaat om die spesifieke potensiaal van beide metodes te ondersoek.

### 2.7.2 Sosio-historiese en kulturele konteks

Kulturele en sub-kulturele invloede op menslike ontwikkeling is deur verskeie wetenskaplikes soos Barnouw, Mouton en Runyan (in Fouché, 1999) in die sosiaal wetenskaplike veld nagevors en beklemtoon. Die holistiese benadering tot individuele lewens, soos in die geval van psigobiografiese navorsing, hou die voordeel in dat die groter kontekstuele agtergrond waarbinne individue bestaan, (Bromley, 1986; Watson, 1976) naamlik persone se sosio-historiese ervarings, sosialisering en familiegeskiedenis, beklemtoon word.

### 2.7.3 Longitudinale navorsingsmetode

'n Verdere voordeel van psigobiografiese navorsing hou verband met die benaderings se vollediger beskrywing en begrip van gedragsprosesse en ontwikkelingspatrone wat oor 'n tydperk plaasvind (J. W. Anderson, 1981b). Voltooide lewens stel navorsers in staat om die patrone van menslike ontwikkeling vanaf geboorte tot dood na te speur (Itzkowitz & Volkan, 2003). 'n Verwante voordeel is dat dieselfde individue of gebeure vir 'n lang tydperk bestudeer word en dus kan ‘n groter mate van beheer oor die studie uitgeoefen word (Adams & Schaneveldt, 1985). In die verband is dit belangrik om in ag te neem dat kostes van longitudinale studies probleme kan oplewer (Adams & Schaneveldt, 1985).

### 2.7.4 Subjektiewe ervaring

Mouton (1988) het 'n verdere voordeel aangedui, naamlik dat psigobiografiese navorsing bepaalde voordele inhou betreffende die beskrywing van individue se innerlike ondervindinge, gedagtes en gevoelens. Navorsers word hierdeur in staat gestel om ‘n groter mate van simpatie en empatie met psigobiografiese gevalle te ontwikkel (Runyan,1984) wat meebring dat duidelike (*vivid*) en gevoelvolle (*compelling*) lewenstories aan lesers oorgedra kan word (W. T. Schultz, 2003). Yin (1994) het in die verband ook die belangrikheid van interessante gevalstudies beklemtoon, aangesien dit meehelp dat lesers enduit geboei bly.

### 2.7.5 Teoretiese validering en ontwikkeling

Psigobiografiese navorsing bied talle geleenthede vir die toetsing en ontwikkeling van ontwikkelingsteorieë (Carlson, 1988). Volgens J. W. Anderson (1988) en Ochberg (1988) kan psigobiografiese navorsing ‘n waardevolle rol tydens die informele toetsing en ontwikkeling van teorieë speel.

Psigobiograwe kies gewoonlik hul gevalle noukeurig omdat sekere lewensverhale meer geskik is vir die toepassing van sielkundige teorieë. So het Freud byvoorbeeld vir Leonardo da Vinci as individu gekies om teorieë wat oor

homoseksualiteit handel, te ondersoek (Elms, 1994). Dit kan wel gebeur dat teoretiese konstrukte onvoorsiens opduik wat nie oorspronklik met die individu wat bestudeer word, verband hou nie. Hierdeur is psigobiograwe dus in die ideale posisie om nuwe teorieë of konstrukte te evalueer en te valideer. In so 'n geval behoort psigobiograwe, volgens Elms (1994), die korrekte vrae te vra, byvoorbeeld:

- hou die gevolgtrekkings verband met die data?
- watter alternatiewe interpretasies is haalbaar?
- kan die data in ander patrone georden word?
- watter ander metodes van data-ontleding kan gevolg word?

### 2.7.6 Beskikbaarheid van data

Psigobiograwe het minder toegang tot materiaal soos vrye assosiasie en drome as wat die geval met psigoanaliste is. Daarteenoor het psigobiograwe die voordeel dat hulle toegang het tot inligting wat in sommige gevalle volledige lewensverhale dek. ‘n Verdere voorsprong vir psigobiograwe is dat hulle toegang het tot alternatiewe databronne en dus nie beperk word tot inligting wat slegs van individue afkomstig is nie (Mazlish, 1981). Dikwels word vertroulike inligting rakende openbare figure eers ná hul dood vrygestel. In die geval van literêre of kreatiewe individue, het psigobiograwe gevolglik toegang tot 'n ryk bron van kreatiewe materiaal. Hierdie inligting kan soms aanduidings verskaf oor die subjektiewe sielkundige ervarings of konflikte van skeppende individue. Sommige kreatiewe individue beskik boonop soms oor die vermoë om hulle innerlike ervarings akkuraat en in besonderhede neer te skryf. Volgens Runyan (1982, 1984) is die data wat in psigobiografiese studies gebruik word, aan die publiek beskikbaar en dus mag oorspronklike interpretasies gekritiseer en alternatiewe voorgestel en getoets word.

### 2.7.7 Psigobiografiese navorsing se bydrae tot sielkunde

J. W. Anderson (1981b) het daarop gewys dat data wat deur psigobiografieë opgelewer word sielkundige navorsingsbevindinge kan ondersteun, versterk, of

selfs betwis. Hy het gemeld dat psigobiografiese studies alternatiewe beskrywings of interpretasies kan aanbied wat sielkundiges se begrip van persoonlikheid kan verbeter en persoonlikheidseienskappe soos leierskap en kreatiwiteit daardeur beter verstaan kan word. In hierdie geval, dien Erikson (in J. W. Anderson) as ‘n geskikte voorbeeld. Hy het byvoorbeeld nuwe perspektiewe op die kommunikasievaardighede van dinamiese leiers soos Luther en Gandhi aangebied. Anderson het verder verklaar dat die psigobiografiese studies van Weber en Newton 'n groot bydra gelewer het tot ‘n beter begrip van kreatiwiteit.

Psigobiografiese studies kan ook aangewend word vir ‘n beter begrip van antwoorde na selfmoord. Met die lewensverhaal van die slagoffer wat dus nie ‘n sinvolle geheel vorm nie, verskaf dit ‘n geleentheid aan oorlewendes en psigobiograwe om pogings aan te wend om deur middel van narratiewe konstruksies 'n samehangende weergawe van die oorledene se lewe te skep (Kramer, 2002).

## 2.8 Kritiek teen psigobiografiese navorsing

Sedert die eerste psigobiografiese studie in 1910 verskyn het, het die navorsingsveld gaandeweg die afgelope eeu meer wetenskaplik geword. Daar bestaan egter heelwat kritiek teen psigobiografiese studies, wat vervolgens bespreek word.

### 2.8.1 Reduksie

Daar bestaan verskeie vorme van reduksie. Een vorm van reduksie is dat sommige psigobiograwe die invloed van persone se vroeë kinderjare oorbeklemtoon, byvoorbeeld die eerste jaar van persone se lewens of die Oedipus-periode, terwyl ander vormingsinvloede terselfdertyd verwaarloos word (McAdams, 2005; Runyan, 1981b, 1984). Erikson (in J. W. Anderson, 1981a) noem hierdie tipe reduksie ontstaanleer (*originology*).

'n Tweede vorm van reduksie is dat sommige psigobiograwe sielkundige faktore oorbeklemtoon ten koste van sosiale en historiese faktore. McAdams (2005) het gemerk dat heelwat psigobiograwe nie die kompleksiteit van die sosiale en historiese konteks van individue voldoende in ag neem nie. Volgens McAdams speel kultuur ‘n belangrike rol in mense se lewens en kan biograwe slegs individue se lewens verstaan wanneer hulle die rol wat kultuur daarin speel, verreken. Psigobiograwe soos Bate, Mack en Tucker (in Runyan, 1984) het aanbeveel dat navorsers hierdie slaggate vermy deur in gelyke mate te fokus op sielkundige, sosiale, historiese en kulturele faktore. In aansluiting hierby is onvanpaste kruis-kulturele toepassings of veralgemenings. Volgens Runyan (1984) word psigobiograwe dikwels gekritiseer omdat hulle sonder oorleg psigososiale teorieë op individue van ander kulture en historiese tydperke toepas. In hoofstuk 5 word voorsorgmaatreëls om kruis-kulturele verskille in studies te minimaliseer, bespreek.

'n Verdere vorm van reduksie is dat psigobiografiese studies oormatig op psigopatologiese prosesse fokus en onvoldoende aandag aan normaliteit en kreatiwiteit gee (Elms, 1994). Veral in die vroeë geskiedenis van psigobiografiese studies is werke soms geëtiketteer as patografieë (*pathographies*), waarvolgens abnormaliteit oormatig beklemtoon is (J. W. Anderson, 1981b). Biograwe het op hierdie kritiek reageer deur die ontleding van negatiewe- sowel as positiewe data van die vormingsinvloede wat deur die lewenspan van die individu strek (Runyan, 1984).

### 2.8.2 Onvoldoende bewyse

Verdere kritiek teen psigobiografiese navorsing is dat belangrike gebeurtenisse in persone se lewens soms deur net een of twee sleutelgebeure beskryf word. Terwyl sommige gebeure in persone se lewens oënskynlik ‘n groter impak het, moet die kompleksiteit en holistiese eienskappe van lewensverhale nie deur navorsers uit die oog verloor word nie (McAdams, 1994). Howe (1997) het in hierdie verband die volgende opmerking gemaak:

> *… there is substantial evidence that people become unusually able not because of the kinds of occasional dramatic instances that a biographer may be tempted to dwell on, but as a result of the repeated and regular activities that provide the numerous hours of training and practice which are indispensable for excellence in virtually all areas of expertise. (p. 239)*

Beide Freud en Erikson (in Runyan, 1988a) is gekritiseer vir aannames wat oormatig op onvoldoende data oor Da Vinci en Luther se vroeë lewenservarings gebaseer is. In die afwesigheid van vollediger historiese bewyse is dit onmoontlik om geloofwaardige en oortuigende sielkundige interpretasies aan te bied (Runyan, 1984).

Die oormatige toeskrywing van volwasse gedragspatrone aan ervarings uit die kinderjare word rekonstruksie genoem. In die afwesigheid van data uit die kinderjare, is rekonstruksies gewoonlik ongegrond en onoortuigend (McAdams, 1994, 2006). Runyan (1984) het voorgestel dat wanneer sulke data skraps is, verklarings eerder vermy moet word.

### 2.8.3 Psigoanalitiese teorie in psigobiografiese studies

Runyan (2003) het gemeld dat psigobiografiese navorsing dikwels beskou word as die toepassing van 'n psigoanalitiese teorie op biografiese data. Hy het ook verklaar dat psigoanalise steeds die teorie van voorkeur is. Runyan (1988a) is van mening dat dit beter is om psigobiografiese navorsing te omskryf as die toepassing van eksplisiete of formele sielkundige teorieë op biografie en nie net die toepassing van 'n psigoanalitiese teorie nie. Dit is egter eers die afgelope paar dekades dat psigobiografiese navorsing as 'n meer eklektiese benadering ontwikkel het.

### 2.8.4 Onvoldoende opleiding

Hitschman (in Runyan, 1984) het 'n verdere beperking van psigobiografiese studies aangedui, naamlik dat slegs bevoegde en gekwalifiseerde persone biografiese werke van belangrike persone behoort te skryf. Volgens Friedlander, Gatzke en Hofling (in Ruynayn 1984) ervaar sowel sielkundiges en historici tekortkominge in hulle opleiding, aangesien die skryf van psigobiografiese studies kundigheid in beide areas vereis. Die voorstel wat deur Langer (in Runyan) gemaak is dat daar groter samewerking tussen studente van beide dissiplines behoort te wees, mag moontlik daartoe bydra dat psigobiografiese navorsing mettertyd 'n regmatige plek tussen ander navorsingsbenaderings sal inneem.

### 2.8.5 Beperkte deelname van psigoloë en akademici

Volgens die navorsing van Runyan (1988a, 2005) het 'n definitiewe onlangse toename in psigobiografiese publikasies plaasgevind. Die groeiende institusionalisering van die veld soos aangedui deur die ontwikkeling van professionele organisasies, konferensies, vakkundige tydskrifte en joernale, sowel as verhandelinge wat op hierdie navorsingsbenadering fokus, het ‘n verdere bydrae tot hierdie toename gelewer. Ten spyte van hierdie bemoedigende positiewe groei, heers daar steeds ‘n mate van besorgdheid oor die status van psigobiografiese navorsing. W. T. Schultz (2005a) het hom as volg hieroor uitgelaat:

> *As a subdiscipline, personality psychology, of which psychobiography forms a small part, is struggling. Still, if we look back 15 years and compare then to now, there can be no question: One finds far more activity in the psychobiography vein and more mainstream acceptance. (p. 17)*

### 2.8.6 Oortuigende en alternatiewe verklarings

Die insident waartydens Vincent van Gogh sy oor afgesny het, het sekere vrae en kritiek oor die logika van verklarings in psigobiografiese navorsing laat ontstaan

(W. T. Schultz, 2005a). In 'n poging om bogenoemde insident te verklaar, het Runyan (1984) dertien moontlike verklarings verskaf. Die interessante en omstrede artikel het onsekerheid versterk oor prosedures wat aangewend kan word om alternatiewe verklarings aan te bied, te veralgemeen en uiteindelik krities te evalueer (Runyan, 1984). Die onsekerheid heers steeds en word daarom beskou as ‘n tekortkoming in psigobiografiese navorsing.

**2.9 Toekoms van psigobiografiese navorsing**

Uit die voorafgaande afdeling wat gefokus het op kritiek teen psigobiografiese navorsing, kan die afleiding gemaak word dat psigobiografiese navorsing nog heelwat uitdagings aan akademici en sielkundiges stel. Die uitdaging is egter nie net beperk tot die twee groepe nie, maar sluit algemene lesers ook in vir wie hierdie studies steeds onbekend is. Hoewel groter betrokkenheid van sielkundiges en akademici verwag word, het hulle ook 'n opvoedingstaak om lesers oor psigobiografiese navorsing in te lig. Runyan (1988a) het verklaar dat kritiek teen psigobiografiese studies die beste hanteer kan word indien psigobiograwe dit in 'n uitdaging omskep deur die selektiewe toepassing en kritiese evaluering van teorieë en die implikasies daarvan.

In 1984 het Runyan sy onsekerheid oor die toekoms van psigobiografiese navorsing uitgespreek, maar wel verklaar dat dit 'n gevestigde posisie binne sielkundige navorsing inneem. Indien die navorser terugkyk na die ontwikkeling en vooruitgang van psigobiografiese studies oor die afgelope 50 jaar, kan 'n rooskleurige toekoms vir psigobiografiese navorsing in die vooruitsig gestel word. Sedert 1960 is daar 'n groot hoeveelheid werk in sosiale wetenskappe gedoen wat verband hou met die bestudering van lewens. Volgens Runyan (2005) is daar gedurende hierdie tydperk heelwat psigobiografiese artikels, vakkundige verslae, verhandelings en boeke geskryf. Die boeke van R. D. Anderson (1999), Josselson et al. (2003) en W. T. Schultz (2005) kan hier uitgesonder word. Roberts (in Vorster, 2003) het die toename in belangstelling in die psigobiografiese metode aan die hand van die volgende faktore verklaar: (a) data-insameling word

nie meer as 'n statiese proses gesien nie, maar eerder as 'n aktiewe proses, (b) 'n groeiende belangstelling in lewensgeskiedenis, (c) 'n toenemende besorgdheid oor die skryf en publikasie van voltooide lewensondervindinge en (d) die groei in populariteit ten opsigte van kwalitatiewe navorsing.

## 2.10 Samevatting

In hierdie hoofstuk is ‘n literatuuroorsig van psigobiografiese navorsing aangebied met ‘n differensiasie tussen verbandhoudende terme, waarna die waarde van en kritiek teen psigobiografiese navorsing bespreek is. Die waarde daarvan sluit onder andere die uniekheid van die individu, longitudinale studies, beskikbaarheid van data en teoretiese validering in. Kritiek teen psigobiografiese studies behels onder andere rekonstruksie, reduksie, onvoldoende bewyse, kruis-kulturele veranderings en onvoldoende opleiding. Laastens is die toekoms van psigobiografiese navorsing bespreek. In hierdie verband is Runyan (2005) van mening dat psigobiografiese navorsing wel 'n blywende plek binne die wetenskap verkry het met onlangse bydraes van Anderson, Franz, Jamison, McAdams, Stewart, Wiggins en Winer. Die volgende hoofstuk fokus op die lewe van De Wet.

# HOOFSTUK 3

# LEWE VAN CHRISTIAAN RUDOLPH DE WET

## 3.1 Hoofstukoorsig

Hierdie hoofstuk fokus op die lewensgeskiedenis van generaal Christiaan Rudolph de Wet. Dit beslaan 68 jaar vanaf sy geboorte in 1854 tot met sy dood in 1922. Vir die doel van die studie word De Wet se lewensgeskiedenis in vier stadia verdeel naamlik: geboorte en kinderjare, vroeë-, middel- en laat volwassenheid.

In hoofstuk 2 is aangetoon dat psigobiografiese studies die gebruik van primêre en sekondêre bronne behels. Hierdie hoofstuk is dus hoofsaaklik gebaseer op data wat ingesamel is uit biografieë en De Wet se oorlogsherinneringe. Die volgende databronne was veral nuttig in die datainsamelingsproses: De Wet (1902), Kestell (1920), Rosenthal (1968), Olivier (1971), L. Scholtz (1984, 2003) en Van Schoor (2007).

## 3.2 Gebeure voor 1854

Verskeie insidente wat De Wet se geboorte in 1854 voorafgegaan het, het later 'n belangrike impak op sy lewe gehad. Gedurende die Groot Trek tussen 1835 en 1838 het daar 'n georganiseerde verhuising van boere in die Kaapkolonie na die destydse Transoranje, Transvaal en Natalia (later Natal) plaasgevind. Nadat Natal onder Britse bewind gekom het, het daar in 1843 'n tweede trek plaasgevind waartydens die boere uit Natal na die Transoranje en Transvaal getrek het (Leyds, 1906).

In 1852 het Brittanje die onafhanklikheid van Transvaal erken waarna Transvaal die *Zuid-Afrikaansche Republiek* (ZAR) genoem is (L. E. Van Niekerk, 1985; Van Schoor, 2007). Volgens Rayner (2006) en Pretorius (2007) word die term *Transvaal* en *ZAR* as wisselterme gebruik. Op 12 April 1877 het Brittanje die ZAR

geannekseer en daarna het dit as Transvaal, 'n Britse kolonie bekend gestaan. Met die ommekeer van hierdie anneksasie in 1881, het die boere grootliks onafhanklik van Brittanje gefunksioneer en het Transvaal vanaf 1881 tot 1884 as die Transvaal-staat bekend gestaan. Vanaf September 1884 tot met die ondertekening van die Verdrag van Vereeniging op 31 Mei 1902 is Transvaal weer ZAR genoem. Hierna het die ZAR sy onafhanklikheid verloor en het weer as Transvaal bekend gestaan. Die status as Britse kolonie is gehandhaaf tot en met Uniewording in 1910 waarna Transvaal as ‘n provinsie gereken is. (Davenport, 1987; Hefferman, 2004; Oaks, 1988).

Voor 1848 het die Vrystaat as Transoranje bekend gestaan, maar gedurende die tydperk 1848 tot 1854 het die naam na die Oranje Rivier Soewereiniteit verander. In 1854 is die Bloemfonteinse Konvensie onderteken waarvolgens Brittanje die Republiek van die Oranje-Vrystaat se onafhanklikheid erken het. Bloemfontein het die hoofstad van laasgenoemde republiek geword met Josias Hoffman as die eerste staatspresident. Op 31 Mei 1902 het die Oranje-Vrystaat onafhanklikheid verloor en het as Oranjerivier kolonie, 'n Britse kolonie bekend gestaan, maar met Uniewording in 1910 is die naam weer verander na die Oranje-Vrystaat. Eloff (1985) het genoem dat die benamings van Oranje-Vrystaat en Vrystaat, met verskeie skryfvariante, deurgaans gebruik is (Benyon, 1986; Du Bruyn, 1986).

## 3.3 Geboorte en kinderjare van De Wet (1854-1872)

De Wet is gebore in dieselfde jaar wat die Oranje-Vrystaat se onafhanklikheid deur Brittanje tydens die Sandrivierkonvensie erken is. Hy het dwarsdeur sy lewe 'n besondere band met die Oranje-Vrystaat gehad en later in sy lewe ook 'n leidende rol in die geskiedenis van die provinsie gespeel.

Die eerste tydperk in De Wet se lewe, naamlik sy geboorte en kinderjare, strek vanaf 1854 tot 1872. Daar is weinig inligting oor die kinderjare van De Wet beskikbaar en gevolglik kon daar byna geen inligting oor die eerste tien jaar (1854-1864) van sy lewe opgespoor word nie.

Tussen 1866 en 1870 (12-jarige tot 16-jarige ouderdom) bestaan daar ook 'n groot gaping in die literatuur wat De Wet se lewe aanbetref. Vir die doel van hierdie studie word De Wet se kinderjare in twee dele verdeel: eerstens vanaf sy geboorte tot op elfjarige ouderdom en tweedens vanaf 12-jarige tot 18-jarige ouderdom.

### 3.3.1 Vanaf geboorte tot elfjarige ouderdom (1854 tot 1865)

De Wet is op 7 Oktober 1854 as sesde kind van Aletta Susanna Margaretha de Wet (gebore Strydom) en Jacobus Ignatius de Wet op die plaas Leeuwkop in die Smithfield-distrik gebore (J. Malan, 1990; Van Schoor, 2007). Alhoewel die plaas geïsoleerd was, was daar genoeg speelmaats, met onder andere dertien broers en susters in die De Wet-gesin, asook die kinders van plaasarbeiders by wie hy van die natuur geleer het. Sy pa en oupa het weer toegesien dat liedjies en tradisionele speletjies aan hom en die ander kinders oorgedra word (Kestell, 1920; Van Tonder, 1974). Gedurende De Wet se kinderjare het die eerste Basoeto-oorlog tussen Basoetoland en die Oranje-Vrystaat plaasgevind (Van Rooyen, 1982). Op vyfjarige ouderdom het De Wet sy eerste trek beleef toe sy pa in 1859 besluit het om na 'n ander plaas, genaamd Kalkfontein te trek (Rosenthal, 1968).

Kinders het gedurende daardie era hulle skoolopleiding van rondtrekkende onderwysers, soldate of selfs matrose wat gedros het, ontvang (Kestell, 1920). Op hierdie manier het De Wet en sy broers tussen hulle pligte as skaapwagters en wadrywers ook geleer lees en skryf. Die lees van die Bybel het voorrang geniet en soos die meeste ander kinders, het De Wet slegs geleer om die Bybel te lees, te skryf en somme te maak. Een van die vakke waarin hy uitgeblink het, was rekenkunde. Hy kon blykbaar verbasend maklik hoofrekeninge doen. De Wet het slegs drie maande formele skoolopleiding ontvang, onder andere by ene mevrou Nel, sy moeder en meneer Isaac Baumann, 'n Duits-Joodse pionier van die Oranje-Vrystaat (L. Scholtz, 2003; Van Schoor, 2007). Nieteenstaande sy gebrekkige skoolopleiding het hy later 'n boek geskryf, naamlik *De Strijd tusschen Boer en Brit* (1902). Volgens Van Hartesveldt (2000) word dié boek as een van die beste boeke oor die Anglo-Boereoorlog beskou. De Wet het sy oorlogsherinneringe oorspronklik in Hollands geskryf, maar hierdie boek is in 1902

ook in Engels vertaal en het as *Three years war* bekend gestaan (hierdie bron is in die studie gebruik).

In 1861 het De Wet se vader grond naby Dewetsdorp gekoop en het die plaas Nieuwejaarsfontein daar gevestig. Die sewejarige De Wet het die agterhoede van die trek na die nuwe plaas gedek (Kestell, 1920; Van Schoor, Malan & Oberholster, 1964). Groot hoeveelhede blesbokke het uit die westelike gedeeltes van die Oranje-Vrystaat ooswaarts getrek, waar daar beter veld was. So het daar 'n groot aantal diere op sy vader se plaas beland. Alhoewel hierdie blesbokke te maer was om te skiet vir vleis, was die velle groot in aanvraag. Op 'n Sondagoggend is De Wet en die honde sonder sy ouers se verlof, veld toe. Die honde het gou 'n blesbok neergetrek, maar aangesien De Wet egter nie ‘n mes gehad het om die bok keel-af te sny nie, het hy sy leer-kruisbande gebruik om die blesbok se bene vas te bind. Terwyl hy met die spartelende bok besig was, het die honde egter die bok van kant gemaak. Sy vader was erg ontstoke omdat De Wet die Sondag ontheilig het en hy het hom ernstig daaroor berispe (Kestell, 1920).

Op elfjarige ouderdom (1865) het De Wet 'n ondervinding op skool gehad wat hy vyftig jaar later weer sou herroep. Mevrou Nel, sy onderwyseres, moes ter wille van ander verpligtinge die kinders aan hulself in die klaskamer oorlaat en het sy die klas versoek om nie te raas nie. Een dogtertjie van De Wet se ouderdom was egter onkeerbaar en kort voor lank was die klas in wanorde. Toe mevrou Nel weer die klaskamer binnekom, het sy aanvaar dat De Wet die skuldige was en het sy hom met 'n kweperlat geslaan. Alhoewel De Wet ontken het dat hy die skuldige was, het mevrou Nel aangehou om hom te slaan. Toe sy na 'n ruk wel gevra het wie die skuldige dan is, was die enigste antwoord wat sy uit De Wet kon kry: “*Ek sal nie sê nie, maar dit was nie ek nie*!” (Kestell, 1920, p. 7). Terwyl mevrou Nel voortgegaan het om De Wet te slaan, het hy bloot sy rug gebuig en gesê dat sy maar kan slaan. 'n Soortgelyke insident (sien afdeling 3.6.1.3) het vyftig jaar later plaasgevind toe De Wet aan die regter na vonnisoplegging astrant gevra het of *dit dan al* was (Olivier, 1971; Rosenthal, 1968).

In 1865 het die Tweede Basoeto-oorlog in die Oranje-Vrystaat uitgebreek en is elke man en seun wat kon veg, opgeroep. Die elfjarige De Wet het ook saamgegaan en is toegelaat om by die kampvuur wag te staan (Van Tonder, 1974). De Wet se skerp waarnemingsvermoë en sy wakkerheid het hom, ten spyte van sy jeugdige ouderdom, geskik gemaak vir hierdie taak (Olivier, 1971). Kestell (1920) het gemeld dat De Wet selfs af en toe in 'n burger se plek waggestaan het en as beloning dan 'n paar stukke boerbeskuit ontvang het. Die Basoeto-oorlog het aan De Wet sy eerste militêre ondervinding verskaf, maar hy het nie tydens die oorlog aan enige gevegte deelgeneem nie. Volgens Olivier (1971) was die grootste beloning vir De Wet die gevoel dat hy sy volk gedien het. Na die Tweede Basoeto-oorlog was De Wet se pa van mening dat die plaas Nieuwejaarsfontein onveilig was en die De Wet gesin het hulle daarom op die plaas Paardekraal, naby Bloemfontein, gevestig (Rosenthal, 1968).

### 3.3.2 Vanaf 12-jarige tot 18-jarige ouderdom (1866 tot 1872)

De Wet was sestien jaar oud toe sy moeder in 1870 oorlede is. Die verlies het hom baie diep geraak (Olivier, 1971). Kestell (1920) het genoem dat De Wet 25 jaar daarna steeds deur haar dood ontroerd was. Sy vader se pligte as veldkornet en ouderling het hom dikwels van die huis weggeneem en gevolglik moes De Wet sy moeder met die boerdery bystaan. Na sy moeder se afsterwe het die gesin teruggekeer na die plaas Nieuwejaarsfontein. Vanweë sy sterk persoonlikheid het sy broers hom as leier aanvaar en na hom opgesien (Kestell, 1920). In hierdie tyd het De Wet sy tiendaagse katkisasie in Bloemfontein bygewoon en is later deur dominee Radloff tot lidmaat bevestig (Van Schoor, 2007). Die katkisasie en veral die voorstellingsplegtigheid, het 'n diep indruk op hom gemaak.

Ander belangrike gebeure tydens hierdie tydperk was dat diamante in die omgewing van Hopetown in die Noord-Kaap ontdek is. Delwerye het oral opgeskiet en teen die middel van 1871 is die Kimberley-myn, ook bekend as die sogenaamde *Groot Gat*, in die Colesberg-koppie uitgegrawe. Die ontdekking van diamante het nie net delwers gelok nie, maar het ook die aandag van verskeie regeringspersone getrek. Diamantkoors het uitgebreek en binne 'n kort tydperk

was diamantdelwery 'n groot bedryf wat bekende besigheidsmanne gelok het (Benyon, 1986; Rice, 2004). Terwyl diamante op daardie stadium die belangrikste ekonomiese faktor in die Oranje-Vrystaat was, was die ontdekking van goud terselfdertyd die oorheersende faktor in die ZAR (Heydenrych, 1986).

Marthinus Pretorius was gedurende hierdie tydperk die president van die republiek noord van die Vaalrivier (ZAR). Hy het in 1868 'n deel van die ooskus geannekseer en ook die wesgrens van dié republiek verskuif (Grütter & Van Zyl, 1982; Heydenrych, 1986). Die Portugese regering het hewig hierteen geprotesteer en die Britse Hoë Kommissaris het president Pretorius gevolglik gedwing om sy aansprake te laat vaar. Die delwers het hierop gereageer deur 'n onafhanklike republiek by Klipdrift uit te roep. (Grütter & Van Zyl, 1982).

Spoorlyne is vanaf Kimberley na die koloniale hawens aangelê. As gevolg van die voltooiing van die Suezkanaal in 1869 het die getal skepe wat gedurende die 1870's by die Kaap aangedoen het, stelselmatig toegeneem (Heydenrych, 1986). Gedurende hierdie tyd het sir Henry Barkly Griekwaland-Wes in 1872 vir Brittanje geannekseer (Benyon, 1986).

## 3.4 Vroeë volwassenheid (1873-1898)

De Wet se vroeë volwassenheid word vir die doel van hierdie studie in vier dele verdeel, naamlik: vanaf 19-24-jarige ouderdom, 25-30-jarige ouderdom, 31-36-jarige ouderdom en 37-44-jarige ouderdom. Alhoewel daar meer inligting rondom De Wet se vroeë volwassenheid beskikbaar is, bestaan daar egter wel 'n gebrek aan inligting rondom sekere tydperke, naamlik: 20-22-jarige ouderdom, 33-34-jarige ouderdom en 37-40-jarige ouderdom.

### 3.4.1 Vanaf 19-jarige tot 24-jarige ouderdom (1873 tot 1878)

Op 23 Junie 1873 is die 19-jarige De Wet met die 17-jarige Cornelia Margaretha Kruger getroud. Volgens tradisie was hulle oud genoeg om te trou aangesien De

Wet reeds stemgeregtig was en in die kerk aangeneem is. Met hul troue het De Wet en sy eggenote agt koeie, 'n wa, 'n perd en sestig skape besit (Van Schoor et al., 1964; Trew, 1999). Hy het verder met geleende geld 'n ploeg en ander implemente gekoop. Met Cornelia se een-en-twintigste verjaardag het hulle reeds 'n aantal kinders gehad, maar dit het haar nie verhoed om met die plaaswerk te help nie. Die egpaar het altesaam sestien kinders gehad (Kestell, 1920; Rosenthal, 1968).

Gedurende die tyd het veral twee karaktertrekke by De Wet ontwikkel wat later 'n duidelike invloed op hom in sy rol as bevelvoerder gehad het. Die eerste kenmerk was sy nasionalisme en patriotisme. Hierdie kenmerk het dwarsdeur sy militêre loopbaan 'n houding van onversetlikheid by hom versterk (L. Scholtz, 2003). De Wet se patriotisme het byvoorbeeld duidelik na vore getree toe Pretoria in 1877 deur die Britse magte oorgeneem is. Toe De Wet se vader hom die nuus van die oorname meegedeel het, het De Wet met sy vuis teen die muur geslaan en uitgeroep dat Transvaal sal moet terugveg (Olivier, 1971; L. Scholtz, 1984). Gedurende dieselfde tydperk het 'n tweede, minder positiewe karaktertrek ook by De Wet ontwikkel, naamlik sy wisselvalligheid en wispelturigheid. Hy was byvoorbeeld konsekwent oor ideologiese kwessies soos sy vryheidsdrang en nasionalisme, maar in teenstelling hiermee besluiteloos oor ‘n woonplek, of ‘n loopbaankeuse. Dit het gevolglik voorgekom asof De Wet nie lank met sekere take kon of wou volhou nie (L. Scholtz, 2003).

Binne 'n jaar of twee na die ontdekking van diamante in Griekwaland, het die Vrystaters die finansiële voordele van transportry ontdek (Rosenthal, 1968). Mynmateriaal, boumateriaal en kos vir die delwers in Griekwaland moes van die naaste spooreindpunt ongeveer 1 100 kilometer verder vervoer word. De Wet het ook by transportry betrokke geraak en gevolglik van plaas tot plaas pluimvee aangekoop en dit dan op die mark in Kimberley van die hand gesit (Kestell, 1920).

In Kimberley het De Wet kontak gemaak met dinge wat vir hom vreemd was, soos byvoorbeeld stoomenjins, hotelle, telegraaftoestelle en die effektebeurs (Kestell, 1920). Sy transportryery het mettertyd al verder noordwaarts uitgebrei. Hy het

later die Vaalrivier oorgesteek en tot in die ZAR gewerk waar goud in die omgewing van Lydenburg gedelf is. Gedurende hierdie tyd het die Oranje-Vrystaat ekonomies gegroei en vooruitgang gemaak, maar die ekonomiese groei was egter nie ewe bestendig in die ZAR nie (Olivier, 1971; Rosenthal, 1968).

Uit vrees dat die twee boere-republieke (Oranje-Vrystaat en ZAR) met hul ryk minerale bronne later ‘n bedreiging kon inhou, het die Britse Regering 'n beleid van insluiting (*encirclement*) toegepas. Die gevolg van hierdie beleid was die ontwikkeling van spoorlyne asook Britse imperialisme (Rice, 2004). Twee opponerende magte het voorts in Suid-Afrika ontstaan en het uiteindelik gelei tot die botsing tussen Rhodes (die Britse imperialis) en Kruger (die Afrikaner-nasionalis). In 1877 is die ZAR deur sir Theophilus Shepstone geannekseer, in opdrag van die Britse minister van kolonies, sir Carnarvon. Paul Kruger (president van die ZAR), Eduard Jorissen (staatsprokureur) en Willem Bok (staatsekretaris) is daarna na Londen waar hulle vergeefs teen die Britse regering se anneksasie van die ZAR protesteer het (G. D. Scholtz, 1977; Van Rooyen, 1982). Soos die meeste ander boere het De Wet nie die redes wat vir die anneksasie aangevoer is, aanvaar nie. Die verskoning dat Blanke mans deur die Swartes bedreig is, was vir De Wet lagwekkend, ten spyte daarvan dat die Basoeto-oorlog tog op hierdie moontlikheid gedui het.

Op die oog af was toestande in die republieke rustig, maar die volk was verbitterd en kon die inwoners van die ZAR hulle nie versoen met die verlies van hulle onafhanklikheid nie - ‘n sienswyse waarmee De Wet simpatie gehad het (Kestell, 1920). Met die terugkeer van Kruger, Jorissen en Bok uit Brittanje, sowel as die nuus dat die *Union Jack* beslis voortaan sal wapper, het De Wet ook die bitterheid en woede wat van die een plaaswoning na die ander versprei het, ervaar. Die Boere-leiers, insluitend De Wet, het ondergronds begin vergader om 'n oplossing te probeer vind (Rosenthal, 1968).

### 3.4.2 Vanaf 25-jarige tot 30-jarige ouderdom (1879 tot 1884)

Nadat De Wet vir 'n ruk transportgery het, het hy dit gestaak en sy wa in Lydenburg getrek waar hy vir 'n wyle probeer het om 'n bestaan as slagter te maak (Rosenthal, 1968). Volgens oorlewering het hy egter gedurende dié tyd meer aan oorlogvoering as aan sy slaghuis bestee, met die gevolg dat die onderneming onsuksesvol was en het De Wet noodgedwonge weer na die Oranje-Vrystaat teruggekeer waar hy 'n plaas in die Vredefort-distrik gekoop het. Hy het egter na 'n paar maande dié plaas weer verkoop en na Weltevrede (naby die huidige Koppies) getrek.

Die boere het toenemend samekomste in verskillende dele van die Transvaal gehou, maar hoewel dit aanvanklik betreklik klein samekomste was, het die getalle mettertyd gegroei (Kestell, 1920). Tydens die samekomste het die boere inligting uitgeruil oor die verspreiding van garnisoene, sowel as die ligging en toegang tot arsenale wat nog nie deur die Britse magte ontdek is nie.

#### 3.4.2.1 Onafhanklikheid in gedrang

Op 10 Desember 1879 het 6 000 boere op Wonderfontein vergader waar hulle geëis het dat hul onafhanklikheid herstel moes word. ’n Volgende byeenkoms is vir 6 April 1880 te Paardekraal beplan. Brittanje was wel bereid om selfregering aan die boere toe te staan, maar wou nie die *Union Jack* stryk nie (Rosenthal, 1968). De Wet het hom gedurende hierdie tyd in die Transvaal gevestig. Die Vrystaatse boere het toenemend simpatiek teenoor hul suster-republiek (Transvaal) gestaan. Met die besef dat ‘n oorlog binnekort sou uitbreek, was De Wet een van honderde boere wat sy steun openlik aan Transvaal toegesê het. (Van Schoor et al., 1964; Rosenthal, 1968).

Die Britse Eerste Minister, Gladstone, het vroeg in Julie 1880 die boere ingelig oor die Britse regering se besluit dat Brittanje die wetlik erkende oppergesag oor Transvaal het. Die boere het besef dat hierdie boodskap van Brittanje tot oorlog aanleiding sou gee (Heydenrych, 1986), en het hulle voortgegaan om die

Vrystaatse boere te versoek om gewere en ammunisie te koop sonder om aandag te trek. Verder het die woord die rondte gedoen dat die hervestiging van die ou republikeinse regering op 16 Desember 1880 op Heidelberg geproklameer sou word. Hierdie spesifieke datum is met 'n doel gekies (Olivier, 1971; Rosenthal, 1968), aangesien dit Dingaansdag was, 'n nasionale vakansiedag vir die boere wat die oorwinning oor die Zoeloes van 1838 gevier het.

Ongeveer 8 000 tot 10 000 berede mans en hulle gesinne het op 8 Desember 1880 ‘n vergadering by Paardekraal bygewoon. De Wet was deel van die skare wat vir ure in die son gestaan en luister het na dienste ter herinnering aan die verlede, sowel as vurige toesprake van Kruger en sy kamerade wat 'n beter vooruitsig belowe het. Op 26-jarige ouderdom het hy nie geweet wat oorlog beteken nie, maar hy het wel besef dat dit nie so maklik sou wees om die Britse magte te oorwin soos wat die geval met die Basoeto’s vroeër was nie (Rosenthal, 1968).

**3.4.2.2 Eerste gevegte vind plaas**

Tydens hierdie vergadering op Paardekraal het die eerste gevegte tussen die Boere en die Britse magte reeds begin. Potchefstroom, die vorige hoofstad van die ZAR, het in opstand gekom teen die Britse garnisoen. Veertig *Rooibaadjies* (Britse magte), onder leiding van majoor Clarke, is deur generaal Piet Cronjé in die regeringskantore aangehou. Die Britse magte se weerstand was vergeefs, want na ‘n afwesigheid van vier jaar, het die ou republikeinse vlag binne drie dae weer gewapper. Hierdie insident op 16 Desember 1880 was die begin van die Eerste Vryheidsoorlog (Rosenthal, 1968; Van Rooyen, 1982).

Toe die eerste gevegte in Natal uitgebreek het, was De Wet deel van die Heidelbergse Kommando wat opgeroep is om in Natal teen die Britse magte te veg (Olivier, 1971; L. Scholtz, 2003). Omtrent 1 500 burgers het deur die loop van die nag op sy plaas aangekom en in 'n suidoostelike rigting begin beweeg. Hierdie mobiliteit van die burgers, die feit dat hulle nie baie voorrade nodig gehad het nie

en die verwelkoming wat hulle in elke dorpie ontvang het, het De Wet opgewonde gemaak (Kestell, 1920).

De Wet het hom aan die begin van 1881 saam met die ander lede van die Heidelbergse kommando in Natal bevind. In hierdie heuwelagtige gebied het 'n groot kop, Amajuba, uitgetoring. Ongeveer 'n duisend burgers het onder leiding van generaal Piet Joubert en De Wet by Laingsnek stelling ingeneem. Die gure weer het egter nie De Wet se entoesiasme of waaksaamheid gedemp nie (Leyds, 1906; L. Scholtz, 1984). Kestell (1920) het daarop gewys dat De Wet tydens dié wagtydperk by Laingsnek opgemerk het dat assistent-veldkornet Buys besig was om te verkluim en het hy daarom die burgers so dig moontlik teen mekaar laat sit met Buys in die middel. Dit was laasgenoemde se behoud. Hierdie aksie, sowel as De Wet se voorstelle tydens krygsrade, het kommandant-generaal Joubert beïndruk en het hy gevolglik ‘n mag van 200 burgers aan De Wet toevertrou met die opdrag om op die vyand te gaan spioeneer (Reitz, 1929). Die optrede van De Wet gedurende hierdie periode was die eerste duidelike tekens van die vertroue wat hy onder sy mede-burgers ingeboesem het.

#### 3.4.2.3 De Wet word veldkornet

De Wet het in 1881 vir die eerste keer teen die Britse magte te staan gekom. Die vorige gevegsituasies waarin hy betrokke was, was teen die Basoeto’s gemik. Generaal-majoor Colley het met 1 200 man die burgers op 27 Januarie 1881 by Amajuba aangeval (Kestell, 1903; L. Scholtz, 1984). Volgens die Britse magte se aanvalsplan, moes hulle oor ‘n moeilike terrein by Laingsnek beweeg. Gedurende hierdie geveg het De Wet in doodsgevaar heen en weer tussen die burgers beweeg om te voorkom dat hulle in mekaar se pad beland. Colley het in hierdie veldslag gesneuwel en sy dood het die einde van die geveg beteken. Op 23 Maart 1881 het beide partye in die skadu van Amajuba 'n vredesooreenkoms onderteken (Evans, 2000; Kilian, 1975). De Wet het tydens hierdie veldslag 'n groot indruk gemaak met sy dapperheid, sterk persoonlikheid en militêre voorgevoel (L. Scholtz, 1984).

In dieselfde jaar (1881) het die slag van Ingogo plaasgevind. De Wet het na afloop van die veldslag tussen die dooies en gewondes geloop en afgekom op 'n mede-burger wat besig was om 'n gesneuwelde soldaat se vinger af te sny om sodoende die oorledene se ring te bekom. Dit was vir De Wet afskuwelik dat die lyk van 'n gevalle soldaat so vermink word. Hy het die burger met 'n sambok geslaan en gesê: "*Dink aan Achan, begraaf die dooie met sy ring, al is dit ook 'n honderd pond werd*" (Kestell, 1920, p. 26).

De Wet is kort hierna tot veldkornet verkies. Die plegtige inswering het op Paardekraal plaasgevind terwyl 'n groot gedenkdiens ter herinnering aan die slag van Amajuba gehou is (Rosenthal, 1968). Die toespraak deur oud-president Pretorius het op dié dag 'n blywende indruk op De Wet gemaak. Pretorius het onder andere genoem dat die veldkornette nooit uitspraak moes gee voordat hulle nie albei kante van 'n saak aangehoor het nie. De Wet het later in sy lewe dikwels die wysheid en nuttigheid van dié raad erken (Kestell, 1920).

De Wet se verkiesing tot die amp van veldkornet was meer as net 'n aanstelling in die primitiewe staatsdiens. De Wet se humorsin, asook sy vermoë om besluite bondig en presies oor te dra, het hom gewild onder die burgers gemaak (Rosenthal, 1968; Trew, 1999). Daarteenoor het De Wet se gedrag en eienskappe nie sondermeer ingepas by die tipiese beeld van ’n leiersfiguur nie. Volgens Pienaar (in Rossouw, 2003) was De Wet soms onbeskof, taktloos en kortaf en sy klere slordig. Alhoewel Pienaar toegegee het dat De Wet tekortgeskiet het aan gekultiveerdheid, het hy dit beklemtoon dat De Wet baie vindingryk was. De Wet het sy ondergeskiktes slegs op grond van prestasie gekies en daarom was hy meesal verseker van goeie ondersteuning. Hy was ook daarvoor bekend dat hy nie foute of wangedrag geduld het nie. ‘n Enkele fout het baie van De Wet se burgers voor die krygsraad laat beland.

In 1882 het De Wet na die plaas Rietfontein in die Lydenburg-distrik getrek (Kestell, 1920). Hy het besluit om sy familie in die Oranje-Vrystaat gedurende 1884 te besoek. Net voor sy vertrek is 'n rekwisisie aan hom oorhandig om hom as volksraadslid vir Lydenburg verkiesbaar te stel. Hoewel hy in sy afwesigheid

wel as volksraadslid aangewys is, het De Wet tydens sy besoek aan sy familie besluit om na die Oranje-Vrystaat terug te keer. Dit het die kiesers in 'n verleentheid gestel, want daar was nie geleentheid om 'n ander lid te kies voor die sitting nie. In Desember 1884 is De Wet deur die president ingesweer as lid van die ZAR se volksraad waar hy een sitting bygewoon het voordat hy na die Oranje-Vrystaat teruggekeer het (Pretorius, 2001a). Volgens De Wet se prokureur was dit wel vir hom moontlik om in die Oranje-Vrystaat te bly én as lid van die ZAR se volksraad te dien (Rosenthal, 1968).

#### 3.4.3 Vanaf 31-jarige tot 36-jarige ouderdom (1885 tot 1890)

Tydens 'n vergadering van die ZAR se volksraad in 1885 het De Wet president Kruger se konsessie-planne in verband met die goudvelde sterk teengestaan. De Wet het ernstig beswaar gemaak teen die toekenning van konsessies aan privaat persone (Kestell, 1920), maar het egter later van sienswyse verander en erken dat die president wel reg was.

Teen 1886 het die ZAR se goudstormloop plaasgevind. Tentdorpies het soos paddastoele opgeskiet en gevolglik is beamptes aangestel om wet en orde te handhaaf (Grütter & Van Zyl, 1982). Dit was byna 'n herhaling van die gebeure toe diamante ontdek is - die handel het floreer en nuwe markte vir die boere se produkte is geopen.

Met die goudstormloop was spoorvervoer in beide die ZAR en die Oranje-Vrystaat in aanvraag. Die onenigheid tussen Pres. Brand van die Oranje-Vrystaat en Pres. Kruger van die ZAR oor die bou van die spoorlyn, het gemoedere tussen die burgers laat opvlam (Kestell, 1920). De Wet was nie soseer gekant teen spoorwegontwikkeling in die Oranje-Vrystaat as sodanig nie, maar hy het dit beklemtoon dat materiële wins nie vir hoër ideale opgeoffer moet word nie. Die aanbou van 'n spoorlyn na die Kaapkolonie het hewige reaksie uitgelok en protesvergaderings het gevolglik oral plaasgevind (Rosenthal, 1968). De Wet en sy broer, Piet, het ook 'n protesvergadering gelei waar hulle beswaar teen die Vrystaatse volksraad se besluit aangeteken het (Van Schoor, 2007). 'n Spesiale

sessie van die Vrystaatse volksraad is byeengeroep om hierdie saak te bespreek. De Wet het saam met sy kommando buite Bloemfontein gewag terwyl die parlement oor die wet geargumenteer het. Ten spyte van sy sterk opinie was De Wet een van die eerstes om te erken dat 'n bevredigende kompromie bereik is. Gelukkig het dié insident, wat byna tweespalt veroorsaak het, uitgeloop op 'n wedersydse skikking en die beëindiging van die protes (G. D. Scholtz, 1977).

Na die goudstormloop in 1886 is De Wet in 1889 tot lid van die Vrystaatse volksraad verkies. Hy het sy kollegas beïndruk met die redelikheid van sy sienswyses (Kestell, 1920; L. Scholtz, 2003) en het hy heelwat insette gelewer en waardevolle advies gegee. Hy het deurgaans 'n goeie verhouding met die kerk gehandhaaf en tydens een van die volksraad se sittings voorgestel dat die staat die toelaag aan die kerk moes verhoog. De Wet het ook sterk gevoel oor Sabbatsheiliging en by die volksraad gepleit dat 'n wet ingestel word wat die loop van treine en poskarre, asook die werksaamhede van pos- en telegraafkantore op Sondae sou verbied. De Wet het verder ook aangedring op die streng handhawing van die landstaal. Hy het erken dat dit noodsaaklik was dat die opkomende geslag ook Engels leer, maar wou hê dat die volkstaal voorkeur geniet (Kestell, 1920).

Van die voorstelle wat deur hom gemaak en deurgevoer is, was die toekennng van ‘n bepaalde bedrag aan behoeftige boere, melaatses wat nie na Robbeneiland gestuur sou word nie (Kestell, 1920), en die versoek vir die bou van ‘n suikerfabriek in die Oranje-Vrystaat. Besproeiingswerke en die aanbou van brûe is ook bespreek, maar volgens De Wet was besproeiing 'n groter prioriteit as die bou van brûe (Olivier, 1971).

Op 17 Desember 1890 het die spoorlyn wat tussen Colesberg en Norvalspont in aanbou was, Bloemfontein bereik. Die spoorlyn wat handel aan beide kante van die rivier gestimuleer het, was ook tot voordeel van De Wet. Dit het aanleiding daartoe gegee dat De Wet vir die enigste keer in sy lewe by 'n *gou rykword-skema* betrokke geraak het (Rosenthal, 1968). Die groot aanvraag na aartappels op die goudvelde, swak transport en onvoldoende produksie was bydraende faktore tot

winsgewende verkope. Daar was egter vroeë aanduidings dat die volgende aartappeloes nie goed sou wees nie en De Wet en sy vriende het gevolglik besluit om soveel moontlik aartappels te koop om dit weer later teen 'n wins te kon verkoop. Ongelukkig was die nuwe aartappelseisoen, in teenstelling met die pessimistiese voorspellings, 'n buitengewone goeie oes. Dit het daartoe gelei dat De Wet die meeste van sy geld verloor het. Met tien kinders onder sy sorg moes De Wet weereens van voor af begin. Dié ondervinding met aartappelspekulasie was vir hom 'n onaangename herinnering vir die res van sy lewe.

### 3.4.4 Vanaf 37-jarige tot 44-jarige ouderdom (1891 tot 1898)

Tydens die volksraadsitting van 1895 was De Wet ten gunste van die samewerking tussen die republieke en die kolonies in Suid-Afrika. In dieselfde jaar het Leander Starr Jameson vanuit Betsjoeanaland die *Jameson-inval* gelei (P.G. Cloete, 2000; Hobson, 1969). Rhodes se doel met hierdie inval was die omverwerping van die ZAR-regering. Jameson is uiteindelik vroeg in 1896 naby Krugersdorp deur Piet Cronjé tot oorgawe gedwing (Grütter & Van Zyl, 1982). Nadat De Wet van die inval verneem het, is hy onmiddellik per trein na Pretoria om hulp te verleen, maar met sy aankoms was alles reeds verby en Jameson gevange geneem. De Wet het hom, tydens 'n volksraadsitting in 1896 in Pretoria, skerp uitgelaat oor hierdie verraderlike aanval en sy tevredenheid oor die burgers se bereidwilligheid uitgespreek (Olivier, 1971).

Met die swak gesondheid van President Reitz van die Oranje-Vrystaat, moes ‘n opvolger noodgedwonge vroeg in 1896 aangewys word. In die verkiesing is regter M. T. Steyn deur John George Fraser, voorsitter van die volksraad, teengestaan. In die hitte van die stryd het De Wet sy gewone kalmte verloor en gesê dat hy eerder sy bloed sal stort voordat hy 'n Engelssprekende persoon as president sou aanvaar (Van Schoor, 2007). Hy het Steyn sterk ondersteun en was verheug toe Steyn as die nuwe president van die Oranje-Vrystaat aangewys is.

In 1896 het De Wet na die plaas Rooipoort in die distrik Heilbron verhuis. In dieselfde jaar het runderpes uitgebreek en wyd verwoesting gesaai (Kestell, 1920).

Volgens G. D. Scholtz (1977) was die uitbreek van runderpes en die Tweede Vryheidsoorlog die vernaamste redes vir die armoede van die Afrikaner teen die einde van die 19de eeu. De Wet het boere gehelp met die inenting van beeste, maar dit het sy liggaamskragte uitgeput en toe die runderpes kort daarna met 'n maagkoors-epidemie opgevolg is, is De Wet ook deur die siekte platgetrek. Hy en sy vrou, sowel as twee van hulle kinders was gedurende die tyd baie ernstig siek (Kestell, 1920). De Wet se termyn in die volksraad het in 1898 tot 'n einde geloop (Rosenthal, 1968). Die beëindiging van sy amptelike status as volksraadslid het saamgeval met De Wet se oorgang tussen vroeë- en middel volwassenheid.

## 3.5 Middel volwassenheid (1899-1910)

De Wet se middel volwassenheid strek vanaf 1899 tot 1910. Hierdie 11 jaar word in twee periodes verdeel, naamlik vanaf 45-jarige tot 48-jarige ouderdom en vanaf 49-jarige tot 56-jarige ouderdom. Die tydperk sluit die Anglo-Boereoorlog in waartydens De Wet as soldaat en militêre leier bekendheid verwerf het. Die jare tussen 1899-1902 (45-jarige tot 48-jarige ouderdom) is die volledigste gedokumenteer; daarenteen is min inligting gevind wat De Wet se middel vyftigerjare, tussen 1906 en 1910, dek. Die twee tydperke van De Wet se middel volwassenheid word voorts bespreek.

### 3.5.1 Vanaf 45-jarige tot 48-jarige ouderdom (1899 tot 1902)

Op 31 Mei 1899 het die Bloemfonteinse konferensie tussen Paul Kruger van die ZAR en Alfred Milner van Brittanje plaasgevind (Grundlingh, 1986; Meintjes, 1970). Milner het tydens dié konferensie, in opdrag van Chamberlain, volle stemreg vir die uitlanders geëis wat langer as vyf jaar in die ZAR woonagtig was. Kruger het weer versoek dat Brittanje die beginsel van arbitrasie vir toekomstige geskille tussen Brittanje en die ZAR aanvaar. Milner het op sy beurt teeneise gestel wat deur Kruger geweier is en gevolglik tot die mislukking van die konferensie bygedra het.

Na hierdie mislukte diplomatieke onderhandelinge in Bloemfontein het die Britse regering in September 1899 verdere eise aan die ZAR gestel. Terwyl Brittanje sy troepe aan die ZAR se grense versterk het, het Paul Kruger vir Steyn, president van die Oranje-Vrystaat, om hulp gevra. Op 9 Oktober 1899 het die ZAR se ultimatum aan Brittanje geëis dat alle geskille aan arbitrasie onderwerp word, asook dat Britse magte op die ZAR-grense en op see teruggetrek moes word. Brittanje se weiering om aan hierdie ultimatum te voldoen, sou deur die ZAR as 'n oorlogsverklaring beskou word (De Jager, 2000; Pakenham, 1986). Brittanje het uiteindelik wel die ultimatum verwerp.

Soos wat met alle boere die geval was, is De Wet op 3 Oktober 1899 volgens die kommandowet vir aktiewe diens opgeroep. Dit het beteken dat elke boer van die ZAR en Oranje-Vrystaat wat 'n geweer kon hanteer op 'n gereedheidsgrondslag geplaas is. Toerusting en hulpmiddele, soos byvoorbeeld die perde, wapens en ammunisie asook kosvoorraad, moes in gereedheid gebring word, (C. R. De Wet, 1902). Die Tweede Vryheidsoorlog, ook die Anglo-Boereoorlog genoem, het amptelik op 11 Oktober 1899 begin. Die ZAR en die Oranje-Vrystaat het krygswet afgekondig en besluit om tot die aanval oor te gaan voordat Britse versterkings in die land sou arriveer (Olivier, 1971).

#### 3.5.1.1 Eerste jaar van die Anglo-Boereoorlog (Oktober 1899 tot September 1900)

Ná die aanvang van die oorlog het De Wet as gewone burger by die Heilbron kommando ingeskakel (Trew, 1999) en het hy sy drie oudste seuns, Kootie, Isaak en Christiaan met hom saamgeneem (C. R. De Wet, 1902; Van Tonder, 1974). In die verskillende bronne wat geraadpleeg is, is daar nie ooreenstemming met betrekking tot die spelling van De Wet se kinders se name nie. Die navorser het die spelling gebruik soos De Wet dit in sy oorlogsherinneringe aangeteken het. Niemand het op daardie stadium verwag dat De Wet binne 'n jaar wêreldberoemdheid sou verwerf nie (L. Scholtz, 1984). Op hierdie stadium was sy vrou, Cornelia, swanger (Rosenthal, 1968).

De Wet het aan sy seun, Kootie, opdrag gegee om vir hom 'n perd wat immuun teen siektes was en oor uithouvermoë beskik, te soek. Kootie het uiteindelik 'n wit, Arabiese ryperd, met die naam Fleur geïdentifiseer. Net soos De wet, het Fleur ook tydens die oorlog wêreldberoemdheid verwerf en boonop lank na afloop van die oorlog nog geleef (Bateman, 1977; Olivier, 1971).

#### 3.5.1.1.1 De Wet maak opgang as krygsman

Kort na sy inskakeling by die kommando, is De Wet in sy afwesigheid deur sy mede-burgers tot vise-kommandant verkies (C. R. De Wet, 1902; Pienaar, 2000). Na slegs ‘n paar uur na die verkiesing het kommandant Steenkamp siek geword en sodoende het De Wet homself aan die hoof van 600 burgers bevind wat die Britse magte by Bezuidenhoutspas moes stuit. Die pas is ongehinderd beset en geen geveg het plaasgevind nie. Op daardie stadium het De Wet (1902) reeds besef dat die burgers ongedissiplineerd was en nie daaraan gewoond was om bevele te ontvang nie.

Die Vrystaters was geesdriftig om hulle nuwe leier, vise-kommandant De Wet, te volg. De Wet is met ongeveer 500 burgers na Natal gestuur om die Britse magte wat in Dundee en Elandslaagte gestasioneer was, af te sny. Die burgers het tyd verspeel en gevolglik is De Wet se magte by Rietfontein deur generaal French aangeval. Die Britse magte het Ladysmith veilig bereik (Carver, 2000).

In Tabel 1 word 'n kort opsomming gegee van die belangrikste kontak-geleenthede met die Britse magte waaraan De Wet deel gehad het. (Sien bylaag 1 vir 'n grafiese voorstelling van hierdie kontakgeleenthede met die Britse magte)

Tabel 1: *Opsomming van die belangrikste kontak met opponente waaraan De Wet deel gehad het*

| Datum | Kontak met opponente | Resultaat |
|---|---|---|
| 27/01/1881 | Amajuba | Burgers verslaan Britse magte |
| 08/02/1881 | Ingogo | Britse magte trek terug |
| 18/10/1899 | Bezuidenhoutspas | Britse magte trek terug |
| 24/10/1899 | Rietfontein | Britse magte bereik Ladysmith |
| 30/10/1899 | Nicholsonsnek | Mournful Monday |
| 02/11/1899- 28/2/1900 | Beleg van Ladysmith | Duur 4 maande |
| 04/11/1899 | Bulwana | Burgers verdryf Britse magte |
| 29/11/1899 | Zwartbooiskop | Britse magte trek terug |
| 11/12/1899 | Magersfontein | Burgers behaal oorwinning |
| 05/02/1900-08/02/1900 | Koedoesbergdrif | Burgers behaal oorwinning |
| 15/02/1900 | Watervaldrift | Voorraadtrein word gebuit |
| 17/02/1900-27/02/1900 | Paardeberg | Cronjé gee oor |
| 07/03/1900 | Poplar Grove | Burgers vlug |
| 13/03/1900 | Bloemfontein | Britse magte wen die geveg |
| 31/03/1900 | Sannaspos | Burgers oorwin Britse magte |
| 04/04/1900 | Mostertshoek | Burgers oorwin Britse magte |
| 09/04/1900-25/04/1900 | Jammerbergdrif | Burgers onttrek |
| 28/04/1900 | Swartlapberg | Burgers vlug |
| 28/05/1900 | Greylingstadstasie | Herwinning van ammunisie |
| 04/06/1900 | Swawelkrans | Dwing Britse magte om oor te gee |
| 07/06/1900 | Roodewal | Burgers oorwin Britse magte |
| 15/06/1900 | Roodepoort | Burgers verdryf Britse magte |
| 07/07/1900 | Bethlehem | Britse magte beset Bethlehem |
| 15/07/1900 | Brandwaterkom | Burgers vlug en ander gee oor |
| 24/07/1900 | Vredefort | Burgers vlug |
| 09/08/1900 | Methuen | Burgers vlug |
| 16/08/1900 | Magatosnek | Burgers vlug |
| 20/10/1900-25/10/1900 | Frederikstad | Burgers vlug |
| 06/11/1900 | Doornkraal | Burgers vlug |
| 21/11/1900-23/11/1900 | Dewetsdorp | Britse magte hys die wit vlag |
| 02/12/1900 | Herbert | Burgers trek terug |
| 07/11/1900-04/12/1900 | 1ste inval in Kaapkolonie | Nie geslaagd nie |
| 25/01/1901-28/02/1901 | 2 de inval in Kaapkolonie | Nie geslaagd nie |
| 29/01/1901 | Tabaksberg | Burgers trek terug |
| 03/06/1901 | Vrouelaer | Vrouens word weer gevang |
| 06/06/1901 | Graspan | Britse magte behaal oorwinning |
| 28/09/1901 | Tierkloof | Burgers trek terug |
| 30/10/1901 | Spytfontein | Burgers uitoorlê Britse magte |
| 25/12/1901 | Krismiskop | Britse magte verslaan |
| 22/02/1902 | Holspruit | Britse magte verdryf |

In al die vorige gevegte het De Wet as lid van die Heidelbergse kommando opgetree, maar hy het die eerste keer as bevelvoerder tydens die geveg van Rietfontein opgetree (24 Oktober 1899). Met hierdie geveg by Rietfontein het De Wet die onderspit gedelf, aangesien hy nie daarin kon slaag om die Britse magte wat na Ladysmith teruggetrek het betyds te stuit nie. Volgens De Wet was 'n gebrek aan dissipline die oorsaak hiervan. De Wet het dit as volg gestel:

> *Dit was oor die gebrek aan dissipline, in die regte sin van die woord, onder die burgers. Daar het met die loop van die oorlog hierin groot verbetering gekom. Maar nooit, so lank as die stryd geduur het, is die tug gehandhaaf nie. As ek dit sê, wil ek nie te kenne gee dat die burgers onwillig of onregeerbaar was nie; maar ek meen net dat hulle so ongewoond was om onder bevele te staan, dat dit my nagenoeg 'n reusewerk was om alles na wens te reël.* (Kestell, 1920, p. 51)

**3.5.1.1.2 Burgers behaal suksesse**

In 'n volgende veldslag by Nicholsonsnek het kommandante Steenkamp en De Wet se magte die Britse magte verslaan en die oorlewendes is terug in Ladysmith geforseer (Kestell, 1999). Onder die Britse magte het dié dag later as *Mournful Monday* bekend gestaan (Evans, 2000; Pretorius, 1985). Met die slag van Nicholsonsnek was dit buitengewoon warm en water moes ongeveer 2 kilometer ver gehaal word. Die toestand van die burgers sowel as die Britse gewondes het De Wet diep geraak en hul geroep na water het hom hewig ontstel. Hy het sy burgers beveel om die gewondes na die doringbosse te sleep vir skuiling teen die son. Verder het hy opdrag gegee dat water aan hulle gegee moes word. De Wet het voorts 'n boodskap aan generaal George White gestuur om 'n ambulans vir sy manne te stuur en om die dooies te begrawe (Breytenbach, 1977; C. R. De Wet, 1902). Hierdie empatiese optrede van De Wet het hy tydens ander veldslae herhaal, soos byvoorbeeld tydens die geveg van Krismiskop op 25 Desember 1901 (Wessels, 2002).

Tydens die veldslag by Zwartbooiskop op 29 November 1899 het die burgers die koppie stormgeloop en van rots tot rots en van bos tot bos onder geweervuur beweeg. Die skielike opwagting van die burgers het die Britse magte verwar en kort voor lank het die Britse magte die wit vlae gehys. De Wet het 'n groot aantal gewere en ammunisie gebuit en baie Britse soldate gevange geneem (Kestell, 1920; L. Scholtz, 2003). Die burgers het daardie dag niks te ete gehad nie en het die aand gesmul aan braaivleis, vetkoek en koffie. As beloning vir hulle oorwinning is hulle daardie nag van brandwag en nagdiens verskoon. Die burgers het ná die vermoeiende dag hul rus baie geniet (Rossouw, 2003). Vir 118 dae, vanaf 2 November 1899 tot 28 Februarie 1900 is Ladysmith beleër. Hierdie beleëring was vanweë die lewensverliese vir De Wet onaanvaarbaar, aangesien hy die behoud van burgers se lewens as deurslaggewend beskou het. Volgens L. Scholtz (2003) het dit gedui op De Wet se respek vir die burgers as mense en individue.

Op 9 Desember 1899 het president Steyn die rang van veggeneraal vir De Wet aangebied na aanleiding van sy suksesse op die gevegsfront. Die insident het De Wet se beskeidenheid na vore laat tree (Olivier, 1971; L. Scholtz, 2003), want volgens Kestell (1920) het De Wet en vyf van sy vriende eers die veld ingegaan om oor die saak te bid, waarna hy wel besluit het om die rang te aanvaar. Kommandant Steenkamp het hom toegelaat om veertien burgers te kies wat hy met hom kon saamneem. By sy vertrek het De Wet opgemerk dat hy eerder die veldtog as 'n gewone burger sou wou meemaak en dat hy met 'n baie swaar hart van die Heilbron kommando afskeid neem (Rosenthal, 1968).

#### 3.5.1.1.3 De Wet verlam die Britse magte

De Wet het as veggeneraal verskeie gevegte met verpletterende oorwinnings gewen, byvoorbeeld Magersfontein op 11 Desember 1899, Mostertshoek op 4 April 1900, Roodewal op 7 Junie 1900 en Krismiskop op 25 Desember 1901 (Jansen & Jonckheere, 1999; Pretorius, 2001b). De Wet het die burgers 35 keer aangevoer, waarvan hy 19 keer 'n oorwinning oor die Britse magte behaal het.

Gideon Scheepers het gedurende hierdie tyd hom by De Wet se kommando aangesluit. Scheepers het hom voorheen onderskei as 'n verkenner met goeie leiersvaardighede en onder De Wet se leierskap is sy lewensvaardighede en waagmoed verder opgeskerp. Met die aanvang van die guerrillastryd is die 23-jarige Scheepers tot kommandant bevorder en is hy met sy eie kommando die Kaapkolonie binne gestuur om die weg voor te berei vir 'n grootskaalse inval onder leiding van De Wet en De la Rey (Jooste & Oosthuizen, 2000).

De Wet het 'n voorraadtrein van die Britse magte by Watervaldrift voorgelê en vee en vier dae se voorrade gebuit (Breytenbach, 1977; C. R. De Wet, 1902). Dié oorwinning was die eerste van 'n lang reeks blitsaanvalle wat die Britse magte die skrik op die lyf moes jaag. Generaal Cronjé het egter weinig waardering vir hierdie guerrilla-tipe strategie van De Wet gehad. Volgens Cronjé het De Wet hom besig gehou met onnodige buitmaak in plaas daarvan om hom, Cronjé, te help (L. Scholtz, 2003). Breytenbach (1977) het gemeld dat De Wet se aanvalle op die konvooi ten doel gehad het om Lord Roberts se opmars te bemoeilik deurdat hy voorrade kon buit. Dit het meegebring dat, na afloop van die verowering van Bloemfontein, lord Roberts se magte verplig was om met halwe rantsoene klaar te kom. Dit was noodwendig tot groot voordeel van die burgers.

In teenstelling met Cronjé, wat De Wet se optrede gekritiseer het, het president Kruger en kommandant-generaal Piet Joubert De Wet se taktiek met die buit van die voorraadtrein begryp. Hulle het besef dat dit die doeltreffendste manier was om die Britse offensief in die wiele te ry. So gunstig was hulle verslag oor De Wet se taktiek, dat hulle hom versoek het om die vyand te agtervolg en verdere aanvalle te loods om sodoende die Britse magte te verswak (Breytenbach, 1977). De Wet het geen aanmoediging nodig gehad om die vyand te agtervolg nie, maar kon hy ongelukkig nie die groot buit onbewaak laat nie. Gevolglik het De Wet besluit om die agtervolging te staak, die Britse magte onskadelik te stel, en seker te maak dat die gebuite voorrade nie weer in die hande van die vyand sou val nie.

#### 3.5.1.1.4 Slag van Paardeberg

Die slag van Paardeberg tussen 17-27 Februarie 1900 is een van die bekendste veldslae van die Anglo-Boereoorlog. Cronjé het vir twee maande by Magersfontein op die vyand lê en wag en wou nie dat sy burgers hul aan Magersfontein onttrek nie, tensy hulle van elders aangevul word. Om te verhoed dat hy omsingel word, het Cronje nie 'n ander keuse gehad as om die nag van 14 Februarie 1900 sy stellings by Magersfontein te verlaat nie. Teen 17 Februarie 1900 het die Britse magte die retirerende magte van Cronjé ingehaal en met dagbreek het De Wet die gedreun van hewige bombardement gehoor (Barbary, 1969; Rayner, 2006). Dit het De Wet aangespoor om so vinnig as moontlik op te ruk, maar Cronjé se laer was egter heeltemal deur die vyand omsingel. De Wet het egter op ‘n vindingryke wyse 'n opening geskep waardeur Cronjé kon ontvlug. Cronjé het nie die geleentheid gebruik nie, aangesien hy nie sy waens wou verloor nie. De Wet het aanhoudend vir Cronjé geleenthede vir ontvlugting probeer skep, maar het later sy eie mag in gevaar gestel. De Wet het egter nie opgegee nie en het later vir Danie Theron met 'n skriftelike boodskap na Cronjé gestuur waarin hy hom versoek het om weg te breek (P. G. Cloete, 2000; Nattrass & Spies, 1994).

Op 20 Februarie 1900, terwyl De Wet steeds besig was met die ontsetting van Cronjé, het hy die nuus ontvang dat hoofkommandant Ferreira doodgeskiet is. President Steyn het De Wet tot waarnemende hoofkommandant benoem totdat 'n behoorlike verkiesing kon plaasvind (Kestell, 1920). Volgens L. Scholtz (2003) was De Wet se opgang in vier maande van gewone burger tot hoofkommandant 'n bewys van sy militêre talent en die vertroue wat hy ingeboesem het.

De Wet het op 22 Februarie 1900 weer 'n poging aangewend om Cronjé by Magersfontein te ontset (L. Scholtz, 2003). Lord Roberts, die Britse bevelvoerder het besluit om op De Wet en sy burgers te vuur, want hulle het die Britse magte se taak aansienlik bemoeilik. Die burgers het vinnig op hulle perde gespring en weggejaag. De Wet moes die laer verlaat om by Poplar Grove weer sy burgers te hergroepeer. Vanaf Poplar Grove het hy weereens probeer om Cronjé te ontset, maar na 'n paar halfhartige pogings het die gedemoraliseerde burgers die wyk

geneem. Die burgers het in groot getalle van hulle kommando's gedros (Trew, 1999; Wessels, 2002). Honderde burgers uit Cronjé se vasgekeerde laer het hulle selfs vrywillig aan die vyand gaan oorgee (Breytenbach, 1977). Die oggend van 27 Februarie 1900 het Cronjé en sy 4150 burgers oorgegee. Hierdie optrede van Cronjé het De Wet verpletter en kon hy volgens hom, moeilik sy gevoelens hieroor beskryf. Hy was ook baie ontsteld oor die demoraliserende uitwerking wat hierdie oorgawe op die burgers gehad het (C. R. De Wet, 1902; Doyle, 1902; Stemmet, 1975).

Na die slag van Paardeberg het De Wet al minder burgers in sy vertroue geneem en krygsraad het skaars plaasgevind (Pienaar, 2000; Rosenthal, 1968). De Wet het hom al hoe meer begin onttrek. Soms het sy seuns hom kom besoek of het 'n brief van sy vrou of broers hom bereik. Op hierdie stadium was hy nie ver van sy eie plaas nie en het tydens oorlogstilstande, sy verlate plaas besoek (Rosenthal, 1968).

#### 3.5.1.1.5 Terugslae en gevolglike guerrilla-taktieke

Minder as 'n maand na die Paardeberg-oorgawe was Bloemfontein in gevaar. De Wet (1902) was van mening dat die burgers Bloemfontein tot die einde sou verdedig en het hy van posisie tot posisie gery om met die burgers en offisiere daaroor te praat. Teen middernag, op 12 Maart 1900, het De Wet die suidelike posisies bereik waar hy verneem het dat kommandant Weilbach nie die vorige aand die stellings, wat die sleutel tot die Bloemfontein gebied was, ingeneem het nie. Hierdie optrede van Weilbach het die hele verdedigingsopset verlam. Bloemfontein het op 13 Maart 1900 sonder slag of stoot in die Britse magte se hande geval (Muller, 1980; Rayner, 2006). De Wet het vanaf die koppe in die noord-weste aanskou hoe die vyand die stad instroom en het later die inname van Bloemfontein as die swartste dag van sy lewe beskryf (C. R. De Wet, 1902).

De Wet het op hierdie stadium van die oorlog besef dat hy sy strategie sal moet wysig om weer sy burgers byeen te bring. Hy het gevolglik aan die offisiere bevel gegee om hulle burgers huis toe te stuur en hulle te versoek om weer op 25 Maart

1900 by die spoorwegbrug van die Sandrivier bymekaar te kom (P. G. Cloete, 2000; Van Schoor, 2007). Genl. Piet Joubert was van mening dat deur hierdie optrede van De Wet, die Britse magte nou vrye teuels gehad het terwyl die burgers op vakansie was. Hierop het De Wet se welbekende antwoord gevolg, naamlik dat jy nie 'n haas met onwillige honde kon jag nie (Bateman, 1977; C. R. De Wet, 1902).

De Wet het gevolglik 'n nuwe strategie vir die burgers voorgestel, naamlik guerrilla-oorlogvoering (Barnard, 1970; Evans, 2000). Die woord guerrilla beteken letterlik *klein oorlog* en die taktiek het tydens Napoleon se konflik in Spanje in die tydperk 1808-1814 ontstaan. Volgens Marx (in Lass, 1975) was guerrilla-vegters niks meer as bendes professionele misdadigers nie. De Wet was baie gekant teen die benaming van guerrilla-leier, want volgens hom het die oorlog wettig plaasgevind (Schoeman, 1998; Wildeboer, 2005).

Volgens die nuwe strategie is die swaar waens afgeskaf en met vinnig bewegende perdekommando’s vervang. Die absolute geheimhouding onder die guerrilla-vegters sou die Britse magte keer op keer verras en hulle het gevolglik gevoelige nederlae gely. Die Britse magte is nie net telkens in die verleentheid gebring nie, maar De Wet het met sy guerrilla-metodes die oorlog verleng en die Britse belastingbetalers miljoene ponde uit die sak gejaag (De Vries, 1987; F. Jacobs, 2005; Shearing & Shearing, 1999). Die guerrilla-taktiek het dus baie sukses vir die burgers beteken.

#### 3.5.1.1.6 De Wet se ongeduld met ruggraatlose burgers

Na die nederlaag by Bloemfontein het De Wet baie probleme met die aanvoerder van die Winburg kommando, kommandant Vilonel, ondervind. Vilonel het nie die verslae van die verkenners vertrou nie en wou self eers die posisies gaan verken voordat hy bereid was om mee te doen aan veldslae. De Wet het hom aanvanklik verdra, maar mettertyd het sy geduld opgeraak. Hy het later aan Vilonel die keuse gestel om sy bevele te gehoorsaam en sodoende saam te werk, of om eerder te bedank. Die kommandant het dadelik sy bedanking uitgeskryf. Aangesien daar

nie tyd was om 'n nuwe plaasvervanger te kies nie, het De Wet vir veldkornet Van der Merwe as waarnemende kommandant aangestel. De Wet het die bevel gegee om op te saal, maar die kommandolede van Vilonel was halsstarrig en wou nie die bevel gehoorsaam nie. De Wet het die burgers bymekaar geroep en het woedend aan hulle gesê dat as hy hulle kommandant (Vilonel) in die hande sou kry, hy hom sou doodskiet. Daarna het hy sy kalmte herwin, sy hoed afgehaal, ‘n kort en kragtige gebed gedoen en sonder 'n verdere woord weggery (Kestell, 1920).

Na hierdie onderonsie met kommandant Vilonel het De Wet na Bloemfontein teruggekeer. Hier by Sannaspos het hy een van die beste taktiese oorwinnings ooit behaal (Kruger, 1967; Shearing & Shearing, 1999). Volgens L. Scholtz (2003) was De Wet se krygsplan eenvoudig, sy inligting uitstekend en sy rustigheid terwyl hy onder druk was, merkwaardig. De Wet en sy burgers het die magte van generaal Broadwood by Koringspruit in 'n hinderlaag gelok deur in ‘n spruit vir die Britse magte te wag. De Wet het intussen aan kommandante Fourie en Nel opdrag gegee om die Britte onkant te betrap deur op die eerste wa te spring en die waens een na die ander oor te neem (Barthorp, 1987; Nattrass & Spies, 1994). Die Britte is tot stilswye gemaan. De Wet het majoor Taylor gevange geneem en hom met 'n boodskap na sy generaal gestuur om oor te gee, maar Taylor het egter nie De Wet se versoek uitgevoer nie en het sy troepe gaan waarsku. De Wet se onmiddelike reaksie was om sy geweer op Taylor te rig en Taylor dood te skiet (Thring, ter perse). 'n Volskaalse geveg het losgebars. Oplaas het generaal Broadwood die bevel aan sy magte gegee om die aftog te blaas.

De Wet se weersin teenoor Suid-Afrikaners wat vir die Britse magte veg, het sy taktiese besluitneming beïnvloed toe hy luitenant-generaal Dalgety se mag by Jammerbergdrif in April 1900 naby Wepener beleër het (L. Scholtz, 2003). Hy het die Britse magte as sy opponente gerespekteer, maar het die Kaapse en Natalse koloniste wat saam met die Britse magte geveg het, verag. Die beleg van Jammerbergdrif het drie weke geduur en het die burgers onnodig besig gehou terwyl hulle eintlik die treinspoor moes opblaas om sodoende die vordering van Roberts te vertraag (Evans, 2000; Oosthuizen, 1999).

Drie dae na die beleg van Jammerbergdrif het De Wet op 28 April 1900 'n aanval by Swartlapberg (naby Thaba N'chu) op die Britse magte geloods. Sy burgers was egter reeds uitgeput en het hulle geesdrif vir die stryd verloor (Pretorius, 2001b). By De Wet se hoofkwartier het die paniekerige burgers reeds hulle tente afgeslaan en waens ingespan. De Wet was woedend en het veldkornet Thring van skandalige optrede beskuldig. Onwillige burgers het sondermeer onder De Wet se sambokslae deurgeloop (Thring, ter perse).

Ongeveer 'n maand het verloop na die Swartlapberg skermutseling voordat De Wet op 28 Mei 1900 weer 'n grootskaalse ontwrigting by Greylingstadstasie veroorsaak het. Gedurende hierdie tydperk het De Wet nooit konkreet op generaal Botha se voorstelle vir samewerking tussen die krygsmagte van die twee state geantwoord nie, aangesien hy nie juis geesdriftig oor samewerking met die inwoners van die ZAR was nie. Eintlik was De Wet 'n individualis wat hom nooit tot noue samewerking met 'n ander wou verbind nie (Van Schoor, 2007). Hy was van mening dat die uitvoering van Botha se voornemens die Britse magte nie veel sou benadeel nie, maar eerder 'n verkwisting van die burgers se geringe mannekrag sou beteken. Hierdie meningsverskil tussen hulle het die basiese onderskeid tussen De Wet en Botha se denke oor oorlogvoering aan die lig gebring. Botha was deur die verloop van die oorlog 'n voorstander van groot bewegings en veldslae, terwyl De Wet daarenteen 'n voorstander van bewegingskryg was wat vinnig kon rondbeweeg, toeslaan en dan weer terugtrek om kort daarna elders toe te slaan (Meintjes, 1970).

Na die herwinning van ammunisie by Greylingstadstasie (28 Mei 1900), die gevangeneming van die *Highland Brigade*, die herhaalde verbreking van verbindingslyne, en De Wet se soveelste suksesvolle ontvlugting, het lord Roberts se ongeduld skerp toegeneem (Pretorius, 1976). Hy het lord Methuen gelas om De Wet te volg en die Britse krygsgevangenes ten alle koste te bevry.

#### 3.5.1.1.7 Eerste tekens van die verskroeide-aarde-beleid

Met die geveg by die plaas Roodepoort op 15 Junie 1900, is driehonderd swartes krygsgevange geneem en De Wet moes besluit of hulle as krygsgevangenes of burgerlikes hanteer moes word. Volgens De Wet was dit hulle behoud en het hy besluit dat dit beter sou wees om tien skuldiges vry te laat as om een onskuldige dood te skiet. Hulle is derhalwe as burgerlikes beskou en deur De Wet vrygelaat (Rossouw, 2003).

De Wet se plaasopstal by Rooipoort is op 16 Junie 1900 deur Methuen se troepe afgebrand. Lord Roberts wou die vernietiging van De Wet se opstal as voorbeeld vir die ander boere gebruik (Pretorius, 1976). Later het De Wet saam met Froneman en Fourie na Rooipoort gery om na sy afgebrande opstal te kyk. Volgens Fourie (in L. Scholtz, 2003) het De Wet by die aanskoue van die verwoesting op sy plaas niks gesê en geen emosie getoon nie. Hy het slegs stil by die graf van een van sy kinders gekniel en gebid.

Die afbrand van plaaswonings, ook bekend as die Britse magte se *verskroeide-aarde-beleid*, was op daardie stadium aan die orde van die dag. Volgens kaptein March-Phillipps (in Marais, 1999) het hulle ongeveer ses tot twaalf plaashuise per dag afgebrand. Die inwoners van plaaswonings is tussen tien minute tot 'n uur gegun om hul huise te ontruim voordat dit afgebrand of opgeblaas is (Alberts, 2005; Van Bart & Van Bart, 2005).

Tydens die oorlog is meer as 30 000 plaashuise afgebrand waarna vroue en kinders na konsentrasiekampe geneem en die vee doodgemaak is. Vir die vroue was dit baie hartseer om te sien hoe hul besittings wat hulle deur die jare bymekaar gemaak het, vernietig is. Die vroue is soms onmenslik deur die Britse soldate behandel en selfs verkrag (I. J. C. De Wet, 1954; Van Bart & Van Bart, 2005). Die berigte is deur Kaptein March-Phillipps bevestig (in Marais, 1999) wat erken dat die Britse magte geen geringe foltering veroorsaak het nie.

### 3.5.1.1.8 De Wet se hardkoppigheid

De Wet se burgers was in herhaalde gevegte met die Britse magte langs die spoorlyn betrokke en het hulle die spoorverkeer sodoende telkemale suksesvol ontwrig. De Wet het skielik begin weifel, sy veldtog om die spoorlyn te saboteer, onverwags gestaak en ooswaarts na Lindley getrek. De Wet het hierdie optrede nooit oortuigend motiveer nie (L. Scholtz, 1984, 1999). 'n Gebrek aan dissipline was op daardie stadium duidelik te bespeur in De Wet en Froneman se kampe. Van die burgers het De Wet beskuldig dat hy nie volgens reëls en regulasies opgetree het nie. De Wet wou slegs bevelvoerder wees indien hy op die vertroue van sy offisiere kon staatmaak. Hy het gevolglik sy burgers byeengeroep en hulle meegedeel dat hy sy bedanking sal indien as hulle hom sou uitstem. Al die veldkornette, bevelvoerders en offisiere het aan die stemming deelgeneem. De Wet het met 'n oorgrote meerderheid gewen en as bevelvoerder aangebly (C. R. De Wet, 1902; Rosenthal, 1968).

*Hensoppers* was die skeldnaam wat aan burgers van die ZAR en Oranje-Vrystaat gegee is wat na die vyand oorgeloop het (H. C. Hopkins, 1963). De Wet was onverbiddelik teenoor verraaiers en hy het geen verraad of drossery geduld nie. 'n Voorbeeld hiervan was verkenner Smit van die Rouxville-distrik en twintig van sy burgers wat gedros het. Vir De Wet was dit ondenkbaar dat 'n Vrystaatse offisier so 'n stap kon neem en het hy gemeld dat dit vir hom makliker sou wees om teen 'n Britse leërskare te veg as teen verraad of drossery onder sy eie manskappe.

De Wet se afsku aan verraad het duidelik geblyk in sy optrede teenoor sy broer, Piet. Na die ontsnapping uit die Brandwaterkom in Julie 1900 wou Piet by De Wet weet of hy werklik nog kans sien om met die oorlog vol te hou. De Wet, met sy haastige karakter, het sy broer woedend toegesnou dat hy gek is en toe weggestap. Piet de Wet het nog dieselfde oggend sy waens laat omdraai om huis toe te gaan. Ses dae later het hy hom aan die Britse magte in Kroonstad oorgegee. De Wet het aan die burgers wat Piet op pad na die Britse magte toe teëgekom het, gesê dat dit beter sou wees indien hulle sy broer doodgeskiet het (P. G. Cloete, 2000; Pretorius, 1976).

### 3.5.1.1.9 Ontsnappings

De Wet het tydens die oorlog baie ontsnappings bewerkstellig. Een van hierdie ontsnappings was op Sondag 15 Julie 1900 in die Brandwaterkom (Barthorp, 1987). De Wet het sy afdeling van nagenoeg 2 000 burgers met artillerie, sowel as sowat vierhonderd waens en kapkarre deur Slabbertsnek uit die Brandwaterkom gelei. Hierdeur het De Wet lord Roberts en generaal Hunter se planne gefnuik voordat die Britse magte nog in beweging kon kom (Jansen & Jonckheere, 1999; G. D. Scholtz, 2000). De Wet het onderskeidelik ook by Olifantsnek, Sprinkaansnek en Bothaville ontvlug (Kestell, 1903; Pretorius, 1976). By Bothaville het 'n persoon wat hom as agterryer voorgedoen het, inligting aan die Britse magte verklap. De Wet het 'n voorgevoel gehad dat alles nie pluis was nie en het binne 'n uur kamp opgebreek en vertrek. Voor sonsopkoms het 200 Britse magte op die plaas toegeslaan, maar De Wet was egter reeds weg (Trew, 1999). In sy oorlogsherinneringe noem De Wet (1902) dat dit slegs deur die genade en wil van God was dat hy nooit gevang is nie.

Op 29 Julie 1900 het generaal Prinsloo met meer as 4 500 burgers in die Brandwaterkom onvoorwaardelik aan generaal Hurter oorgegee. Vir De Wet was hierdie oorgawe selfs bitterder as dié by Paardeberg (P. G. Cloete, 2000; Kestell, 1920) en het hy hierdie daad as 'n gruwelikheid teenoor die regering, land en volk bestempel. Burgers wat nie kon wegkom nie, is gevang en later as krygsgevangenes na die Diyatalawa-kamp in Ceylon weggestuur (Muller, 1980; Olivier, 1971; Pretorius, 1976).

Vir die volgende ses maande is De Wet se vaardigheid om te oorleef gereeld getoets, want verskeie van die sogenaamde *De Wet-dryfjagte (De Wet Hunts)* is deur die Britse magte van stapel gestuur (A. J. McLeod & Pretorius, 2002; Trew, 1999). De Wet het die Britse magte die een na die ander ontwyk. Wanneer hy beweeg het, het hy sy verkenners wyd en syd uitgestuur om hom op hoogte te hou van elke beweging van die vyand. Elke minuut van die dag en nag het hy presies geweet waar die Britse magte was en wat hulle beplan het om te doen. Terwyl De

Wet alles van die Britse magte geweet het, kon hulle selde uitvind waar hy op 'n gegewe tydstip was (G. D. Scholtz, 2000).

Volgens De Wet (1902) het die burgers se uitstekende verkenningsdiens hulle wel een keer in die steek gelaat met ‘n verrassingsaanval deur Methuen se magte. Die enigste ontsnappingsroete vir die burgers was deur 'n nou poort en alhoewel dit naelskraap was, kon De Wet wel deur die poort ontsnap (L. Scholtz, 2003). Met die Britse bevelvoerders Kitchener, Methuen, Smith-Dorrien en Hamilton op sy hakke het De Wet 'n moeilike tyd beleef, maar tog ongedeerd daarvan afgekom (Doyle, 1902; Kestell, 1920).

In die aanhoudende stryd teen die Britse magte, het De Wet 'n voorsprong gehad deurdat hy eerstens kon vertrou op hulp van die plaasboere en tweedens kon hy vinniger as die Britse magte beweeg (Trew, 1999). Van tyd tot tyd het De Wet se kommando by plaaswonings aangedoen om kos, voer en inligting te kry.

Gedurende Augustus 1900 het die omstandighede baie somber vir die burgers begin lyk. Die Britse magte het verwag om De Wet enige oomblik gevange te neem. Beide Kommandosnek- en Olifantsnekpas oor die Magaliesberge was reeds in die vyand se hande en lord Kitchener het die sirkel rondom De Wet al nouer getrek. De Wet se enigste uitweg was om die Magaliesberge oor te steek (P. G. Cloete, 2000; D. G. Scholtz, 2000). De Wet was egter vindingryk en het sy burgers opdrag gegee om soos die bobbejane, oor die berg te beweeg. Sodoende is die Britse magte gefnuik en kon die burgers teen die verwagting in op 22 Augustus 1900 die Magaliesberge oorsteek (C. R. De Wet, 1902; Doyle, 1902; Olivier, 1971).

**3.5.1.1.10 De Wet en Danie Theron**

Met sy terugtog na die Oranje-Vrystaat het De Wet vir Danie Theron op die plaas Elandsfontein opgesoek. Dit was hier waar De Wet die laaste keer vir Theron lewend gesien het. Op daardie stadium was daar onenigheid tussen hulle wat voortgespruit het uit 'n krygsraad wat 8 Augustus 1900 gehou is. Theron moes

voor die krygsraad verskyn omdat sy verkenners nie betyds vir De Wet teen Methuen se verrassingsaanval gewaarsku het nie (Shearing & Shearing, 1999). De Wet en Theron het op Elandsfontein vrede gemaak na die ongelukkigheid van die voorafgaande elf dae. Die volgende dag het De Wet vir Theron per boodskapper gelas om by Van Vuurenskloof aan die Vaalrivier by hom aan te sluit. Hierdie opdrag van De Wet is twaalf dae later aan Theron se lyk gevind (L. Scholtz, 1984; Trew, 1999).

Theron en sy korps van tagtig verkenners was vir De Wet van onskatbare waarde. Daar is dikwels gesê dat Theron die oë en ore van De Wet was (Rossouw, 2003). Volgens De Wet (1902) het Theron aan die hoogste eise van 'n krygsman voldoen en het sy dood hom persoonlik geraak (Evans, 2000; Kestell, 1920).

De Wet het gedurende hierdie tyd internasionale bekendheid as krygsman verwerf (Rosenthal, 1968; Van Schoor, 2007). In Brittanje, Frankryk, Amerika en selfs in Rusland het spotprente van sy verdwynings of ontsnappings in die koerante verskyn. Liedjies en gedigte is oor hom geskryf en sy standbeeld is in die wasmuseum van Madame Tussaud (Londen) opgerig. Legendariese verhale is ook toenemend aan De Wet gekoppel. In 'n Natalse koerant het daar byvoorbeeld 'n berig verskyn dat De Wet binne 'n week in Lourenco Marques, Lindley, Wepener, Dewetsdorp en Aliwal-Noord was. Die teendeel hiervan was egter ook waar. Tydens die die oorlog is daar heelwat gespekuleer oor De Wet se geestes- en fisiese gesondheid, sowel as sy lewe. Op 27 Augustus 1900 het lord Roberts amptelik die eerste *dryfjag* op De Wet afgelas (Pretorius, 1976, 2001a). Daarmee het Roberts sy eie mislukking erken (L. Scholtz, 2003).

Tussen Junie en September 1900 het grootskaalse verwoesting van plase in verskeie Vrystaatse distrikte plaasgevind (sien ook afdeling 3.5.1.1.7). De Wet het by Roberts teen hierdie verwoesting geprotesteer, maar sonder sukses. Hy het dus al meer verbitterd teenoor die Britse magte geword. Op 2 Oktober 1900, net minder as een jaar nadat die oorlog begin het, het De Wet op Lindequesfontein (naby Vredefort) 'n proklamasie uitgereik, waarvolgens offisiere beveel is om alle Britse magte wat betrap word terwyl hulle huise afbrand en vroue en kinders

wegvoer, summier dood te skiet (F. Jacobs, 2005; Rossouw, 2003). Aan die einde van die eerste jaar van die oorlog was die afbrand van plaashuise die grootste probleem wat die burgers in die gesig gestaar het.

#### 3.5.1.2 Tweede jaar van die Anglo-Boereoorlog (Oktober 1900 tot September 1901)

Op 3 November 1900, het president Steyn en De Wet die inwoners van Klerksdorp op die dorp se markplein toegespreek. De Wet het 'n oorsig van die militêre toestand gegee en die burgers aangeraai om volgens die Bybel hul vyand lief te hê, maar om die Britse magte te haat (P. G. Cloete, 2000; Nattrass & Spies, 1994). Daardie nag het De Wet met die burgers en president Steyn op die oewer van die rivier suid van Bothaville oornag. Generaal Le Gallais het onverhoeds op die burgers se kamp begin skiet. Pandemonium het in die kamp losgebars en die burgers het op die vlug geslaan. De Wet het tevergeefs geskree dat hulle moes terugkom, maar kon selfs met ‘n sambok in die hand nie daarin slaag om die paniekbevange burgers te keer nie (Brits, 1970; G. D. Scholtz, 2000).

##### 3.5.1.2.1 Planne om Kaapkolonie binne te val

De Wet was oortuig dat die Kaapkolonie binnegeval moes word (Shearing & Shearing, 2000). Volgens die Syferfonteinse krygsplan van 27 Oktober 1900 moes De Wet en De la Rey die Kaapkolonie elk met 5 000 burgers binneval. As gevolg van sy koppigheid en wantroue jeens generaal Botha het De Wet twee keer sy eie kop gevolg en die Kaapkolonie op eie houtjie probeer inval. Dit het die Syferfonteinse krygsplan uiteindelik laat misluk en sodoende het 'n groot geleentheid vir die republieke deur die mat geval (Rossouw, 2003).

Na die mislukte poging om die Kaapkolonie binne te val het De Wet weer die Britse magte mislei. Hy het sy kommando na Dewetsdorp gestuur waar hulle die indruk moes skep dat hulle nie wil veg nie, maar net die omgewing wou verken. Gedurende die nag het hulle weer na Dewetsdorp terugbeweeg. De Wet het sy burgers in drie posisies rondom Dewetsdorp geplaas en vroeg die volgende

oggend het geweervuur uitgebreek. Die Britse magte het uiteindelik die wit vlag gehys (Pretorius, 1985; Rothmann, 1976; Van Schoor, 1975).

Generaal Knox het intussen sy magte vir die agtervolging georganiseer en met die tweede *dryfjag* op De Wet begin. In 'n geveg by Vaalbank het De Wet se neef, Johannes Jacobus de Wet, gesneuwel. Die dood van sy neef was vir De Wet 'n groot skok (C. R. De Wet, 1902).

Die somer van 1900/1901 het aangebreek en daarmee saam ook swaar reënbuie. Die burgers het in die rigting van die Oranjerivier beweeg. Aangesien die rivier egter in vloed was, en die burgers dit nie kon oorsteek nie, het De Wet besluit dat hulle stroom-op in die rigting van die destydse Basoetoland (Lesotho) moes gaan. 'n Drif naby Zevenfontein was nie deur die vyand beset nie en die burgers kon die rivier daar oorsteek (Pakenham, 1986). Tiperend van sy geaardheid, het De Wet teruggegaan Dewetsdorp toe en heen en weer tussen die dorp en Zevenfontein gery om 'n vals spoor te skep en sodoende die Britse magte af te skud (Trew, 1999).

Nadat De Wet en sy burgers die Britse magte suksesvol by Zevenfontein ontglip het, was hulle op pad na Doornberg waar hulle 'n tweede invalspoging in die Kaap sou organiseer. Gedurende hierdie tyd het die Morgendaal-voorval De Wet se houding teenoor verraaiers geïllustreer. Morgendaal het as Britse onderdaan die eed van getrouheid aan die Kroon afgelê. Hierna is hy deur die Britse administrasie as vrederegter vir Kroonstad aangestel (L. Scholtz, 2003). Morgendaal en sy skoonvader, Andries Wessels, het op 28 Desember 1900 vrywillig na De Wet se kommando vertrek met die doel om die burgers te probeer oorreed om die stryd te staak (Doyle, 1902). Daar het paniek onder die burgers ontstaan as gevolg van 'n vals berig dat die Britse magte op die punt was om hulle aan te val. Volgens berigte het Morgendaal die burgers blykbaar hieroor uitgelag en het hy onder andere ook geweier om te help om 'n wa in te span. Generaal Froneman was briesend en het Morgendaal met die sambok bygedam, maar laasgenoemde het dit minagtend uit Froneman se hand gegryp. Dit alles was een te veel vir De Wet en hy het aan Froneman opdrag gegee om Morgendaal dood te

skiet. Froneman het reageer deur sy kortgeweer uit te pluk en Morgendaal swaar te wond. Hy is egter later ten spyte van mediese behandeling dood. Morgendaal se dood en veral die wyse waarop dit gebeur het, het 'n opskudding veroorsaak (Rossouw, 2003; Van Niekerk, 1985).

**3.5.1.2.2 De Wet se vindingrykheid**

Op 25 Januarie 1901, 'n maand na sy mislukte eerste poging, was De Wet suksesvol in sy tweede poging om die Kaapkolonie binne te dring. Op 27 Januarie 1901 het die Britse magte se derde groot *dryfjag* teen De Wet begin (Barthorp, 1987; P. G. Cloete, 2000). De Wet en Knox het by Tabaksberg gebots, waar De Wet een van sy tipiese maneuvers uitgehaal het om van Knox en sy agtervolgers te ontsnap. In die donker het hy eers wes getrek en toe suid geswaai (L. Scholtz, 2003).

Assistent-hoofkommandante Froneman en Fourie moes die spoorlyn op verskillende plekke oorsteek en hulle dan by De Wet aansluit. Froneman het sonder voorval die spoorlyn by Pompestasie oorgesteek, maar Fourie kon die spoorlyn eers twee dae later suksesvol oorsteek. By Sanddrif het sake vir De Wet begin skeefloop, want hy het te lank op Fourie se aankoms gewag voordat hy die Oranjerivier op 10 Februarie 1901 oorgesteek het. Die gevolg was 'n lang jaagtog om voor die Britse magte te bly, wat beide burgers en diere uitgeput het (De Jager, 2000; Van den Berg, 1996). Die toestand van die diere het by die dag versleg en sommige burgers moes te voet verder omdat hulle perde te moeg was. De Wet het nie hierdie omstandighede voorsien nie en gevolglik het die moraal van sy burgers 'n knou gekry. Enkeles het selfs begin om die kommando te verlaat (De Villiers, 1999).

Die inval by Moddervlei (15 Februarie 1901) was die keerpunt van De Wet se inval in die Kaapkolonie. Hierdie inval het in 'n vlug ontaard en groepe burgers het in die vyand se hande geval (De Villiers, 1999). De Wet was daagliks in kontak met die vyand en hy moes al sy militêre vindingrykheid gebruik om nie omsingel te word nie. Kolonel Plumer het die burgers ingehaal en met sy kanonne op hulle

losgebrand. Die burgers was reeds só gedemoraliseer dat niemand wou agterbly om die agterhoede te dek nie en gevolglik moes De Wet die sambok gebruik om hulle te oortuig (Kestell, 1920; Wessels, 2002). Alhoewel die burgers reeds uitgeput was, moes hulle noodwendig voortveg. Die Britse magte was blykbaar nóg moeër en Plumer het gevolglik besluit om die agtervolging te staak.

Op die aand van 27 Februarie 1901 was die burgers omsingel deur 13 Britse magte en 'n groot nederlaag het hulle in die gesig gestaar. Dit was onder sulke omstandighede wat De Wet se vindingrykheid na vore getree het (Doyle, 1902). Teen middernag het die Britse wagte iemand in die verte die Britse soldateliedjie *Daisy, Daisy, give me your answer true* hoor sing. Die wagte aan die voet van die koppie was onder die indruk dat dit Britse magte was en het met die onbekende sangers begin saamsing. Dit het die presiese ligging van die Britse magte verrraai en gevolglik kon De Wet en sy burgers die Britte vinnig oorrompel. Teen die tyd dat die ander wagte onraad begin vermoed het, het De Wet en die burgers reeds ontsnap (Barthrop, 1987; C. R. De Wet, 1902).

Selfs na al die maande in die veld was De Wet steeds emosioneel geraak deur die dood van sy burgers. Hy het telkens self aan die familie geskryf en sy meegevoel betuig (Rosenthal, 1968). Die konsentrasiekampe het De Wet ook emosioneel geraak waar haglike omstandighede geheers het en siektes soos tifuskoors al meer lewens geëis het. Op hierdie stadium het Emily Hobhouse na Suid-Afrika gekom. Sy was verstom oor die toestand in die kampe. Mevrou De Wet was ook in in konsentrasiekamp en dit is opgeteken dat 10 000 pond blykbaar aan haar aangebied is om haar man aan die Britse magte uit te lewer. Sy het dit egter duidelik gestel dat geen geld haar sal koop om hoogverraad te pleeg nie (Van Bart & Van Bart, 2005).

**3.5.1.2.3 Britte stel sonder sukses vrede voor**

Begin Maart 1901 het Lord Kitchener onderhandelinge vir vrede begin voorstel. Nadat De Wet op 24 Maart 1901 in die dorp Vrede aangekom het, het generaal Botha aan hom verduidelik dat die gesprek met Kitchener op niks uitgeloop het nie

(C. R. De Wet, 1902). Generaal de la Rey het hom intussen by Steyn en De Wet aangesluit en saam na die ZAR gereis om die regering te gaan spreek. Op 19 en 20 Junie 1901 is 'n konferensie gehou waar besluit is dat geen vrede gesluit sal word nie en dat die Kaapkolonie en Natal weer binnegeval sou word (De la Rey, 2007; Rothmann, 1976).

De Wet het hom reggemaak vir nog 'n winter in die veld en met nuwe ywer het hy voortgegaan. Sy burgers het klere uit dierevelle en koffie van boomwortels begin maak (Evans, 2000). Hulle het ook geleer om hulle broeke te lap. So 'n gelapte broek is dan 'n *gepantserde* broek genoem (Kestell, 1920). Gedurende hierdie tyd het die sogenaamde *uitskud-metode* ook onder die burgers posgevat. Dit het behels dat die burgers gevangenes van hulle klere gestroop het. Die gebruik was belet, maar dit het nogtans voortgegaan (Pretorius, 1991, 2000).

Oor die lengte en breedte van die Oranje-Vrystaat is blokhuise en doringdraadversperrings deur die Britse magte opgerig. Dit het die burgers se taak aansienlik bemoeilik, maar dit het De Wet egter nie gestuit nie (Meintjes, 1969; Van Bart & Van Bart, 2005). Alhoewel die burgers daarin geslaag het om die hindernisse te ontwyk, het dit al moeiliker geword om rond te beweeg. Die burgers het noodgedwonge snags beweeg en selfs dán het kragtige vyandelike soekligte die horison verhelder (C. R. De Wet, 1902; Kruger, 1967). Aangesien die blokhuise nie veel vrug vir die Britse magte afgewerp het nie, het hulle 'n ander strategie bedink deur met nagaanvalle te begin. De Wet moes gevolglik sy aanvalstegnieke wysig. Hy het meer beweeglik begin optree deur die soldate by blokhuise se aandag deur middel van veldbrande af te lei en dan verby te sluip (De Vries, 1987).

Britse verkenners het onder begeleiding van 'n wit vlag vir De Wet 'n brief van Kitchener gebring waarvolgens alle burgers van die ZAR en die Oranje-Vrystaat wat nié op 15 September 1901 oorgee nie, gevang en uit Suid-Afrika verban sou word (Kestell, 1903). De Wet het in reaksie op die brief verklaar dat hy en sy burgers net vir een doel veg, naamlik onafhanklikheid en dat hulle nié bereid was om dit op te offer nie (C. R. De Wet, 1902; Rosenthal, 1968). Enkele burgers het

wel oorgegee, maar die oorgrote meerderheid het hulle nie aan hierdie proklamasie gesteur nie (L. Scholtz, 2003). Die tweede jaar van oorlogvoering tussen die burgers en die Britse magte was intussen verstreke.

### 3.5.1.3 Derde jaar van die Anglo-Boereoorlog (Oktober 1901 tot Mei 1902)

Aan die begin van die derde jaar van die oorlog het kolonel Rimington verneem dat De Wet ‘n krygsraad op die plaas Spytfontein belê het. Hy wou die geleentheid gebruik om De Wet gevange te neem. Op 29 November 1901 het hy Spytfontein bereik, maar tot sy teleurstelling was daar net vyftig burgers wat hulle gou uit die voete gemaak het. Die krygsraad is wel op die plaas Blydskap gehou aangesien De Wet vroeg die oggend deur 'n vrouelaer oor Rimington se aantog gewaarsku is (Lourens & Lourens, 2002; Wessels, 2002).

Een van De Wet se beste oorwinnings was die slag van Groenkop wat later as die slag van Krismiskop bekend gestaan het. Op die aand van 24 Desember 1901 het die burgers die kop begin uitklim. Vroeg op Kersoggend, terwyl die Britse magte nog geslaap het, het De Wet en sy burgers toegeslaan. Die Britse magte het nie ‘n kans gehad nie en moes uiteindelik retireer (Carver, 2000; Wessels, 2002). De Wet het na afloop van die geveg hulp aan alle gewondes verleen en selfs verskeie burgers wat die mediese voorrade wou plunder, met ’n sambok verdryf (L. Scholtz, 2003). Volgens die geskiedskrywer, Amery (in Lourens & Lourens, 2002), strek dit De Wet tot eer dat hy orde en soberheid ná die geveg gehandhaaf het en gesorg het dat die mees menslike behandeling aan die Britse gewondes beskikbaar gestel is.

#### 3.5.1.3.1 Laaste stuiptrekkinge voor vredesluiting

Ten spyte van die oproep om oor te gee op 15 September 1901 het generaals Botha, De la Rey, Hertzog en De Wet eenvoudig voortgegaan met hulle aanvalle. Hulle het groot sukses behaal ongeag die Britse magte se strategieë van blokhuise, doringdraad en verkenners (C. R. De Wet, 1902; Kestell, 1920). Om deur die hindernisse te kon beweeg, het De Wet soms sy kommando heeltemal

ontbind, deurbeweeg en dan agterna weer herenig (Rosenthal, 1968). Kitchener was vasbeslote om De Wet gevange te neem en het 'n mag van 30 000 soldate vir hierdie doel aangewend. Nadat sy eerste aanslag aan die begin van Februarie 1902 misluk het, het Kitchener onmiddellik besluit om 'n tweede, selfs groter aanslag teen De Wet te loods. Gevolglik het 'n geveg by Holspruit uitgebreek waar De Wet met slegs 350 dapper burgers geveg het. Die vyand het uiteindelik opgehou skiet en gevlug. Kitchener het later 'n derde aanslag op De Wet geloods, maar dit was 'n mislukking aangesien Steyn, De Wet en sy burgers daarin geslaag het om weer te ontsnap (Kilian, 1975; Muller, 1980).

Op 9 April 1902 het De Wet en sy burgers in Klerksdorp byeengekom en vredesbesprekings gehou (Barthrop, 1987; P. G. Cloete, 2000). Elke generaal is 'n geleentheid gegee om die toestand van sy magte asook hul beskikbare voorraad ter tafel te lê. De Wet dit baie duidelik gestel dat daar geen sprake van afstanddoening van hulle onafhanklikheid was nie en dat hy met die oorlog wou voortgaan (C. R. De Wet, 1902). Lord Kitchener het met die burgers se verteenwoordigers beraadslaag en voorgestel dat hulle hul ondergeskik aan die Britse vlag stel, maar dat hulle toegelaat sou word om self-regerend te wees. Daar is besluit dat beide die Oranje-Vrystaat en die ZAR elkeen dertig afgevaardigdes sou stuur wat 'n finale besluit sou neem (Harrison, 1985; Nattrass & Spies, 1994; Wessels, 2002).

Volgens De Wet (1902) was die oorlog vir hom 'n geloofsaak en hy was oortuig dat die burgers nie so lafhartig sou wees om hulle wapens neer te lê nie. Hy het voorgestel dat hulle moes aanhou veg vir onafhanklikheid. Die volgende dag is die nuus egter ontvang dat president Steyn as gevolg van gesondheidsredes bedank het en dat De Wet gevolglik in sy plek as waarnemende staatspresident aangestel is (Kestell, 1920; A. J. McLeod & Pretorius, 2002). Die sestig afgevaardigdes op die vredesberaad het tot stemming oorgegaan, waarvan 54 ten gunste van die vredesooreenkoms en ses daarteen gestem het. Die Verdrag van Vereeniging is op 31 Mei 1902 onderteken (Pakenham, 1986; Van Rooyen, 1982). Volgens Muller (1980) en Olivier (1971) het trane tydens hierdie geleentheid oor De Wet se wange geloop.

Na die Verdrag van Vereniging is generaals De Wet, Botha en De la Rey gekies om Europa te besoek om geld vir die weduwees, weeskinders en verarmde boeregesinne in te samel (Meintjes, 1970; L. E. van Niekerk, 1985). Tydens hierdie reis na Europa het De Wet hom besig gehou met die skryf van sy boek. Die huldebetoon wat De Wet in Europa ontvang het, het hy as 'n marteling ervaar, aangesien hy nie ‘n behoefte aan eer of beloning gehad het nie. Na 'n toespraak in Den Haag het De Wet moeg begin voel. 'n Dokter is geraadpleeg en sy bevinding was dat De Wet aan uitputting ly (Kestell, 1920; Rosenthal, 1968)**.**

### 3.5.2 Vanaf 49-jarige tot 56-jarige ouderdom (1903 tot 1910)

Tydens sy besoek aan Europa het De Wet die tyding ontvang dat sy 13-jarige seun, Johannes, oorlede is. In Julie 1903 het De Wet uit Engeland teruggekeer. Met sy aankoms in Kaapstad het hy per trein na die Oranje-Vrystaat vertrek. Met die beëindiging van die oorlog was De Wet se enigste besittings sy perd en geweer. Sy perd Fleur het tot in 1907 geleef en sy dood is opgeteken soos dié van 'n landsburger (Rosenthal, 1968). Hy het sy vrou in die Vredefort-kamp gevind en haar na hulle plaas teruggeneem. De Wet het gehoop dat die verwagte opbrengs van sy boek hom in staat sou stel om sy plaas te herstel (Rosenthal, 1968). Op 16 Desember 1904 het De Wet 'n toespraak by die teraardebestelling van president Paul Kruger gelewer (Kestell, 1920). In 1907 is De Wet deur die hoofregter, sir Andries Maasdorp, as minister van landbou in die kabinet van Abraham Fischer ingesweer (Bateman, 1977; Steinmeyer, 1946).

De Wet was 'n bekwame minister en het begrip vir die griewe van die boere gehad. Hy was gewild onder hulle en hy het ook met sy Britse kollegas oor die weg gekom. Hy het ‘n indrukwekkende lys van wetgewings deur die parlement geloods (Kestell, 1920; Rosenthal, 1968). Verder het hy gereeld deur die land gereis. Met sy gereelde reise deur die land, het hy gereeld die trein laat stop om mense te woord te staan. Hy het aandagtig geluister en alhoewel hy nie altyd met hulle planne saamgestem het nie, het hy heelwat burgers met sy vriendelike en joviale optrede van sy siening oortuig (Rosenthal, 1968).

De Wet het op Junie 1908 sy beroemde Mishoop-toespraak ter ondersteuning van generaal Hertzog gelewer (Rosenthal, 1968; Sampson, 1915). Hy het gesê dat hy trots is om op dié platform te wees al is dit net 'n mishoop. Verder het hy gesê dat hy eerder tussen sy mense op 'n mishoop wil staan as om tussen vreemdelinge in 'n paleis te lewe. Volgens hom het Hertzog die belange van sy mense op die hart gedra en het Suid-Afrika op daardie stadium 'n leier soos hy nodig gehad.

## 3.6 Laat volwassenheid (1911-1922)

De Wet se laat volwassenheid het vanaf 1911 tot 1922 (57-jarige tot 68-jarige ouderdom) gestrek. Met die uitsondering van die 1914–rebellie bestaan daar min inligting oor hierdie tydperk van sy lewe. Dit wil dus voorkom of inligting rondom die eerste en laaste elf jaar van sy lewe die gebrekkigste gedokumenteer is. Vir die doel van dié studie word hierdie tydperk in twee dele opgedeel, naamlik vanaf 57-jarige tot 62-jarige ouderdom en vanaf 63-jarige tot 68-jarige ouderdom. De Wet se gesondheid het gedurende die laaste vier jaar van sy lewe vinnig versleg en hy het hierdie jare op sy plaas gewoon.

### 3.6.1 Vanaf 57-jarige tot 62-jarige ouderdom (1911 tot 1916)

In Junie 1912 is De Wet aangestel as lid van die Verdedigingsraad, die hoogste raadgewende verdedigingsliggaam. Sy opinie was om voor-die-hand-liggende redes gerespekteer in hierdie raad (Rosenthal, 1968). Aan die einde van 1912 het generaal Hertzog 'n toespraak op De Wildt gelewer wat 'n storm regdeur Suid-Afrika ontketen het. Dit was ook die begin van die Nasionale Party onder leiding van generaal Hertzog wie se slagspreuk *Suid-Afrika eerste!* was. De Wet was 'n sterk ondersteuner van Hertzog en het van dorp tot dorp toesprake ten gunste van Hertzog se beleid gelewer (Hall, 1999). Generaal Botha het Hertzog egter uit sy kabinet geskop en gevolglik is die jaar 1913 deur onrus gekenmerk.

De Wet was teenwoordig met die onthulling van die Vrouemonument op 16 Desember 1913 in Bloemfontein (Van Tonder, 1974). Hier het De Wet vir die eerste keer die ou kerkvader, dr Andrew Murray, ontmoet. In sy toespraak by die monument het De Wet gesê dat die volk trots kan wees op hul moeders en kinders. Volgens hom het die Afrikaanse volk nie voortgespruit uit die Hugenote se tradisies nie, maar eerder uit die grondslag van hul godsdiens (Kestell, 1920).

Na sy diens in die Verdedigingsraad het De Wet gedurende 1914 na die plaas Allandale in die omgewing van Memel getrek. Aangesien hy geen amptelike verpligtinge gehad het nie het hy rustig in die dorp met sy vriende verkeer. Hy het sy familiebande versterk en uitgesien na die rus en vrede by sy huis (Rosenthal, 1968).

### 3.6.1.1 Uitbreek van Eerste Wêreldoorlog

Die Eerste Wêreldoorlog het op 4 Augustus 1914 uitgebreek en die parlement het op 11 September 1914 'n spesiale sitting hieroor gehou. Generaal Botha het voorgestel dat daar operasies teen Duits-Suidwes-Afrika (huidige Namibië) onderneem moes word, maar generaal Hertzog het die voorstel teengestaan. Die volksraad en die senaat het egter die voorstel van generaal Botha aanvaar en gevolglik het Suid-Afrika saam met Engeland in die oorlog teen Duitsland getree (Olivier, 1971).

De Wet was oortuig dat die Unie-regering teen die wil van die volk gehandel het om saam met die Britse magte te veg. Saam met ander het hy teen die optrede van die regering geprotesteer, maar toe protesvergaderings verbied is, het hy saam met generaals Beyers en Kemp besluit om met die wapen in die hand verder te protesteer (Bateman, 1977; Van Schoor et al., 1964). De Wet was op sy plaas Allendale toe hy op 16 September 1914 die boodskap ontvang het dat generaal De la Rey in omstrede omstandighede doodgeskiet is (Olivier, 1971).

In 'n toespraak op Potchefstroom het ’n uitlating van De Wet dat die dood van De la Rey nie ‘n ongeluk was nie, 'n rumoer veroorsaak. De Wet het volgehou dat

niemand meer veilig is nie. In hierdie toespraak het hy dit duidelik laat blyk dat die regering nie simpatie met die volk het nie (Muller, 1980). Op 12 Oktober 1914 is krygswet deur die vrederegter afgekondig. Volgens die afkondiging van die krygswet kon daar nie meer voortgegaan word met protesvergaderings nie. De Wet het op die stadium vir Maritz ondersteun (Van Schoor, 2006).

Generaal Manie Maritz het in Oktober 1914 na die grens van Duits-Suidwes-Afrika beweeg en kontak met die Duitsers gemaak. Met sy terugkeer het hy terugvoer gegee dat daar nie teen die Duitsers nie, maar teen die Britse magte geveg moes word (Rosenthal, 1968). Die burgers wat ook besluit het om Maritz te ondersteun, het op De Wet se plaas bymekaar gekom om vandaar na Maritz te vertrek. Die verstandhouding was dat indien daar 'n ooreenkoms met die Duitsers sou bestaan, hulle sou terugkeer, andersins sou hulle na Pretoria gaan om die regering te spreek (Harrison, 1985; Van Schoor, 2006). Die eerste botsing met die regeringsmagte het by Doornberg in die distrik van Winburg plaasgevind. By dié geleentheid het majoor Cronjé se regeringsmag op die burgers van De Wet geskiet. Nege burgers waaronder Danie de Wet, seun van De Wet, het gesneuwel. De Wet het self die lyksrede by die graf gevoer en onder andere gesê dat hy bereid was om homself en al sy kinders op te offer as hy daardeur sy volk kon red (De Villiers, 1979).

**3.6.1.2 Rebellie van 1914**

Die *rebelle* (soos De Wet en ander teenstanders van die regering genoem is) het ten spyte van hul gebrekkige wapens en die oormag teen hulle, hulself dapper verdedig. By Maquatlingsnek, Virginia, Boshof en Wolmaranstad het gevegte tussen De Wet se burgers en die regeringsmagte plaasgevind (Van Schoor, 2007). Op 12 November 1914 het generaal Botha landswyd aan die inwoners kennis gegee dat die regering enige verdere bloedvergieting wil stop en dat die rebelle hulle wapens moes neerlê. Botha het die versekering gegee dat alles moontlik gedoen sou word om die rebellie te stop al sou dit militêre geweld verg (Sampson, 1915).

De Wet het gevolglik besluit om na Duits-Suidwes-Afrika te trek en in November 1914 het hy die Kalahari-woestyn binnegetrek. By Vryburg het 'n konvooi weermag-motors gewag. 'n Paar uur nadat De Wet die woestyn binnegegaan het, was hierdie konvooi onder leiding van kolonel Saker, op sy hakke. De Wet het sy burgers opdrag gegee om na Waterbury te trek aangesien daar meer water en voer was (De Villiers, 1979; Harrison, 1985).

Die oggend van 30 November 1914 het die regeringsmagte Waterbury bereik en De Wet beveel om oor te gee (Hall, 1999; Meintjes, 1970). In antwoord op ‘n vraag van Kolonel Jordaan, het De Wet geantwoord dat hy lankal sou geskiet het as hy nie wou oorgee nie. De Wet is in 'n eenperdekar gelaai en na die polisiestasie in Vryburg geneem. Hier het De Wet met kenmerkende nederigheid die konstabel wat as drywer opgetree het, bedank en hom tabak aangebied (Rosenthal, 1968).

Dit was die eerste keer in sy lewe dat De Wet as 'n gevangene aangehou is. Wat die hele Britse leër nooit kon regkry nie, het sy mede-burgers met 'n paar mobiele voertuie vermag (Sampson, 1915). Hy is na die sentrale gevangenis in Johannesburg, bekend as die Fort, geneem. De Wet is in afsondering aangehou en alhoewel hy alleen was het hy elke aand Bybel gelees en die aandlied gesing (Bateman, 1977). Die *1914-Rebellie* is op 2 Februarie 1915 beëindig (Muller, 1980).

**3.6.1.3 De Wet in die gevangenis**

Doktor Frederick Krause en Tielman Roos is onderskeidelik as regsadviseur en advokaat vir De Wet se verhoor aangewys. De Wet is van hoogverraad beskuldig waarop hy onskuldig gepleit het, maar wel skuldig aan oproer (De Villiers, 1979). Die hof het verskeie argumente tydens die verhoor aangehoor en die skare het daagliks toegeneem. Die verhoor het sy hoogtepunt bereik toe De Wet ingesweer is om self te getuig (Kestell, 1920). Op 21 Junie 1915 is die uitspraak gelewer dat De Wet aan hoogverraad skuldig bevind was (Nattrass & Spies, 1994; Sampson, 1915).

Die boete wat De Wet opgelê was, was in 'n ommesientjie deur sy duisende bewonderaars betaal. Die oortollige geld wat ingesamel is, is gebruik om boetes van die ander rebelle te betaal. In die tronk het De Wet en sy mede-gevangenes op 'n eetstaking gegaan omdat die kos swak was. Na vier dae is hulle toegelaat om kos van buite die tronk te ontvang (Kestell, 1920). Die tyd in die tronk het stadig verbygegaan en die gevangenes het hulle besig gehou met allerhande stokperdjies en handewerk (Kestell, 1920). De Wet het skrynwerk gedoen en skinkborde, kieries en tafeltjies vir sy vriende gemaak. Verder het hy hom ook besig gehou met die knoopwerk van dik sygare waarmee hy byvoorbeeld serpe, tjalies en tafeldoekies gemaak het. Hy het selfs een van die tjalies na Koningin Wilhelmina in Nederland versend. Gedurende hierdie tydperk in die tronk het De Wet ook verneem dat sy jongste dogter na 'n operasie oorlede is. De Wet het toestemming ontvang om die begrafnis by te woon. Toe die kis toegegooi is, het De Wet na bewering gesê: *"Ek is bly dat jy van die bose wêreld weggeneem is"* (Van Schoor, 2007, p. 266).

Cornelia de Wet het saam met duisende vroue regoor die land in die amfiteater voor die Uniegebou vergader om 'n versoekskrif vir die vrylating van De Wet aan lord Buxton te oorhandig (Du Toit, 1999; Olivier, 1971). Hoewel die versoek nie toegestaan is nie, het dit wel 'n kragtige invloed gehad. Dit het getoon dat De Wet steeds baie ondersteuning gehad het (Kestell, 1920). De Wet is op 20 Desember 1915 onder bepaalde voorwaardes vrygelaat waaronder hy hom byvoorbeeld nie weer aan politieke onrus mag skuldig maak nie en hy mag ook nie sy huis verlaat het nie (Meintjes, 1970).

President Steyn is op 28 November 1916 oorlede. Spesiale toestemming is aan De Wet wat lewenslank 'n groot ondersteuner van president Steyn was, verleen om die begrafnis by te woon. In 'n kort toespraak het De Wet gesê dat Steyn vir hom soos 'n vader was en dat hy die grootste respek en eer vir Steyn gehad het. De Wet het kort daarna die plaas Klipfontein, naby Dewetsdorp, gekoop en daarheen verhuis (Olivier, 1971; Rosenthal, 1968).

### 3.6.2 Vanaf 63-jarige tot 68-jarige ouderdom (1917 tot 1922)

In 1919 is De Wet genader om hom as senaats-kandidaat beskikbaar te stel, maar sy gesondheid was te swak daarvoor. Dit was egter duidelik dat hy steeds ontevrede met die toestand van die land was. Sy uitgesproke gedagtes het hom toenemend ongewild by die regering gemaak, maar hulle het hom tog in vrede gelaat. Die eerste algemene verkiesing ná die oorlog is in 1920 in die land gehou en op daardie tydstip was De Wet ernstig siek (Kestell, 1920; Rosenthal, 1968).

Ten spyte van sy swak gesondheid was De Wet se sterk persoonlikheid steeds kenmerkend. 'n Jong Joodse kunstenaar, Moses Kottler, het De Wet in die tyd besoek om 'n beeld van hom te maak vir die Universiteit van Stellenbosch. De Wet het die maak van beelde as ydel beskou, maar hy het ingestem dat die beeld wel gemaak word (Rosenthal, 1968).

De Wet is op 3 Februarie 1922 oorlede. Hy het 'n staatsbegrafnis ontvang en is aan die voet van die Vrouemonument langs president Steyn en Emily Hobhouse begrawe. Op 7 Februarie 1922 het die Oranje-Vrystaat die grootste begrafnis in die geskiedenis van die provinsie beleef. Die motors het in 'n stoet van meer as drie kilometer gevolg. Voor die stoet het berede polisie gery, gevolg deur tweehonderd burgers van die Bloemfonteinse kommando, asook 'n militêre orkes. Agter die orkes was ’n lykswa wat deur ses perde getrek is, elk gery deur 'n lid van die Vrystaatse polisie. Daarna het De Wet se familie gevolg, die verteenwoordiger van die goewerneur-generaal, ministers, die vier administrateurs, konsulêre verteenwoordigers van verskillende lande asook verteenwoordigers van verenigings dwarsoor die land. Meer as 21 000 mense het die begrafnis bygewoon (Fourie, 2006).

By die Vrouemonument het meer as tienduisend mense saamgedrom terwyl die eerste kanonskoot gevuur is (Rosenthal, 1968). Terwyl die kis in die graf laat sak is, het die tweehonderd burgers na vore getree, hulle gewere gelig en 'n laaste saluut gevuur. Dit is gevolg deur die laaste taptoe. 'n Onbekende wat dit alles

aanskou het, het opgemerk: *“om sy graf hier op Bloemfontein sal vir ewig die geur van die vryheid bly hang”* (Olivier, 1971, p. 120).

## 3.7 Samevatting

De Wet het 'n sterk waardestelsel gehad waarvan sy godsdiens, nasionalisme en patriotisme ononderhandelbaar was. Gedurende die Anglo-Boereoorlog het hy hom onderskei as 'n vindingryke en strategiese militêre leier en het hy bekendheid verwerf met sy guerrilla-aanvalstegnieke en ontvlugtingspogings. Ook in die volksraad het hy as politikus en minister waardevolle insette gelewer. De Wet is nie net deur sy eie mense gerespekteer nie, maar ook deur voormalige vyande en die internasionale gemeenskap.

In die volgende hoofstuk sal die Vyf-faktor Teorie wat gebruik is vir die ontleding van die biografiese inligting van De Wet, bespreek word. Daar sal ook aandag gegee word aan die NEO-PI-R wat deel uitmaak van die Vyf-faktor Teorie en wat in hierdie studie gebruik is.

# HOOFSTUK 4

# VYF-FAKTOR MODEL VAN PERSOONLIKHEID

## 4.1 Hoofstukoorsig

Hierdie hoofstuk bied ‘n oorsig aan van die teoretiese model wat in die studie aangewend is. Eerstens word ‘n definisie van persoonlikheid en persoonlikheids-teorieë aangebied, waarna vier prominente benaderings in persoonlikheidsielkunde bespreek word. Daar word in meer besonderhede aandag geskenk aan die persoonlikheidstrekbenadering, meer spesifiek die Vyf-faktor model *(Five factor model)* van Costa en McCrae (1985). Laastens word redes aangevoer waarom hierdie model (en die NEO PI-R) in die studie gebruik is.

## 4.2 Definisie van persoonlikheid en persoonlikheidsteorieë

Die woord *persoonlikheid* is afkomstig van die Griekse woord *persona* wat masker of fasade beteken (Viljoen, 2003). Hoewel uiteenlopende definisies vir die konstruk bestaan, stem sielkundiges oor die algemeen saam oor die volgende aannames oor die konstruk: (a) dit is 'n sielkundige konstruk, (b) dit ontwikkel en bestaan intrapsigies, (c) dit hou verband met 'n wye reeks waarneembare en onwaarneembare gedragsvorme, (d) sekere persoonlikheidsaspekte is onbewustelik en ander bewustelik en (e) dit verwys na belangrike en relatief stabiele aspekte van 'n persoon se gedrag (Ewen, 1998; Magnavita, 2002; D. P. Schultz & Schultz, 2001, 2009). Meyer en Moore (2003a) het persoonlikheid gedefinieer as die veranderende, maar tog relatief stabiele organisasie van alle liggaamlike, psigiese en geestelike eienskappe van individue wat hul gedrag in interaksie met die omgewing bepaal.

## 4.3 Oorsig van persoonlikheidsteorieë

Persoonlikheidsteorieë is 'n sisteem wat as 'n omvattende verwysingsraamwerk dien vir die verklaring en beskrywing van menslike gedrag (Engler, 2006). Outeurs gebruik verskillende klassifikasiestelsels wanneer hulle oorsigte van die beskikbare persoonlikheidsteorieë aanbied. Feist en Feist (2009) sowel as Meyer, Moore en Viljoen (2003), gebruik 'n vierledige klassifikasie wat die volgende teorieë insluit: dieptesielkunde, behaviorisme/leerteorie, disposisionele en humanisme. Cervone & Pervin (2008) onderskei vyf teorieë: psigoanalitiese teorieë, persoonlikheidstrekteorieë, kognitiewe teorieë, humanistiese teorieë en sosiaal-behavioristiese teorieë. D. P. Schultz en Schultz (2001, 2009) se oorsig sluit nege teorieë in: psigoanalitiese teorieë, neo-psigoanalitiese teorieë, lewensverloop teorieë, persoonlikheidstrekteorieë, sosiaal-leerteorieë, humanis-tiese teorieë, kognitiewe teorieë, behavioristiese teorieë en beperkte-domein *(limited-domain)* teorieë.

Alhoewel die meeste outeurs verskillende kombinasies van bogenoemde teorieë meld, het Magnavita (2002) sewe eiesoortige benaderingsteorieë geïdentifiseer, naamlik: verhouding-feministies (*relational-feminist*), verhouding-sistemies (*relational-systemic*), kontemporêr-psigodinamies *(contemporary psychodynamic),* interpersoonlik, integratiewe-evolusionêr *(integrative-evolutionary)*, psigobiologies en integratiewe-sistemies *(integrative-systemic*) teorieë.

Vir die doel van hierdie studie, word vervolgens ‘n oorsig van die vier teorieë verskaf wat algemeen deur outeurs (Cloninger, 2009; Engler, 2006, Funder, 2004; Mischel, Shoda, & Smith, 2004; Pervin & John, 2001) ondersteun word. Dit sluit die dieptesielkundige-, leerteoretiese-, humanistiese- en dimensionele teorieë in.

### 4.3.1 Dieptesielkundige teorie

Dieptesielkunde gaan van die veronderstelling uit dat die mens se subjektiewe bewussyn uit verskillende lae bestaan wat in diepte en grade van bewustheid verskil (Viljoen, 2003). Freud (1856-1939) wat as die vader van die

dieptesielkunde beskou word, het die klem na die bestudering van die onbewuste, nie-waarneembare bewussynsinhoude verskuif. Daar kan volgens Cloninger (2009) en Meyer, et al. (2003) drie denkrigtings binne die dieptesielkunde onderskei word, naamlik die: (a) psigoanalise van Freud, (b) individuele sielkunde van Adler en (c) analitiese sielkunde van Jung.

Benewens hierdie oorspronklike drie denkrigtings, kan ‘n verdere vyf denkrigtings binne die dieptesielkunde onderskei word, naamlik (a) ortodokse Freudiaanse teorieë, (b) neo-Freudiaanse teorieë, (c) ego-sielkundige teorieë, (d) sosiaal-georiënteerde psigoanalitiese teorieë en (e) post-moderne teorieë. Hierdie vyf denkrigtings het later ontwikkel en die klem verskuif na sosiale, eerder as seksuele en biologiese faktore. Lacan (1901-1981) en Hillman (1926- ) is van die bekendste proponente van die post-moderne benadering (Viljoen, 2003). Sielkundiges wat die sosiaal-georiënteerde psigoanalitiese benadering voorgestaan het, was onder meer Horney (1885-1952), Sullivan (1892-1949), Fromm (1900-1980) en Erikson (1902-1994). Ondersteuners van die ortodokse Freudiaanse teorieë was onder andere Jones (1879-1958), Sachs (1877-1945) en Brill (1874-1948). Neo-Freudiaanse sielkundiges soos Klein (1882-1960), Ferenczi (1873-1933) en Rank (1884-1939) het Freud se oorspronklike idee van psigoanalise gebruik as wegspringplek vir hul eie teoretiese sienings (Feist & Feist, 2009; Meyer & Moore, 2003a). Dieptesielkunde speel steeds 'n beduidende rol in psigiatrie en kliniese sielkunde en oefen ‘n beduidende invloed uit op ander dissiplines soos letterkunde, kuns, godsdiens en filosofie.

### 4.3.2 Leerteoretiese teorie

Die tweede teorie, naamlik die leerteoretiese teorie, word ook die behavioristiese teorie genoem (Engler, 2006). Persoonlikheidsteorieë wat leerteoreties georiënteerd is, het hoofsaaklik uit die behaviorisme ontwikkel. Leerteoreties-georiënteerde teoretici bied egter verskillende verklarings aan vir die verskynsels van leer- en omgewingsbeïnvloeding (Burger, 2000). Sosiale leerteorieë beklemtoon die belangrikheid van leer deur sosiale beloning en straf, asook die

verskillende vorme van versterking, straf, kondisionering en modellering (D. P. Schultz & Schultz, 2009).

Watson (1878-1958) word as die vader van die leerteoretiese benadering beskou. Pavlov (1849-1936) het deur die konseptualisering van sy klassieke kondisioneringsmetode 'n groot invloed op die sielkunde uitgeoefen. Instrumentele kondisionering is deur Thorndike (1874-1949) beskryf, terwyl Hull (1884-1952) bekendheid verwerf het deur die ontwikkeling van die eerste sistematiese teorie oor leer asook sy beskrywing van versterking wat weer 'n belangrike rol in die sosiale leerteorieë speel (Sollod, Wilson & Monte, 2009; Meyer & Moore, 2003b).

As ekstreme behavioris het Skinner (1904-1990) verklaar dat alle gedrag aangeleer word en dat dit voldoende deur leerbeginsels soos versterking, straf, veralgemening, diskriminasie, nabootsing en gedragsvorming verklaar kan word. Hoewel Skinner verskeie vorme van leer erken het, het hy veral die rol van operante kondisionering beklemtoon. Volgens outeurs soos Feist en Feist (2009), asook Meyer en Moore (2003a), is ander bekende sielkundiges in hierdie veld onder andere: Bandura (1925- ), Dollard (1900-1980), Miller (1909-2002), Mischel (1930- ) en Rotter (1916- ).

### 4.3.3 Humanistiese teorie

Die derde teorie, naamlik die humanistiese teorie, verteenwoordig nie 'n eenheid nie, maar eerder 'n verskeidenheid teorieë. Deur hierdie teorieë word die individu as 'n menswaardige, geïntegreerde geheel beskou met die klem op psigiese gesondheid sowel as die positiewe en bewuste aard van sielkundige prosesse (Cloninger, 2009; Ryckman, 1989). Die belangrikste proponente van hierdie teorie is (a) Maslow (selfaktualiseringsteorie), (b) Rogers (selfkonsepteorie), (c) Kelly (kognitiewe teorie) en (d) Frankl (eksistensiële teorie) (Cervone & Pervin, 2008; Moore, 2003).

Volgens Maslow (1908-1970) kan menslike behoeftes in 'n hiërargiese struktuur voorgestel word. Die selfaktualiseringsteorie van Maslow kan op verskeie terreine

toegepas word, byvoorbeeld die bedryf, onderwys, psigoterapie en godsdiensbeoefening (Cloninger, 2009). Die basiese aanname onderliggend aan Rogers (1902-1987) se selfkonsepteorie is die veronderstelling dat mense inherent goed is en dat ‘n ideale situasie bestaan indien individue hulle potensiaal ten volle verwesenlik. Volgens Rogers beteken hierdie ideale situasie dat persone onvoorwaardelik aanvaar word en dat hulle sonder enige eksterne beperkinge kan ontwikkel (Feist & Feist, 2009).

Kelly (1905-1967) se kognitiewe teorie fokus op die basiese funksionering van die mens, terwyl die eksistensiële teorie van Frankl (1905-1998) op die universele aspekte wat menselewens kenmerk (bv. lyding, vryheid en verantwoordelikheid) fokus. Volgens Kelly gaan mense nie doel- of rigtingloos deur die lewe nie, maar is hulle gedurig besig om die kognitiewe stelsel waarmee hulle voorspellings maak, te verbeter (Cervone & Pervin, 2008; Funder, 2004).

### 4.3.4 Dimensionele teorie

Een van die probleme waarmee filosowe en gedragswetenskaplikes sedert die klassieke Griekse tydperk worstel, is om die basiese struktuur van die menslike persoonlikheid bloot te lê. Die doel is om sekere dimensies of breë eienskappe wat by alle mense voorkom, te identifiseer sodat enige individu aan die hand van hierdie dimensies beskryf kon word (Meyer, 1988b).

Die konstitusionele-, behoefte-, trek-, en faktor-analitiese teorie verteenwoordig vier verskillende denkrigtings binne die dimensionele teorie. Die konstitusionele tipologie van Sheldon (1899-1977) is gebaseer op die aanname dat daar 'n noue verband tussen die totale liggaamstruktuur van die individu en sy persoonlikheid bestaan. Sheldon het drie liggaamstipes onderskei, naamlik: endomorfie, mesomorfie en ektomorfie (D. P. Schultz & Schultz, 2001). Die behoefteteorie van Murray (1893-1988) is onder meer gebaseer op die veronderstelling dat die individu se gedrag bepaal word deur 'n aantal motiewe wat op die verskillende vlakke funksioneer (Larson & Buss, 2002).

Volgens Moore (2003) kan Allport (1897-1967) se holistiese teorie beide as trek- en humanistiese teorie gekategoriseer word. Die teorie beklemtoon drie aspekte, naamlik die uniekheid van die individu, die holistiese uitgangspunt en die onderskeiding van twee vlakke van menslike funksionering. Hierdie twee vlakke is die opportunistiese- en propriale funksionering. Die opportunistiese funksionering is die neiging tot biologiese voortbestaan en word deur die mens se behoeftes en invloed van die omgewing bepaal. Propriale funksionering behels die neiging en vermoë van die mens om in ooreenstemming met sy eie waardes op te tree en om besluite te neem wat nie deur die biologiese drange en omgewing beïnvloed word nie (Cloninger, 2009; Moore, 2003). Allport is ook bekend vir sy formulering van die nomotetiese- en idiografiese benadering (sien afdeling 2.7.1).

Die faktoranalitiese teorie berus op die aanname dat die basiese persoonlikheid-struktuur deur middel van faktoranalise onthul kan word. Faktoranalise is 'n statistiese tegniek wat patrone van onderlinge verwantskappe in 'n stel veranderlikes aantoon (Larson & Buss, 2002). Faktoranalitiese teorieë van persoonlikheid is ook verwant aan die persoonlikheidstrekteorieë in die sin dat persoonlikheidstrekke as die basiese elemente van persoonlikheid beskou word (Burger, 2000). Die bekendste faktoranalitiese navorsers is: Cattell (1905-1998), Eysenck (1916-1997), Galton (1822-1911), Guilford (1897-1987), Pearson (1857-1936) en Spearman (1863-1945). Moderne navorsers soos Costa, John, McCrae, Pervin en Wiggins lewer tans 'n groot bydrae op hierdie terrein.

Met die voorafgaande bespreking van die onderskeie teorieë blyk dit dat die persoonlikheidstrekteorie tot voordeel van hierdie studie aangewend kan word. Die persoonlikheidstrekteorie word in die volgende afdeling in meer besonderhede bespreek.

### 4.4 Persoonlikheidstrekteorie

'n Trek word gedefinieer as 'n kenmerkende persoonlike eienskap of kwaliteit van 'n bepaalde persoon (Allport, 2007; D. P. Schultz & Schultz, 2009). Die persoonlikheidstrekteorie maak die aanname dat individue in terme van hul

gedrag, gevoel en denke beskryf kan word. Volgens Pervin en John (2001) impliseer hierdie definisie dat persoonlikheidstrekke oor drie hooffunksies beskik, naamlik a) die opsomming, b) die voorspelling en c) die verklaring van ‘n persoon se optrede. Die groepering van mense op grond van hul persoonlikheidstrekke dateer vanaf die tyd van Hippokrates (460-377 v.C.) wat mense volgens vier verskillende temperamentseienskappe gegroepeer het: optimisties, melankolies, choleries en flegmaties (Sollod, et al., 2009).

Gedurende die 19de eeu het die sogenaamde frenologie ontstaan wat van die veronderstelling uitgegaan het dat die mens se geestelike vermoëns aangebore is en dat die brein die setel van hierdie vermoëns is (Cervone & Pervin, 2009). 'n Groot voorstander hiervan was Gall (1758-1828). Hy was van mening dat die bestudering van die breinkontoere nodig was om sodoende 'n persoon se karakter te kon beoordeel (Burger, 2000). Alhoewel daar heelwat kritiek teen die denkwyse bestaan, word dit wel beskou as 'n belangrike bydrae tot neurologiese sielkunde. 'n Variant van die fisiognomiese denkwyse is die teorie van Lombroso (1836-1910) wat verklaar het dat genialiteit en misdadigheid geneties bepalend is en op grond van die individu se voorkoms (gesig) herkenbaar is (Meyer, 1988c).

Eysenck (Burger, 2000; Matthews, 2005) het 'n persoonlikheidsgebaseerde teorie ontwikkel wat gebaseer is op drie superfaktore of dimensies van persoonlikheid. Hierdie drie superfaktore of persoonlikheidsdimensies is: ekstroversie versus introversie, neurose versus emosionele stabiliteit en psigotisisme versus impulsbeheer. Volgens D. P. Schultz en Schultz (2009) het navorsing bewys dat "…*the traits and dimensions Eysenck proposed tend to remain stable throughout the life span from childhood through adulthood, despite the different social and environmental experiences each of us has*" (p.279).

Volgens Burger (2000) is die persoonlikheidstrekteorie op twee belangrike aannames gebaseer, naamlik dat persoonlikheidseienskappe relatief stabiel (a) oor tyd en (b) in verskillende situasies is. Die vier primêre benaderings tot die persoonlikheidstrekteorie is die meervoudige benadering, enkelvoudige benadering, essensiële benadering en tipologiese trekbenadering. Verskillende

trekke word in die meervoudige trekbenadering bestudeer, terwyl korrelasies van gedrag ondersoek word. In die enkelvoudige persoonlikheidstrekteorie daarenteen, fokus navorsers in besonder op een spesifieke trek en doen ‘n in-diepte ondersoek na die implikasies daarvan. Met die essensiële persoonlikheidstrekbenadering is 'n lys van 1000 trekterme in die woordeboek verkort deur slegs die essensiële faktore aan te dui. Die tipologiese trekbenadering het laastens ook ten doel om die wyse waarop mense van mekaar verskil, te beskryf (Funder, 2004).

### 4.4.1 Evaluasie van persoonlikheidstrekteorie

Vir doeleindes van hierdie studie is die persoonlikheidstrekteorie beskryf, asook die waarde daarvan en die kritiek daarteen. Die fokus van hierdie benadering is om die gedrag van individue wat in verskillende groepe val, te vergelyk. Individue met onderskeidelik hoë en lae angsvlakke sal met mekaar vergelyk word (Burger, 2000).

Volgens Funder (2004) is 'n voordeel van die persoonlikheidstrekteorie dat dit vergelykings tussen mense moontlik maak. Burger (2000) asook Cervone en Pervin (2008) het genoem dat hierdie teorie die denke van akademiese en praktiserende sielkundiges oor die wêreld beïnvloed het. Meyer en Moore (1988a) het verder gemeld dat die invloed van Allport se teorie ook in moderne ontwikkelinge van ander sielkundige teorieë merkbaar is, soos byvoorbeeld in die werk van Bandura en ander sosiale leerteoretici. Pervin en John (2001) het verklaar dat die sterkpunte van die persoonlikheidstrekteorie onder andere die volgende is: *“… the development of an active research effort, of interesting hypotheses, and of potential ties to the field of biology”* (p. 290).

Kritici soos Briggs, Wiggins en Zuroff (in Pervin & John, 2001) het die persoonlikheidstrekteorie om die volgende redes gekritiseer: (a) die metode van faktoranalise. Pervin & John (2001) het die vraag gevra of dit werklik die basiese eenhede van persoonlikheid onderskei, (b) die betekenis van die konsep van trekke. Pervin en John (2001) wou weet waaruit 'n trek werklik bestaan en (c) die

weglating van sekere belangrike areas van sielkundige funksionering (byvoorbeeld die self en persoonlikheidsveranderingteorieë).

**4.4.2 Verband tussen die persoonlikheidstrekteorie en die Vyf-faktor model**

Voortspruitend uit Allport se persoonlikheidstrekteorie het Allport en Odbert (in Buss, 1996) in 1936 'n omvattende opname van Engelse woorde wat persoonlikheid beskryf, gemaak. Cattell het hierop voortgebou en deur middel van faktoranalise die lys tot 171 verskillende trekke verminder (McCrae & Costa, 1999).

Volgens Matthews, et al. (2003) en Cloninger (2009) het daar tydens faktoranalitiese studies herhaaldelik vyf trekke te voorskyn gekom, naamlik ekstroversie *(extraversion)*, neurose *(neuroticism),* instemmendheid *(agreeableness),* pligsgetrouheid *(conscientiousness)* en ontvanklikheid vir ondervinding *(openness to experience)*. Hierdie faktore het geleidelik as die *Groot Vyf* (*Big Five*) bekendheid verwerf (John & Srivastava, 1999). Alhoewel daar in studies oor die *Groot Vyf* nie altyd dieselfde resultate gevind is nie, bestaan daar genoeg bewyse om die siening te ondersteun dat hierdie trekke die kern van persoonlikheid verteenwoordig (Feist & Feist, 2009). Funder (2004) het verklaar dat die *Groot Vyf* merkwaardig konsekwente aspekte van persoonlikheid beskryf.

Aanvanklik het navorsers aangevoer dat die Vyf-faktor model nie as 'n volledige persoonlikheidsteorie beskou kan word nie omrede dit te beskrywend is (Block, Carlson, Goldberg, Kroger & Wood in Anastasi & Urbina, 1988). Volgens McCrae en John (1992) beskik die Vyf-faktor model wel oor die basiese leerstellings (*tenets)* van ‘n persoonlikheidstrekteorie, naamlik: (a) individue kan gekenmerk word in terme van relatief stabiele patrone van gedagtes, gevoelens en aksies, (b) trekke kan op kwantitatiewe maniere geëvalueer word en (c) dit besit 'n graad van kruis-situasionele konsekwentheid. Alhoewel daar steeds twyfel bestaan of die Vyf-faktor model wel aan die kriteria vir ‘n persoonlikheidsteorie voldoen, het Hogan, Saucier en Goldberg (in McCrae & Costa, 1999), Larsen en Buss (2002),

Muck, Hell en Gosling (2007), asook O'Connor en Paunonen (2007) saamgestem dat die Vyf-faktor model van persoonlikheid tans die navorsingsveld oorheers.

## 4.5 Vyf-faktor model van persoonlikheid

Die Vyf-faktor model van persoonlikheid word vervolgens breedvoerig bespreek deur te fokus op die ontwikkeling van die model, die faktore waaruit die model bestaan, sowel as die geskiktheid van die model in navorsing.

### 4.5.1 Ontwikkeling van die Vyf-faktor model

Volgens Dawda (1997) was die ontstaan van die Vyf-faktor model te danke aan 'n woordeboek. Allport en Odbert (in John & Srivastava, 1999) se klassifikasiestelsel in 1936 het aanvanklike struktuur aan die persoonlikheidswoordeboek verleen, deurdat hulle 17 950 woorde aangeteken het wat persoonlikheid beskryf. Hierdie woorde is in 4 kategorieë verdeel. Cattell (in Wiggins & Pincus, 1992) het in 1943 Allport en Odbert se kategorie van 4 500 persoonlikheidstrekke as 'n beginpunt vir sy multi-dimensionele model gebruik. Deur middel van faktoranalise het hy die 4 500 persoonlikheidstrekke na 171 verminder. In 1945 het Cattell (in Buss, 1996) 35 trosse (*clusters)* tot 12 faktore verminder. Met soortgelyke analises het Fiske (McCrae & Costa, 1999) in 1949, sowel as Tupes en Christal (in Rossier, de Stadelhofen & Berthoud, 2004) in 1961 vyf faktore geïdentifiseer.

Hierdie vyf faktore (sien figuur 1) wat herhaaldelik gevind is, is die *Groot Vyf* genoem (Wiggins & Pincus, 1992, Engler 2006). Verdere ondersteuning vir die *Groot Vyf* is deur studies van Borgatta, Digman, Takemoto-Chock en Norman (in John & Srivastava, 1999) verskaf. Goldberg se bydrae tot die ontwikkeling van die *Groot Vyf* en die data-strukturering daarvan was ook prominent (Larsen & Buss, 2002). Sedert die middel 1980’s het navorsing oor die *Groot Vyf* aansienlik toegeneem. Prominente navorsers in hierdie veld gedurende die tydperk 1986 tot 1996 was onder andere Botwin, Buss, Costa, Digman, Field, Goldberg, Inouye, McCrae, Millsap en Saucier (Musek, 2007; Urbina, 2004).

Die benaming van die vyf faktore kon deur middel van óf die leksikale tradisie óf die vraelys-tradisie uitgevoer word. Norman (in John & Srivastava, 1999) het in 1963 die name van die vyf faktore deur middel van die leksikale tradisie gekies. Die tweede tradisie, naamlik die ontleding van vraelyste, het tot die moderne Vyf-faktor model gelei (Dawda, 1997; Engler, 2006). Die voorloper van die moderne Vyf-faktor model was Eysenck se model met twee faktore, naamlik ekstroversie (E) en neurose (N). Eysenck het later nog 'n faktor, naamlik psigotisme (*psychoticism*), by sy eie model gevoeg (Musek, 2007).

Costa en McCrae (in Wiggins & Trapnell, 1997) het in 1980 'n verdere dimensie by ekstroversie (E) en neurose (N) gevoeg wat hulle ontvanklikheid vir ondervinding (O) genoem het. In 1985 is die Vyf-faktor model bekendgestel toe Costa en McCrae die ander twee faktore, naamlik instemmendheid (A) en pligsgetrouheid (C) by die genoemde drie faktore gevoeg het.

Tans bestaan die Vyf-faktor model uit die volgende:

- Neurose *(Neuroticism)* - N
- Ekstroversie *(Extraversion)* - E
- Ontvanklikheid vir ondervinding *(Openness to experience)* - O
- Instemmendheid *(Agreeableness)* - A
- Pligsgetrouheid *(Conscientiousness)* - C

Die ontwikkeling van hierdie model word skematies in figuur 1 uiteengesit.

Allport & Odbert (1936)

klassifikasiestelsel van 4 500 trekterme

↓

Cattell (1943)

verminder 4 500 trekterme na 171 trekterme

ontwikkel 35 trosse vanuit trekterme

↓

Cattell (1945)

ontwikkel 12 faktore wat 35 trosse onderskryf

↓

Fiske (1949)

ontwikkel 5 basiese trekke uit Cattell bipolêre skale

↓

Tupes & Christal (1961)

soortgelyke ondersoek as Fiske en verkry dieselfde resultate

↓

Norman (1963)

identifiseer 20 bipolêre trekterme vir elk van die 5 faktore

↙ ↓ ↘

Digman (1972, 1985) belangrike bydraes

Goldberg (1982, 1992) belangrike bydraes

McCrae en Costa (1985, 1992) belangrike bydraes

Figuur 1. Skematiese voorstelling van die ontwikkeling van die Vyf-faktor model (gebaseer op McAdams, 2006; Musek, 2007; Wiggins & Trapnell, 1997)

### 4.5.2. Aantal faktore van die Vyf-faktor model

Een van die mees algemene besprekingspunte van die Vyf-faktor model fokus op die aantal faktore waaruit die model bestaan. Alhoewel daar heelwat navorsing (Aziz & Jackson, 2001; Burger, 2000; Great Ideas in, 2006; Lee & Ashton, 2008; Musek, 2007; Saucier & Goldberg, 1998) oor die aantal faktore gedoen is, is daar steeds nie eenstemmigheid onder navorsers oor die mees geskikte aantal faktore nie. Volgens Borkenau, Digman, Goldberg en Ostendorf (in McCrae & John, 1992) is die vyf faktore voldoende aangesien parallelle ontledings slegs met vyf faktore gedoen kan word. Daarteenoor is Camac, Gough, Kuhlman, Tellegen en Zuckerman (in McCrae & John, 1992) van mening dat vyf faktore oorbodig is vir effektiewe navorsing en dat drie of selfs twee faktore voldoende is. Hierdie navorsers stem egter nie ooreen oor watter twee of drie faktore gebruik moet word nie. Daar is byvoorbeeld voorgestel dat neurose en ekstroversie saam met óf psigotisme óf sosialisme óf selfaktualisering gebruik moet word. In teenstelling hiermee, is Benet-Martinez, Gorsuch, Kamp, Mershon en Waller (in McCrae & John, 1992) van mening dat persoonlikheid uit baie meer as net vyf faktore bestaan.

Voorstanders van die *Groot Vyf* het erken dat eienskappe soos gelowigheid, sensualiteit, spaarsamigheid, verbale intelligensie, lokus van kontrole en humor nie deel van die model behoort te vorm nie (Mayer, 2005; Paunonen & Ashton, 2001). Daarteenoor is voorgestel dat faktore wat psigiatriese simptome, manlikheid/ vroulikheid, jeugdigheid en konserwatisme beskryf bygevoeg behoort te word (Block, 2001; Paunonen & Jackson, 2000). Saucier en Goldberg (1998) het gevind dat heelwat eienskappe nie deur die NEO-PI-R geëvalueer word nie en het ses bykomende trosse (*clusters*) voorgestel, naamlik kort-lank (*short-tall*), besig-oorwerk (*busy-overworked*), aangestel-werkloos (*employed-unemployed),* gelowig-ongelowig (*religious-nonreligious)*, jonk-jeugdig (*young-youthful*) en maer-slank (*slim-slender*).

Digman (1997) het verklaar dat daar addisioneel tot die *Groot Vyf* nog twee hoër-orde faktore bestaan wat hy die alfa en beta faktore genoem het. Die alfa-faktor

omsluit die dimensies instemmendheid, pligsgetroudheid en neurose, terwyl die beta-faktor dimensies van ekstroversie en ontvanklikheid vir ondervinding insluit. Volgens Caprara, Barbaranelli en Guido (2001), sowel as De Young, Peterson en Quilty (2007) kan daar na dié twee faktore as meta-trekke (*meta-traits*) verwys word. Volgens hierdie navorsers verhoog die alfa- en beta-faktore die abstraktheid van die model en word die geldigheid daarvan nie verminder nie. De Young, Peterson en Higgins (2001) het die studie van Digman (1997) herhaal en dieselfde resultate verkry wat hulle die *Groot Twee (Big Two)* model genoem het.

Volgens Ashton en Lee (ter perse) bevat die optimale strukturele model van persoonlikheid ses faktore. Hulle het die faktore van die Groot Vyf behou, maar 'n sesde faktor, naamlik eerlik-nederig *(honesty-humility)* bygevoeg. Dit word die HEXACO - *Honesty-Humility (H), Emotionality (E), eXtraversion (X), Agreeableness (A), Conscientiousness (C), Openness to Experience (O)* - model genoem. Alhoewel hulle verklaar het dat die model geldig en bruikbaar is, is daar nog min navorsing oor die HEXACO model gedoen, aangesien dit eers in 2004 deur Lee en Ashton (in Ashton & Lee, ter perse) ontwikkel is.

Musek (2007) se studie het gepoog om vas te stel of daar nie net een algemene faktor van persoonlikheid binne die Vyf-faktor model bestaan nie. Volgens Musek bestaan die Vyf-faktor model uit drie vlakke, naamlik: eerstens die vlak van die *Groot Vyf*, tweedens die vlak van die *Groot Twee* en laastens die vlak van die *Groot Een*. Alhoewel studies deur Saucier en Goldberg, asook Stankov (in Musek, 2007) aangetoon het dat die *Groot Een* moontlik mag bestaan, ontstaan die vraag of die *Groot Een* werklik so belangrik is dat 'n algehele hersiening van die Vyf-faktor model nodig is. Volgens Musek (2007) sal die erkenning van die *Groot Een* help om die Vyf-faktor model van persoonlikheid beter te verstaan.

Soos aangedui, bestaan daar tot op hede nog nie eenstemmigheid onder navorsers oor die mees geskikte aantal faktore nie. Die waarde van die vyf faktore is egter dat dit telkens in ander studies voorkom terwyl ander aspekte van persoonlikheid slegs sporadies in die literatuur voorkom (Funder, 2004).

#### 4.5.2.1 Beskrywing van die Vyf-faktor model as ortogonaal

Volgens Costa en McCrae sowel as Goldberg (in Funder, 2004) is die Vyf-faktor model ortogonaal, wat hulle as 'n positiewe eienskap van die model verklaar het. Ortogonale rotasies beteken dat faktore statisties onafhanklik van mekaar is, dit wil sê, die korrelasie tussen hulle is gelyk aan nul (Huysamen, 1980; Neale & Liebert, 1986). Dit beteken voorts dat 'n hoë of lae telling op enige van hierdie vyf trekke geensins beduidend is om 'n hoë of lae telling op een van die ander trekke te verkry nie.

In teenstelling met Costa, McCrae en Goldberg (in Funder, 2004) het Panter, Tanaka en Hoyle die volgende opmerking gemaak: *"It is quite clear that the Big Five, as currently assessed, are not even close to orthogonal"* (Biesanz & West, 2004, p. 848). Maraun (1996) het hierdie opmerking gesteun deur te noem dat daar bewyse bestaan dat die Vyf-faktor model vyf-dimensioneel en nie ortogonaal is nie. Studies wat Saucier (2002) uitgevoer het, het die bevindinge bevestig en hy het 'n moontlike verklaring daarvoor probeer gee. Volgens hom is die nie-ortogonaliteit van die *Groot Vyf* te wyte aan 'n fout in die skaalkonstruksie eerder as 'n fout met die faktore. Hy meld verder dat die nie-ortogonaliteit van die *Groot Vyf* skale 'n onbenullige kenmerk van die *Groot Vyf* is, eerder as wat dit 'n fundamentele probleem is. In aansluiting hierby het Blackburn, Renwick, Donnelly en Logan (2004) gemeld dat sywaartse *(oblique)* faktore beter resultate as ortogonale faktore lewer. Dit wil dus voorkom of daar die afgelope paar jare meer ondersteuning vir 'n nie-ortogonale model bestaan.

#### 4.5.2.2 Geldigheid van die Vyf-faktor model

Verskeie navorsers (Briggs, 1992; Dawda, 1997; Denissen & Penke, ter perse; Lopez & Snyder, 2003; McCrae & John, 1992; McCrae & Terracciano, 2005; Mosupye, n.d.; Rossier, et al., 2004; Urbina, 2004) het bevestig dat die Vyf-faktor model oor interne-, faktor-, strukturele-, voorspellings-, empiriese-, konvergente- sowel as diskriminante geldigheid beskik. Pervin en John (2001) het die Vyf-faktor model soos volg beskryf: "*As has been indicated, the five-factor model is viewed*

*by many current theorists as the basis for an adequate representation of the structure of personality*" (p. 271). Dawda (1997) het Pervin en John se stelling ondersteun deur die geldigheid van die Vyf-faktor model soos volg te beskryf:

> *Despite criticisms…the NEO Five Factor Model (NEO FFM) continues to be one of the most researched models of personality. In fact, numerous authors appear to have accepted the NEO FFM as a criterion to validate other personality and clinical constructs.* (p. 1)

’n Wyse waarop die geldigheid van die Vyf-faktor model bepaal kan word, is deur die vergelyking daarvan met ander vraelyste. Talle studies (sien afdeling 4.5.4.3.1b) is in hierdie verband uitgevoer en dit blyk dat die Vyf-faktor model se vraelyste goed met die ander vraelyste korreleer.

#### 4.5.2.3 Veralgemeenbaarheid van die Vyf-faktor model na ander kulture/tale

Vir die doel van die studie word kulture en tale as wisselterme gebruik, want as gevolg van die interafhanklikheid van die twee konsepte kan dit nie onafhanklik van mekaar bestaan nie. John, Goldberg en Angleitner (in John & Srivastava, 1999) het gemeld dat die veralgemeenbaarheid van die Vyf-faktor model na ander tale 'n belangrike kriterium vir die evaluering van persoonlikheidstaksonomieë is. Die oorspronklike taksonomiese studies is in Engels uitgevoer, primêr omdat dit in die VSA uitgevoer is. Volgens Pervin en John (2001) kan vertaling problematies wees omdat een woord nie noodwendig dieselfde betekenis in ‘n ander taal het nie. Daar is byvoorbeeld gevind dat die woord “uitgaande” ('n ekstrovertiese trek) in Japanees met “liefderyk” ('n saamstemmende trek) vertaal is. Verskeie studies, soos uitgevoer deur onder andere Caprara, De Raad, Hofstee en Perugini (in Pervin & John, 2001), het gevind dat vier uit die vyf faktore in Europese en Oosterse studies dieselfde betekenis het. Die faktor ontvanklikheid het die swakste herhaalbaarheid (*replicability*) getoon. Ontvanklikheid vir ondervinding het byvoorbeeld in die Hollandse, Italiaanse en Hongaarse kulture onkonvensionaliteit en opstandigheid beteken (Saucier & Goldberg, 1996).

Die teenoorgestelde is egter onlangs in 'n studie van Wu, Lindsted, Tsai en Lee (2008) gevind, naamlik dat die herhaalbaarheid van die Vyf-faktor model onder adolessente baie goed is. Volgens hulle is dit noemenswaardig dat hierdie model wat sy oorsprong in Engels gehad het, net so goed op die Chinese kultuur, wat geen taal met die VSA deel nie, toegepas kan word. McCrae en Terracciano (2005) het verklaar dat ten minste ses verskillende studies aangetoon het dat vertaling nie 'n beduidende invloed op die interpretasie van routellings uitoefen nie. Hulle het verder gemeld dat vorm S van die NEO-PI-R teen 2005 reeds in 30 verskillende tale vertaal is.

Die Vyf-faktor model is in verskeie kulture soos Indies-Europees, Hamito-Semities, Sino-Tibeties, Koreaans, Indonesies, Maleis-Polinesies, Oeral, Japanees, Russies, Brits, Spaans, Chinees, Kanadees, Portugees en Amerikaans toegepas (Costa & McCrae, 2003). Verskeie studies is in die Filippyne gedoen en volgens Katigbak, Church, Carlota, Del Pilar en Guanzon-Lapeña (2002) word die meeste dimensies wat deur die Filippynse vraelyste gemeet word, deur die Vyf-faktor model onderskryf. Hulle het ook verklaar dat die NEO-PI-R goeie herhaalbaarheid in die Filippyne toon.

Studies soos dié van Borkneau en Ostendorf (1990), Church, et al. (ter perse) asook J. A. Edwards en Collins (2008) het suksesvol aangetoon dat die Vyf-faktor model herhaalbaar is met betrekking tot geslagte, instrumente, taal, waarnemers en selfs verskillende konseptualiserings *(conceptualizations)* van die *Groot Vyf.* Hoewel Yamagata, et al. (2006) saamgestem het dat die Vyf-faktor model universeel is, was hul rede daarvoor nie in ooreenstemming met dié van ander navorsers nie. Volgens hulle is die Vyf-faktor model universeel "*not because people in different regions of the world share common gene pools associated with personality, but because they share an environment or developmental context that influences personality*" (p. 988). Hulle was van mening dat die studie bewys het dat die Vyf-faktor model oor 'n onderliggende genetiese struktuur beskik. Hierdie aanname het McCrae en Costa (in Yamagata, et al., 2006) se studie van 1999

bevestig waarin hulle verklaar het dat die vyf faktore endogeniese trekke met 'n sterk biologiese basis getoon het.

In Suid-Afrika het Matsimbi (1997) 'n studie op 'n groep swart werkende mans gedoen en gevind dat die persoonlikheidstruktuur soos deur die Vyf-faktor model beskryf, nie in 'n Suid-Afrikaanse konteks toegepas kan word nie. Die redes vir haar bevindinge was (a) die opleidingsvlak van die proefpersone, (b) die gebrek aan voldoende proefpersone, (c) onbevredigende faktorontleding, (d) die gebrek aan eksterne kriteria met die oog op vergelykings en (e) die gebruik van slegs manlike proefpersone.

Die teendeel is egter in ander Suid-Afrikaanse studies deur Heuchert, Parker, Stumpf en Myburgh (2000) sowel as N.Taylor (2005) gevind. Volgens hierdie navorsers verskaf die Vyf-faktor model wel waardevolle en bruikbare inligting met die toepassing daarvan op blanke groepe, maar dat interpretasies met omsigtigheid in die geval van swart mense gedoen moet word. N. Taylor (2005) het voorts probeer om 'n Suid-Afrikaanse meetinstrument (*Basic Traits Inventory )* op grond van die *Groot Vyf* te ontwikkel. Sy het erken dat navorsingsresultate tans nog onbevredigend is en het aanbeveel dat die meetinstrument verder ontwikkel moet word. De Bruin (2005) was egter van mening dat die *Basic Traits Inventory* wel bevredigende navorsingsresultate onder die groepe van Afrikaans-, Engels- Nguni- en Sothosprekendes opgelewer het. Volgens hom neem hierdie vraelys die plaaslike omstandighede in ag en behoort in die toekoms beter resultate te lewer as oorsese meetinstrumente.

Navorsers huldig uiteenlopende menings rakende die veralgemeenbaarheid van die Vyf-faktor model na ander kulture. Volgens Saucier en Goldberg (1996) sowel as Wiggins en Pincus (1992) kan die Vyf-faktor model nie as 'n universele model beskou word nie. In teenstelling daarmee het J. A. Edwards en Collins (2008), Funder (2004), McCrae en Costa (2003) asook Wu, et al. (2008) verklaar dat die Vyf-faktor model wel universeel van aard is. Dit wil dus voorkom of die beginstadium van die Vyf-faktor model gekenmerk is deur verskillende standpunte rakende die veralgemeenbaarheid van die model. Met die verloop van tyd en

heelwat studies wat die afgelope 25 jaar gedoen is, blyk dit dat navorsers saamstem dat die model na verskillende kulture, geslagte en tale wel veralgemeenbaar is. ‘n Uitdaging bestaan wel nog met die vertaling van die vraelyste vanaf Engels na ander tale ten einde die effektiwiteit van die model steeds te verbeter.

#### 4.5.2.4 Stabiliteit van die vyf faktore gedurende die individu se lewe

Verskeie studies (Digman, 1989; Magnivita, 2002; McCrae & Costa, 1999, 2003; Schmidt, 1999; D. P. Schultz & Schultz, 2001) het getoon dat die vyf faktore stabiliteit tydens volwassenheid toon. Costa en McCrae (1988) het dit soos volg gestel:

> *The empirical evidence strongly supports the finding that personality, as measured by die Five-Factor Model, is relatively stable, with a median correlation of .65. Using statistical procedures to eliminate test error, the stability coefficients usually exceed .90, suggesting almost perfect stability in rank order.* (Aangehaal in Magnavita, 2002, p. 421)

Longitudinale studies is onderneem om die betrokke vyf faktore in kinders, adolessente sowel as volwassenes te ondersoek (McCrae, et al., 2002; Soldz & Vaillant, 1999). Hierdie studies het byvoorbeeld aangedui dat sewe faktore nodig is om trekke in kinders en adolessente te beskryf. By kinders en adolessente word die eerste faktor, naamlik ekstroversie, onderverdeel in geselligheid en aktiwiteit, terwyl die neurose faktor in vrees en geïrriteerdheid onderverdeel word. McCrae, et al. (2002) het onder andere 'n toename in neurose by dogters tussen die ouderdom van 12 en 18 jaar gevind, asook 'n toename in ontvanklikheid vir ondervinding by beide geslagte.

Meer onlangse studies (Barbaranelli, Caprara, Rabasca & Pastorelli, 2003; Del Barrio, Carrasco & Holgado, 2006; Hampson, Andrews, Barckley & Peterson, 2007; Muris, Meesters & Diederen, 2005) wat in verskeie lande uitgevoer is, het

aangetoon dat die *Groot Vyf* sonder voorbehoud op kinders sowel as adolessente toegepas kan word. Die navorsers het wel genoem dat die vraelyste deur ouers en onderwysers voltooi is en nie deur die kinders self nie. Hulle het bevind dat kinders vanaf die ouderdom van 12 jaar selfbeoordelingsvraelyste kan voltooi, maar dat dit beter is indien kinders jonger as 12 jaar deur iemand anders beoordeel word. Barbaranelli, et al. het die konstrukgeldigheid van die vraelys vir kinders ondersoek deur dit te korreleer met die *Jung Personality Questionnaire* (JPQ). Hierdie studie het bevind dat die korrelasies tussen die *Groot Vyf* en die verskillende kriteria wat gebruik is om geldigheid te toets, beduidend hoog was. Volgens Del Barrio, et al. is die teoretiese konstrukte konstant met betrekking tot ouderdom en ook geslag. Mõttus, Pullmann en Allik (2006) het wel gevind dat die Estoniese weergawe van die NEO FFI geldig is vir adolessente, maar minder geldig vir 12-jariges.

### 4.5.3 Beskrywing van die vyf faktore

Die *Groot Vyf* is bevestig deur 'n verskeidenheid van evalueringstegnieke, insluitende: selfbeoordelings, objektiewe toetse en waarnemersverslae. In hoofstuk 7 (Navorsingsbevindinge), word die vyf faktore in fyn besonderhede bespreek. Die faktore van die Vyf-faktor model word vervolgens bespreek.

#### 4.5.3.1 Neurose (*Neuroticism*) - N

Hierdie faktor verwys na 'n algemene neiging om emosionele ongemak en negatiewe affek te ondervind. Individue met 'n hoë vlak van neurose se spanningshantering is gewoonlik swak en hul impulse dikwels minder beheersd. Hierdie individue is ook geneig om maklik ontsteld te raak (Avia, et al., 1995; Costa & McCrae, 1992; McAdams, 2006). Howard en Howard (in Strauss, 1998) verwys na hierdie faktor as die negatiewe emosionele faktor. Die teenoorgestelde van 'n neurotiese persoon is 'n emosioneel stabiele, kalm of rustige persoon (Hirsh & Peterson, ter perse).

#### 4.5.3.2 Ekstroversie *(Extraversion)* - E

Ekstroversie verwys na die persoonlikheidstrek wat die meeste met geselligheid geassosieer word. Costa en McCrae (1992) maan egter dat daar in gedagte gehou moet word dat hierdie trek slegs een van verskillende trekke is waaruit die faktor ekstroversie bestaan. Ekstroverte is gewoonlik ook selfgeldend, aktief en spraaksaam. Hulle hou van opwinding, stimulasie en is opgewek van geaardheid. Volgens John en Srivastava (1999) is introverte daarenteen gewoonlik stil, teruggetrokke en afsydig.

#### 4.5.3.3 Ontvanklikheid vir ondervinding (*Openness to experience*) - O

Die faktor van ontvanklikheid verwys na mense wat in beide interne en eksterne ondervindinge geïnteresseerd is, terwyl hul lewens ook neig om ervaringsgewys ryker te wees. Hierdie individue is gretig om nuwe idees en onkonvensionele waardes te oorweeg. Alhoewel ontvanklike mense onkonvensioneel optree, outoriteit bevraagteken en nuwe idees oorweeg, beteken dit egter nie dat hulle beginselloos is nie. Hulle neig ook om positiewe en negatiewe emosies meer akkuraat as geslote individue te ervaar (Costa & McCrae, 1992; Judge & Bono, 2000; Seibert & Kraimer, 2001).

Alhoewel ontvanklikheid in die verlede as intellek beskryf is (Digman, 1996), verskil dit egter van intelligensie. Dit word eerder geassosieer met aspekte van intelligensie, byvoorbeeld divergente denke en kreatiwiteit. Individue met 'n lae faktortelling is gewoonlik meer konvensioneel in hul uitkyk op dinge (Kaplan & Saccuzzo, 2001).

#### 4.5.3.4 Instemmendheid *(Agreeableness)* - A

Die vierde faktor, naamlik instemmendheid, fokus primêr op interpersoonlike neigings (*tendencies*) en dui op 'n persoon wat fundamenteel altruïsties is. 'n Saamstemmende persoon is hulpvaardig en glo andere is ook hulpvaardig. Hierdie individue word as samewerkend, positief, empaties, goedhartig en

saggeaard beskryf (Mischel, et al., 2004). In teenstelling met saamstemmende persoonlikhede, is die antagonistiese persoon meer egosentries, skepties en kompeterend (Avia, et al., 1995; Costa & McCrae, 1992). Laasgenoemde word ook as onsimpatiek, agterdogtig, manipulerend, veeleisend en selfsugtig beskryf (Wang & Erdheim, 2007).

#### 4.5.3.5 Pligsgetrouheid *(Conscientiousness)* - C

Pligsgetroue individue is doelgerig, betroubaar, ambisieus en gedetermineerd (Avia, et al., 1995; Hirsh & Peterson, ter perse; John in Penley & Tomaka, 2002). Volgens Costa en McCrae (1992) toon die meeste bekwame musikante of atlete hierdie persoonlikheidstrek. Pligsgetroue persone word soms deur andere as relatief intelligent beskou (Miller, 1991). Individue met 'n lae vlak van pligsgetrouheid word weer as lui, hedonisties, doelloos, onverantwoordelik en impulsief beskryf (Kelly & Johnson, 2005; Waldman, Atwater & Davidson, 2004).

### 4.5.4 Vraelyste van die Vyf-faktor model

Die faktore van die Vyf-faktor model kan deur 'n verskeidenheid van vraelyste geëvalueer word. Voorbeelde van hierdie vraelyste is: *Big Five Inventory* (BFI), *International Personality Item Pool* (IPIP), *Big Five Observer (*BFO), *Big Five Interpersonal Adjectives Scale* (IAS-B5), *Big Five Questionnaire* (BFQ), *Five Individual Reaction Norms Inventory* (FIRNI), *NEO Personality Inventory* (NEO-PI), *NEO Five-Factor Inventory* (NEO-FFI), *Revised NEO Personality Inventory* (NEO-PI-R) en *NEO-4*. (Bahns, 2001; Costa, 1991; Denissen & Penke, ter perse; Egan, Deary & Austin, 2000; McCrae, 1989; Rammstedt & John, 2007). Vervolgens word hierdie vraelyste kortliks bespreek waarna daar hoofsaaklik op die vraelyste van Costa en McCrae, en in besonder op die NEO-PI-R gefokus sal word.

#### 4.5.4.1 Bespreking van die verskillende vraelyste

Die *Big Five Inventory* (BFI) is in 1991 deur John, Donahue en Kentle (in Rammstedt & John, 2007) ontwikkel en bestaan uit 44 items wat op 'n 5-punt skaal geëvalueer word. Hierdie meetinstrument is later tot 10 items verkort en staan bekend as die *BFI-10* (Muck, et al., 2007). In 1999 is die *International Personality Item Pool* (IPIP) deur Goldberg (in Buchanan, Johnson & Goldberg, 2005) ontwikkel en dit evalueer die vyf faktore met hul fasette. Hierdie vraelys bestaan uit 300 items, met 60 items vir elk van die vyf faktore. 'n Derde vraelys is die *Big Five Observer* (BFO) wat uit 40 bi-polêre pare beskrywings bestaan en op 'n 7-punt skaal geëvalueer word. (Musek, 2007). Trapnell en Wiggins (in Perugini, Gallucci & Livi, 2000) het in 1990 die *Big Five Interpersonal Adjectives Scale* (IAS-B5) ontwikkel, waarna Caprara, Barbaranelli, Borgogni en Perugini (in Saggino, 2000) in 1993 die *Big Five Questionnaire* (BFQ) ontwikkel het. Hierdie meetinstrument bestaan uit 'n selfbeoordelingsvraelys met 132 items. Van die nuutste Vyf-faktor vraelyste wat ontwikkel is, is die *Five Individual Reaction Norms Inventory* (FIRNI) wat tans ter perse is (Denissen & Penke, ter perse). Shafer (in Langford, 2003) se meetinstrument met 30 bi-polêre items is die kortste gepubliseerde meetinstrument van die Vyf-faktor model.

Skrywers soos Gosling, Rentfrow en Swann (2003), Mõttus, et al. (2006), Muck, et al. (2007), sowel as Vernon, Villani, Vickers en Harris (2008), was van mening dat bogenoemde instrumente oor ernstige tekortkominge beskik het. Nadele wat hulle uitgewys het, was dat die korter meetinstrumente geldigheid en betroubaarheid inboet en dat enkelvoudige items (*single-item measures)* oor sekere beperkinge beskik het en dat dit sover moontlik vermy moet word. Hierdie skrywers was dit almal eens dat die *Revised Neo Personality Inventory* (NEO-PI-R) steeds die beste meetinstrument van die Vyf-faktor model is.

#### 4.5.4.2 Ontwikkeling van die NEO-PI-R

Die NEO-PI was die voorloper van die NEO-PI-R. Costa en McCrae het in 1985 die *NEO Personality Inventory* (NEO-PI) ontwikkel met 181 items wat op ‘n vyf-

punt Likert-skaal gebaseer is. Die vraelys het ontstaan uit 'n tros-analise van Cattell se 16PF (Egan, et al., 2000; Larsen & Buss, 2002). Hierdie vraelys, aanvanklik met die drie skale, naamlik neurose, ekstroversie en ontvanklikheid, is later na vyf skale uitgebrei om ook instemmendheid en pligsgetrouheid in te sluit (Pervin & John, 2001). Die NEO-PI is ook in Spaans vertaal en volgens Avia, et al. (1995) was die konvergente- sowel as divergente geldigheid van die vraelys aanvaarbaar.

Kritici soos Hess (1992), Hogan (1989) en Widiger (1992) het verklaar dat, hoewel die NEO-PI sterkpunte het, dit ook oor negatiewe punte beskik. Die sterkpunte van die NEO-PI is: (a) dat dit ‘n geldige en betroubare meetinstrument is, (b) heelwat navorsing is oor hierdie meetinstrument gedoen en (c) die steekproef het bestaan uit mans en vroue in normale omstandighede, eerder as studente of mense met verstandelike gestremdhede. Die negatiewe punte van die NEO-PI is: (a) slegs drie van die vyf skale is ten volle ontwikkel, (b) die presiese betekenis van die "ontvanklikheid"-skale is nog onduidelik, en (c) die handleiding toon 'n gebrek aan empiriese navorsing en ondersteuning vir die geldigheidstudies wat uitgevoer is.

In 1992 het Costa en McCrae (in John & Srivastava, 1999) die *Revised NEO Personality Inventory* (NEO-PI-R) met 240 items gepubliseer. Die NEO-PI-R bestaan uit vyf faktore met ses fasette onder elk van die faktore. Die vraelys kan deur die betrokke persoon (vorm S) of deur 'n waarnemer (vorm R) voltooi word (Piedmont, McCrae, Riemann & Angleitner, 2000). Die NEO-PI-R is ontwikkel met die hulp van middeljarige volwassenes deur beide faktoranalise en die multimetode valideringsprosedures van toetskonstruksie te gebruik. Volgens John en Srivastava (1999) het die skale van die NEO-PI-R aansienlike interne konsekwentheid, stabiliteit, konvergente- en diskriminante geldigheid getoon (sien afdeling 4.5.4.3.1b&c). Die vyf faktore en gepaardgaande fasette word vervolgens skematies voorgestel.

Tabel 2

*Vyf faktore en ses fasette van die Vyf-faktor model*

| **Neurose** | **Ekstroversie** | **Ontvanklikheid** | **Instemmendheid** | **Pligsgetrouheid** |
|---|---|---|---|---|
| Angs | Warmte | Fantasie | Vertroue | Bevoegdheid |
| Vyandigge-sindheid | Gemeen-skapsgevoel | Estetika | Openhartigheid | Orde |
| Depressie | Selfgeldend-heid | Gevoelens | Altruïsme | Dienswilligheid |
| Selfbewust-heid | Aktiwiteit | Aksies | Inskiklikheid | Prestasie-strewendheid |
| Impulsiwiteit | Opwinding-soeke | Idees | Beskeidenheid | Selfdissipline |
| Kwetsbaar-heid | Positiewe gevoelens | Waardes | Saggeaardheid | Oorweging |

*Nota.* Aangepas uit *NEO PI-R. Professional Manual* deur P.T. Costa en R.R. McCrae, 1992, FL: Odessa. Psychological Assessment Resources

Vir sommige navorsingstoepassings was die NEO-PI-R egter te omslagtig en daarom het Costa en McCrae (in McCrae, 1991) 'n verkorte weergawe, naamlik die 60-item *NEO Five-Factor Inventory* (NEO-FFI) ontwikkel. Volgens Egan, et al. (2000) is die NEO-FFI geskik om te gebruik wanneer (a) 'n vinnige evaluering nodig is, (b) kandidate nie beskikbaar is om 'n lang evalueringproses te deurloop nie of (c) kandidate onwillig is om ‘n lang evalueringsproses te ondergaan. Blackburn, et al. (2004) het verder verklaar dat die homogeniteit van die NEO-FFI onduidelik is. Volgens hulle is die faktor van ontvanklikheid die minste homogenies en moet dit verder nagevors word. Egan, et al. (2000) het hierdie stelling ondersteun, maar bygevoeg dat die ekstroversie faktor meer navorsing en verandering nodig het.

Costa en McCrae (in Bahns, 2001) het in 1998 een groot verandering aan die bestaande NEO-PI-R aangebring om sodoende die nuwe NEO-4 daar te stel. Al die items van die neurose faktor is verwyder, wat meegebring het dat daar slegs

vier faktore oorgebly het. Bahns (2001) en Henington (2001) het verklaar dat die probleme wat met die NEO-PI-R ondervind is, nie in hierdie nuwe vraelys aangespreek word nie, behalwe vir die kritiek teen die identifisering van patologie. In die NEO-4 vraelys word patologie nie gemeet nie. Punte van kritiek wat hierdie skrywers uitgewys het, was dat a) geen nuwe statistiese ontledings is gedoen met betrekking tot die nuwe vraelys nie, b) die handleiding van die NEO-4 word as ‘n byvoegsel aangedui en die leser word na die oorspronklike NEO-PI-R handleiding verwys, en c) die NEO-4 vraelys is slegs in Engels beskikbaar wat beteken dat dit nie in ander kulture toegepas kan word nie. Bahns (2001) en Henington (2001) is ook van mening dat die enigste voordeel van die NEO-4 vraelys is die daarstelling van ses persoonlikheidstyle wat op kombinasies van die vier faktore gebaseer is. Alhoewel dit 'n sterkpunt is, het die skrywers daarop gewys dat daar geen empiriese studies bestaan wat hierdie style ondersteun nie. Volgens hulle is die konseptuele raamwerk en die ondersteunende teoretiese basis afwesig.

#### 4.5.4.3 NEO-PI-R as gekose vraelys van die studie

Alhoewel daar voor- en nadele rondom die NEO-PI-R bestaan, wil dit voorkom of die voordele die nadele oortref. Vervolgens gaan die waarde van die NEO-PI-R asook die kritiek teen die vraelys bespreek word.

##### 4.5.4.3.1 Waarde van die NEO-PI-R

a) Geskiktheid van die NEO-PI-R

Botwin (1995) se resensie van die NEO-PI-R in die *Buros mental measurements yearbook* was positief en het hy veral beklemtoon dat die NEO-PI-R 'n groot verbetering op die NEO-PI is. Die betroubaarheid van die faktore se vlakke is tussen 0.86 en 0.95 vir beide die waarnemer- sowel as die selfbeoordelingsvraelys. Die betroubaarheidskale vir die fasette was ook goed met 'n betroubaarheid tussen 0.56 tot 0.90. Die noukeurige keuse van normatiewe steekproewe is 'n belangrike verbetering op die NEO-PI, aangesien die normskale van die NEO-PI nie verteenwoordigend van die populasie in geheel was nie. Die

NEO-PI-R verskaf ook afsonderlike norms vir studente. 'n Verdere verbetering is die ses faset skale wat by die faktore van instemmendheid en pligsgetrouheid gevoeg is.

Botwin (1995) se resensie was ook positief ten opsigte van die NEO-PI-R handleiding. Volgens hom verduidelik die handleiding nie net die kenmerke van die NEO-PI-R nie, maar verskaf dit ook insig in die geskiedenis, teorie en aanwending van die Vyf-faktor model van persoonlikheid. Juni (1995) het Botwin se evaluering van die NEO-PI-R handleiding in terme van geldigheid en betroubaarheid ondersteun, maar andersins het hy probleme ondervind met sekere beskrywings in die handleiding. Juni was bekommerd oor die gebruik van die NEO-PI-R in areas soos psigopatologie, beroepsgesondheid en beroepsvoorligting (Botwin, 1995; Costa & McCrae, 1992). Hy het ook die verband tussen die NEO-PI-R en gesondheidsielkunde, Tipe A gedrag, hoë risiko-gedrag, somatiese probleme, asook hartprobleme gekritiseer. Volgens hom bestaan daar nie 'n rede waarom hierdie gewoontes en gedrag in terme van die meetinstrument beskryf moet word nie.

Botwin (1995) sowel as Juni (1995) het verklaar dat die NEO-PI-R geskik is om as basiese navorsingsinstrument te gebruik. Juni (1995) het egter bygevoeg dat, hoewel die NEO-PI-R betroubaar en geldig is, die items en inhoud van die vraelys nie goed geformuleer is nie.

b) Geldigheid van die NEO-PI-R

Verskeie studies (McCrae, 1989; McCrae & John, 1992; Wiggins & Pincus,1992; Young en Schinka, 2001) het aangetoon dat die NEO-PI-R oor konstruk-, konvergente- en divergente geldigheid beskik. Die geldigheid van die NEO-PI-R is ook bevestig deur dit te korreleer met ander meetinstrumente (Goldberg, 1992; Groth-Marnat, 1997; Kline, 1993, 2000; N. Taylor, 2004; Wiggins & Pincus, 1992). Daar is gevind dat die NEO-PI-R en NEO-FFI oor beduidende geldigheid beskik en alhoewel ander vraelyste soos die verkorte FIPI en TIPI wel die vereiste vlakke van konvergente- en diskriminante geldigheid insluit, hierdie toetse

ondergeskik is aan die NEO-PI-R en NEO-FFI (Gosling, et al., 2003). Herzberg en Brähler (2006) het verder aanbeveel dat Duitse TIPI liewers nie gebruik moet word nie.

Vervolgens gaan die verskillende meetinstrumente waarmee die NEO-PI-R gekorreleer is, sowel as die doel van die spesifieke studie (evaluering van persoonlikheidstrekke, verskeie aspekte in 'n kliniese opset, normale gedrag, gedrag by kinders en adolessente, verhoudings, werkstevredenheid, intelligensie, akademiese sukses en voorspelling van gedrag), kortliks bespreek word.

Verskeie persoonlikheidstoetse (Sien bylaag 2) is gebruik om te bepaal of die vyf faktore werklik bestaan en of hierdie persoonlikheidstoetse binne die raamwerk van die *Groot Vyf* inpas. Van die mees algemene persoonlikheidstoetse wat gebruik is, is die *Hogan Personality Inventory* (HPI), *Myers-Briggs Type Indicator* (MBTI), *Minnesota Multiphasic Personality Inventory* (MMPI), *California Psychological Inventory* (CPI), *Personality Research Form* (PRF), *16 Personality Factors* (16PF) en die *Jackson Personality Inventory* (JPI). Die studies het getoon dat die vyf faktore herhaaldelik voorgekom het (Ashton, Jackson, Helmes & Paunonen, 1998; McAdams, 2006; Rossier, et al., 2004).

Heelwat studies (Avia, et al.,1995; Heaven & Shocket, 1995) wat in 'n kliniese opset plaasgevind het, het van die NEO-PI en NEO-PI-R gebruik gemaak. In 'n studie van Morasco, Gfeller en Elder (2007) is die konvergente- en diskriminante geldigheid van die NEO-PI-R ondersoek deur dit te korreleer met die *Minnesota Multiphasic Personality Inventory (*MMPI-2). Hiervolgens dra die NEO-PI-R se geldigheid by tot addisionele ondersteuning vir die gebruik daarvan in 'n kliniese opset. Rozsa, et al. (2008) het studies in Hongarye uitgevoer waar die NEO-PI-R onder andere met die *Temperament Evaluation of the Memphis, Pisa, Paris and San Diego – Autoquestionnaire* (TEMPS-A), *Beck Depression Inventory* (BDI), *Profile of Mood States* (POMS) en *Temperament and Character Inventory* (TCI) gekorreleer is. Positiewe korrelasies is tydens hierdie studies gevind. Studies (Maruta, Yamate, Limori, Kato, & Livesley, 2006) is verder in Japan uitgevoer waar die NEO-PI-R met die *Dimensional Assessment of Personality Pathology Basic*

*Questionnaire* (DAPP-BQ) gekorreleer is. In teenstelling met bogenoemde positiewe resultate, is gevind dat hoewel daar ooreenkomste tussen die twee meetinstrumente bestaan, die vorms nie gelykwaardig is nie. Maruta, et al. (2006) het verklaar dat in die Japanese kultuur die NEO-PI-R: "*does not have content that covers such clinically important dimensions as conduct problems, narcissism, and stimulus seeking*" (p. 532).

Die *Minnesota Multiphasic Personality Inventory-2 Personality Psychopathology Five* (MMPI-2 PSY-5) is deur Sharpe en Desai (2001) gebruik om aggressie te voorspel. Volgens die navorsers is die geldigheid van die NEO-PI-R in die voorspelling van aggressie gedemonstreer. Hulle het ook verklaar dat die faktor skale van die NEO-PI-R, benewens die algemene kliniese evalueringsbatterye soos die MMPI-2 en PSY-5 skale, die voorspellingsgeldigheid van klinies relevante kriteria verhoog.

Die NEO-PI-R is met die *Effort-Reward Imbalance Questionnaire* (ERI), *Social Support Scale* (SSS) en *Centre for Epidemiological Studies-Depressed Mood Scale* (CES-D) gekorreleer om depressiewe gedrag te ondersoek (Vearing & Mak, 2007). Selfmoordneigings kan verband hou met depressie en Velting (1999) het onder andere die *Adult Suicidal Ideation Questionnaire* (ASIQ) met die NEO-PI-R gekorreleer om selfmoordneigings te bestudeer.

Outisme is deur Wakabayashi, Baron-Cohen en Wheelwright (2006) bestudeer. Hulle het Japanese vertalings van beide die *Autism-Spectrum Quotient* (AQ) en NEO-PI-R gebruik. Die studie het getoon dat individuele verskille op die *Autism-Spectrum Quotient* nie betekenisvol deur die *Groot Vyf* faktore voorspel is nie. In studies van breinbeserings is die NEO-PI-R en *Neurobehavioral Functioning Inventory* (NFI), sowel as *Injury Severity Score* (ISS) gebruik. Alhoewel daar voorspel is dat die NEO-PI-R nie positief met hierdie meetinstrumente sal korreleer nie, het die studie tog getoon dat die NEO-PI-R oor voldoende geldigheid beskik (Rush, Malec, Moessner & Brown, 2004). In 'n studie (Piedmont & Ciarrocchi, 1999) om die motiveringstrekke van buitepasiënte in 'n dwelmrehabilitasie situasie te evalueer, is daar van die *Brief Symptom Inventory* (BSI), *Coping Resources*

*Inventory* (CRI), *Personal Problems Checklist for Adults* (PPQ), *Adjective Checklist* (ACL) en NEO-PI-R gebruik gemaak. Volgens Piedmont en Ciarrocchi was dit die eerste stap om die psigometriese waarde van die NEO-PI-R in 'n kliniese opset te evalueer.

Zuckerman se alternatiewe Vyf-faktor model is saam met die NEO-PI-R toegepas om persoonlikheidsafwykings te identifiseer (Aluja, Cuevas, García & García, 2007). Resultate van die studie het getoon dat die voorspellingsgeldigheid van die *Zuckerman-Kuhlman Personality Questionnaire* (ZKPQ) dieselfde as die NEO-PI-R is. Volgens Dyce en O'Connor (in Aluja, et al., 2007) verskaf die NEO-PI-R se 30 fasette 'n meer diverse beskrywing van persoonlikheidsafwykings as die ZKPQ. Die *Minnesota Multiphasic Personality Inventory-2* (MMPI-2), NEO-PI-R en *Personality Psychopathology Five* (PSY-5) is deur Eggar, De Mey, Derksen en Van der Staak (2003) toegepas om normale gedrag in psigiatriese pasiënte te evalueer. Volgens hierdie navorsers kan die Vyf-faktor model kruis-kultureel toegepas word en is die geldigheid van die NEO-PI-R en PSY-5 in sielkundige evaluerings van psigiatriese pasiënte sodoende bevestig.

Verskeie studies (Barbaranelli, et al., 2003; Hampson, et al., 2007; Muris, et al., 2005; Wu, et al., 2008) wat verband hou met kinders en adolessente is uitgevoer. Daar is byvoorbeeld longitudinale studies (McCrae, et al., 2002) uitgevoer om te bepaal of persoonlikheidstrekke by kinders (12 – 18 jaar) stabiel bly. In hierdie studie is daar onder andere van die *Junior Eysenck Personality Inventory* (JEPI), *High School Personality Questionnaire* (HSPQ) en NEO-PI-R gebruik gemaak. Studies (Wu, et al., 2008) wat in China uitgevoer is waar drie Chinese weergawes van die NEO-PI-R ontwikkel is het getoon dat die NEO-PI-R met welslae in die Chinese kultuur en op alle ouderdomsgroepe toegepas kan word.

Studies deur Furnham, Moutafi en Chamorro-Premuzic (2005), Grant en Langan-Fox, (2007), Judge en Ilies (2002), Noftle en Shaver (2006), Rubinstein (2006), Saroglou (2002) sowel as Zhang (2006) is uitgevoer om verskillende konstrukte, soos byvoorbeeld denkstyle, huweliksgeluk, intelligensie, godsdienstigheid, oorgewig, gesondheid en werksprestasie te evalueer. In die meeste van hierdie

studies is die NEO-PI-R saam met ander meetinstrumente gebruik, wat die geldigheid van die vraelys bevestig het.

Korrelasies tussen die persoonlikheidsfaktore op die Vyf-faktor model en verskillende dimensies van verhoudings is deur White, Hendrick en Hendrick (2004) geëvalueer. Die *Love Attitudes Scale-Short Form* (LAS), *Relationship Assessment Scale* (RAS), *Personal Assessment of Intimacy in Relationships* (PAIR) en NEO-PI-R is in hul studies gebruik. Die navorsingsbevindinge het getoon dat daar betekenisvolle korrelasies tussen die vyf persoonlikheidsfaktore en die verskillende dimensies van verhoudings bestaan.

Die *Occupational Stress Indicator* (OSI) word redelik algemeen in studies gebruik om werkstevredenheid, werkspanning en algemene gesondheid in die werksomgewing te bepaal (Grant & Langan-Fox, 2007). Seibert en Kraimer (2001) het vorige studies gebruik om die verband tussen die *Groot Vyf* persoonlikheidsfaktore en beroepsukses te bepaal. In vorige studies is daar onder andere van die NEO-PI, NEO-PI-R, *Dictionary of Occupational Titles* (DOT) asook die vyf item beroepstevredenheidskale van Greenhaus en Parasuraman (in Seibert & Kramer, 2001) gebruik gemaak. Die bevinding was dat die *Groot Vyf* addisionele dimensies kon verklaar soos byvoorbeeld die variasie in salaris- en beroepstevredenheid.

Die *Wonderlic Personnel Test* en *Baddeley Reasoning Test* is saam met die NEO-PI-R gebruik om die verhouding tussen persoonlikheid, geslag en psigometriese intelligensie te ondersoek (Furnham, et al., 2005). Navorsingsdata het getoon dat die persoonlikheidsfaktore van die *Groot Vyf* nie betekenisvol verband hou met vloeibare intelligensie (fg) nie. Volgens die navorsers is die rede hiervoor nie die ongeldigheid van die meetinstrumente nie, maar omdat intelligensie nie 'n persoonlikheidseienskap is nie. Furnham en Dissou (2007) het voortgebou op hul vorige studie en dieselfde toetse asook die *Barron-Welsh Art Scale* en *General Knowledge Test* in hul nuwe studie gebruik. Hulle bevindinge het aangedui dat persoonlikheidsfaktore wel self-geskatte intelligensie kan voorspel, wat weer as ’n voorspeller vir psigometriese intelligensie kan dien.

In studies van Noftle en Robins (2007) sowel as O'Connor en Paunonen (2007) waar akademiese sukses bestudeer is, is die *Scholastic Achievement Test* (SAT), *HEXACO Personality Inventory* (HEXACO-PI), *Big Five Inventory* (BFI), *NEO-FFI* en *NEO-PI-R* gebruik. Daar is gevind dat pligsgetrouheid met hoër punte geassosieer kon word en dat persone met 'n hoë vlak van openheid vir ondervinding ook hoër tellings op hul toetse behaal het. Noftle en Robins het verklaar dat verbale intelligensie eerder verband hou met kreatiwiteit, verbeeldingrykheid en weetgierigheid as met hardwerkendheid en georganiseerdheid.

Paunonen en Ashton (2001) het in 'n studie die *Personality Research Form* (PRF), *Jackson Personality Inventory* (JPI) en NEO-PI-R gebruik om te bepaal of die Vyf-faktor model gedrag kan voorspel. Volgens hulle moet die *Groot Vyf* nie in isolasie gebruik word nie, aangesien daar verskeie ander persoonlikheidsfaktore soos byvoorbeeld humor, geestelikheid en egotisme bestaan wat nie deur die Vyf-faktor model geëvalueer word nie.

c) Geldigheidskale *(validity scales)* van die NEO-PI-R

Die NEO-PI-R het aanvanklik nie oor geldigheidskale beskik nie (Bagby & Marshall, 2003; Botwin, 1995; Costa & McCrae, 1992; Morasco, et al., 2007). Costa en McCrae is hieroor gekritiseer, maar hulle het verskeie redes aangevoer waarom daar nie geldigheidskale vir die vraelys ontwikkel is nie. Hulle het die volgende redes aangevoer: (a) die waarnemersbeoordelingskaal van die instrument kan gebruik word indien daar onsekerheid oor oneerlike beantwoording bestaan, (b) wysigings wat op die geldigheidskale gebaseer is verhoog selde die voorspellingsgeldigheid van individuele en kliniese skale, (c) die "ooreenstemmende ontwerp" *(analog design)* kon nog nie veralgemeen word na steekproewe waar vervalsing duidelik voorgekom het nie, (d) dit kan teenproduktief wees, want pogings om eerlikheid te verhoog is geneig om die toetsgeldigheid te verbeter, eerder as om die ongeldigheid van die protokol te korrigeer, (e) toetsresultate moet in 'n omvattende evaluering oorweeg word en

daar moet nie net op 'n enkelvoudige evaluering staatgemaak word nie, en (f) respondente sal in die meeste gevalle die vraelys eerlik beantwoord (Bagby & Marshall, 2003; Morasco, et al., 2007).

Namate die NEO-PI-R meer in kliniese kontekste gebruik is, het navorsers (Morasco, et al., 2007) toenemend besorg geraak oor die gebrek aan geldigheidskale, aangesien studies aangetoon het dat die NEO-PI-R vatbaar vir vervalsing is. In 1997 het Schinka, Kinder en Kremer (in Morasco, et al., 2007) geldigheidskale vir die NEO-PI-R ontwerp wat oordrewe positiewe en negatiewe response kan aandui. Volgens verskeie studies in Morasco, et al. is daar aangetoon dat die geldigheidskale effektief was in gevalle waar die deelnemers gevra was om die vrae óf oordrewe positief óf oordrewe negatief te beantwoord. Piedmont, et al. (2000) het egter nie die geldigheidskale van die NEO-PI-R ondersteun nie, aangesien hulle van mening was dat resultate van groot steekproewe min bewyse vir die gebruik van die geldigheidskale verskaf. Botwin (1995) en Juni (1995) het in hul resensie van die NEO-PI-R ook gemeld dat daar 'n leemte bestaan met betrekking tot die geldigheidskale. Botwin het egter genoem dat daar 'n drie-item geldigheidskontrole ingebou is om eerlikheid en akkuraatheid in die voltooiing van die vraelys te verseker. Dit is verstaanbaar dat Botwin en Juni bekommerd was oor die geldigheidskale van die NEO-PI-R, aangesien hul resensies in die *Buros mental measurements yearbook* van 1995 verskyn, twee jaar voor die ontwerp van die geldigheidskale.

d) Selfbeoordelings- vs waarnemerbeoordelingsvraelys

Een van die voordele van die NEO-PI-R is dat daar twee vraelyste bestaan wat deur die individu self of deur waarnemers (derde party) ingevul kan word. Hoewel daar tans goeie ondersteuning vir beide hierdie twee tipe vraelyste bestaan, is daar ook kritiek teen die selfbeoordelingsvraelys.

Beide Ashton en Lee (ter perse) het die vraelyste in hul studie as metode van meting gebruik. Volgens hulle is die geldigheid van selfbeoordelingsvraelyste deur heelwat studies (Ashton en Lee, ter perse) bevestig. Hulle het verder gevind dat

indien die waarnemersvraelys deur 'n persoon ingevul word wat die kandidaat goed ken, dit geldiger as die selfbeoordelingsvraelys kan wees. In 'n soortgelyke studie het Mount, Barrick en Strauss (1994) die geldigheid van self- en waarnemerbeoordelings van verkoopspersoneel ondersoek. Die navorsingsdata het getoon dat die toesighouer, medewerker en veral die kliënt se beoordeling van instemmendheid en ekstroversie, geldige voorspellers vir verkoopsprestasie is. Na aanleiding van hul studie het hulle verklaar dat waarnemersbeoordeling net so geldig as selfbeoordeling is.

Juni (1995) het geargumenteer dat nie alle individue hulle eie persoonlikheid ken nie en dus nie sal weet hoe om die vraelys te voltooi nie. Hirsh en Peterson (ter perse) het hierby aangesluit deur te meld dat dit wil voorkom of selfbeoordelingsvraelyste vatbaar vir bevooroordeelde response is. Paulhus (in Hirsh & Peterson, ter perse) is van mening dat individue geneig is om hulle goeie eienskappe te beklemtoon en hulle negatiewe eienskappe te onderdruk. Volgens Hirsh en Peterson kan bevooroordeelde response wel beperk word deur die tipe skaal wat vir evaluering gebruik word. Vorige navorsing (in Hirsh en Peterson, ter perse) het voorgestel dat, in teenstelling met die Likertskaal, die relatiewe-beoordelingsmeganisme *(relative-scored measure)* of ipsatiewe opname-metodes *(survey formats)* eerder gebruik moet word.

**4.5.4.3.2 Kritiek teen die NEO-PI-R**

Volgens Botwin (1995) se evaluering van die NEO-PI-R in die *Buros mental measurements yearbook* is daar min tekortkominge in die vraelys, aangesien die meeste kritiek in die hersiening van die NEO-PI aangespreek is. Hy het egter twee punte van kritiek teen die NEO-PI-R geopper, waarvan die eerste was dat meer navorsing nodig is om die geldigheid van die nuwe skale van die faktore pligsgetrouheid en instemmendheid te bevestig. Die tweede tekortkoming is die grondslag van die taksonomiese aard van die Vyf-faktor model. Botwin (1995) het verklaar dat daar genoeg navorsingsresultate bestaan wat die kragtige aard van die Vyf-faktor model staaf, maar dat die teoretiese ondersteuning hiervan nog nie ondersoek is nie.

Juni (1995) se resensie van die NEO-PI-R in die *Buros mental measurements yearbook* het meer kritiek opgelewer as Botwin (1995) se resensie. Juni het veral teen die handleiding en die toetsitems kritiek gelewer. Volgens hom kon 'n goeie beskrywing van die items, die formaat probleme uitgeskakel het. Probleme met die toetsitems en sinkonstruksies was soos volg:

a) tegniese woorde en frases is moeilik om te verstaan;
b) drie geldigheidsitems *(validity checks)* verskyn op die antwoordblad wat deur respondente ingevul moet word en hulle kan probeer om die vraelys eerlik en akkuraat in te vul. Juni het probleme met die woord "probeer" ondervind, want volgens hom kan dit nie geldig wees as respondente "probeer" nie;
c) items wat negatief gestel word, lewer nie altyd die gewenste resultate nie. 'n Voorbeeld van 'n negatief gestelde item in die vraelys is byvoorbeeld: "I am not a cheerful person";
d) van die sinne is gedramatiseerd en kan die aandag van die werklike vraag aflei. 'n Voorbeeld hiervan is: "jumping for joy";
e) voorwaardelike sinne gee nie altyd die ware weergawe van persone se antwoode nie. 'n Voorbeeld van so 'n sin in die vraelys is: "If necessary ……";
f) sommige van die items handel oor die respondent se opinie van andere soos byvoorbeeld: "I think that if people don't know what they believe in by the time ….";
g) van die items verwys na gedrag in die verlede, eerder as na die persoon se huidige funksionering.

### 4.5.5 Navorsingsbevindinge van die Vyf-faktor model

Volgens navorsers soos McCrae en Costa (2003), Piedmont en Chae (1997) asook Soldz en Vaillant (1999) is daar die afgelope twee dekades heelwat navorsing oor die Vyf-faktor model en NEO-PI-R gedoen. Areas waar die meeste navorsing plaasgevind het, is kulture, taalgebruik, stabiliteit van die faktore en die vyf faktore (N, E, O, P, S) se korrelasies met ander faktore. Vervolgens word sekere studies wat uitgevoer is tussen die vyf faktore en sekere gedrag, ingesteldhede, eienskappe en situasies, bespreek (sien bylaag 3). Daar moet

egter daarop gelet word dat meeste van hierdie studies reeds in afdeling 4.5.4.3.1 aangeraak is omrede die NEO-PI-R in die meeste van die studies gebruik is.

#### 4.5.5.1 Voorspelling van werksprestasie en werkstevredenheid

In 'n studie van Barrick en Mount (in Waldman, et al., 2004) is die verband tussen werksprestasie en elkeen van die vyf faktore ondersoek. Hulle het onder andere gevind dat persone in bestuursposte en verkope se werksprestasie die beste deur ekstroversie voorspel word. Seibert en Kraimer (2001) het hierby aangesluit deur te meld dat ekstroversie meestal met beroepsukses, bevordering en werkstevredenheid verband hou. Seibert en Kraimer (2001) het dit soos volg gestel: *"overall, the general consistency between our findings and those of previous research lend credence to the present report that the Big Five personality traits explain significant variance in career success beyond that accounted for by the control variables*" (p. 17).

Studies van Barrick, Caldwell, Mount en Strauss (in Burger, 2000) het aangedui dat pligsgetrouheid die beste voorspeller van werksprestasie is. Dit is ondersteun deur studies van Judge, Higgins, Thoresen en Barrick (1999), Mount, et al. (1994) sowel as Schutte (2003). Volgens Tett, Jackson en Rothstein (in Burger, 2000) is pligsgetrouheid egter nie die enigste faktor wat werksprestasie voorspel nie, maar dat dit ook voordelig is om persone met 'n hoë vlak van instemmendheid in diens te neem, aangesien hierdie individue betroubaar, samewerkend en hulpvaardig is. Salgado (in Seibert, 2001) het hierdie stelling verder uitgebrei deur te meld dat instemmendheid positief met werksprestasie korreleer in beroepe wat nie-mensgeoriënteerd is, en negatief met werksprestasie in mensgeoriënteerde beroepe.

Judge, et al. (1999) het 'n studie onderneem om die verband tussen die *Groot Vyf*, algemene verstandelike vermoë en beroepsukses te ondersoek. Hulle gevolgtrekking was dat relevante persoonlikheidstrekke en algemene verstandelike vermoë wel meervoudige fasette van beroepsukses kan voorspel. Volgens hierdie navorsers was dit ook die eerste keer dat beide kinders en

volwassenes se evaluering van die *Groot Vyf* trekke gebruik is in die voorspelling van beroepsukses.

Judge, Heller en Mount (in Grant & Langan-Fox, 2007) het gevind dat ekstroversie 'n positiewe voorspeller en neurose 'n negatiewe voorspeller van werkstevredenheid is. Instemmendheid en pligsgetrouheid het wel werkstevredenheid voorspel, maar nie so sterk soos ekstroversie en neurose nie. Ontvanklikheid vir ondervinding het geen verband met werkstevredenheid getoon nie. Studies wat deur Grant en Langan-Fox in 2007 uitgevoer is, het gevind dat drie faktore van die *Groot Vyf,* naamlik ekstroversie, neurose en pligsgetrouheid 'n belangrike rol in beroepsgesondheid speel.

Werksontevredenheid word ook in 'n werksopset gevind en dit kan bydraend wees tot die afwesigheid van werknemers. In 'n studie van Judge, Martocchio en Thoresen (1997) wat oor werksafwesigheid gehandel het, is gevind dat die Vyf-faktor model 'n goeie grondslag vorm waarvolgens die disposisionele basis *(dispositional basis)* van afwesigheid bestudeer kan word. Hulle het ondermeer gevind dat introvertiese en pligsgetroue werknemers geneig is om minder afwesig te wees. Judge, et al. het voorgestel dat werkgewers minder ekstrovertiese en meer pligsgetroue mense in diens moet neem, aangesien dit werksafwesigheid kan verminder. Hierdie stelling van Judge, et al. is egter deur geen studie bevestig nie.

#### 4.5.5.2 Verband tussen spiritualiteit en die Vyf-faktor model

Talle navorsers soos Francis, Gorsuch, Howden, Luckoff, Paulhus, Turner en Wulff (in MacDonald, 2000) het gedurende die 1990's studies met betrekking tot spiritualiteit en die *Groot Vyf* uitgevoer. Die navorsers het spiritualiteit in verskillende dimensies verdeel en gevolglik elke dimensie met die *Groot Vyf* gekorreleer. Voorbeelde van hierdie dimensies is: kognitiewe oriëntasie, eksistensiële gesondheid, fenomenologiese dimensie, bonatuurlike oortuigings, intrinsieke godsdiens, ekstrinsieke godsdiens en godsdienstige gedrag.

A. Taylor & MacDonald (1999) het gevind dat die faktor ontvanklikheid nie met godsdiens gekorreleer het nie (of min bygedra het tot die begrip van godsdiens). Kosek (1999) asook Saroglou (2002) het gevind dat intrinsieke godsdiens positief met instemmendheid en pligsgetrouheid gekorreleer het, maar swak met ekstroversie. Saroglou het dieselfde resultate in ander lande soos byvoorbeeld die VSA, Kanada, Poland en België gevind. Die algemene gevolgtrekking wat op grond van die studies gemaak is, was dat daar 'n faktor in die Vyf-faktor model van persoonlikheid kortkom wat spiritualiteit kon aanspreek (MacDonald, 2000).

#### 4.5.5.3 Toepassing van die Vyf-faktor model in die kliniese veld

Volgens navorsers soos Clark (1993) sowel as Wiggins en Pincus (1992) is die Vyf-faktor model te globaal om as 'n kliniese hulpmiddel te gebruik. Dawda (1997) verduidelik dit soos volg:

> *The NEO questionnaire was created for the purpose of obtaining five, as orthogonal as possible, global dimensions, and its facet scales were prestructured to serve that goal. Thus, even as a theory of static personality structure, the Five Factor model is too global to be a useful clinical tool. (p. 4)*

Costa (1991) het hiermee saamgestem, maar het verklaar dat persoonlikheidsevaluering nie 'n plaasvervanger vir diagnose is nie, maar wel 'n hulpmiddel tot diagnose. Nieteenstaande bogenoemde stelling, het studies in kliniese situasies steeds voortgegaan om die geskiktheid van die Vyf-faktor model te ondersoek (sien afdeling 4.5.4.3.1).

Onlangse studies (in Vearing & Mak, 2007) het bevind dat neurose 'n beduidende voorspeller van depressiewe simptome is. Quirk, Christiansen, Wagner en McNulty (2003) het hierdie bevindinge bevestig en gemeld dat neurose ook verband hou met psigiatriese persone wat gekenmerk word deur hoë vlakke van akute of kroniese spanning, soos byvoorbeeld pasiënte met depressiewe- of angsversteurings. Neurose het verder ook positief gekorreleer met die

voorspelling van selfmoord en negatief met pligsgetrouheid. Volgens Velting (1999) is die NEO-PI in ten minste een geval aangewend om selfmoordgedrag te ondersoek. In 'n studie oor affektiewe temperamente *(affective temperaments)* in Hongarye het Rózsa, et al. (2008) gevind dat neurose negatief met hipertimie *(hyperthymica)* gekorreleer het, terwyl ekstroversie positief met hipertimie en negatief met depressie gekorreleer het. Ontvanklikheid het positief met siklotimie *(cyclothymia)* gekorreleer en pligsgetrouheid het negatief met siklotimie en positief met hipertimie gekorreleer.

Miller (1991) en Trull (1992) het studies oor die DSM-III-R persoonlikheidsversteurings en die Vyf-faktor model van persoonlikheid uitgevoer. Volgens hulle kan die Vyf-faktor model aangewend word om die DSM-III-R persoonlikheidsversteurings te verstaan. Die studie het byvoorbeeld gevind dat simptome van antisosiale persoonlikheidsversteurings negatief met instemmendheid en pligsgetrouheid korreleer wat 'n aanduiding is dat antagonistiese trekke en 'n gebrek aan selfdissipline kenmerke van hierdie versteuring is. Egger, et al. (2003) het 'n studie onderneem om die kruis-kulturele toepaslikheid van die Vyf-faktor model by Hollandse psigiatriese pasiënte te bepaal. Hy het Miller en Trull se bevindinge ondersteun en gemeld dat die Vyf-faktor model in Holland 'n relevante bron is om ondersteunende inligting te voorsien in die diagnose van persoonlikheidspatologie, in die keuse van psigoterapeutiese behandeling en in die evaluering van die behandeling. Quirk, et al. (2003) het tot dieselfde gevolgtrekking as Egger gekom en volgens hom kan die Vyf-faktor model in 'n kliniese opset verdere inligting voorsien met betrekking tot self-persepsies, interpersoonlike funksionering en response op behandeling.

Alhoewel daar in die vroeë 1990's twyfel bestaan het oor die geskiktheid van die toepassing van die Vyf-faktor model in die kliniese veld, het onlangse studies (Blackburn, et al., 2004; Quirk, et al., 2003; Saulsman & Page, 2004; Vearing & Mak, 2007) bewys dat verskeie tipes van abnormale gedrag deur middel van evaluering van normale persoonlikheidstrekke geïdentifiseer word. Die Vyf-faktor model kan effektief in die kliniese veld gebruik word, veral om persoonlikheidsafwykings, depressie, selfmoord en selfs outisme te identifiseer.

Chien, Ko en Wu (2007) het verder bygevoeg dat die Vyf-faktor model geestesgesondheidswerkers in staat stel om hoë-risiko groepe, wat later depressiewe simptome mag ontwikkel, te kan identifiseer.

#### 4.5.5.4 Toepassing van die Vyf-faktor model in ander velde

Die Vyf-faktor model van persoonlikheid kan in verskeie velde soos psigoterapie, onderwys, bedryf-, kliniese-, forensiese-, gesondheid-, organisatoriese- en persoonlikheidsielkunde aangewend word (Borkenau, 1992; Edwards & Collins, 2008; Kosek, 1999; McCrae & John, 1992; Miller, 1991; Rush, et al., 2004; Seibert & Kraimer, 2001).

Die Vyf-faktor model kan byvoorbeeld in die keuse van 'n loopbaan toegepas word. Persone wat oor sekere persoonlikheidstrekke beskik, sal beroepe kies wat by hul eienskappe pas en waarbinne hulle goed sal kan funksioneer (The Five-Factor Model, 2006). Volgens navorsers soos Hurtz en Donovan (in Furnham, 2008) is pligsgetrouheid die primêre, indien nie die enigste, faktor wat in personeelkeuring gebruik word. Pligsgetrouheid is ook 'n geldige voorspeller van werksprestasie (Sien afdeling 4.5.5.1).

#### 4.5.5.5 Kognitiewe eienskappe

Noftle en Robins (2007) het in hul studie gevind dat individue met hoë tellings op ontvanklikheid geneig is om hoër tellings op die *Scholastic Achievement Test* (SAT) se verbale toets te behaal. Daar is ook gevind dat pligsgetrouheid min verband hou met die SAT. Hierdie bevinding is deur Ackerman en Heggestad, sowel as Kyllonen, Zeidner en Matthews (in Furnham, 2005) bevestig. Nieteenstaande hierdie bevinding het ander studies (Judge 2008; Mount, et al., 1994; O'Conner & Paunonen, 2007; Seibert & Kraimer, 2001; Wang, 2007) getoon dat pligsgetrouheid die beste voorspeller van akademiese- sowel as beroepsukses is. Noftle en Robins se verklaring dat verbale intelligensie meer met kreatiwiteit as ywerigheid verband hou, is deur Furnham (2005) ondersteun wat

gemeld het dat ontvanklikheid die beste met psigometriese intelligensie korreleer (sien afdeling 4.5.4.3.1b).

Hembree, Matthews en Zeidner (in Furnham, 2005) het verder ook gevind dat angstigheid intellektuele funksionering op verskeie maniere verhinder en die algemene geneigdheid bestaan om lae intelligensie met toenemende aggressie en misdaad te verbind. Volgens Furham, Kidwai en Thomas (in Furnham, 2005) korreleer ekstroversie positief met self-geskatte intelligensie. Studies deur Furnham en Thomas (in Furham, 2005) het verder gevind dat instemmendheid negatief met self-geskatte intelligensie korreleer.

**4.5.5.6 Fisiese Gesondheid**

Soos in afdeling 4.5.5.3 bespreek, is daar die afgelope paar jaar heelwat aandag aan sielkundige gesondheid geskenk, maar die afgelope 10 jaar is daar ook studies uitgevoer wat met fisiese gesondheid verband hou. Grant en Langan-Fox (2007) asook Schutte (2003) het byvoorbeeld gevind dat neurose, ekstroversie en pligsgetrouheid 'n belangrike rol in beroepsgesondheid speel. Ekstroversie en pligsgetrouheid korreleer positief met fisiese gesondheid, terwyl hoë tellings op neurose met swak gesondheid korreleer. Grant en Langan-Fox het gevind dat ontvanklikheid en instemmendheid nie met fisiese gesondheid verband hou nie, maar Schutte het hiermee verskil, want volgens hom kan lae tellings op instemmendheid met swak gesondheid geassosieer word. Daar is gevind dat tipe A gedrag tot hartsiektes kan lei en dit word onder andere deur hoë vlakke van pligsgetrouheid, neurose en ekstroversie en lae vlakke van instemmendheid aangedui (Smith, 1992). Costa en McCrae, asook Watson en Pennebaker (in Smith, 1992) het gevind dat persone met 'n hoë telling op neurose nie net sielkundige probleme ondervind nie, maar wel ook simptome van fisiese siektes toon.

Volgens 'n studie van Rubenstein (2006) is oorgewig een van die mees algemene verskynsels wat ernstige gesondheidsrisiko's inhou. Die studie het ondersoek ingestel na persoonlikheidsverskille tussen vroue met normale gewig, oorgewig

vroue op dieet en oorgewig vroue wat nie op 'n dieet is nie. Daar is gevind dat oorgewig vroue wat nie op 'n dieet is nie, meer neuroties en minder ontvanklik, pligsgetrou, saamstemmend en ekstroverties is as die ander twee groepe. Hulle het ook 'n laer selfbeeld as die ander twee groepe. Oorgewig vroue op dieet en vroue met 'n normale gewig het nie betekenisvol van mekaar verskil in terme van die *Groot Vyf* en selfbeeld nie.

Smith en Williams (1992) het van die *Type A Structured Interview* (SI) en *Framingham Type A Scale* (FTAS) gebruik gemaak om die waarde van die Vyf-Faktor model van persoonlikheid as 'n integrerende raamwerk vir studies van persoonlikheid en gesondheid te bepaal. Hulle bevinding was dat persoonlikheid wel gesondheid kan beïnvloed.

#### 4.5.5.7 Huwelike en verhoudings

Die Vyf-faktor model kan ook tydens huweliksberading gebruik word, aangesien die vraelys deur die persoon self, asook deur hul lewensmaat ingevul kan word. In huweliksberading is 'n deel van die probleem soms dat persone hulself anders waarneem as wat hul huweliksmaat dit doen en dié model kan sulke gevalle uitwys (Pervin & John, 2001).

Volgens Donnellan (2004) het ekstroversie positief gekorreleer met verskillende verhoudingsveranderlikes soos verhoudingstevredenheid, intimiteit en huwelik-sukses. Ekstroversie en instemmendheid het veral onder mans positief gekorreleer met verhoudingstevredenheid en intimiteit. Studies (in White, 2004) het getoon dat pligsgetrouheid positief gekorreleer het met intimiteit by mans.

In 'n studie van White (2004) is daar gevind dat neurose negatief met tevredenheid van die verhouding en intimiteit gekorreleer het. Verskeie studies (in White, 2004) het verder getoon dat neurotiese persone met negatiewe verhoudingsveranderlikes geassossieer word soos, byvoorbeeld egskeidings by vroue, laer verhoudingstevredenheid, huweliksonstabiliteit en korter verhoudings. Donnellan (2004) het verklaar dat hierdie negatiewe korrelasie tussen neurose en

huwelikstevredenheid aan gebrekkige en negatiewe kommunikasie toegeskryf kan word. Karney en Bradbury sowel as Middleton, Shaver en Brennan (in White, 2004) het gevind dat ontvanklikheid negatief met huwelikstabiliteit en verhoudingstevredendheid gekorreleer het. Hierdie bevinding is deur Donnellan (2004) ondersteun.

Volgens Dorros, et al. (ter perse) is aanraking 'n belangrike komponent in die ontwikkeling en handhawing van verhoudings. Studies is gevolglik uitgevoer om te bepaal of die *Groot Vyf* die persepsies van aanraking kan voorspel. Daar is wel gevind dat die *Groot Vyf* persoonlikheidstrekke betekenisvol met positiewe persepsies van aanraking gekorreleer het. Instemmendheid was 'n voorspeller van positiewe persepsies van aanraking van intieme en nie-intieme liggaamsdele. Neurose het negatief met positiewe persepsies van aanraking gekorreleer. Ontvanklikheid was 'n goeie voorspeller van positiewe persepsies van aanraking, maar net wanneer dit tot nie-intieme areas beperk was. Ekstroversie en pligsgetrouheid het geen betekenisvolle korrelasies met persepsies van aanraking getoon nie.

#### 4.5.5.8 Persoonlikheidseienskappe van moeders wat verkies om net een kind te hê

In 2000 het Carr 'n studie gedoen om te bepaal wat die persoonlikheidskenmerke van moeders is wat (a) besluit om na die eerste kind se geboorte nog kinders te hê, teenoor dié wat (b) daarteen besluit het. Volgens Carr (2000) het die NEO-PI-R 'n globale beskrywing van persoonlikheid gegee, maar dit is juis hierdie globale eienskap van die NEO-PI-R wat veroorsaak het dat die gewenste resultate nie verkry is nie. Sy het verklaar dat die NEO-PI-R té globaal is om ‘n onderskeid te tref tussen die fyn, spesifieke onderskeidings van die hipotetiese persoonlikheidsverskille tussen moeders met meer as een kind en moeders met net een kind.

## 4.6 Geskiktheid van die Vyf-faktor model van persoonlikheid vir die studie

In die voorafgaande afdelings is die navorsingsbevindinge, die studies wat uitgevoer is om geldigheid te bepaal, sowel as 'n gedetailleerde beskrywing van die Vyf-faktor model gegee. In die volgende afdeling word kortliks bespreek waarom die Vyf-faktor model 'n geskikte model is om in hierdie studie te gebruik.

### 4.6.1 Geskikte taalgebruik

Volgens Barbaranelli, et al. (2003) en Pervin en John (2001) is die taalgebruik van die Vyf-faktor model maklik en kan dit in alledaagse situasies gebruik word. Barbaranelli en Caprara (2000) het verder verklaar dat die Vyf-faktor model as ‘n rigtingwyser kan dien om die mees relevante individuele verskille in persoonlikheid binne 'n algemene verwysingstruktuur te verstaan. Dit voorsien verder 'n gemeenskaplike taal vir navorsers (De Young, et al., 2007). Volgens Botwin (1995) speel die meetinstrumente van die Vyf-faktor model wat reeds in verskeie tale vertaal is, ‘n belangrike rol in navorsingstudies.

### 4.6.2 Omvattendheid

McCrae en John (1992) het gemeld dat die aantrekkingskrag van die model drie-ledig is:

a) dit integreer verskeie persoonlikheidskonstrukte wat kommunikasie tussen navorsers in verskillende situasies kan fasiliteer,
b) dit is omvattend wat beteken dat dit as ‘n navorsingsbasis dien vir verdere ondersoeke tussen persoonlikheid en ander verskynsels,
c) dit is effektief, want met so min as vyf faktore word ‘n globale beskrywing van persoonlikheid gegee.

Avia, et al. (1995) sowel as Denissen en Penke (ter perse) het verklaar dat die Vyf-faktor model omvattend is, maar Avia het wel gewaarsku dat probleme en kritiek nie uitgesluit is nie (sien afdeling 4.7).

### 4.6.3 Verskeie velde

Die Vyf-faktor model kan in verskeie velde toegepas word (sien afdeling 4.5.5.4) naamlik die industriële-, organisatoriese-, kliniese-, opvoedkundige-, forensiese- en gesondheidsielkunde (McCrae & John, 1992). Volgens Widiger (2005) is een van die voordele verbonde aan die Vyf-faktor model die voorsiening van 'n omvattende beskrywing van beide normale asook abnormale persoonlikheids-funksionering. Studies wat uitgevoer is, het aangetoon dat abnormale eienskappe suksesvol in normale omstandighede bepaal kan word (sien afdeling 4.5.5.3).

### 4.6.4 Hulp aan geestesgesondheidswerkers

Volgens Miller (1991) en Chien, et al. (2007) beskik die Vyf-faktor model oor die potensiaal om beraders behulpsaam te wees met konsultasies in huwelike, gesinne, families en organisasies. Die Vyf-faktor model kan ook gebruik word in die opleiding van geestesgesondheidswerkers deur hulle in staat te stel om hoë risiko-groepe te identifiseer en gevolglik effektiewe strategieë daarvoor te ontwikkel (sien afdeling 4.5.5.3).

### 4.6.5 Humanistiese oriëntasie

Volgens Miller (1991) bestaan daar 'n groot diversiteit van individuele verskille in mense en die Vyf-faktor model verskaf 'n nuwe benadering tot die humanistiese filosofie en sielkunde. Miller het verklaar dat die model 'n meer objektiewe en deernisvolle *(compassionate)* benadering tot die verskille in menslike karakter toon.

### 4.6.6 Navorsing

Volgens Biesanz en West (2004), Grant en Langan-Fox (2007), Kosek (1999) asook Young en Schinka (2001) is die navorsing wat oor die *Groot Vyf* gedoen is, indrukwekkend. Navorsers soos Costa, Wiggins, Trapnell, John en Goldberg (in

Schmidt, et al. 1999) was van mening dat die Vyf-faktor model tussen 1984-1999 die dominante model vir navorsing van persoonlikheid geword het.

### 4.6.7 Geldigheid en betroubaarheid

Volgens McCrae en John (1992) beskik die Vyf-faktor model oor konvergente- sowel as diskriminante geldigheid (sien afdeling 4.5.2.2). Die NEO-PI-R (asook ander vraelyste van die Vyf-faktor model) is saam met ander meetinstrumente gebruik om sodoende die geldigheid van die Vyf-faktor model te bepaal. Meetinstrumente wat gebruik is, is onder andere die *Guilford-Zimmerman Temperament Survey* (GZTS), *Myers Briggs Type Indicator* (MBTI), *Eysenck Personality Inventory* (EPI), *Personality Research Form* (PRF), *Hogan Personality Inventory* (HPI) en *California Q-Set* (CQS).

### 4.6.8 Vraelyste van die Vyf-faktor model

Mottus, et al. (2006) en Rossier, et al. (2004) het verklaar dat die NEO-PI-R een van die mees omvattende en algemeen aanvaarde instrumente is wat tans gebruik word. Alhoewel die meetinstrument aanvanklik ontwerp is vir volwasse populasies, is aparte norms later vir kollege studente en kinders ontwerp. Volgens Botwin (1995) en Buchanan, et. al (2005) is die skale van die NEO-PI-R waardevol in die assessering van persoonlikheidstrekke in verskillende velde en hierdie skale kan as ‘n brug dien tussen navorsing in persoonlikheidsielkunde en toegepaste sielkunde (sien afdeling 4.5.4.3.1b&d).

### 4.6.9 Universeel en kruis-kultureel

Verskillende studies het aangetoon dat die Vyf-faktor model universeel sowel as kruis-kultureel toepasbaar is (sien afdeling 4.5.2.3). As 'n alternatief in die soeke na die basiese persoonlikheidstruktuur, het die Vyf-faktor model ontwikkel. Hierdie ontwikkeling het plaasgevind uit studies van natuurlike taal, leksikale benadering, asook in studies waar persoonlikheidsvraelyste gebruik is (Avia, et al. 1995).

Hierdie model kan op verskeie taalgroepe, kultuurgroepe, ouderdomsgroepe en ook geslag toegepas word (Anastasi, 1997; Barbaranelli, et al., 2003).

Die Vyf-faktor model is deur die navorser gekies om in die studie te gebruik omrede dié teorie die volgende voordele inhou: dit is geldig en betroubaar, kan kruis-kultureel toegepas word, is omvattend, baie navorsing is gedoen en die model kan in verskeie velde aangewend word. Verder bied die model ook 'n geldige en betroubare vraelys, naamlik die NEO-PI-R wat voorsiening vir waarnemers-beoordeling maak. Die Vyf-faktor model is ook reeds in psigobiografiese studies gebruik. Ogilvie se psigobiografiese studie in 2003 oor J. M. Barrie, die skrywer van Peter Pan (in McAdams, 2005) en die psigobiografiese studie oor Bruce Fordyce deur Morrison (2004) is voorbeelde waar die Vyf-faktor model toegepas is.

## 4.7 Kritiek teen die Vyf-faktor model van persoonlikheid

Soos uit bogenoemde bespreking blyk, bestaan daar heelwat redes waarom die Vyf-faktor model ‘n geskikte model is, maar soos Avia, et al. (1995) tereg opgemerk het, is die Vyf-faktor model nie vry van probleme en kritiek nie. Daar bestaan veral twee punte van kritiek teen die Vyf-faktor model, naamlik die beskrywende aard van die model asook kritiek teen die NEO-PI-R. Vervolgens gaan hierdie twee punte van kritiek bespreek word.

### 4.7.1 Beskrywende aard van die Vyf-faktor model

Verskeie navorsers (Anastasi, 1997; Dennissen, ter perse; Digman, 1997; McAdams, 2006) stem saam dat die Vyf-faktor model té beskrywend is en nie as ‘n teoretiese model van persoonlikheid kan dien nie. Volgens McAdams (in Digman, 1997) kan die Vyf-faktor model wel algemene trekke verklaar, maar nie uitsonderings op die reël nie. McCrae en Costa (1999) het hiervan verskil en volgens Muck, et al. (2007) sowel as O'Connor en Paunonen (2007) oorheers die Vyf-faktor model tans die navorsingsveld (sien afdeling 4.4.2).

### 4.7.2 Kritiek teen NEO-PI-R

Die grootste kritiek teen die NEO-PI-R is die gebrek aan geldigheidskale (Bagby & Marshall, 2003; Botwin, 1995; Juni, 1995). Mottus, et al. (2006), sowel as Juni (1995) het probleme ondervind met die taalgebruik van die vraelys, sowel as met sekere items in die handleiding van die NEO-PI-R. Hierdie kritiek is in afdeling 4.5.4.3.2 bespreek.

## 4.8 Psigobiografie en die Vyf-faktor model

Hierdie studie is egter ook 'n psigobiografiese studie en dus moet die verband tussen die Vyf-faktor model en psigobiografiese studies ook ondersoek word. McAdams (2005) het persoonlikheid as 'n unieke rangskikking van trekke, aanpassings *(adaptations)* en stories binne 'n spesifieke sosiale en historiese konteks gedefinieer. Hy het 'n drie-vlak model vir persoonlikheidskonstrukte voorgestel.

Met die eerste vlak wat hy die disposisionele trekke genoem het, word verwys na die breë, interne en vergelykende kenmerke van 'n individu wat die konsekwentheid in gedrag van een situasie na 'n ander kan weergee. Dit word gewoonlik gemeet deur middel van selfbeoordelingsvraelyste of waarnemer-beoordelings. Aangesien McAdams (2005) van mening was dat psigobiograwe heelwat van die disposisionele trekke kan leer, het hy byvoorbeeld aanbeveel dat 'n psigobiografiese weergawe van 'n individu se lewe met 'n disposisionele profiel behoort te begin.

Die tweede vlak wat die karakteristieke aanpassings genoem word, behels die motiverings-, sosiaal-kognitiewe en ontwikkelingsfasette van die individu wat in tyd, plek of sosiale rol gekontekstualiseer word. Hierdie vlak sluit die volgende in: huidige doelwitte, motiewe, waardes, oortuigings, verdedigingsmeganismes,

belangstellings, spesifieke vaardighede asook ontwikkelingstake wat die spesifieke maniere aandui waarop die individu by daaglikse gebeure aanpas.

Die derde vlak van McAdams (2005) se model behels die integrasie van lewenstories. Die vertolkende storie wat psigobiograwe rakende hul subjek vertel, stem nie noodwendig altyd ooreen met die vertelling van die subjek nie. Juis daarom moet psigobiograwe poog om die storie, soos wat die subjek dit sou vertel het, te verstaan, interpreteer en beskryf. McAdams (2005) het voorts verklaar dat stories wat psigobiograwe van subjekte vertel, op 'n kreatiewe wyse weergegee behoort te word.

Uitgebreide lewensnarratiewe studies deur McAdams, et al. (2004) het bevind dat disposisionele trekke en lewenstories somtyds op voorspelbare maniere met mekaar verband hou. In die algemeen het die trekke van ontvanklikheid, instemmendheid en neurose konsekwente en voorspelbare verbande met lewenstories getoon, terwyl pligsgetrouheid en ekstroversie nie voorspelbare verbande getoon het nie. Daar is byvoorbeeld gevind dat neurose positief met emosioneel negatiewe lewenstories (byvoorbeeld hartseer en vrees) gekorreleer het. Instemmendheid het positief gekorreleer met lewenstories wat verband hou met gemeenskapsgevoel (byvoorbeeld vriendskap en omgee), terwyl ekstroversie geen verband met positiewe lewenstories (byvoorbeeld vreugde en opwinding) getoon het nie. Die resultate van hul studies het ook getoon dat sekere *Groot Vyf* trekke betekenisvol verband hou met sekere aanduidings van toon, tema en struktuur in lewenstories.

## 4.9 Samevatting

Volgens Morrison (2004) kan die persoonlikheid van 'n individu nie ten volle verstaan word nie, maar dat persoonlikheidsteorieë wel kan help om meer insig in die individu se gedrag te verkry. Heelwat navorsing is oor persoonlikheidstrekteorieë gedoen en volgens Burger (2000) is die persoonlikheidstrekteorieë baie sterk gevestig. Great Ideas in Personality (2006)

het Burger se verklaring ondersteun deur te verklaar dat: *“Currently the most popular approach among psychologists for studying personality traits is the five-factor model or Big Five dimensions of personality”* (p. 1).

Volgens Ashton en Lee (ter perse), moet ‘n sesde dimensie, naamlik eerlikheid, by die Vyf-faktor model gevoeg word, waarna die model dan as die HEXACO-model bekend sal staan. Volgens hierdie navorsers is dit die rigting wat die Vyf-faktor model sal volg vir optimale funksionering. In hoofstuk 7 sal die bevindinge wat volgens die NEO-PI-R verkry is, bespreek word. Die volgende hoofstuk behels die voorlopige metodologiese oorwegings van die studie.

# HOOFSTUK 5

# VOORLOPIGE METODOLOGIESE OORWEGINGS

## 5.1 Hoofstukoorsig

’n Verskeidenheid definisies bestaan in die literatuur oor kwalitatiewe navorsing, maar opsommend kan dit as verkennend en naturalisties *(naturalistic)* van aard beskryf word. Kwalitatiewe navorsers beklemtoon ook die sosiaal gekonstrueerde aard van verskynsels en situasies (Denzin & Lincoln, 2000). Verder impliseer kwalitatiewe navorsing dat die wêreld waarin die ondersoek plaasvind, kompleks en dinamies is; asook dat navorsers aktief betrokke is by die navorsingsdeelnemers en hul omgewing (Banister, Burman, Parker, Taylor, & Tindall, 1994). Psigobiografiese navorsing verteenwoordig 'n bepaalde tipe of soort kwalitatiewe navorsing omrede dit persoonlike en sosiale ervarings van individue ondersoek, ontleed en beskryf (Stroud, 2004). Sekere metodologiese kwessies moet dus aangespreek word om te verseker dat die kwaliteit en geldigheid van die navorsingsproses behoue bly.

In hierdie hoofstuk word die klem op metodologiese kwessies geplaas asook die maniere waarop dit aangespreek kan word. Die metodologiese kwessies sal in drie afdelings beskryf word, naamlik: omskrywing, voorsorgmaatreëls en die toepassing van voorsorgmaatreëls. Die spesifieke voorsorgmaatreëls wat op die studie van De Wet van toepassing is, sal ook bespreek word.

## 5.2 Versekering van hoë kwaliteit en geldigheid in die kwalitatiewe navorsingsproses

Yardley (2000) het drie breë beginsels vir die evaluering van die kwaliteit van kwalitatiewe navorsing voorgestel. Volgens haar behels die eerste beginsel dat navorsers 'n sensitiwiteit teenoor die konteks van die studie behoort te openbaar. Sy het verskeie maniere voorgestel van hoe dit bereik kan word: (a) navorsers

kan substantief óf teoreties 'n bewustheid van die bestaande literatuur toon, (b) navorsers kan ook hul sensitiwiteit teenoor die konteks toon deur oplettend te wees vir sosio-kulturele faktore waarin die studie plaasvind en ag te slaan op die wyse waarop hierdie faktore die uitvoering van die studie, sowel as die resultate daarvan kan beïnvloed en laastens, (c) behoort navorsers sensitief te wees vir die verhouding met individue.

Yardley (2000) se tweede beginsel behels navorsers se betrokkenheid (*commitment*), nougesetheid (*rigour*), deursigtigheid (*transparency*) en samehorigheid (*coherence*) by die navorsing. Betrokkenheid kan gedemonstreer word deur navorsers se omvattende kennis van die betrokke veld, die ontwikkeling van hul bevoegdheid om kwalitatiewe metodes te gebruik, sowel as hul langdurige betrokkenheid by die navorsingsonderwerp van die studie. Nougesetheid verwys na die deeglikheid of noukeurigheid waarmee data-insameling en -ontleding uitgevoer word. Deursigtigheid en samehorigheid hou onderskeidelik verband met die duidelikheid en oortuigingskrag waarmee die studie beskryf word en kan ook verwys na die duidelike omskrywing van die verskillende stappe wat in die navorsingsproses gevolg is (W. T. Schultz, 2005a).

Yardley (2000) se derde beginsel verwys na die belangrikheid en impak van die navorsing. Sy het geargumenteer dat die deurslaggewende kriteria waarmee kwalitatiewe navorsing beoordeel behoort te word, die impak en bruikbaarheid daarvan illustreer. Vrae kan byvoorbeeld gevra word of die navorsing enige lig werp op bestaande navorsingsvraagstukke, en of die studie 'n bydrae tot die sosio-kulturele konteks lewer.

Volgens R. Elliot, Fisher en Rennie (1999) bestaan daar verdere riglyne om die kwaliteit van kwalitatiewe navorsing te verseker. Hulle het genoem dat kwalitatiewe navorsers hul eie teoretiese oriëntasies sowel as persoonlike waardes en aannames behoort te spesifiseer. Dit kan lesers in staat stel om navorsers se data te verstaan en te interpreteer asook om ander alternatiewe interpretasies te oorweeg. Verder behoort navorsingsdeelnemers en lewensomstandighede

noukeurig beskryf te word sodat die lesers die geldigheid en toepaslikheid van die bevindinge kan evalueer.

R. Elliot et al. (1999) het voorts gemeld dat data-ontleding gebruik moet word om die toepaslikheid van die data en navorsers se interpretasie daarvan, te evalueer. Kwalitatiewe navorsers se aanbieding behoort ook vir geloofwaardigheid getoets te word. Dit kan gedoen word deur vergelykings met die data-interpretasies van ander navorsers of deelnemers, asook deur middel van die toepassing van ander ontledingsmetodes met betrekking tot dieselfde onderwerp (byvoorbeeld ander kwalitatiewe en kwantitatiewe ondersoeke).

Volgens Smith (2003a) is onafhanklike verifikasie 'n verdere evalueringsmetode vir kwaliteitversekering. Dit kan op verskeie maniere uitgevoer word. Navorsers wat nie by die navorsingsprojek betrokke was nie, kan genader word om 'n onafhanklike verifikasie van die studie te doen; of studieleiers kan self verifikasies van hul studente se werk doen.

Kwalitatiewe navorsing hou verskeie voordele in. Volgens Miles en Huberman (1994) is kwalitatiewe navorsingsdata 'n bron van gegronde (*well grounded*), ryk beskrywings (*rich descriptions*) en verduidelikings van verskynsels en prosesse. Kwalitatiewe data kan ook chronologies aangebied word om te bepaal wat die verband tussen gebeure en bepaalde gevolge is. Verder kan daar ook waardevolle en bruikbare afleidings van kwalitatiewe data gemaak word. Kwalitatiewe data met hoë kwaliteit kan aanleiding gee tot verrassende (*serendipitous*) bevindinge en nuwe interpretasies wat deur 'n hoër mate van onbetwisbaarheid gekenmerk word.

Volgens Miles en Huberman (1994), sowel as Myers (2000) bestaan daar sekere nadele met betrekking tot kwalitatiewe navorsing. Hieronder tel onder andere: (a) navorsersvooroordeel, (b) die geloofwaardigheid en kwaliteit van gevolgtrekkings asook die veralgemening daarvan, (c) die werksintensiteit van data-insameling, (d) data oorbelading, (e) sperdatums om die data te prosesseer en te kodeer sowel as (f) geldigheid van steekproewe wanneer slegs 'n paar gevalle verkry kan word.

Navorsersvooroordeel kan problematies wees, aangesien kwalitatiewe navorsers die primêre instrument in data-insameling en -ontleding is. Data word verwerk deur 'n menslike instrument eerder as deur vraelyste of rekenaars. Wat die werksintensiteit van data-insameling betref, word navorsers belaai met 'n groot hoeveelheid ingesamelde data wat ontleed en verwerk moet word. A. L. Strauss (1987) het dit soos volg gestel: *"Data collection never entirely ceases because coding and memoing continue to raise fresh questions that can only be addressed by the gathering of new data or the examining of previous data" (p. 27)*. Hierdie groot hoeveelhede data kan lei tot oorbelading wat weer tot gevolg het dat sperdatums moeilik bereikbaar is vanweë die magdom data wat geprosesseer moet word. Enkel kwalitatiewe studies is volgens Stake (in Myers, 2000) nie geskik vir veralgemening nie. T. van Niekerk (2003) het egter gemeld dat kwalitatiewe studies normaalweg 'n klein steekproef behels wat ten doel het om ‘n in-diepte begrip te vorm van die aspek onder bespreking. Die geldigheid van klein steekproewe word ook as 'n probleem genoem, maar Hamel, Dufour en Fortin (in Myers, 2000) het egter gemeld dat elke studie geldig is, mits die grense duidelik afgebaken is deur die doel van die studie.

## 5.3 Psigobiografiese navorsing en metodologiese oorwegings daaraan verbonde

Soos reeds verduidelik, behels psigobiografiese navorsing die sistematiese gebruik van sielkundige (veral persoonlikheids-) teorieë om die lewens van bekende, enigmatiese (*enigmatic*) of buitengewone (*paradigmatic*) individue se lewens op samehangende en insiggewende maniere te vertolk (McAdams, 1988; W. T. Schultz, 2005b).

Sedert Freud sy werk *Leonardo da Vinci and a Memory of his Childhood* (1910/1957) voltooi het, is heelwat navorsing met betrekking tot psigobiografiese studies gedoen. Die skryf van ‘n oortuigende psigobiografie bly egter ‘n moeilike en veeleisende taak, aangesien hierdie tipe studies met beperkings en hindernisse gekonfronteer word wat nie normaalweg met ander tipes navorsing ondervind word nie (McAdams, 1994; W. T. Schultz, 2005a). Volgens J. W. Anderson (1981b)

ontlok weinig sielkundige navorsingsmetodes soveel kritiek as psigobiografiese studies. Runyan (1983) het verklaar dat baie van hierdie kritiek op die idiografiese aard van psigobiografiese navorsing fokus.

Voordat psigobiografiese studies onderneem kan word, moet navorsers kennis neem van die moontlike beperkinge en tekortkominge van dié benadering (Fouché, 1999). Hierdie metodologiese oorwegings, sowel as meganismes om die invloed daarvan te beperk, word vervolgens bespreek. Die verskillende metodologiese oorwegings word eerstens gedefinieer, waarna die betrokke voorsorgmaatreëls bespreek sal word en laastens word die toepassing van die voorsorgmaatreëls in hierdie studie uitgelig.

### 5.3.1 Reduksie

#### 5.3.1.1 Beskrywing

Reduksie kom gewoonlik voor wanneer volwasse persoonlikheidstrekke en gedrag in terme van ondervindinge in die vroeë kinderjare verduidelik word terwyl latere formatiewe prosesse se invloed gering geskat word (Runyan, 1984). W. T. Schultz (2005a) het egter gemaan dat die invloed van kinderjare beduidend kan wees en nie geïgnoreer moet word nie (sien afdeling 2.8.1).

Volgens Runyan (1988b) neem heelwat psigobiografiese studies nie die komplekse sosio-historiese en kulturele konteks waarin individue se lewe gevorm is, voldoende in ag nie wat meebring dat kritiek teen reduksie gevolglik ontstaan het. Een punt van kritiek is dat sielkundige faktore ten koste van eksterne sosiale en historiese faktore oorbeklemtoon word (J. W. Anderson, 2005). Nog 'n punt van kritiek is volgens Elms (1994) oorpatologisering (sien afdeling 2.8.1).

Volgens J. W. Anderson (1981a) aanvaar psigobiograwe dat die aanwending van bestaande sielkundige formules *(formulas)* volledige beskrywings van die volwasse persoonlikheid en gedrag sal verskaf. Hierdie beskrywings is op twee foutiewe aannames gebaseer waarvan die eerste is dat 'n een-dimensionele ontleding voldoende is om komplekse sielkundige dimensies van individue se

lewens-geskiedenis te kan verduidelik. Die tweede foutiewe aanname is dat sielkundige faktore individue se persoonlikheid ten volle beskryf en dat ander faktore soos kulturele- en historiese faktore irrelevant is.

#### 5.3.1.2 Voorsorgmaatreëls

Om reduksie teen te werk kan verskeie voorsorgmaatreëls geïmplementeer word. J. W. Anderson (1981a) en Howe (1997) het aanbeveel dat individue holisties beskou moet word deur begrip te toon vir die kompleksiteit van individue se persoonlikhede, eerder as om te aanvaar dat alle sielkundige ontledings die wese van 'n persoon kan beskryf. Verder behoort die uitermatige gebruik van sielkundige terminologie vermy te word, aangesien dit die indruk kan skep dat voldoende verduidelikings verskaf is, wat nie noodwendig die waarheid is nie (Runyan, 1988b).

Die gebruik van verskeie bronne in die proses van data-insameling en -ontleding kan ook reduksie verminder (Runyan, 1988b; Silverman, 2005). Volgens J. W. Anderson (1981a) is sielkundige biografieë so goed soos die navorsing waarop dit gebaseer is. Interpretasies, hoe oortuigend ookal, is onakkuraat indien die inligting waarop dit gebaseer is onakkuraat is. Volgens Elms (1994) is dit beter om 'n gesondheidsgeoriënteerde (*eugraphic*) benadering eerder as 'n patologie-georiënteerde (*pathographic*) benadering tydens die navorsing te gebruik. Die gebruik van 'n gesondheidsgeoriënteerde benadering minimaliseer die moontlikheid van ontstaanleer en oorpatologisering (sien afdeling 2.8.1).

#### 5.3.1.3 Toepassing van voorsorgmaatreëls in studie

Om die probleem van reduksie so effektief moontlik in hierdie studie teen te werk, het die navorser 'n uitgebreide en deeglike literatuurstudie onderneem. Die literatuurstudie het verskeie bronne behels asook literatuur wat met die sosio-historiese kultuur waarbinne die individu geleef het, verband hou (Farwell, 1976; F. Jacobs, 2005; Pakenham, 1999; Pretorius, 1999).

In dié studie is 'n persoonlikheidsbeskrywingsmodel op die lewensverloop van die individu toegepas. Die gebruik van die lewensverloopbenadering werk dus die moontlikheid van ontstaanleer teë. Die model het ook gefokus op die persoonlikheidseienskappe van die individu en sodoende is 'n patologie-georiënteerde benadering uitgeskakel. Die navorser het slegs waar nodig, sielkundige terme gebruik en eerder algemene, verstaanbare terme gebruik om sodoende reduksie teen te werk.

### 5.3.2 Navorservooroordeel

#### 5.3.2.1 Beskrywing

Navorservooroordeel is een van die grootste slaggate van psigobiografiese navorsing. Dit verwys na die neiging van navorsers om individue te kritiseer of te idealiseer (Elms, 1994, 2005; W. J. Schurink, 1988). Die omslagtige en in-diepte aard van psigobiografiese navorsing bring mee dat teenoordrag dikwels by navorsers ontwikkel. Volgens J. W. Anderson (1981a) is hierdie emosionele reaksie gewoonlik onbewustelik of nie-opsetlik van aard. Freud (in Elms, 1994) het navorsers daarteen gewaarsku om individue wat geïdealiseer of verafsku word, te vermy wanneer psigobiografiese studies uitgevoer word.

#### 5.3.2.2 Voorsorgmaatreëls

Navorservooroordeel kan beperk word deur die implementering van sekere voorsorgmaatreëls. Hierdie voorsorgmaatreëls behels byvoorbeeld dat navorsers gedurende die navorsingsproses self-bewustheid moet behou en hul gevoelens teenoor die individu deurlopend moet evalueer. Dit kan byvoorbeeld gedoen word deur 'n bylaag by die navorsingsverslag in te sluit waarin navorsers hulle gevoelens jeens die individu dokumenteer, asook redes verskaf waarom hulle 'n studie oor 'n bepaalde individu doen (J. W. Anderson, 1981a, 1981b). Wills (2007) het dit verder beklemtoon dat navorsers nie moet voorgee dat hulle objektief is as dit nie die geval is nie. Volgens hom moet navorsers hulle werklike gevoelens en houdings verkieslik in die inleiding van hul studies weergee.

Empatie teenoor individue is 'n verdere voorsorgmaatreël wat navorsers kan help om konstruktief met navorsingsdeelnemers om te gaan (J. W. Anderson, 1981a; Patton, 1990). Navorsers kan byvoorbeeld alternatiewe opinies van betrokke individue verkry, asook van ander biografiese kenners wat in 'n posisie is om kommentaar te lewer oor die aard van psigobiograwe se verhouding met die individue. In gevalle waar individue nog lewe, kan hulle toegelaat word om self kommentaar te lewer op die navorser-subjek verhouding (J. W. Anderson, 1981a; W. J. Schurink, 1988).

#### 5.3.2.3 Toepassing van voorsorgmaatreëls in studie

Met die wete dat die studie vir evaluering voorgelê moet word, het die navorser probeer om idealisering en neerhalendheid teenoor die individu te beperk. Die navorser het ook gevoelens teenoor die individu met die supervisor bespreek.

### 5.3.3 Afwesige individu

#### 5.3.3.1 Beskrywing

Sommige kritici (in J. W. Anderson, 1981b) is van mening dat psigobiograwe, in vergelyking met psigoterapeute, in 'n ongunstige posisie is aangesien psigobiograwe van beperkte historiese data afhanklik is, terwyl psigoterapeute inligting direk van pasiënte verkry. In psigobiografiese studies kan die afwesigheid van individue problematies wees aangesien psigobiograwe 'n geheelbeeld van individue se lewens uit geskrewe dokumente moet saamstel.

Daar is wel verskeie aspekte waar psigobiograwe, in teenstelling met psigoterapeute, in 'n gunstige posisie verkeer. Volgens Mazlish (1981) het psigobiograwe toegang tot 'n verskeidenheid bronne in plaas van slegs een pasiënt van psigoterapeute. Hierdie bronne kan familie, vriende, kollegas of ander biograwe wat ook die lewe van spesifieke individue bestudeer het, insluit. 'n

Verdere voordeel is dat individue se dagboeke, openbare toesprake, geskrewe boeke, tekeninge en ander skeppings ook nagevors kan word (Runyan, 1982).

J. W. Anderson (1981a) het daarop gewys dat daar addisionele voordele vir psigobiografiese navorsing bestaan indien individue tot redelik onlangs geleef het. In sulke gevalle is dit dan vir psigobiograwe moontlik om onderhoude te voer met persone wat die betrokke individue geken het.

#### 5.3.3.2 Voorsorgmaatreëls

In 'n poging om ’n in-diepte ontleding van afwesige individue te doen, moet psigobiografiese navorsers persoonlike data wat verband hou met individue versamel en vergelyk. Uitgebreide literatuurstudies kan navorsers tot waarde wees in hulle ontleding van afwesige individue. Glad (in J. W. Anderson, 1981a) het voorgestel dat psigobiograwe ook gebruik moet maak van mediese en psigiatriese rekords indien dit beskikbaar is. Vindingryke navorsers sal voorts daarop ingestel wees om alternatiewe bronne in hul soektogte te gebruik.

#### 5.3.3.3 Toepassing van voorsorgmaatreëls in studie

Die kritiek dat psigobiograwe minder toegang tot persoonlike data van afwesige individue het, is grootliks teëgewerk deur 'n intensiewe literatuurstudie van dokumente met 'n meer persoonlike en intieme aard. Dit het die volgende behels:

- biografieë deur vriende, byvoorbeeld: *Christiaan de Wet* deur Kestell (1920), *Commando. A Boer journal of the Boer war* deur Reitz (1929), en *Seven months of commando* deur Tringh (ter perse);

- 'n boek genaamd *C R de Wet in die Kaapkolonie* deur De Villiers (1999) met beskrywings van De Wet deur mense wat persoonlike kontak met hom gehad het;

- akademiese studies van De Wet deur onder andere A. J. Pienaar (1975), Pretorius (1975), Rossouw (2003), A. J. McLeod (2004) en Van Schoor (2007). Die akademiese werk, *Eerste dryfjag op Hoofkmdt. C.R. de Wet* deur Pretorius (1975) is ook in die Christiaan De Wet-annale gepubliseer;

- akademiese studies rakende die Anglo-boereoolog deur Changuion (2000), A. J. McLeod en Pretorius (2002), A. J. McLeod (2005) asook Wassermann (2005);

- 'n bloemlesing getiteld *Generaal C R de Wet, 'n Bloemlesing* deur Van Schoor (2000);

- historiese werke: *Life on commando during the Anglo-Boer War. 1899-1902* deur Pretorius (1999), *Die Boere-oorlog* deur Pakenham (1999), *Op kommando met Steyn en De Wet* deur F. F. Pienaar (2000), *Generaal Christiaan de Wet as Veldheer* deur L. Scholtz (2003), *Die smarte van oorlog* deur Alberts (2005) en *De La Rey. 'n Stryd vir vryheid* deur Raath (2008).

### 5.3.4 Kruis-kulturele verskille

#### 5.3.4.1 Beskrywing

Psigobiografiese navorsing is 'n vorm van kruis-kulturele navorsing gegewe die feit dat daar aansienlike konteksverskille bestaan in die leef- en werkswêreld van individue teenoor navorsers. Hierdie stelling is nie van toepassing op onlange studies nie (J. W. Anderson, 1981a, 1981b). Om die rede mag hedendaagse sielkundige konsepte dus nie noodwendig toepaslik wees op die gedrag van die individue nie, en word kruis-kulturele faktore nie in ag geneem nie (Yardley, 2000).

#### 5.3.4.2 Voorsorgmaatreëls

Aangesien kruis-kulturele aanwendings van sielkundige konsepte dikwels gekritiseer word, het J. W. Anderson (1981a, 1981b) aanbeveel dat navorsers as

voorsorgmaatreël uitgebreide en in-diepte historiese ondersoeke moet onderneem, om sodoende empatiese begrip vir die kultuur waarin individue geleef het, te ontwikkel. Hiervolgens behoort psigobiografiese navorsers dieselfde benadering as dié van antropoloë te volg, aangesien hierdie benadering vereis dat daar soveel moontlik van die kultuur - vanuit die oogpunt van die persone wat daarin geleef het - te wete gekom behoort te word. Dit kan vervolgens gedoen word deur middel van onderhoudvoering met persone wat hierdie individue se kulturele waardes gedeel het.

#### 5.3.4.3 Toepassing van voorsorgmaatreëls in studie

Die politieke, historiese, ekonomiese en kulturele periode waarin De Wet geleef het, verskil van die navorser se omstandighede. In 'n poging om die kultuur van De Wet te verstaan, het die navorser op die sosiale en historiese tydperk (De Jager, 2000; Evans, 2000; Giliomee, 2004; Pretorius, 2001b) gefokus om sodoende groter sensitiwiteit aan te kweek.

### 5.3.5 Eksklusiwiteitskritiek en eenvoudige navorsingsontwerp

#### 5.3.5.1 Beskrywing

Kritiek word op psigobiografiese navorsing gelewer ten opsigte van die ontwerp en metode daarvan, asook omdat dit op ‘n eksklusiewe mark gerig is (Runyan, 1988b). Volgens Runyan het kritici beweer dat psigobiograwe te veel klem lê op koninklikes, politieke- en militêre leiers, terwyl lewensondervindings van die massa geïgnoreer word. Runyan het verklaar dat psigobiografiese navorsing 'n benadering is wat die bestudering van lewens uit enige sosiale klas behels waar individue op grond van hulle persoonlike kenmerke gekies word, eerder as die sosiale klas wat hulle verteenwoordig.

Kritici (in Runyan, 1988b) het beweer dat psigobiografiese studies 'n maklike vorm van navorsing is, aangesien daar 'n voor-die-handliggende formaat bestaan wat gebaseer is op die geboorte, lewensverloop en dood van individue. Runyan het

geargumenteer dat oppervlakkige psigobiografiese studies maklik en vinnig geskryf kan word terwyl “goeie” psigobiografiese studies die gebruik van meervoudige bronne, uitgebreide kennis van individue se sosio-kulturele konteks, sielkundige kennis en literêre vaardigheid vereis.

#### 5.3.5.2 Voorsorgmaatreëls

Psigobiografiese navorsing word in ‘n redelike mate gekritiseer as gevolg van die eksklusiewe aard daarvan, asook die feit dat die navorsingsmetode as relatief eenvoudig beskou word. Hierdie kritiek kan egter beperk word wanneer navorsers verseker dat individue nie net op grond van hul gewildheid gekies word nie, maar ook ten opsigte van hul rol in die gemeenskap en samelewing.

#### 5.3.5.3 Toepassing van voorsorgmaatreëls in studie

Die keuse van De Wet as onderwerp van hierdie studie is gebaseer op sy persoonlike eienskappe en unieke militêre prestasies terwyl hy as 'n gewone burger, sonder enige militêre opleiding, in die Anglo-Boereoorlog geveg het. Eksklusiwiteitskritiek is dus nie van toepassing op hierdie navorsing nie.

In hierdie studie word die kritiek van 'n eenvoudige studie teëgewerk deur die omvangryke navorsing oor De Wet se lewe en prestasies. Die multi-dimensionele of holistiese aard van De Wet se persoonlikheid en lewe maak hierdie dus 'n komplekse studie. Dit kan ook genoem word dat beskikbare biografieë oor De Wet van 'n nie-sielkundige aard is. Die psigobiografiese studie van De Wet is 'n akademiese studie met die fokus op sy sielkundige eienskappe.

### 5.3.6 Oordrewe verwagtinge

#### 5.3.6.1 Beskrywing

Sommige psigobiograwe (in Anderson, 1981a) was van mening dat die aanwending van enige sielkundige teorie die kompleksiteit van individue kan

weerspieël. Volgens Edel (in Anderson, 1981a) behoort psigobiograwe twee spesifieke beperkings van psigobiografiese studies in gedagte te hou, naamlik dat sielkundige verklarings nie ander tipe verklarings vervang nie, maar eerder aanvul. Tweedens moet psigobiograwe se verduidelikings bloot as spekulatief gesien word en nie as die finale woord rakende individue beskou word nie.

#### 5.3.6.2 Voorsorgmaatreëls

Om bogenoemde oordrewe verwagtinge teen te werk, moet navorsers erken dat psigobiografiese studies primêr vanuit 'n sielkundige benadering gedoen word en dat navorsers derhalwe nie die volle kompleksiteit van buitengewone persone kan blootlê nie.

#### 5.3.6.3 Toepassing van voorsorgmaatreëls in studie

Alhoewel De Wet 'n komplekse individu was, fokus hierdie studie spesifiek op sy persoonlikheidseienskappe. Die Vyf-faktor persoonlikheidsteorie van Costa en McCrae (Pervin & John, 2001) is in hierdie studie gebruik. Hierdie persoonlikheidsteorie het aan die nodige vereistes soos geldigheid, universele toepasbaarheid, geskikte taalgebruik en omvattendheid voldoen (sien afdeling 4.7). Verder beskik die Vyf-faktor model oor 'n geldige en betroubare vraelys, naamlik die NEO-PI-R. Die navorser is van opinie dat die verwagtinge realisties is in terme van die oogmerke van die studie.

### 5.3.7 Groot hoeveelhede biografiese data

#### 5.3.7.1 Beskrywing

Een van die grootste probleme van psigobiografiese studies is dat navorsers met 'n groot hoeveelheid biografiese data gekonfronteer word (McAdams, 1994; A. L. Strauss, 1987). Volgens J. W. Anderson (1981b), sowel as Adams en Schvaneveldt (1985) kan die verdeelde-helfte *(split-half)* metode gebruik word om dié probleem te hanteer. Die ingesamelde data word eerstens in twee dele

verdeel. Die eerste gedeelte van die biografiese data word slegs gebruik vir die identifisering van die teoretiese proposisies en konstrukte, terwyl die tweede gedeelte gebruik word om die inligting te ondersoek om dit sodoende met die eerste deel te vergelyk en te toets. Hierdie metode word gewoonlik deur kwantitatiewe navorsers gebruik, maar psigobiografiese navorsers kan ook daarvan gebruik maak.

Miles en Huberman (1994) het databestuur gedefinieer as die metode wat nodig is vir 'n sistematiese en koherente proses van data-insameling, -storing en -onttrekking. Databestuur is daarop gemik om die volgende te verseker: (a) hoë kwaliteit data, (b) dokumentasie van ontledings wat uitgevoer is en (c) behoud en beskerming van data, sowel as verbandhoudende ontledings na voltooiing van die studie (Levine, 2001; Wolfe, 2001). Volgens Miles en Huberman behels data-ontleding drie verwante subprosesse, naamlik (a) data reduksie, (b) data voorstelling en (c) gevolgtrekkings of verifikasies.

#### 5.3.7.2 Voorsorgmaatreëls

Om die uitdaging van oneindige hoeveelheid data te hanteer, het Alexander (1988) voorgestel dat persoonlike data op twee maniere benader word om dit in hanteerbare hoeveelhede te verdeel. Die eerste metode behels die identifisering van belangrike data, asook die sortering van hierdie data deur gebruik te maak van nege kategorieë. Hierdie nege kategorieë staan as die hoofaanwysers van treffende *(salient)* data bekend en behels die volgende: (a) voorrang (*primacy*), (b) frekwensie (*frequency*), (c) uniekheid (*uniqueness*), (d) ontkenning (*negation*), (e) klem (*emphasis*), (f) weglating (*omission*), (g) verdraaiing (*error*), (h) isolasie (*isolation*) en (i) onvolledigheid (*incompletion*).

Die tweede metode wat Alexander (1988) voorgestel het behels vraagstelling met spesifieke toepassing op die data. 'n Voorbeeld van so 'n vraag is: “Watter gedeeltes van die materiaal sal navorsers in staat stel om die persoonlikheidseienskappe van individue te ondersoek en te beskryf?” Hierdie tegniek word deur psigobiograwe aangewend om groot hoeveelhede data volgens antwoorde op spesifieke vrae te sorteer.

#### 5.3.7.3 Toepassing van voorsorgmaatreëls in studie

Die navorser het tydens hierdie studie verskillende metodes aangewend om die groot hoeveelheid beskikbare data sinvol te prosesseer. Die primêre en sekondêre bronne van data wat in hierdie navorsingstudie gebruik is, is gepubliseerde dokumente omrede dit gerieflik en maklik bekombaar is en op 'n langtermynbasis beskikbaar was.

### 5.3.8 Geldigheid en betroubaarheid

#### 5.3.8.1 Beskrywing

Die mees algemene kritiek teen psigobiografiese studies hou verband met die geldigheid en betroubaarheid as 'n idiografiese benadering (Runyan, 1983). Dit kan toegeskryf word aan die gebrek aan kontrole wanneer die gevalstudie-benadering gevolg word, sowel as probleme met die veralgemening daarvan (Runyan, 1988b). Yin (2003a) het aangedui dat die geldigheid en betroubaarheid van gevalstudies (byvoorbeeld psigobiografiese studies) aan die hand van vier kriteria beoordeel kan word, naamlik (a) interne geldigheid, (b) eksterne geldigheid, (c) konstrukgeldigheid en (d) betroubaarheid.

Interne geldigheid beteken die mate waartoe enige alternatiewe verklarings van die resultate uitgeskakel kan word. Enige ander veranderlike wat 'n moontlike verklaring van die afhanklike veranderlike mag wees, is 'n bedreiging vir die interne geldigheid van 'n navorsingstudie (Dooley, 1995). Faktore soos byvoorbeeld geskiedenis, veroudering, toetsing, instrumentasie, statistiese regressie, seleksie vooroordeel en afslyting *(attrition)* word as bedreigings vir interne geldigheid beskou (Adams & Schvaneveldt, 1985; Kazdin, 1982).

Eksterne geldigheid verwys na die veralgemeenbaarheid van navorsingsresultate na byvoorbeeld ander populasies, tye en situasies waar dieselfde navorsingsvraag steeds van toepassing is (Dooley, 1995; Huysamen, 1983). Volgens Runyan

(1988) is die grootste kritiek teen idiografiese studies juis die probleem van veralgemening. Faktore wat die veralgemening van die resultate kan verhinder, word bedreigings van eksterne geldigheid genoem. Die volgende is voorbeelde van hierdie bedreigings: reaktiewe gevolge, interaksie tussen seleksie vooroordeel en die onafhanklike veranderlike, ekologiese geldigheid, voortoets sensitisering, en die toepassing van meervoudige behandelings (Adams & Schvaneveldt, 1985; Kazdin, 1982).

Konstrukgeldigheid is volgens Huysamen (1980) en Smit (1983a) die mate waarin die teoretiese konstruk werklik meet wat dit veronderstel is om te meet. Die navorser moet versigtig en duidelik die spesifieke konstrukte of veranderlikes wat gebruik gaan word, konseptualiseer. Die konseptualisering behoort ondubbelsinnig en in verhouding tot die oorspronklike doel van die studie te staan (Murphy & Davidshofer, 2001; Yin, 2003a).

Betroubaarheid is volgens Loewenthal (2001) konsekwentheid. Gravetter en Wallnau (1999) het betroubaarheid soos volg gedefinieer: *"When you think about reliability, think CONSISTENCY"* (Aangehaal in Loewenthal, 2001, p. 5). Volgens Yin (2003a) verseker betroubaarheid dat wanneer navorsers dieselfde prosedure van 'n vorige ondersoek volg, dieselfde resultate as die vorige studie verkry sal word. Die doel van betroubaarheid is dus volgens Yin die minimalisering van foute en vooroordele in studies. Huysamen (1983) het verder verklaar dat betroubaarheid 'n noodsaaklike, maar nie voldoende vereiste vir geldigheid is nie. Adams en Schvaneveldt (1985) het die mening uitgespreek dat onafhanklike replisering die kern van betroubare navorsing is. Psigobiograwe is dit dus genoodsaak om bogenoemde vier kriteria vir die geldigheid en betroubaarheid van die navorsing in ag te neem.

#### 5.3.8.2 Voorsorgmaatreëls

Volgens Rudestam en Newton (in Stroud, 2004) kan die geldigheid en betroubaarheid van psigobiografiese gevolgtrekkings verhoog word deur die toepassing van strukturele stawing (*structural corroboration*). Strukturele stawing

verwys na die bekragtiging, verifiëring of bevestiging van die korrektheid van data wat bestudeer word en kan gedoen word deur sorgvuldige- en in-diepte bestudering van die literatuur (Adams & Schvaneveldt, 1985).

Banister, et al. (1994) het verklaar dat gevalstudie-navorsing, soos psigobiografiese navorsing, altyd 'n sekere mate van triangulasie behoort te bevat. Triangulasie kan beskryf word as die benutting van 'n kombinasie van metodes, navorsers, evalueerders of perspektiewe om die interne geldigheid van die studie te verhoog. Triangulasie kan op beide kwantitatiewe- en kwalitatiewe data toegepas word (Duffy, 1998). Patton (1987) het vier tipes triangulasie genoem wat gebruik kan word om interne geldigheid te verhoog, naamlik: data triangulasie, navorser triangulasie, teoretiese triangulasie en metodologiese trangulasie.

Eksterne geldigheid het te doen met veralgemening en volgens Yin (2003a) moet navorsers, soos byvoorbeeld psigobiograwe, nie probeer om studies te veralgemeen na ander studies of die groter populasie nie, maar eerder om die spesifieke bevindinge van studies na 'n breër teorie te veralgemeen. Dit staan bekend as analitiese veralgemening. Voorsorgmaatreëls wat in gedagte gehou kan word is dat die teorie spesifieke stellings moet insluit en dat die omstandighede waarbinne hierdie stellings as korrek aanvaar word, duidelik omskryf behoort te word. Die enkelgevalstudie kan gebruik word om te bepaal of die teorie se stellings korrek is en of alternatiewe verklarings nie dalk meer korrek is nie.

Om konstrukgeldigheid te verseker, moet navorsers spesifieke konstrukte met omsigtigheid kies en hierdie konstrukte of veranderlikes moet duidelik gekonseptualiseer word. Duidelike beskrywings van die konsepte stel navorsers in staat om te besluit watter aanwysers of konstrukte gebruik sal word gedurende die data-insamelingsproses (Yin, 2003a).

Psigobiogawe kan die betroubaarheid van studies verhoog deur van kodering gebruik te maak gedurende insameling van rou data. Huberman en Miles (1994) beskryf kodering soos volg:

> *Coding is analysis. This part of analysis involves how you differentiate and combine the data you have retrieved and the reflections you make about this information. Codes are tags or labels for assigning units of meaning to the descriptive or inferential information compiled during a study.* (p. 56)

Fouché (1998) het verder genoem dat 'n koderingstelsel konsekwent en samevattend behoort te wees.

Volgens Halpern (in Morse, 1994) behoort sorgvuldige dokumentasie van navorsingstudies lesers in staat te stel om navorsingsprosesse met gemak te kan volg. Yin (1994) het hierdie aanname van Halpern ondersteun en verder gemeld dat lesers die navorsingsproses in enige rigting behoort te kan volg – vanaf die navorsingsvraag tot by die gevolgtrekking, óf vanaf die gevolgtrekking na die navorsingsvraag. Die sogenaamde ouditspoor bestaan uit ses tipes dokumentasie, naamlik: (a) rou data, (b) data reduksie en ontledingsprodukte, (c) data rekonstruksie en sintese produkte, (d) prosesnotas, (e) materiaal wat verband hou met intensies en disposisies, asook (f) instrument-ontwikkelingsinligting. Wanneer navorsing volgens hierdie riglyne geskied, kan resultate van gevalstudies deur middel van ouditspore kruis gekontroleer word (Flick, 2007).

#### 5.3.8.3 Toepassing van voorsorgmaatreëls in studie

Geldigheid en betroubaarheid is met hierdie psigobiografiese studie in ag geneem. Die primêre doel van hierdie studie was om die persoonlikheidseienskappe van die individu te beskryf. As gevolg daarvan is interne geldigheid nie 'n groot bekommernisfaktor binne hierdie studie nie aangesien interne geldigheid relevant is vir toevallige gevalstudies en nie van toepassing is op ondersoekende of beskrywende gevalstudies nie. Volgens Yin (1994) is interne geldigheid slegs op toevallige gevalstudies van toepassing, waar navorsers moet bepaal of geval *"x"* tot geval *"y"* gelei het. Dit was egter belangrik om deurgaans 'n hoë vlak van

geloofwaardigheid met die algemene afleidings deur die studie te behou. Dit is gedoen deur:

- in-diepte en sistematiese bestudering van literatuur rakende die lewe van De Wet;
- die gebruikmaking van data triangulasie. Meervoudige bronne is gebruik en gekontroleer deur kruisverwysings om verskillende weergawes van die literatuur te beperk;
- navorser triangulasie waar die promotor van hierdie studie kommentaar en terugvoering oor die data-insameling en ontledingsprosedures voorsien het.

Eksterne geldigheid is nie van kardinale belang binne die studie gereken nie, aangesien die doel nie was om die bevindinge na 'n groter groep te veralgemeen nie. Die bevindinge met betrekking tot De Wet se persoonlikheid is vergelyk met en veralgemeen na die breër konsep van militêre prestasies. Dit is gedoen deur eienskappe van militêre leierskap, soos deur verskillende kenners (Bass & Stogdill, 1990; De Vries, 1987; Lass, 1975; Taylor & Rosenbach, 2000; Von Clausewitz, 1976) beskryf, met dié van De Wet te vergelyk.

In 'n poging om die kritiek van lae konstruksiegeldigheid te voorkom, het die navorser die lewensverloop van die individu, sowel as die persoonlikheidsteorie, op 'n duidelike en ondubbelsinnige manier gekonseptualiseer. Die konseptualisering van hierdie konstrukte is gebaseer op die Vyf-faktor model (Digman, 1996; McCrae & Costa, 1999) wat in die studie gebruik is (sien hoofstuk 4).

Die betroubaarheid van die studie is verhoog deurdat die navorser 'n eenvoudige en konsekwente kodestelsel gevolg het. Die kodestelsel het bestaan uit 'n gerekenariseerde databasis met verskillende afdelings waarvolgens die data gesorteer is. Die stelsel is saamgestel op grond van die persoonlikheidseienskappe van De Wet en die dertig persoonlikheidsfasette wat in die genoemde Vyf-faktor model gebruik word.

### 5.3.9 Data-insameling

#### 5.3.9.1 Beskrywing

Data kan op verskeie maniere ingesamel word, byvoorbeeld deur middel van waarneming, onderhoude, vraelyste en ontleding van dokumente (Smit, 1983b). Volgens C. Marshall en Rossman (1999) maak kwalitatiewe navorsers (soos psigobiograwe) hoofsaaklik van vier metodes van data-insameling gebruik: (a) deelname aan die studie, (b) direkte waarneming, (c) in-diepte onderhoude en (d) ontleding van dokumente. Adams en Schvaneveldt (1985) het drie verdere maniere van data-insameling genoem, naamlik: (a) eksperimentering en die laboratorium tegniek, (b) projektiewe en indirekte metodes, asook (c) evalueringsnavorsing.

Beide primêre en sekondêre bronne kan in psigobiografiese studies gebruik word. Primêre bronne is eerstehandse mondelinge of geskrewe verklarings van gebeure, of inligting deur ooggetuies. Primêre dokumente sluit onder andere in: outobiografieë, dagboeke, briewe, hofverslae, notas, amptelike notules, kontrakte, testamente, sertifikate, kwitansies, films, prente, skilderye en navorsingsverslae. Sekondêre bronne is mondelinge of geskrewe verslae rakende gebeure deur ’n persoon wat informasie ontvang het van die ooggetuie of deelnemer, of oor die gebeure gelees het, of wat 'n spesiale poging aangewend het om die gebeure te verstaan. Sekondêre dokumente sluit onder andere in: joernaalartikels, sending- en kerkregisters, koerante, doodsberigte, albums en aandenkings (Adams & Schvaneveldt, 1985; Neuman, 2003; E. M. Schurink, 1998).

#### 5.3.9.2 Voorsorgmaatreëls

Yin (2003a) het die gebruik van gepubliseerde dokumente in psigobiografiese studies aanbeveel, omdat (a) dit 'n stabiele bron van inligting is, (b) dit herhaaldelik geraadpleeg kan word, (c) dit bruikbaar is vir die bevestiging van datums en die regte spelling van name en titels, (d) dit relatief toeganklik is, (e) dit spesifieke detail kan voorsien om inligting van ander bronne te bevestig en (f) dit geskik is vir

navorsers om dit op hul eie tyd te gebruik. Die gebruik van meervoudige bronne verminder die potensiële impak van navorservooroordeel en verhoog dus die geloofwaardigheid van die studie. Meervoudige bronne laat ook data triangulasie of kruisverwysings toe, wat volgens Yin (2003a) 'n manier is waardeur navorservooroordeel oorkom kan word. Meervoudige bronne verhoog ook die interne-, sowel as konstrukgeldigheid van ingesamelde data (David en Sutton, 2004).

#### 5.3.9.3 Toepassing van voorsorgmaatreëls in studie

Die navorser het Yin (2003a) se riglyne in terme van data-insameling gevolg en seker gemaak dat die inligting wat beskikbaar is herhaaldelik geraadpleeg word, die inligting toeganklik is en dat die navorser die inligting op haar eie tyd kon gebruik. Verder het die navorser ook van meervoudige bronne gebruik gemaak wat navorservooroordeel verminder het en die geloofwaardigheid van die studie verhoog het.

### 5.3.10 Data-ontleding

#### 5.3.10.1 Beskrywing

Yin (2003a) het die ontleding van gevalstudie-data beskryf as 'n proses van ondersoek, onttrekking, kategorisering of andersins die kombinering van kwantitatiewe- en kwalitatiewe data om die aanvanklike proposisies van die studie aan te spreek. Hiervolgens behoort die teoretiese benaderings en doelwitte van die studie die data-ontleding te lei. Hy het verder die ontwikkeling van 'n beskrywende raamwerk vir die organisering en integrasie van inligting voorgestel. Volgens Miles en Huberman (1994) bestaan data-ontleding uit drie sub-prosesse naamlik: data-reduksie, die voorstelling van data en die gevolgtrekking en verifikasie daarvan.

#### 5.3.10.2 Voorsorgmaatreëls

E. M. Schurink (1998) het aanbeveel dat navorsers tydens die ontleding van kwalitatiewe data oplettend behoort te wees vir individue se gebruik van bepaalde woorde of frases ten einde betekenis aan hul doen en late te gee. Wanneer navorsers 'n tema in die data opmerk, moet handelinge en verklarings onderling vergelyk word om te bepaal of daar 'n konsep is wat dit kan verenig. Onderliggende ooreenkomste kan ook op hierdie wyse geïdentifiseer word.

#### 5.3.10.3 Toepassing van voorsorgmaatreëls in studie

Organisering van data is belangrik in die uitvoering van psigobiografiese studies (C. Marshall & Rossman, 1999). Die navorser het sommige van die literatuur oor De Wet en ander psigobiografiese studies herhaaldelik bestudeer om 'n goeie geheelbeeld van die individu en psigobiografie te kry. Vir die ontwikkeling van kategorieë, temas en patrone word kreatiewe en analitiese denke geverg. Die identifisering van treffende temas, herhalende idees of taal en patrone wat mense en opsette met mekaar kan verbind, help met die integrasie van resultate (C. Marshall & Rossman, 1999).

Volgens Flick (2007) is kodering een van die mees prominente wyses van data-ontleding en kan dit ook op 'n verskeidenheid van data toegepas word. Kodes kan verskeie vorme aanneem soos byvoorbeeld: afkortings vir sleutelwoorde, gekleurde kolle of nommers en die keuse hiervan berus by die navorser (Babbie, 2004; C. Marshall & Rossman, 1999). Sommige van Alexander (1988) se metode van datavraagstelling, naamlik: (a) uniekheid, (b) frekwensie, (c) klem en (d) onvolledigheid, is in hierdie studie gebruik om relevante data te identifiseer. Verslagskrywing is sentraal tot die ontledingsproses, want deur die data op te som en die kompleksiteit daarvan te reflekteer, is die navorser met 'n interpretatiewe taak besig en daardeur word vorm en betekenis aan die rou data gegee (Denzin, 1994).

### 5.3.11 Ontoereikendheid van sielkundige teorieë

#### 5.3.11.1 Beskrywing

Vanweë die komplekse aard van kontemporêre sielkunde, is dit problematies om ‘n toepaslike teorie te vind waarop psigobiografiese studies gebaseer kan word. Volgens J. W. Anderson (1981a, 1981b) gee sielkundige teorieë selde aandag aan kulturele faktore en maak dit dus moeilik om toepaslike teorieë vir psigobiografiese studies te kies. Elms (2005) het verder genoem dat daar nog geen tabel, kontrolelys of statistiese metode bestaan waarvolgens die regte teorie gekies kan word nie. Volgens Elms (2005) is die keuse van 'n teorie *“… an artful choice, a blend of knowledge, skill, and creative intuition”* (p. 85).

#### 5.3.11.2 Voorsorgmaatreëls

Volgens J. W. Anderson (1981a, 1981b) moet psigodinamiese teorieë verkieslik in psigobiografiese studies gebruik word. Antropoloë het verklaar dat die onderliggende proses aan psigodinamiese teorieë ook by individue in verskillende kulture gevind kan word. Navorsers soos Horn, Crosby, Hoffer en Wernik (in J. W. Anderson, 1981b) het van verskeie ander sielkundige teorieë soos die attribusie-, trek- en familie-sisteemteorie in hul studies gebruik gemaak.

Tweedens behoort teorieë die konsep van persoonlikheid in te sluit, maar moet nie gevestigde persoonlikheidstyle neerlê nie (J. W. Anderson, 1981a). Psigobiograwe moet dus probeer om individue se persoonlikhede te rekonstrueer, maar moet in gedagte hou dat persoonlikhede kompleks is. Sielkundige teorieë kan nie individue se persoonlikhede verklaar nie, maar kan dui op fokusareas om navorsers te help om 'n geheelbeeld van individue te kry. J. W. Anderson (1981b) het voorgestel dat verskillende teorieë gebruik word soos byvoorbeeld Kohut se sielkunde van die self, sowel as benaderings deur Kernberg, Winnicott en Guntrip (J. W. Anderson, 1981b).

#### 5.3.11.3 Toepassing van voorsorgmaatreëls in studie

In ‘n poging om aan bogenoemde oorwegings aandag te skenk, het die navorser ‘n goed gevestigde persoonlikheidsteorie gebruik. Ten einde ‘n geheelbeeld van die individu se persoonlikheid te verkry, is die Vyf-faktor model (Costa & McCrae, 1992) gebruik, waarvolgens dertig fasette van die persoonlikheid van De Wet geëvalueer is. Met die toepassing van die Vyf-faktor model het die navorser dit deurentyd in gedagte gehou dat De Wet 'n komplekse individu was en dat inligting oor sekere areas onvoldoende was.

## 5.4 Etiese oorwegings

### 5.4.1 Beskrywing

Gevalstudies soos psigobiografiese studies is gemoeid met die besonderhede van individue se lewens wat impliseer dat gevalstudie-navorsing sensitief vir etiese oorwegings moet wees. Navorsers moet toesien dat individue ten volle ingelig is rakende die navorsingsprosedure en hulle moet ook toestemming gee voordat hulle aan die navorsing deelneem (Punch, 1998, 2000).

Elms (1994) het voorgestel dat psigobiograwe gedurende die voorbereiding van psigobiografiese studies sekere etiese sake sal moet hanteer. Die eerste saak wat hiermee verband hou is die keuse van 'n onderwerp. Volgens Elms (1994, 2005) moet die navorser nie die individu kies nie, maar die individu moet die navorser kies. Aangesien psigobiografiese studies aansienlike eise aan navorsers se tyd en energie stel, is dit dus die beste om interessante individue te kies wat ook die navorser se aandag sal behou.

Die tweede saak wat hiermee verband hou is die kwessie of die navorsing oor lewende of gestorwe individue moet handel (Kendall, Butcher & Holmbeck, 1999). Elms (1994) het die problematiek rondom die beperkte bestaan en beskikbaarheid van etiese riglyne vir spesifiek die uitvoer van psigobiografiese studies

beklemtoon. Die *American Psychiatric Association* (1976) het aandag aan etiese kwessies in navorsing geskenk en dié algemene etiese riglyne word steeds gevolg.

Elms (1994) het die etiese riglyne van die *American Psychiatric Association* (1976) as volg opgesom:

- psigobiografiese studies kan oor lewende persone gedoen word as hulle vrywillig hul toestemming gegee het;
- psigobiografiese studies moet ideaal oor gestorwenes handel. Hierdie persone moet verkieslik reeds geruime tyd oorlede wees en daar moet geen direkte naasbestaandes wees nie.

'n Derde kwessie in die etiek van psigobiografiese studies is die vraag rakende die navorsingsdata. Daar moet besluit word watter tipe data toelaatbaar is om te gebruik, hetsy argiefmateriaal of slegs materiaal wat deur die familie beskikbaar gestel word. Die volgende aspek wat daarmee verband hou is psigobiograwe se voornemens om die materiaal te publiseer. Navorsers moet besluit watter materiaal vir publikasie geskik is, soos byvoorbeeld of die publikasie diplomaties gaan wees, of dit 'n eerlike weergawe van die navorsingsondersoek gaan wees, of slegs wat die familie gepubliseer wil hê (Elms, 1994).

### 5.4.2 Voorsorgmaatreëls

Volgens Elms (1994, 2005) is navorsers se vlak van entoesiasme nie genoeg om ’n keuse rondom individue uit te oefen nie. Navorsers moet bereid wees om, soos wat hulle meer bekend raak met individue se biografiese data, die positiewe sowel as die negatiewe kant van individue te aanvaar. Elms (1994) het sekere strategieë voorgestel om navorsers se intellektuele eerlikheid te beskerm: (a) dit moet in gedagte gehou word dat navorsingstudie vir evaluering voorgelê sal moet word, (b) individue moet op grond van hul persoonlikheid en hul bydrae tot die samelewing gekies word, en laastens, (c) individue moet gekies word waarin die lesers geïnteresseerd sal wees (W. T. Schultz, 2005b).

Volgens Kendall et al. (1999) sowel as Flick (2007) is navorsers genoodsaak om in die geval van lewende individue die nodige voorsorgmaatreëls te tref om hul privaatheid te beskerm en die vertroulikheid van data te waarborg. Sulke voorsorgmaatreëls sluit in: (a) inligting rakende die identifisering van individue (soos toestemmingsvorms) moet afsonderlik van die data gestoor word, (b) inligting wat individue kan verbind aan enige studie, protokol of data moet veilig geberg word en (c) inligting wat individue spesifiek kan identifiseer wanneer die resultate van 'n studie openbaar gemaak word, mag nie onthul word nie.

### 5.4.3 Toepassing van voorsorgmaatreëls in studie

Gedurende die uitvoering van die psigobiografiese studie het die navorser 'n doelbewuste poging aangewend om literatuur van De Wet met respek te behandel en te dokumenteer. Die primêre etiese saak wat met hierdie psigobiografiese studie verband hou, is ingeligte toestemming. In hierdie geval is die individu al meer as 80 jaar oorlede en het geen direkte naasbestaandes meer nie, slegs verlangse familie (H. C. De Wet, 2001).

In die keuse van 'n geskikte individu het die navorser die riglyne van onder andere Elms (1994) gevolg. Die individu, De Wet, is gekies op grond van sy komplekse persoonlikheid asook sy prestasies op militêre gebied. Die navorsingsteorie, sowel as die sosio-historiese faktore, is ook in ag geneem met die keuse van De Wet as navorsingsdeelnemer.

## 5.5 Samevatting

Volgens Smith (2003b) het kwalitatiewe navorsingsmetodes uiteindelik 'n plek in sielkundige navorsing gevind. Hierdie hoofstuk het gehandel oor die versekering van hoë kwaliteit en geldigheid in die uitvoering van kwalitatiewe navorsing. Die belangrikheid van voorlopige metodologiese kwessies tydens die beplanning en uitvoering van kwalitatiewe psigobiografiese studies is beklemtoon. Die hoofstuk

het ook die pogings beskryf wat deur die navorser aangewend is om probleme rakende die metodologie wat in hierdie studie gebruik is, te verminder. Die belangrikheid van voorlopige identifisering en beperking van die kritiek teen psigobiografiese studies is ook bespreek.  Die navorsingsmetodologie van die psigobiografiese studie van De Wet sal in die volgende hoofstuk hanteer  word.

# HOOFSTUK 6

# NAVORSINGSMETODOLOGIE

## 6.4 Hoofstukoorsig

Hierdie hoofstuk fokus op die navorsingsmetode wat vir dié studie gebruik is. Die sewe afdelings van die navorsingsmetode wat bespreek sal word, is: (a) doel van die studie, (b) navorsingsontwerp, (c) keuse van 'n subjek, (d) data-insameling, (e) data-ontleding, (f) data-interpretasie en (g) gevolgtrekkings, sowel as aanbevelings. Die hoofstuk sluit af met 'n bespreking van geldigheid, betroubaarheid en bepaalde etiese kwessies.

## 6.5 Navorsingsmetode

Vir hierdie studie het die navorser Smit (1983b) en Neuman (2003) se navorsingsmodelle saamgevoeg om 'n navorsingsmodel daar te stel wat geskik en bruikbaar vir die betrokke konteks is. Hierdie saamgevoegde navorsingsmodel word vervolgens skematies voorgestel.




Figuur 2. Skematiese voorstelling van die navorsingsmodel

### 6.3 Doel van studie

Probleemidentifisering en -formulering kan byna altyd as die eerste stappe van enige navorsingsproses beskou word. Die probleem of vraagstuk word as die basis van 'n navorsingsondersoek beskou en daarom is dit noodsaaklik dat navorsers goeie insig in die aard, omvang en intensiteit van die probleem verkry, alvorens daar tot die volgende stap oorgegaan word.

Volgens verskeie biografiese studies (Kestell, 1920; Rosenthal, 1968; Rossouw, 2003; L. Scholtz, 1984; Van Schoor, 2007) het dit geblyk dat De Wet oor 'n komplekse persoonlikheid beskik het. Hierdie komplekse persoonlikheid was grotendeels verskuil agter sy vaardighede as militêre bevelvoerder en politikus. Ongeveer 80 jaar na De Wet se afsterwe is daar steeds onbeantwoorde vrae rakende sy persoonlikheid.

Volgens die literatuur het dit voorgekom of De Wet soms teenstrydig opgetree het en sekere van sy optredes is tot op datum nog onverklaarbaar. Voorbeelde hiervan was sy mislukking om die Kaapkolonie binne te val en sy respek vir president Steyn, terwyl hy terselfdertyd nie vir president Botha vertrou het nie. 'n Verdere teenstrydige optrede van De Wet was sy houding teenoor sy burgers in vergelyking met sy houding teenoor sy eie broer. Hy het sover moontlik na die welstand van sy burgers omgesien en hulle veiligheid was vir hom belangrik. In teenstelling daarmee, het hy op 'n keer gedreig om sy broer dood te skiet omdat laasgenoemde na die Engelse magte oorgeloop het. Alhoewel De Wet slegs 'n basiese skoolopleiding van drie maande ontvang het met geen militêre opleiding nie, het hy nogtans uitgestyg as 'n vaardige krygsman - onder die Engelse magte het hy selfs as die *boer-pimpernel* bekend gestaan (Pretorius, 2001a).

Die aanname word gemaak dat De Wet 'n legende geword het (L. Scholtz, 2003). Historici en sosiale wetenskaplikes word dus uitgedaag om weer die *mens* agter die legende van De Wet te probeer ontdek. Die doel van die studie is dus om 'n volledige persoonlikheidsbeskrywing van De Wet te gee om sodoende weer die

mens agter die legende na vore te probeer bring, asook om moontlike antwoorde op onbeantwoorde vrae aan te bied.

### 6.4 Navorsingsontwerp

Die navorsingsontwerp verwys na 'n plan, bloudruk of gids vir data-insameling, -ontleding en -interpretasie vir 'n bepaalde studie (Berg, 2001). Die ondersoekend-beskrywende benadering is in hierdie studie gebruik en verder kan dit ook as 'n kwalitatiewe enkelgevalstudie-navorsingsontwerp beskryf word. Die navorsings-ontwerp kan soos volg verduidelik word:

- dit is 'n psigobiografiese studie wat beteken dat die individu se volledige lewensverloop bestudeer word. Dit sluit ook die bestudering van kulturele, sosiale en historiese kontekste in;
- dit is ondersoekend-beskrywend van aard, want die studie behels 'n gedetailleerde en akkurate beskrywing van die individu se lewe;
- dit is verder ook 'n kwalitatiewe, enkelgevalstudie-navorsingsontwerp omdat dit essensieel ontdekkend van aard is (Smit, 1983b) en op die individuele geval, sy lewensgeskiedenis, gedragspatrone en die meervoudige interaksies tussen al die onafhanklike veranderlikes fokus;
- die navorsingsontwerp maak dit moontlik om 'n in-diepte begrip van die individu binne 'n spesifieke sosiale opset te verkry.

### 6.5 Keuse van subjek

Wat die keuse van geskikte individue aanbetref, behoort psigobiografiese studies op individue uitgevoer te word wat interessant, uniek en buitengewoon is. Verder moet individue se lewensgeskiedenis en die ontleding daarvan lesers enduit boei (Mavrick, 1996). Die keuse om ‘n psigobiografie van De Wet te doen, is gebaseer op sy persoonlike eienskappe en militêre leierskap wat hy veral tydens die Anglo-Boereoorlog getoon het. Doelbewuste seleksie (*purposive sampling*) het

plaasgevind in die keuse van De Wet omrede sy profiel aan bogenoemde vereistes voldoen het.

Soos reeds in die navorsingsdoelwit (sien afdeling 6.3) genoem, is daar gepoog om die *persoon* agter die legende te ontdek. Hoewel daar heelwat literatuur oor De Wet beskikbaar is, het geen studie 'n spesifieke psigologiese fokus gehad nie en bestaan daar ook geen psigobiografiese gevalstudies van De Wet nie. Tydens die keuse van 'n geskikte individu het die navorser ook die hoeveelheid data en die beskikbaarheid daarvan in gedagte gehou.

**6.6 Data-insameling**

Beide primêre en sekondêre bronne is tydens die data-insameling van die studie gebruik. Die primêre bron wat gebruik is, is De Wet se eie oorlogsherinneringe wat in 1902 verskyn het. Daar bestaan slegs dié een boek wat deur De Wet geskryf is en een rede hiervoor is waarskynlik omdat hy slegs drie maande formele skoolopleiding ontvang het. Die oorlogsherinneringe van De Wet was waardevol in die psigobiografiese studie aangesien inligting oor die Anglo-Boereoorlog weergegee is, soos hy dit self beleef het. Hierdie boek het egter net drie jaar (1899 tot 1902) van De Wet se lewe gedek. Die res van die inligting het die navorser deur middel van ander literatuur soos biografieë en geskiedkundige boeke verkry.

Sekondêre bronne wat gebruik is, is onder andere biografieë van Kestell (1920), Rosenthal (1968) en Van Schoor (2007). Hierdie drie boeke het as basis vir die data-insamelingsproses gedien en De Wet se lewe is chronologies vanuit hierdie drie bronne opgesom. Die biografieë het mekaar goed aangevul en veral Van Schoor se biografie het nuttige en omvattende data verskaf. Vele ander werke (Brits, 1970; Olivier, 1971; Pretorius, 1985, 1999, 2001; G. D. Scholtz, 1977, 2000; L. Scholtz, 1984, 1999, 2003; Van Schoor, 1973, 2000, 2006) is bestudeer en by die *"selfopgestelde"* biografie van De Wet gevoeg.

Daar is ook van verskeie akademiese werke, wat spesifiek oor De Wet en die Anglo-Boereoorlog gehandel het, gebruik gemaak, byvoorbeeld deur McLeod (2004), Pienaar (1975), Pretorius (1976, 2000) en Rossouw (2003). Ander akademiese werke (Changuion, 2000; McLeod & Pretorius, 2002; Wassermann, 2004) rakende die Anglo-Boereoorlog is ook bestudeer, maar die navorser het gevind dat dit nie deurgaans geskikte inligting bevat het om in hierdie studie te gebruik nie. Hierdie studies het onder andere gehandel oor die Afrikaner in Natal gedurende die Anglo-Boereoorlog, die Boerekrysgevangekampe en 'n sielkundige perspektief oor M. T. Steyn se ervaring van die oorlog.

Verder is geskiedkundige boeke van onder andere Alberts (2005), Cameron (1986), Farwell (1976), Giliomee (2004), Hobson (1969), Muller (1980), Pakenham (1999) Raath (2007) en Trew (1999) geraadpleeg om inligting en agtergrondkennis te verkry van die land (veral die boere-republieke) se geskiedenis gedurende die tydperk 1854 tot 1902, dit wil sê vanaf De Wet se geboorte tot sy dood. Laastens is verskeie instansies besoek om relevante literatuur te bekom soos die Museums in Aliwal-Noord en Graaff Reinet, asook die Oorlogsmuseum in Bloemfontein.

Daar is ook van kwantitatiewe data gebruik gemaak. Kwantitatiewe data in hierdie studie word gedefinieer as vraelyste wat deur drie deskundiges, naamlik Andrew McLeod, Serfaas Rossouw en Elria Wessels voltooi is. Andrew McLeod het 'n doktorale tesis "*The psychological impact of guerilla warfare on the boer forces during the Anglo-Boer War"* geskryf. In hierdie tesis het hy hom veral toegespits op De Wet se guerilla-oorlogvoeringsmetodes. Serfaas Rossouw word ook as 'n deskundige op die gebied van De Wet beskou met sy meestersgraad getiteld: "*‘n Eties-historiese beskouing van die rol van genl C.R. de Wet in die Anglo-Boereoorlog 1899-1902"*. Elria Wessels is tans die navorsingsbeampte by die Oorlogsmuseum in Bloemfontein en het heelwat navorsing oor De Wet gedoen. Sy het onder ander boeke soos: *"They fought on foreign soil"* in 1999, *"Kwinkslag: Humor in die Anglo-Boereoorlog 1899-1902"* in 2001 en *"Veldslae. Anglo-Boereoorlog 1899-1902"* in 2002 gepubliseer.

## 6.7 Data-ontleding

Nadat die data ingesamel is, het die navorser dit georden. Daar bestaan verskeie modelle van data-ontleding in psigobiografiese studies en in hierdie studie is gebruik gemaak van die benaderings van C. Marshall en Rossman (1999), sowel as dié van Miles en Huberman (1994).

Die ordening van die ingesamelde data was belangrik in die uitvoering van die studie. Na bestudering van die biografiese en akademiese literatuur, kon die navorser data-reduksie toepas waartydens (a) uniekheid, (b) frekwensie, (c) klem, (d) isolasie en (e) onvolledigheid van Alexander (1988) se metode van datavraagstelling gevolg is om relevante data te identifiseer. Uniekheid verwys na ongewone of rare optredes of situasies in die individu se lewe. Hier kan De Wet se drie maande formele skoolopleiding as 'n unieke situasie geïdentifiseer word, want nieteenstaande hierdie gebrekkige opleiding, het hy tot die hoogste militêre rang in die Boeremag gevorder en het ook sy oorlogsherinneringe geskryf wat in 1902 gepubliseer is. Frekwensie verwys na optredes of situasies waarna gereeld in die literatuur verwys word. Die voorbeeld van De Wet se ontsnappingspogings kan in hierdie verband genoem word. Volgens Alexander kan optredes en situasies óf oorbeklemtoon óf onderbeklemtoon word. Deeglike studie van die literatuur het aangetoon dat die meeste outeurs De Wet se kinderjare, sowel as laat volwasse jare onderbeklemtoon het. Isolasie beteken dat sekere data nie in die geheel-prentjie inpas nie en die vraag kan gevra word: "maak dit regtig sin?" De Wet was in die algemeen besorg oor sy burgers sowel as sy bure en vriende. 'n Voorval wat in isolasie plaasgevind het, was waar hy gedreig het om sy broer dood te skiet. Onvolledigheid is wanneer afsluiting nie plaasgevind het nie. In die geval kan genoem word dat De Wet (in Rosenthal, 1968) van plan was om 'n tweede boek oor verkennerkuns te skryf, maar oorlede is voordat hy die boek kon skryf.

Kodering van data kan op verskeie maniere geskied. In hierdie studie het die navorser ‘n eie koderingstelsel ontwikkel wat uit twee rekenaarsigblaaie bestaan het. Die een sigblad (sigblad 1) het die uiteensetting van die dertig fasette van die

Vyf-faktor model behels. Sigblad 1 het dus uit dertig bladsye bestaan, elkeen met 'n faset as die hoofopskrif (sien afdeling 4.5.4.2 tabel 2), byvoorbeeld angs, warmte, vertroue en oorweging. Die literatuur wat oor De Wet se lewe gehandel het, is op die ander sigblad (sigblad 2) geplaas.

Die volgende stap was om die literatuur van De Wet (sigblad 2) noukeurig te ontleed en sy persoonlikheidseienskappe onder die relevante fasette (sigblad 1) te kategoriseer. Die koderingstelsel het dus die dertig fasette met al die verskillende persoonlikheidseienskappe (en waar dit in die literatuur voorkom) as uitkoms (sigblad 1) gehad.

Die data (sigblad 1) is daarna nóg verder ontleed deur die persoonlikheidseienskappe te toets aan die hand van die definisie van elk van die fasette. Indien die persoonlikheidseienskap nie aan die definisie voldoen het nie, is dit verwyder. Daar is ook seker gemaak dat dieselfde voorbeelde nie herhaaldelik gebruik is nie. Die gevolg was dat sekere fasette meer voorbeelde as ander fasette gehad het. Die navorser het egter gepoog om De Wet se belewingsvlak op elke faset vas te stel.

Hierdie studie het in 'n mindere mate van kwantitatiewe data gebruik gemaak. Huberman en Miles (2002) noem dat, alhoewel die terme *kwalitatiewe* en *gevalstudie* dikwels afwisselend gebruik word, kan gevalstudie-navorsing óf van kwalitatiewe data óf van kwantitatiewe data óf van beide gebruik maak. Drie deskundiges is versoek om die NEO-PI-R (persoonlikheidstoets van die Vyf-faktor model) met betrekking tot De Wet te voltooi, waarna dit nagesien en geïnterpreteer is volgens voorgeskrewe prosedures.

## 6.8 Data-interpretasie en bespreking

Data-interpretasie is in hierdie studie gedoen deurdat die verskillende persoonlikheidseienskappe van De Wet met die NEO-PI-R se dertig persoonlikheidsfasette vergelyk is. De Wet se belewing van die dertig fasette is bepaal en hierdie inligting is gebruik om beskrywings en interpretasies te verskaf.

De Wet se omstandighede, soos die oorlog en rebellie, is ook in berekening gebring tydens die interpretasie van die data. Waar daar afwykende of teenstrydige data was, is die sosio-historiese agtergrond van De Wet ook ondersoek om moontlike antwoorde te verskaf.

Die navorser was versigtig met interpretasies wat gemaak is. Daar is gevind dat indien al die resultate in dieselfde rigting dui, dit relatief maklik was om tot 'n gevolgtrekking te kom. Sommige waarnemings het egter een gevolgtrekking gesteun, terwyl ander waarnemings die teenoorgestelde gesteun het. Die navorser het ook ander literatuur rakende De Wet bestudeer en met die gevolgtrekkings van hierdie studie vergelyk om sodoende te bepaal of daar ooreenkomste, verskille of nuwe inligting te voorskyn kom.

Tydens die bespreking is daar nie net gefokus op De Wet se persoonlikheids-eienskappe en die resultate van die NEO-PI-R nie. Die navorser het ook gepoog om inligting rakende die ekonomiese toestand van die land voor die oorlog, die burgers se moraal tydens die oorlog en die mense se psigiese toestand na die oorlog, met die bevindinge van die studie te inkorporeer, om sodoende 'n beter begrip van De Wet as mens te verkry. Daarbenewens is die kwantitatiewe bevindinge van die drie deskundiges met mekaar, sowel as met die kwalitatiewe bevindinge van die studie, vergelyk.

## 6.9 Gevolgtrekkings en aanbevelings

Na die ontleding en beskrywing van die data is bepaalde gevolgtrekkings gemaak as die laaste stap van die navorsingsmodel. Die gevolgtrekkings het 'n opsomming van die vernaamste inligting wat uit die studie verkry is, behels. Dit het nuwe inligting, teenstrydighede, verklarings en veralgemenings van De Wet se persoonlikheid, soos verkry deur die NEO-PI-R, ingesluit.

Die navorser het die beskikbare literatuur, die psigobiografiese studiemetode en die keuse van 'n persoonlikheidsteorie geëvalueer in terme van die doel van die

studie. Dit het die waarde, maar ook sekere probleme en tekortkominge van die studie uitgelig. Die waarde van die studie is dat dit 'n wetenskaplike beskrywing van De Wet se persoonlikheidseienskappe daargestel het met die aanbied van moontlike antwoorde op sekere tergende vrae. 'n Geldige en omvattende persoonlikheidsteorie naamlik die Vyf-faktor model van persoonlikheid is gebruik om De Wet se persoonlikheidseienskappe te beskryf. Gegee die akademiese aard van die studie, is alternatiewe studies voorgestel ten einde te bepaal of dieselfde persoonlikheidseienskappe, soos by De Wet gevind, ook by Boereleiers of Engelse bevelvoerders aangetref kan word.

Beperkinge van die studie word aangedui ten einde te verhoed dat toekomstige navorsers dieselfde probleme ondervind. Alhoewel daar sekere beperkinge bestaan, beteken dit nie noodwendig dat die studie nie geslaagd was nie. Die doel van aanbevelings is om voorstelle te maak wat in verdere navorsing opgevolg of geïmplementeer kan word. Die navorser het deur middel van hierdie studie omvattende kennis van De Wet, psigobiografiese studies en die Vyf-faktor model van persoonlikheid opgedoen en was dus in staat om sekere aanbevelings vir toekomstige navorsing te kon maak. Van hierdie aanbevelings sluit in die bewusmakking van leemtes in De Wet se lewe, studies wat gedoen kan word met betrekking tot oorloë, die toepassing van die NEO-PI-R op ander individue en ook moontlike opvolgstudies van hierdie spesifieke studie.

### 6.10 Geldigheid en betroubaarheid

Wat die geldigheid en betroubaarheid van 'n studie betref, word psigobiografiese navorsers gewoonlik met drie soorte geldigheid gekonfronteer, naamlik: interne geldigheid, eksterne geldigheid en konstrukgeldigheid (Vadum & Rankin, 1998). Interne geldigheid is nie van toepassing op ondersoekende of beskrywende gevalstudies nie en is dus nie as 'n probleem geïdentifiseer nie (sien afdeling 5.3.8).

Eksterne geldigheid was nie van toepassing op hierdie studie nie, aangesien die navorser nie ten doel gehad het om die bevindinge na ‘n groter groep te veralgemeen nie. Daar is wel voorgestel dat die resultate van hierdie studie gebruik kan word as vertrekpunt vir ander studies, soos byvoorbeeld die persoonlikheidsbeskrywings van ander generaals. Daar is egter in hierdie studie geen sodanige veralgemenings gemaak nie (sien afdeling 5.3.8).

Aangesien konstrukgeldigheid wel 'n probleem in die studie kon veroorsaak het die navorser die konstrukte van die Vyf-faktor model en die persoonlikheidseienskappe van De Wet op 'n duidelike manier gekonseptualiseer. Die betroubaarheid van die studie is verhoog deurdat 'n konsekwente koderingsisteem gevolg is wat die voltooiing van die sigblaaie (sien afdeling 6.7) behels het. Triangulasie is ook toegepas om geldigheid, betroubaarheid en die kwaliteit van die studie in die algemeen te verhoog.

## 6.11 Etiese kwessies

In hoofstuk 5 is die betrokke etiese kwessies reeds bespreek aangesien dit 'n belangrike aspek van psigobiografiese studies is en die kwaliteit van 'n psigobiografiese studie soos hierdie kan beïnvloed. In die navorsingstudie oor De Wet was daar nie etiese kwessies rondom die keuse van 'n individu nie, aangesien De Wet reeds meer as 80 jaar gelede oorlede is. Die navorser het egter wel probeer om De Wet se naasbestaandes op te spoor, maar volgens twee neefs van De Wet, Johannes Jacobus de Wet en Jacobus Ignatius de Wet (persoonlike kommunikasie, April 10, 2005) asook hul moeder, Angenita Maria de Wet, neé Cronjé (persoonlike kommunikasie, April 14, 2005) bestaan daar nie meer naasbestaandes van hom nie.

### 6.12 Samevatting

In hoofstuk 5 is die moontlike beperkinge en tekortkominge van psigobiografiese studies bespreek. Die metodologiese oorwegings is eers gedefinieer en daarna is die toepassings daarvan bespreek. In hierdie hoofstuk is die navorsingmetode van studie, sowel as die inagneming van die metodologiese toepassings bespreek. Die navorsingsmetode bestaan uit sewe stappe, naamlik (a) doel van die studie, (b) navorsingsontwerp, (c) keuse van 'n subjek, (d) data-insameling, (e) data-ontleding, (f) data-interpretasie en bespreking en (g) gevolgtrekking. Hierdie hoofstuk het die praktiese aanbieding van hierdie sewe stappe behels. Laastens is die geldigheid, betroubaarheid en etiese kwessies bespreek. Die bevindinge van die studie sal in die volgende hoofstuk bespreek word.

# HOOFSTUK 7

# NAVORSINGSBEVINDINGE

## 7.3 Hoofstukoorsig

Biografiese data oor De Wet se lewe is met behulp van die Vyf-faktor model ontleed in ‘n poging om sy persoonlikheid te beskryf. Hierdie hoofstuk begin met ‘n oorsig van die faktore (sien afdeling 4.5.4.2, tabel 2) van die Vyf-faktor model waarby ‘n kort opsomming van De Wet se lewe rakende elke faktor ingesluit is. Daarna volg ‘n verduideliking van die fasette van die onderskeie faktore en dit word met voorbeelde vanuit De Wet se lewe gestaaf. Die hoofstuk word afgesluit met ‘n bespreking van die kwalitatiewe en kwantitatiewe data wat in die studie gebruik is.

## 7.4 Neurose

Die eerste faktor fokus op emosionele stabiliteit. Individue met 'n hoë vlak van neurose hanteer spanning gewoonlik swak, hul impulse is minder gekontroleerd en gevolglik is hulle geneig om makliker ontsteld te raak. Emosies wat met hierdie faktor geassosieer word, is vrees, angstigheid, hartseer, woede, vyandigheid en skuldgevoelens. Individue met 'n lae vlak van neurose is emosioneel stabiel, kalm en rustig (Costa & McCrae, 1992; Penley & Tomaka, 2002). Hierdie faktor word onderverdeel in ses fasette: angs, vyandiggesindheid, depressie, selfbewustheid, impulsiwiteit en kwetsbaarheid.

### 7.2.1 Angs

Individue met hoë angsvlakke is gewoonlik bekommerd, gespanne, skrikkerig en senuweeagtig. Individue met lae angsvlakke, daarenteen, is gewoonlik ontspanne, kalm en optimisties. De Wet se lewe was oor die algemeen deur ***emosionele***

***stabiliteit*** gekenmerk, hoewel ***bekommernis*** en ***angstigheid*** egter by tye gedurende die oorlogsituasie voorgekom het.

‘n Aantal insidente dui daarop dat De Wet oor die algemeen ***emosionele stabiliteit*** ervaar het. Hy is reeds vanaf ‘n jong ouderdom vanweë sy sterk persoonlikheid as leier gekies (Kestell, 1920). Die kenmerk was ook duidelik tydens die oorlog. Luitenant-kolonel Swemmer (in Van Schoor, 2007), 'n aanvoerder van een van De Wet se kommando’s, het gemeld dat De Wet se geesteskrag hom die meeste beïndruk het. De Wet se onverskrokke optrede by Amajuba, Sannaspos en Magaliesberge het van ‘n hoë vlak van emosionele stabiliteit getuig (Van Schoor, 2007). Ten spyte van uitmergelende ervarings tydens die 1914-Rebellie, ‘n swak gestel en blootstelling aan die elemente, het De Wet steeds kalm gebly en sy planne tot uitvoering gebring (Kestell, 1920; J. P. Theron, 2000).

In teenstelling met bogenoemde, kon ***bekommernis*** en ***angstigheid*** wel op verskeie geleenthede, veral gedurende die Anglo-Boereoorlog, by De Wet opgemerk word. Hy was byvoorbeeld bekommerd oor sy vrou, gesin, volk, plaas en verlies aan vee (Van Schoor, 2007). Alhoewel De Wet in die voortsetting van die oorlog geglo het, was hy bekommerd oor die vroue in die konsentrasiekampe en die plase wat afgebrand is (Kestell, 1920). Voor die 1914-Rebellie was De Wet ook bekommerd oor die internasionale vooruitsigte wat die land in die gesig gestaar het (Rosenthal, 1968). Daar is twee verdere insidente wat aandui dat De Wet soms bekommernis en angstigheid ervaar het. Nadat generaal Cronjé 'n oorwinning by Magersfontein behaal het, het De Wet hom aangeraai om nie aan sy stellings vas te klou nie, maar Cronjé wou egter nie na hom luister nie. De Wet het daarna die maneuvers van Cronjé met groeiende angs dopgehou (Barthorp, 1987; Breytenbach, 1977). ‘n Soortgelyke insident het hom by Watervaldrift afgespeel waar De Wet 'n Britse voorradetrein beroof het en angstig geraak het oor die stadige afvoer van die buit. De Wet het besef dat hulle baie vinnig by Paardeberg moes uitkom waar Cronjé vasgekeer was (Evans, 2000). Beide die situasies het met lewensgevaar gepaard gegaan en dit is daarom verstaanbaar dat hy angstigheid sou ervaar.

Bogenoemde data dui daarop dat De Wet oor die algemeen emosionele stabiliteit ervaar het en dat sy angsvlak as gemiddeld beskryf kan word, veral gegewe die onnatuurlike omstandighede waaraan hy blootgestel was.

### 7.2.2 Vyandiggesindheid

Die tweede faset van neurose verwys na die geneigdheid om woede, frustrasie en bitterheid te ervaar. Vyandiggesinde individue toon gewoonlik ongeduld en prikkelbaarheid. Individue met 'n lae vlak van vyandiggesindheid word nie maklik kwaad nie en word as saggeaard beskryf.

De Wet het as kind reeds dikwels ***woede-uitbarstings*** gehad en het veral gedurende die oorlogsituasie die persoonlikheidseienskappe van ***ongeduld***, ***verbittering*** en ***frustrasie*** openbaar. Daar is min biografiese data wat die teenoorgestelde kenmerke, naamlik ***geduld*** en onverstoorbaarheid suggereer.

Tydens die slag van Ingogo was De Wet ***woedend*** vir 'n burger wat 'n soldaat se lyk geskend het (Kestell, 1920). Hy het ook woedend reageer toe ‘n groep Senekalse burgers sy bevele verontagsaam het nadat hy hul bevelvoerder, kommandant Vilonel, van sy pos onthef het. ‘n Soortgelyke insident het by Tierkloof afgespeel toe slegs 'n derde van die burgers gehoor gegee het aan sy bevel om te storm. De Wet het hom ook gewoonlik bloedig vererg vir die wanordelike wegtrek van kapkarre en waens waarop hy gevolglik aangedring het dat daar teruggedraai en volgens ‘n vooropgestelde volgorde vertrek moet word (Van Schoor, 2007). Ander voorbeelde van De Wet se ***woede*** was onder andere toe hy op Magistraat Colin Fraser geskreeu het om stil te bly nadat dié hom nie wou kans gee om klaar te praat nie. 'n Soortgelyke situasie het in die tronk plaasgevind toe De Wet teen die deur geslaan het omdat die bewaarder nie wou hê dat hy die aandlied moes sing nie (Bateman, 1977; Kestell, 1920). De Wet het boonop vir majoor Taylor doodgeskiet omdat hy nie bevele wou gehoorsaam nie (Natrass & Spies, 1994; Tringh, ter perse). As gevolg van president Reitz se swak gesondheid moes daar 'n nuwe opvolger vir hom gekies word. Toe Steyn deur John Fraser, voorsitter van die volksraad, geopponeer is, het De Wet

woedend gesê: *“Ek sal my bloed stort voor ek 'n Engelsman sien president word”* (Rosenthal, 1968, p. 54).

Voorbeelde van ***ongeduldigheid*** kan na twee insidente herlei word, waarvan die eerste was toe De Wet ongeduldig op die aankoms van kommandant Fourie gewag het sodat hulle die Kaapkolonie kon binneval (De Villiers, 1999; Doyle, 1902). Met die tweede insident is De Wet se geduld op die proef gestel deur kommandant Vilonel wat eers self verkenningstogte wou doen alvorens hy saam met De Wet sou trek. De Wet het aan kommandant Vilonel die keuse gestel om sy bevele te gehoorsaam of om ontslaan te word (Kestell, 1920).

***Verbittering*** is 'n verdere eienskap van vyandiggesindheid wat ook by De Wet bespeur kon word. De Wet het toenemend verbitterd teenoor die Britte geraak oor die verwoesting van die boere se plase. Die dood van sy kinders het hom ook bitter gemaak. Na die 1914-Rebellie was De Wet veral verbitterd teenoor sy eie mense omrede hy van mening was dat dit juis hulle was wat hom sleg behandel het, en nie die Britte nie (Rosenthal, 1968).

Gedurende die oorlog het De Wet ***frustrasie*** ondervind tydens die geveg met kolonel Dalgety. Die erg gefrustreerde De Wet was genoodsaak om die beleëring teen Dalgety te staak en hy het erken dat hy jammerlik gefaal het. Sy frustrasie het toegeneem nadat president Kruger by president Steyn gekla het dat De Wet te ver suid optree en liewer by die magte in die noorde moes aansluit om Roberts se voortgesette opmars te stuit (Van Schoor, 2007).

Die biografiese data bevat beperkte aanduidings dat De Wet geduldig, rustig en onverstoorbaar was. Van Schoor (2007) het wel gemeld dat De Wet egter nie sy gramskap op onskuldiges uitgehaal het nie en in omstandighede van onsekerheid, sowel as onrus, juis ***geduld*** met die burgers getoon het.

De Wet het dus heelwat tekens van vyandiggesindheid getoon. Soos die biografiese data aantoon, was dit veral die oorlogsituasie wat hiertoe bygedra het.

### 7.2.3 Depressie

Individue wat gekenmerk word deur hoër vlakke van depressie is geneig tot skuldgevoelens, hartseer, hopeloosheid, alleenheid en pessimisme en word hulle maklik ontmoedig en voel dikwels neerslagtig. Daarteenoor is individue met laer vlakke van depressie selfversekerd en tevrede.

Alhoewel daar aanduidings in die biografiese data bestaan dat De Wet soms ***alleenheid*** en ***hartseer*** ervaar het, dui dit volgens die navorser nie op hoër vlakke van depressie nie. Die redes wat hiervoor aangevoer word, is dat De Wet dikwels verkies het om alleen te wees en die hartseer wat hy ondervind het, deur die meeste mense ervaar word. Die biografiese data het ook aangetoon dat De Wet ***nie*** maklik ***wanhopig*** of ***ontmoedig*** kon word nie.

Heelwat insidente bevestig De Wet se voorkeur om ***alleen*** te wees. De Wet het byvoorbeeld verkies om alleen op 'n rots te gaan sit en peins het ná 'n uitputtende ontsnapping by die Magaliesberge (Kestell, 1920). Na die ondertekening van vrede in 1902 is De Wet saam met andere na Europa om geld in te samel vir die mense in Suid-Afrika. Met hul aankoms op die boot het De Wet hom in sy kajuit afgesonder om sy boek te skryf. Hy het net met etenstye te voorskyn gekom (Rosenthal, 1968). Gedurende hierdie reis het De Wet dikwels van die skare weggesluip en dan weer by die volgende ontmoetingsplek opgedaag (Van Schoor, 2007). Met sy terugkeer uit Europa het vriende hom op die hawe in Kaapstad ontmoet, maar hy het hulle egter vermy en met die eerste trein na die Oranjerivier-kolonie teruggekeer (Rosenthal, 1968).

Daar was ook tye wat De Wet ***hartseer*** was, veral met die dood van sy vriende of familie. Gedurende sy kinderjare het sy moeder se dood vir De Wet baie hartseer veroorsaak (Kestell, 1920; Olivier, 1971). Volgens Rossouw (2003) het die dood van Danie Theron ook vir De Wet emosioneel geraak. Met die oorgawe by Paardeberg en by die inname van Bloemfontein het hy openlik gehuil (C. R. De Wet, 1902), asook met die ondertekening van die Verdrag van Vereeniging

(Kestell, 1920). De Wet was ook hartseer ná die dood van president Steyn (Van Schoor, 2007).

In sy oorlogsherinneringe het De Wet (1902) erken dat alhoewel die oorname van Bloemfontein een van die swaarste oomblikke van sy lewe was, dit ***nie sy moed gebreek*** het of hom ***wanhopig*** gemaak het ***nie***. Tydens sy tronkstraf het hy moedig gebly, alhoewel sy gees afgetakel was (De Villiers, 1979). Volgens Van Schoor (2007) het De Wet nooit opwinding, mismoedigheid of verslaentheid getoon nie.

Die biografiese data dui daarop dat De Wet meer depressiewe as nie-depressiewe kenmerke getoon het. Volgens die navorser weerspieël dit egter nie die korrekte weergawe van De Wet se persoonlikheid nie. De Wet het wel dikwels verkies om alleen te wees en hy was by tye openlik hartseer, maar die biografiese data dui daarop dat hy nie hopeloosheid ervaar het nie. De Wet word dus as 'n individu met 'n gemiddelde vlak van depressie beskryf.

### 7.2.4 Selfbewustheid

Persone met hoër vlakke van selfbewustheid voel oor die algemeen ongemaklik tussen mense en is sensitief vir situasies waarin hul verleentheid mag ervaar. Sulke persone is ook geneig tot gevoelens van minderwaardigheid terwyl hulle gewoonlik skaam, inkennig, bedees en ingetoë is. Individue met laer vlakke van selfbewustheid tree selfversekerd op.

Daar is min aanduidings van selfbewustheid in die biografiese data gevind hoewel voorbeelde van ***inkennigheid*** wel gevind is. De Wet het nie daarvan gehou om geprys te word nie, maar het die eer eerder aan iemand anders toegeskryf. Volgens verskeie outeurs (De Villiers, 1979; Rosenthal, 1968; Van Schoor, 2007) het De Wet teensinnig bekendheid verwerf. Daar is ‘n hele paar voorbeelde in die biografiese data wat op De Wet se ***selfversekerdheid*** dui. Een hiervan was na die slag van Watervaldrift waartydens De Wet besondere sukses behaal het. Dit was duidelik dat sy vertroue na die slag toegeneem het (Breytenbach, 1977). De

Wet se selfversekerdheid was ook duidelik gedurende debatvoering, of wanneer hy ondergeskiktes aangespoor en moed ingepraat het (Rosenthal, 1968).

Daar bestaan beperkte biografiese data wat betrekking het op die faset. Die beskikbare data dui daarop dat alhoewel De Wet oor die algemeen inkennig was, hy andersins selfversekerd opgetree het.

### 7.2.5 Impulsiwiteit

Costa en McCrae (1992) se definisie van impulsiwiteit beklemtoon die onvermoë om behoeftes en drange te kan beheer. Individue met hoër vlakke van impulsiwiteit is gewoonlik sarkasties, buierig en luidrugtig. Daarenteen vind individue met laer vlakke van impulsiwiteit dit makliker om versoekings te weerstaan en beskik ook oor hoër frustrasie-toleransievlakke.

Daar is nie biografiese data wat daarop dui dat De Wet probleme ervaar het met die beheer van behoeftes en drange nie, maar hy het wel impulsiewe kenmerke, byvoorbeeld ***buierigheid*** en ***sarkasme*** geopenbaar. Oost (nie gedateer) het De Wet beskryf as 'n persoon met 'n eksplosiewe temperament en gemeld dat die burgers soms onseker oor hom was. De Wet se ***buierigheid*** is geïllustreer deurdat hy die burgers met ’n sambok gestraf het, net om daarna rustig en vriendelik met hulle te gesels (Van Schoor, 2007). Nog 'n geleentheid waar De Wet buierigheid demonstreer het, was toe die burgers by geleentheid voor hul vyand gevlug het. De Wet het vir kommandant Thring toegesnou dat die burgers se optrede skandalig was (Thring, ter perse).

De Wet het by ‘n paar geleenthede tekens van ***sarkasme*** getoon. Een voorbeeld hiervan was tydens ’n vergadering wat op 2 Oktober 1914 in Potchefstroom gehou is waar De Wet die uitlating gemaak het dat De la Rey se dood nié 'n ongeluk was nie (Rosenthal, 1968). Nadat die gehoor hom met vrot eiers gegooi en die saal se ligte afgeskakel het, is die vergadering na buite verskuif waar De Wet bo-op 'n motor gestaan en sy toespraak gelewer het. Hy het die mense uitgedaag om hom met eiers te gooi, want volgens hom was hy 'n goeie teiken. Die skare het hom

uitgejou en De Wet se reaksie was dat hulle moet *loop boe* in Johannesburg, want dit is hulle plek (Rosenthal, 1968, p.211). De Wet het ook ***sarkasties*** opgetree tydens 'n geleentheid waar hy en president Steyn ‘n gehoor op die markplein in Klerksdorp toegespreek het. De Wet het in sy toespraak die mense aangeraai om, volgens die Bybel, hulle vyand lief te hê, maar om die Britte te haat. Hy het verder opgemerk dat daar wel goeie Britte gebore is, maar dat hulle almal op 'n jong ouderdom gesterf het (L. Scholtz, 2003). Die laaste voorbeelde waar De Wet sarkasties opgetree het, was tydens sy vonnisoplegging na die 1914-rebellie. Hiertydens het hy sarkasties aan die regter gevra: "*is dit al*?" (Van Schoor, 2007, p. 286). De Wet is daarna in die tronk verhinder om sy beddegoed te gaan haal, waarop hy aan die bewaarder gesê het dat hulle dan maar alles van hom moet wegvat - ook sy klere (Kestell, 1920; Olivier, 1971).

Samevattend kan gemeld word dat die biografiese data nie daarop dui dat De Wet probleme ervaar het met die beheer van behoeftes of drange nie. Die data dui egter daarop dat hy veral tydens die oorlogsjare met buierigheid en sarkasme presenteer het. Daar is nie biografiese data wat daarop dui dat De Wet gedurende sy kinderjare of daarna (buiten die Anglo-Boereoorlog en 1914-Rebellie) sarkasties was nie. Die afleiding word dus gemaak dat hierdie persoonlikheidseienskap net tydens spanningsvolle situasies voorgekom het. Volgens Costa en McCrae (1992) se konseptualisering van impulsiwiteit kan De Wet gevolglik as impulsief beskryf word.

### 7.2.6 Kwetsbaarheid

Individue met hoë vlakke van kwetsbaarheid kan nie stresvolle situasies hanteer nie. Hulle het verhoogde afhanklikheidsbehoeftes en voel meermale hopeloos of paniekerig wanneer hul onder druk verkeer. Individue by wie lae vlakke van kwetsbaarheid voorkom, het selfvertroue om moeilike situasies te hanteer en kan dus, wanneer hulle onder druk verkeer, meer realisties, selfversekerd en waaksaam optree.

Daar word veral gelet op De Wet se ***swak oordeel, moedeloosheid*** en die hantering van stresvolle situasies***.*** De Wet het egter ook 'n teenoorgestelde eienskap van moedeloosheid, naamlik ***hoopvolheid*** getoon. Volgens die biografiese data het hierdie persoonlikheidseienskappe tydens die oorlog en rebellie voorgekom.

Die oorlog het noodwendig by die burgers onsekerheid, onveiligheid en stres veroorsaak. De Wet het soms, wanneer hy onder druk verkeer het, ***swak oordeelsvermoë*** openbaar. ‘n Voorbeeld hiervan was tydens die rebellie met sy besluit om na Waterbury te vlug terwyl dié oase inderwaarheid baie bekend was (Rosenthal, 1968). De Wet het ook op ‘n stadium onnodige tyd verspil met die beleg van 'n onbelangrike dorp. Sy beheptheid om ’n Britse bevelvoerder, Brabant, se magte uit te wis, het hom hier onoordeelkundig laat optree (Kruger, 1967; Oosthuizen, 1999).

Volgens Costa en McCrae (1992) word kwetsbare individue ook deur ***moedeloosheid*** gekenmerk. Die biografiese data maak van twee situasies melding waar De Wet tekens van moedeloosheid getoon het. Die eerste situasie was toe De Wet, teenstrydig met sy eie standpunt dat die Oranje-Vrystaat sal aanhou veg vir hul vryheid, ná die konferensie tussen Kitchener en Botha verklaar het dat hy nie meer glo dat die oorlog gewen kan word nie. Die tweede situasie was gedurende Februarie 1901, ná die rampspoedige inval in die Kaapkolonie, waar De Wet moedeloos en uitgeput gevoel het (C. R. De Wet, 1902; L. Scholtz, 2003). De Wet het egter ook ***hoopvolheid*** en kalmte ervaar. Met die slag van Tierkloof, wat ‘n verwoede geveg was, het De Wet nie moed opgegee nie, maar vasberade bly voortveg (Lourens & Lourens, 2002). L. Scholtz (2003) het voorts gemeld dat De Wet se kalmte tydens die aanval van Sannaspos merkwaardig was, terwyl Evans (2000) dieselfde opmerking oor De Wet se optrede tydens gevegte by Ingogo gemaak het (Evans, 2000). De Wet het volgens De Villiers (1979) meermale sy kop hoog gehou, selfs al het die omstandighede gedurende die oorlog ongunstig gelyk.

Opsommenderwys kan gemeld word dat De Wet afwisselend swak oordeelsvermoë, moedeloosheid, hoopvolheid, sowel as kalmte in stresvolle situasies getoon het. Dit suggereer dat De Wet as 'n persoon met 'n gemiddelde vlak van kwetsbaarheid beskryf kan word.

## 7.3 Ekstroversie

Die tweede faktor fokus op die sosiale voorkeure van individue. Hoër vlakke van ekstroversie hou verband met selfgelding, spraaksamigheid, opgewektheid, sowel as ‘n voorkeur vir sosiale aktiwiteite, opwinding en stimulasie. Daarenteen hou laer vlakke verband met teruggetrokkenheid, gereserveerdheid en afsydigheid. Dit is belangrik om daarop te let dat laer vlakke nie noodwendig met onvriendelikheid of koudheid verband hou nie (Avia, et al., 1995; Costa & McCrae, 1992).

Ekstroversie bestaan uit ses fasette, naamlik warmte, gemeenskapsgevoel, selfgeldendheid, aktiwiteit, opwinding-soeke en positiewe gevoelens. Die fasette word vervolgens bespreek.

### 7.3.1 Warmte

Individue wat deur warmte gekenmerk word is gewoonlik vriendelik, gesellig, opgeruimd, liefdevol en hou van mense. Daarteenoor is individue wat deur lae vlakke van warmte gekenmerk word, meer formeel, afsydig en terughoudend.

Voorbeelde van De Wet se ***warmte*** hou verband met die volgende persoonlikheidskenmerke: ***vriendelikheid***, ***gesellligheid***, ***besorgdheid, verbintenis tot hegte vriendskappe en opgeruimdheid.*** Die biografiese data het aangedui dat ‘n teenoorgestelde eienskap, ***onttrekking,*** wat laer vlakke van warmte suggereer ook by De Wet voorgekom het.

Talle insidente het aangetoon dat De Wet se verhoudings oor die algemeen deur interpersoonlike ***warmte*** gekenmerk is. 'n Voorbeeld hiervan was sy optrede

tydens sy gevangeneming in die 1914-Rebellie. ‘n Bruin konstabel het De Wet met ‘n perdekar na die polisiestasie op Marokweni geneem. Met hul aankoms het De Wet die konstabel bedank en tabak aan hom gegee. (Rosenthal, 1968). Die biografiese data verskaf beperkte inligting omtrent De Wet se gesinsverhoudings, maar Van Schoor (2007) meld dat hy die verhoudings gekoester het en dat hy sy vrou baie liefgehad het.

Oor die algemeen het mense van De Wet gehou en na hom verwys as 'n vredeliewende en gawe man (Trew, 1999). De Wet se ***vriendelike*** en ***gesellige*** persoonlikheid word onderstreep deur sy optrede teenoor Brit en boer ná sy aanstelling as minister van landbou. 'n Verdere voorbeeld van sy vriendelike en gesellige persoonlikheid is dat hy graag mense onthaal het en slaapplek aangebied het as hulle ver moes reis (Rosenthal, 1968). De Wet het ook hegte en lewenslange ***vriendskappe*** met verskillende mense gehad, waarvan sy vriendskappe met Steyn, De La Rey, Hertzog en Kestell waarskynlik die bekendste voorbeelde hiervan is (Kestell, 1920; Van Schoor, 2007).

Hoë vlakke van warmte dui meermale ook op ***opgeruimdheid***. Alhoewel De Wet 'n goeie sin vir humor gehad het, word daar nie spesifiek in die biografiese data van opgeruimdheid melding gemaak nie. Rosenthal (1968) het slegs een keer verwys na die goeie bui waarin De Wet was nadat hy die kommunikasielyne van die Britte afgesny het.

Die biografiese data het aangedui dat ***onttrekking,*** wat op laer vlakke van warmte dui, ook by De Wet voorgekom het. Voorbeelde hiervan was De Wet se onttrekking ná die inname van Bloemfontein toe hy verkies het om alleen na Kroonstad te ry (Kestell, 1920). De Wet het ook meesal verkies om saam met ‘n klein groepie lyfwagte buite – eerder as in – kampe te slaap (Rosenthal, 1968). Dit wil voorkom asof De Wet dit verkies het om gebeure in stilte te oordink (Van Schoor, 2007).

Buiten De Wet se voorkeur om homself gereeld te onttrek, dui die biografiese data daarop dat De Wet 'n warm en uitgaande persoon was. Hy het dit geniet om te kuier en het mense op sy plaas verwelkom.

### 7.3.2 Gemeenskapsgevoel

Individue met hoë vlakke van gemeenskapsgevoel geniet die geselskap van mense en is spontaan en spraaksaam. Individue by wie laer vlakke van gemeenskapsgevoel voorkom, is daarenteen afsydige en teruggetrokke alleenlopers wat verkies om mense te vermy.

De Wet het vir sy vriende ***omgegee*** en het dit geniet om saam met hulle te kuier (Coetzer, 2000; Kestell, 1920; C. A. Van Niekerk, 2000; Van Schoor, 2007). Tydens 'n geveg by Dewetsdorp het De Wet vir drie vriende in die dorp gaan kuier (C. R. De Wet, 1902; Rossouw, 2003). Gedurende sy termyn as minister het hy baie tyd ingeruim om aandagtig na die boere se probleme te luister en hulle te help (Rosenthal, 1968). Rosenthal (1968) het ook gemeld dat De Wet gedurende die tyd baie afgevaardigdes ontvang het en hom goed van die taak gekwyt het. Na sy 60ste verjaardag het De Wet nie juis meer amptelike verpligtinge gehad nie en het hy heelwat tyd verwyl deur in die dorp by vriende te kuier.

Samevattend kan gemeld word dat die biografiese data daarop dui dat De Wet beskryf kan word as 'n individu met 'n hoë vlak van gemeenskapsgevoel.

### 7.3.3 Selfgeldendheid

Die volgende faset, selfgeldendheid, verwys na dominante en kragdadige optrede. Individue by wie hoër vlakke van selfgeldendheid voorkom, is gewoonlik groepleiers wat entoesiasme toon en met selfvertroue praat. Individue wat laer vlakke van selfgeldendheid toon, is daarenteen gewoonlik op die agtergrond, stil en skaam.

Verskeie voorbeelde is in die biografiese data gevind wat op De Wet se leierseienskappe gedui het. As kind is hy na die dood van sy moeder sondermeer as ***leier*** onder die kinders aanvaar (Olivier, 1971). Volgens Kestell (1920) het hy die voortou onder sy broers geneem omdat hulle hom outomaties as die voorman in die boerdery erken het.

De Wet is aan die begin van die oorlog as 'n gewone burger opgeroep na die Heidelbergse kommando en is gou tot veldkornet verkies. Gedurende sy lewe het hy vinnig opgang op militêre gebied gemaak. Hy is deur sy makkers tot vise-kommandant verkies en binne 'n kort tydjie moes hy die siek kommandant Steenkamp se verantwoordelikhede oorneem (F. F. Pienaar, 2000; L. Scholtz, 1984). Kort daarna is hy die rang van veggeneraal aangebied en op die ouderdom van 46 jaar het De Wet die hoogste militêre rang, naamlik hoofkommandant behaal. Volgens L. Scholtz (2003) was De Wet se opgang binne vier maande van gewone burger tot hoofkommandant, 'n besliste erkenning van sy onbetwisbare ***leierskap***. Hy was ook lid van die Verdedigingsraad, die hoogste raadgewende raad vir landsverdediging.

De Wet het ook ***leierskap*** op politieke gebied getoon. Hy is as volksraadslid van beide die ZAR en die Oranje-Vrystaat gekies. De Wet is ook as waarnemende staatspresident aangestel na Steyn se bedanking as president van die Oranje-Vrystaat. Hy het vanaf 1905 tot 1910 as minister van landbou in die kabinet gedien. Hy is ook gekies as een van die afgevaardigdes van die Nasionale Suid-Afrikaanse Konvensie waartydens die grondwet van die Unie van Suid-Afrika formuleer is (Kestell, 1920; L. Scholtz, 1984).

Volgens Costa en McCrae (1992) impliseer selfgeldendheid die vermoë om met ***selfvertroue*** en ***entoesiasme*** te kan praat. Alhoewel De Wet nie vlot kon praat nie en hy effens gelispel het, het hy met selfvertroue gepraat. Sy toesprake het aanhoorders geboei en selfs meegesleur. By die begrafnisse van Paul Kruger en Steyn het die skare doodstil na hom geluister. Tydens sy toespraak by die onthulling van die vrouemonument is hy staande toegejuig (De Villiers, 1999; C. A. Van Niekerk, 2000). De Wet kon boonop sy besluite in enkele, presiese woorde

weergee. Hy was ook in staat om burgers direk met probleme te konfronteer (vgl., die insident toe hy die burgers aangesê het om hul waens huis toe te stuur). Laastens was De Wet by protesvergaderings ’n energieke spreker wat bereid was om tot aksie oor te gaan as daar nie aan sy pleidooie aandag geskenk is nie (Muller, 1980).

Samevattend kan gemeld word dat De Wet, alhoewel hy nie van roem en eer gehou het nie, 'n selfgeldende persoon was. Hierdie kenmerk, wat reeds vanaf ‘n jong ouderdom uitgestaan het, was veral prominent gedurende die oorlog.

#### 7.3.4 Aktiwiteit

Individue by wie hoër vlakke van aktiwiteit voorkom, is energiek, bedrywig, haastig en leef oor die algemeen teen 'n vinnige tempo. In teenstelling daarmee is individue met laer vlakke van aktiwiteit ontspanne en gemaklik.

De Wet se kinderjare, sy jare as boer, sy termyne as volksraadslid én sy optredes tydens die oorlog, het getuig van energiekheid, haastigheid, aksie en bedrywigheid. In die onderstaande gedeelte word sy ***aktiewe***, ***bedrywige*** en ***haastige*** persoonlikheid bespreek, sowel as die enkele kere waar hy ***rustiger*** en ***onaktief*** was.

De Wet word in die biografiese data as 'n man van aksie beskryf (Pretorius, 1976; Van Schoor, 2007). Hy is ook beskryf as 'n man van daad eerder as woord en 'n doener eerder as 'n denker (L. Scholtz, 2003). Van Schoor (2007) het De Wet beskryf as 'n persoon met 'n rustelose gees. Hy was van nature ***haastig.*** As hy van 'n saak oortuig was, het hy gou tot ***aksie*** oorgegaan en daarna vir min dinge gestuit. Volgens Rosenthal (1968) het De Wet se haastige geaardheid daartoe bygedra dat hy agt plase in sy lewe bewerk het aangesien hy nie kon ***stilsit nie***. Voor die oorlog was De Wet reeds by verskeie aktiwiteite betrokke. Hy het transport gery, met hoenders gesmous, 'n slaghuis bedryf en was by 'n *gou rykword*-skema betrokke (Rosenthal, 1968). Tydens die oorlog was De Wet ook ***bedrywig*** en meesal aan die voorpunt van gevegte waar hy bevele en opdragte

gegee het, aangemoedig en toegesien het dat die burgers buite skoot van die Britse magte bly (Olivier, 1971). Aangesien De Wet so vinnig rondbeweeg het, was geen Britse kolonne ooit langer as 24 uur met hom in kontak nie (Barthrop, 1987). Guerrilla-oorlogvoering het De Wet soos 'n handskoen gepas, want dit het beteken dat hy met vinnig bewegende perdekommando’s en groter geheimhouding kon funksioneer (Evans, 2000). In die tronk was De Wet onder die bedrywigstes en het hy hom besig gehou met skrynwerk (bv., skinkborde en wandelstokke) en knoopwerk (bv., serpe, tjalies en tafeldoeke) (Van Schoor, 2007).

Daar was wel enkele kere waar De Wet ***rustiger*** was. Volgens Rosenthal (1968) het De Wet na die oorlog die kalmte en rustigheid van sy plaas geniet, hoewel hy steeds bedrywig was. Hy het nuwe implemente gekoop en energiek voortgewerk. Uitputting het ook soms tot ***onaktiewe*** optrede by De Wet gelei. Ná 'n onmenslike tog van agt dae om deur die Oranjerivier te probeer kom was De Wet byvoorbeeld heeltemal uitgeput (Olivier, 1971; Wessels, 2002). 'n Verdere voorbeeld van onaktiwiteit word geïllustreer deur die twee weke wat De Wet in 'n vallei by Schoemansdrif gewag het vir ’n geskikte geleentheid om versteekte ammunisie op te grawe en om te sorg dat president Steyn veilig aan 'n ZAR kommando toevertrou kon word. Hierdie optrede het volgens L. Scholtz (2003) waarskynlik meer verband gehou met operasionele oogmerke.

Die beskikbare biografiese data dui daarop dat De Wet 'n aktiewe persoon was. Alhoewel hy soms minder aktief was, het dit verband gehou met die eise van bepaalde situasies. Hierdie situasies was byvoorbeeld die rustigheid wat hy na die oorlog kon geniet, siekte wat hom gedwing het om rustiger te wees en sy operasionele aktiwiteite gedurende die oorlog.

### 7.3.5 Opwinding-soeke

Individue by wie hoër vlakke van opwinding-soeke voorkom, geniet stimulasie en opwinding en is waaghalsig en avontuurlustig. Daarenteen verkies individue by wie laer vlakke van opwinding-soeke voorkom, 'n rustiger lewenstyl.

Die biografiese data wys op 'n enkele insident in De Wet se kinderjare wat verband hou met **opwinding-soeke**. Tydens dié insident het hy en sy honde ‘n bok gaan jag. Hy het nie 'n mes by hom gehad om die bok keel-af te sny nie en dit het noodwendig 'n groot gespartel tot gevolg gehad. Die honde het later tot De Wet se redding gekom en die bok van kant gemaak (Kestell, 1920).

Tydens die oorlog was daar talle insidente waartydens De Wet se **opwinding-soeke** na vore gekom het. Hy het selde aanmoediging nodig gehad om vlugtende Britse soldate te agtervolg (Breytenbach, 1977). De Wet het dit ook klaarblyklik geniet om verkenningswerk te doen of om telegraaflyne te saboteer (Van Schoor, 2007). Die biografiese data dui daarop dat De Wet se opwinding-soeke ook tydens die 1914-Rebellie tot uiting gekom het. Tydens die Rebellie het 3 500 burgers hulle by De Wet en sy ondersteuner, Hendrik Serfontein, gevoeg. Mushroom Valley, waar hulle bymekaar gekom het, was omring deur heuwels wat op daardie stadium deur regeringsgesinde kommando's beset is. De Wet was na bewering opgewonde om te sien dat die burgers vir mekaar met spieëls seine stuur, want dit het hom aan die oorlog herinner (Muller, 1980).

Daar is nie aanduidings dat De Wet ooit 'n rustige lewenstyl of 'n tekort aan opwinding gehad het nie. Sy persoonlikheid word dus gekenmerk deur hoër vlakke van opwinding-soeke.

### 7.3.6 Positiewe gevoel

Hierdie faset hou verband met die ervaring van emosies soos geluk, vreugde en joligheid. Individue wat gekenmerk word deur hoër vlakke van positiewe gevoel lag maklik, is optimisties en spontaan en beskik oor humorsin. Individue wat die ander kant van die spektrum verteenwoordig is nie noodwendig ongelukkig nie, maar ervaar selde positiewe gevoelens en kom dus minder lewenslustig voor.

De Wet het emosies en eienskappe soos ***blydskap (verheug)*** en ***humor*** getoon, wat kenmerke van 'n ***positiewe ingesteldheid*** is. In 1880, toe De Wet in sy middel-twintigerjare was, is hy opgeroep om in Natal teen die Britte te gaan veg.

Hy was na bewering ***verheug*** oor die geleentheid om in die veld te wees, asook dat soveel burgers bereid was om te help met die Jameson-inval (Rosenthal, 1968). Alhoewel die burgers weke aaneen by Roodewal in onaangename weersomstandighede op die Britse soldate gewag het, het dit nie De Wet se geesdrif en vrolikheid gedemp nie (L. Scholtz, 1984).

Die biografiese data bevat verskeie voorbeelde van De Wet se ***humorsin***. Tydens die oorlog het 'n aantal vroue die burgers se perde voorgekeer en het twee jong vroue De Wet genader en hom gelukgewens met sy suksesse. Hy het die vroue se hande geskud en gesoen, waarna sommige van die offisiere dieselfde wou doen. Die vroue was egter teësinnig en het dit nie toegelaat nie. Toe die teleurgestelde offisiere De Wet daaroor terg, was hy na bewering aanvanklik verleë, maar het 'n gevatte opmerking gemaak, op sy perd geklim en die reis voortgesit (Thring, ter perse). By geleentheid het De Wet drie Britse verkenners gearresteer, maar hul daarna vrygelaat en aangesê om 'n dringende boodskap na hul bevelvoerder, generaal Rundle, te neem. Die verkenners het die brief van De Wet afgelewer waarin die volgende boodskap gestaan het: *"Dear sir, please chain up these devils, as I catch them every day. Yours, Christiaan de Wet"* (Rosenthal, 1968, p. 95). By 'n ander geleentheid het De Wet goedig gesê dat die Boere die Engelse moet vergewe al moet hulle dit met wolwegif doen (Fleck, 2000). Die laaste voorbeeld van De Wet se humorsin verwys na 'n geleentheid waar De Wet deur generaal Knox en sy manskappe omsingel is. De Wet het die burgers aangeraai om stroom-op in die rigting van Basoetoland te trek. Volgens hom was so 'n drastiese stap nodig, want die Britte was só lief vir hom dat hulle hom verseker weer sou kom opsoek (C. R. De Wet, 1902).

De Wet se ***positiewe ingesteldheid*** was selfs in die tronk opmerklik. Daar het hy ywerig briewe aan sy gesin en vriende geskryf waarin hy hulle vir hul geskenke bedank het. In sy briewe het hy nie sy lot bekla nie, maar eerder die geadresseerdes moed ingepraat (Van Schoor, 2007).

Die biografiese data dui daarop dat De Wet gereeld positiewe gevoelens ervaar en uitdrukking aan sy humorsin gegee het.

## 7.4 Ontvanklikheid

Die derde faktor van die Vyf-faktor model is ontvanklikheid. Individue by wie hoër vlakke van ontvanklikheid voorkom, is nuuskierig oor wat rondom hulle gebeur. Hulle lewens neig om ervaringsgewys ryker te wees; is gewillig om nuwe idees en onkonvensionele waardes te oorweeg en neig om positiewe sowel as negatiewe emosies meer bewustelik en akkuraat te ervaar as geslote individue. Daarbenewens toon sulke individue die volgende kenmerke: verbeeldingrykheid, estetiese sensitiwiteit en intellektuele nuuskierigheid. Individue met laer vlakke van ontvanklikheid is meer konvensioneel in hul lewensuitkyk (Costa & McCrae, 1992; Hirsh & Peterson, ter perse; Kaplan & Saccuzzo, 2001). Die faktor word onderverdeel in die volgende ses fasette: fantasie, estetika, gevoelens, aksies, idees en waardes.

Die ses fasette word vervolgens aan die hand van De Wet se lewe bespreek. As gevolg van die beperkte voorbeelde in die biografiese data kon die navorser nie daarin slaag om 'n omvattende beskrywing van De Wet se ontvanklikheid vir fantasie en estetika te formuleer nie.

### 7.4.1 Fantasie

Individue by wie hoër vlakke van fantasie voorkom, is verbeeldingryk, ervaar ‘n aktiewe fantasie-wêreld en word gekenmerk deur dromerigheid, idealisme en kunssinnigheid. Hulle dagdroom en glo dat verbeeldingsaktiwiteite tot 'n ryker en meer kreatiewe lewe bydra. Individue by wie laer vlakke van fantasie voorkom, is meer konvensioneel in hul optrede en verkies om hulself met praktiese take besig te hou.

Die biografiese data dui daarop dat De Wet eerder 'n ***praktiese*** mens as 'n dromer was. Geen aanduidings kon in die biografiese data gevind word wat daarop dui dat De Wet 'n dromer was of dat hy 'n aktiewe verbeelding en fantasie-lewe gehad het nie. Volgens outeurs soos Pretorius (1976), L. Scholtz (2003) en Van Schoor (2007) het De Wet hom besig gehou met ***praktiese take*** in plaas daarvan om net

daaroor te dink. Van Schoor het ook gemeld dat De Wet 'n man van die daad was.

De Wet het op take en aktiwiteite gefokus en kan dus beskou word as 'n individu by wie 'n lae fantasie-vlak voorgekom het.

### 7.4.2 Estetika

Individue by wie hoër vlakke van estetika voorkom het gewoonlik waardering vir kuns, skoonheid, musiek en digkuns en word emosioneel daardeur geraak. Eienskappe soos oorspronklikheid en veelsydigheid word ook by hierdie individue aangetref. Individue by wie laer vlakke van estetika voorkom is op hul beurt minder geïnteresseerd in kuns en skoonheid.

Die enigste aanduiding van De Wet se ontvanklikheid vir estetika was die boek wat hy oor die Anglo-Boereoorlog geskryf het (Rosenthal, 1968). Kestell (1920) was van mening dat De Wet 'n ongekunstelde man was.

Daar bestaan geen aanduidings van De Wet se estetiese ervarings in die biografiese data nie. Die biografiese data dui wel daarop dat De Wet 'n intense aanvoeling vir die natuur gehad het, maar daar word nie meer spesifiek na estetiese ingesteldheid verwys nie. Die gebrekkige inligting maak dit onmoontlik om ‘n ingeligte mening oor De Wet se ontvanklikheid vir estetika uit te spreek.

### 7.4.3 Gevoelens

Individue by wie hoër vlakke van gevoelsontvanklikheid voorkom, is meer ontvanklik vir gevoelens en emosies en gevolglik vervul die ervarings ‘n belangrike rol in hul lewe. Hierdie individue ervaar ’n groter verskeidenheid emosies en die intensiteit van hul ervarings (beide aangenaam en onaangenaam) is boonop op ‘n dieper vlak. Individue by wie laer vlakke van gevoelsontvanklikheid voorkom, is meer afgestomp ten opsigte van gevoelens.

Verskeie situasies in De Wet se lewe het veroorsaak dat hy sy emosies intens beleef het, byvoorbeeld die oorlog, sy moeder se dood en sy waardes. Die emosies wat hy getoon het was onder andere: ***humeurigheid***, ***ontsteltenis***, ***ontroering*** en ***intense gevoelens***. Daarteenoor het De Wet wel in twee spesifieke situasies ***emosieloos*** opgetree.

Die biografiese data dui daarop dat De Wet dikwels intense emosies ervaar het. Hy het byvoorbeeld intense ***humeurigheid*** getoon met sy beledigende aanmerkings teenoor ‘n magistraat (Rosenthal, 1968). By 'n ander geleentheid het De Wet se humeur opgevlam toe sy vrou neerhalend van die Britte gepraat het en hy haar daaroor betig het (Kestell, 1920). Hy het ook sy humeur verloor en die burgers betig omdat hulle stadig beweeg het ná hulle oorwinning by Mostertshoek en sodoende die vyand kans gegee het om hulle weer in te haal (J.C. Hopkins & Halstead, 1900-1902; Van Schoor, 2007).

Daar is talle ander situasies waartydens De Wet intense emosies ervaar het. Hy was ***ontsteld*** toe sy broer, Piet, hom gevra het of dit nog die moeite werd was om met die oorlog voort te gaan (H. C. Hopkins, 1963; Rosenthal, 1968). Volgens Kestell (1920) het De Wet 25 jaar na sy moeder se dood steeds daaroor ***ontroerd*** gevoel. Verder het De Wet ook baie ***intense gevoelens*** ervaar oor nasionalisme, onafhanklikheid en godsdiensbeoefening (Reitz, 1929; Wessels, 2002).

Die biografiese data verwys na twee geleenthede waartydens De Wet se emosionele ervarings ***afgestomp*** was. Die eerste was toe hy op sy verwoeste plaasopstal afgekom het en tweedens met die besoek aan die graf van een van sy kinders (L. Scholtz, 2003).

Opsommend kan De Wet beskryf word as 'n persoon wat ‘n redelike wye reeks gevoelens intens ervaar het. Hy kan dus beskryf word as 'n individu met 'n hoë vlak van gevoelsontvanklikheid.

### 7.4.4 Aktiwiteit

Individue by wie hoër vlakke van ontvanklikheid vir aktiwiteit voorkom is gretig en gewillig om verskillende aktiwiteite te probeer. Hulle vind aanklank by nuutheid en verskeidenheid eerder as bekendheid en roetine. Hulle het ‘n wye reeks belangstellings en is meermale veelsydig. Individue by wie laer vlakke van ontvanklikheid vir aktiwiteit voorkom, verkies die bekende.

Die biografiese data bevat verskeie voorbeelde van De Wet se ontvanklikheid vir ***nuwe*** en ***verskillende aktiwiteite,*** sowel as ***veelsydigheid***. Ten spyte van beperkte skoolopleiding het De Wet 'n klassieke boek oor die Anglo-Boereoorlog geskryf wat slegs op sy geheue gebaseer was (Kestell, 1920). Daarbenewens was De Wet ’n vooruitstrewende boer en het hy nuwe implemente of ***verskillende maniere*** van verbouing probeer (Rosenthal, 1968). Gedurende die Anglo-Boereoorlog het De Wet ’n nuwe oorlogsvoeringmetode, naamlik guerrilla-oorlogvoering inisieer. Dit het behels dat daar met waens weggedoen is en op mobiliteit gefokus is (De Vries, 1987; Evans, 2000).

De Wet het bekendheid verwerf vir sy ***veelsydige*** metodes om uit moeilike situasies te ontsnap of om die vyand om die bos te lei (Rosenthal, 1968). 'n Voorbeeld hiervan is waar De Wet die burgers laat een middag beveel het om 'n aantal vure aan te steek. Na donker is die vure net so gelaat terwyl die kommando weer verder getrek het. Die Britte is hierdeur verwar en De Wet kon gevolglik 'n voorsprong opbou.

De Wet se gewilligheid om verskillende aktiwiteite te probeer het op veelsydigheid getoon. Geen duidelike aanduidings is in die biografiese data gevind dat De Wet verkies het om by bekende dinge te bly en vasgestelde roetine te volg nie. De Wet se ontvanklikheid vir aktiwiteit word daarom as hoog beskou.

### 7.4.5 Idees

Ontvanklikheid vir idees impliseer dat individue oor intellektuele nuuskierigheid beskik en ‘n voorkeur toon vir die oorweging van nuwe en onkonvensionele idees. Individue by wie hoër vlakke van ontvanklikheid vir idees voorkom, toon eienskappe soos idealisme, vindingrykheid, oorspronklikheid en verbeeldingrykheid. Individue by wie laer vlakke van ontvanklikheid vir idees voorkom, toon daarenteen beperkte nuuskierigheid en verbeeldingrykheid.

De Wet het nie net gedurende die oorlog sy ***vindingrykheid*** en ***onkonvensionaliteit*** demonstreer nie, maar ook as parlementslid en boer. Sy ontvanklikheid vir idees is veral demonstreer deur sy ***vindingrykheid*** om die vyand te mislei. Een van De Wet se ***vindingryke idees*** was om die woord te laat versprei dat sy kommando op pad is na 'n bepaalde plek, wel wetende dat die nuus ook by die Britte sou uitkom. Intussen het die burgers dan heeltemal in 'n ander rigting beweeg (Lourens & Lourens, 2002). De Wet het die Britte ook gereeld om die bos gelei deur onderskeidelik in 'n westelike en 'n suidelike rigting te trek of om heen en weer te ry om sodoende vals spore te skep. Sy plan om kommando’s te ontbind en dan weer later byeen te bring was ***onkonvensioneel*** en het gunstige resultate gelewer (Rosenthal, 1968). De Wet se oorspronklikheid het ook na vore gekom in sy plan om ‘n uitgebreide heliograafnetwerk oor die hele oostelike Vrystaat te vestig (Natrass & Spies, 1994).

As volksraadslid het De Wet ook met heelwat nuwe en ***onkonvensionele idees*** vorendag gekom. Hy het byvoorbeeld voorgestel dat die volksraad 'n sekere bedrag aan behoeftige burgers moet beskikbaar stel – 'n nuwe gedagte tydens daardie era. De Wet was ook gekant teen Sondagsontheiliging en het voorgestel dat die volksraad 'n wet moet maak wat die loop van treine en poskarre op Sondae sou verbied. Hy was verder van mening dat 'n suikerraffinadery tot voordeel van die Oranje-Vrystaat sou wees aangesien groot hoeveelhede suikerbeet in die Oranje-Vrystaat verbou is. De Wet het ook vindingryke idees met betrekking tot

besproeiing en die aanbou van brûe gehad. Volgens hom was besproeiingswerke noodsaakliker as die bou van brûe (Kestell, 1920).

De Wet het 'n hoë vlak van ontvanklikheid vir idees getoon. Volgens die biografiese data het hy heelwat nuwe en onkonvensionele idees deurgevoer.

### 7.4.6 Waardes

Die laaste faset het betrekking op ontvanklikheid vir waardes. Individue by wie hoër vlakke van ontvanklikheid vir waardes voorkom, toon gewoonlik 'n gewilligheid om sosiale, politieke en godsdienstige waardes te herevalueer. Individue by wie laer vlakke van ontvanklikheid vir waardes voorkom, aanvaar en eerbiedig daarenteen tradisies. Sulke individue kan as dogmaties beskou word en toon eienskappe soos konserwatisme en versigtigheid.

Vir De Wet was waardes soos ***godsdiens***, ***nasionalisme*** en ***patriotisme*** belangrik en hy was nie bereid om sy standpunt hieroor te verander nie. ***Sosiale waardes*** en ***tradisies*** was ook vir hom belangrik. Voorbeelde van die teenoorgestelde, naamlik om ***van standpunt te verander,*** is ook in die biografiese data gevind. Wat De Wet se ***godsdienstige waardes*** aanbetref, het hy geloof en vertroue in God gehad (C. R. De Wet, 1902; Kestell, 1920). Reeds vanaf 'n jong ouderdom het bybellees voorrang by hom geniet en op 16-jarige ouderdom het De Wet belydenis van sy geloof afgelê (Van Schoor, 2007).

Die Anglo-Boereoorlog was vir De Wet vanuit die staanspoor 'n ***geloofsaak***. Volgens hom (in Rosenthal, 1968) sou hy nooit die wapens opgeneem het as hy dit nie in geloof gedoen het nie. Gedurende die oorlog is die rang van veggeneraal vir De Wet aangebied. Volgens Kestell (1920) het De Wet 'n paar vriende saamgenooi veld toe om eers daaroor te bid. De Wet het dit ook deurgaans beklemtoon dat sy talle ontsnappings net aan die genade en beskerming van God toegeskryf kon word (C. R. De Wet, 1902). Die juigkrete, psalms en gesange wat opgestyg het na die ontsnapping van die burgers by Bothasdrif, dien as voorbeeld hiervan. De Wet het hierna getuig dat dit die wil van God was dat hulle veilig

terugkeer het (De Villiers, 1999; Trew, 1999). Selfs in die tronk was De Wet se ***geloof*** en aanbidding vir hom van die grootste belang (Van Schoor, 2007). Hy het frustrasie ervaar omdat hy getrou wou bly aan God, maar nie deur wagte toegelaat is om aandgesange te sing nie.

De Wet se houding teenoor verraaiers, oorlopers, drosters en halwe patriotte het getuig van sy ***nasionalisme***. De Wet was onverbiddelik hieroor en het geen verraad of drossery geduld nie. Sy opdrag aan die burgers dat hulle sy broer wat oorgeloop het na die Britte, eerder moes doodskiet, getuig daarvan. Die Morgendaal-insident is 'n sprekende voorbeeld van De Wet se afkeur teenoor oorlopers. Jan Morgendaal, wat 'n oorloper was, het hom verset teen bevele van generaal Froneman. De Wet het woedend beveel dat Froneman op die plek vir Morgendaal moes doodskiet. Morgendaal is hierna aan die skietwonde oorlede (Doyle, 1902; Rossouw, 2003).

De Wet se ***afkeur aan onpatriotiese optrede*** het ook geblyk uit sy optrede toe hy ‘n *oorloper* (ene Van den Berg) in hegtenis geneem het omdat hy vroue en bejaardes mishandel het. Alhoewel 'n krygsraad Van den Berg ter dood veroordeel het, het Kestell vir hom ingetree en is hy weer vrygelaat. De Wet het uit sy pad gegaan om Van den Berg weer gevange te neem en sou hom sonder twyfel doodgeskiet het indien hy daarin sou slaag (Van Wyk, 2001). De Wet het soms wapenafleggers terugverwelkom, maar nie verraaiers of oorlopers nie. Hy het ook geglo dat die vuurpeloton die gepaste straf vir verraad is (Rosenthal, 1968).

De Wet se politieke waardes kom ter sprake wanneer ***patriotisme*** as persoonlikheidseienskap oorweeg word. Hy het gestrewe na volkseenheid en het daarom partypolitiek afgekeur (Kestell, 1920). Dit was De Wet se doel om die ou Vrystaatse en Transvaalse regeringstelsels, wat partypolitiek uitgesluit het, te herstel. Hy was daarom ontsteld toe die skeiding tussen die Botha- en die Hertzog-volgelinge, as gevolg van beginselverskille, onvermydelik geraak het (Oost, nie gedateer; Rosenthal, 1968). De Wet het deurgaans liefde vir sy volk, taal en land beklemtoon. As 11-jarige seun het hy wag gestaan tydens die

Basoeto-oorlog met 'n paar stukke boerbeskuit van die burgers as beloning maar vir hom was sy eintlike beloning egter die gevoel dat hy sy land en volk kon dien (Olivier, 1971). Volgens Oost (nie gedateer) het De Wet se liggaamskragte wel gedurende sy laat volwassenheid swakker geword, maar sy volksliefde het al sterker geword.

Wat ***sosiale waardes*** betref, het De Wet ook baie vaste oortuigings gehad. 'n Voorbeeld hiervan is dat hy in die volksraad aangedring het op die streng handhawing van die taal van die land. De Wet het ook dikwels sy ondergeskiktes gewaarsku om nie hulle ***tradisies*** te verwaarloos nie, maar eerder te leef volgens die sedes, aspirasies en godsdiens van die Voortrekkers (Rosenthal, 1968). Hy het hulle ook gemaan om trou te bly aan die regering en te alle tye volgens die land se grondwet op te tree (Olivier, 1971).

Die voorbeelde dui daarop dat De Wet volgens ‘n streng waardestelsel geleef het. Hy het egter soms erken as 'n ander persoon reg was, of as sy eie planne nie altyd die beste was nie. 'n Voorbeeld hiervan was gedurende 'n vergadering van die ZAR volksraad in 1885, waar De Wet die konsessie-planne van president Kruger sterk teengestaan het. Later het hy wel tot die oortuiging gekom dat die president reg was en het toe sy sienswyse verander (Kestell, 1920). 'n Verdere voorbeeld was tydens die anti-spoorlyn konferensies wat in Dewetsdorp, Ladybrand en Brandfort gehou is waartydens De Wet en sy broer, Jan, protes aangeteken het. 'n Spesiale sitting van die volksraad is gehou om hierdie aangeleentheid te bespreek en alhoewel De Wet baie sterk oor die saak gevoel het, was hy van die eerstes om te erken dat 'n bevredigende kompromie bereik is. Hy het ook in die Vrystaatse volksraad erken dat dit noodsaaklik was dat die opkomende geslag Engels moet leer, maar dat die volkstaal voorkeur moes geniet (Rosenthal, 1968).

De Wet het dus 'n lae vlak van ontvanklikheid vir waardes getoon aangesien hy onwillig was om sy sosiale, politieke of godsdienstige waardes te verander.

## 7.5 Instemmendheid

Instemmendheid is die vierde faktor van die Vyf-faktor model en word soos die ander ook in ses verdere fasette onderverdeel. Instemmendheid het betrekking op ‘n interpersoonlike neiging na altruïsme. Instemmende individue is hulpvaardig, vrygewig, simpatiek, vertrouend, samewerkend en glo dat ander individue oor dieselfde eienskappe beskik. In teenstelling hiermee is individue by wie laer vlakke van instemmendheid voorkom, egosentries, antagonisties, jaloers, sinies, skepties en kompeterend (Costa & McCrae, 1992; Seibert & Kraimer, 2001). Instemmendheid word onderverdeel in ses fasette: vertroue, openhartigheid, altruïsme, inskiklikheid, beskeidenheid en saggeaardheid.

### 7.5.1 Vertroue

Individue by wie hoër vlakke van vertroue voorkom, glo dat ander mense eerlik en opreg is. Hierdie individue is gewoonlik goedgelowig en vredeliewend. Individue by wie laer vlakke van vertroue voorkom is daarenteen sinies, skepties en sien ander as oneerlik en gevaarlik. Hulle is voorts agterdogtig en behoedsaam. De Wet se vlak van vertroue word vervolgens in terme van ***vertroue*** versus ***wantroue*** beskryf.

Gedurende die oorlog het De Wet wel ***vertroue*** in die burgers gehad, al was hulle nie altyd so betroubaar soos wat hy gehoop het nie (C. R. De Wet, 1902). In die geveg van 13 Maart 1900 by Bloemfontein het De Wet geglo dat die burgers tot die einde sal veg. Teen sonsondergang het hy van stelling tot stelling gery om die burgers en offisiere te motiveer. By die stelling van kommandant Weilbach moes De Wet egter uitvind dat die kommandant en ander offisiere gedros het. De Wet was teleurgesteld in hulle, want Bloemfontein het daarna sonder slag of stoot in die Britte se hande geval (Farwell, 1976; Evans, 2000). De Wet het verder geglo dat indien hy die burgers tien dae *verlof* gee, hulle almal weer vir diens sou aanmeld. Na die tien dae het die burgers in groot getalle opgedaag en het weer tot die stryd toegetree (Bateman, 1977).

In die biografiese data is daar ook aanduidings dat De Wet veral respek vir president Steyn gehad het en hom ***vertrou*** het. Daar was 'n sterk band tussen hulle en aangesien die veiligheid van die president een van De Wet se prioriteite was, het hy dus gesorg dat president Steyn in gevegsituasies altyd op 'n veilige plek is. Hy het ook nie gehuiwer om die president tereg te wys as hy homself in gevaar gestel het nie. Soms het hy die president selfs met die sambok gedreig waarop Steyn dan gereageer het met die woorde: *"Maar die Generaal is kwaai né!"* (Potgieter, 2000, p.36). De Wet het nie belangrike krygsplanne uitgevoer sonder om dit met Steyn te bespreek nie en volgens De Wet was Steyn vir hom soos 'n vaderfiguur (Rosenthal, 1968).

De Wet het ook ***vertroue*** in Hertzog gehad en hom as 'n eerlike en opregte man beskou. Met sy bekende *Mishoop-toespraak* ter ondersteuning van Hertzog, het De Wet gesê dat hy dit verkies om tussen sy mense op 'n mishoop te staan eerder as om tussen vreemdelinge in 'n paleis te lewe (Van Schoor, 2000). Hy het ook verklaar dat Hertzog 'n man is wat die belange van sy mense op die hart dra. De Wet het dus sy ondersteuning aan Hertzog gegee toe dié uit die parlement gestap het (Ingham, 1986). De Wet het verder ook sy ***vertroue*** in God en die kerk gestel. Volgens dominee Van Heerden (in Kestell, 1920) was God vir De Wet 'n lewende werklikheid. De Wet het geglo dat sy lewe vir hom beskik is en hy het hom daarby berus.

Daar is egter ook aanduidings in die biografiese data dat De Wet mense gewantrou het. De Wet het prontuit verklaar dat hy Rhodes ***nie vertrou het nie*** (Van Schoor, 2007). Rhodes het per geleentheid in Bloemfontein besoek afgelê waar De Wet hom gesien het, maar nie met hom gepraat het nie. Mense het Rhodes lof toegeswaai, maar De Wet het slegs opgemerk: *"Hy het 'n wonderlike kop – dit kan niemand bestry nie, maar hy sal vir ons kwaad doen"* (Kestell, 1920, p. 46).

Die persoon van wie De Wet die meeste verskil het, was generaal Botha. Hoewel daar deurentyd wedersydse respek tussen die twee bevelvoerders was, het die verhouding gedurende die verloop van die oorlog nooit tot 'n vriendskap of

vertroue ontwikkel soos daar tussen De Wet en De la Rey bestaan het nie. Op politieke vlak (nie soseer op krygsvlak nie) het 'n gespanne houding tussen De Wet en Botha geheers (Van Schoor, 2007). De Wet het stilswyend Botha se planne verwerp. Weens sy hardkoppigheid, ***wantroue*** jeens Botha en oordrewe individualisme het De Wet twee keer op eie inisiatief die Kaap binnegeval, maar beide invalle het misluk. Volgens L. Scholtz (2003) was De Wet se eiesinnigheid en onwilligheid om met Botha saam te werk nie 'n goeie veldheer soos hy waardig nie.

De Wet het op 'n keer die uitlating gemaak dat die regering die volk wantrou en volgens hom moes die regering nie verbaas wees as hulle dus ook ***gewantrou*** word nie. In hierdie toespraak het De Wet ook gemeld dat die regering toenemend van die volk vervreemd geraak het (Rosenthal, 1968). Tydens die 1914-Rebellie was De Wet byvoorbeeld onwrikbaar daarvan oortuig dat die regering gepoog het om ‘n skeiding tussen sy en Beyers se burgers te bewerkstelling sodat Beyers se burgers oorrompel kon word. Selfs Colin Steyn, seun van president Steyn, kon hom nie van die teendeel oortuig nie (Kestell, 1920). Volgens L. Scholtz (2003) het De Wet oor die algemeen menings wat van syne afgewyk het, met wantroue bejeën.

Volgens die biografiese data het De Wet mense soos Steyn, Hertzog en De la Rey vertrou. Hy het verder ook sy vertroue in God gestel. Die teenoorgestelde is egter ook gevind. De Wet het mense soos Rhodes, Botha en die regering gewantrou.

Aangesien voorbeelde van beide vertroue sowel as wantroue gevind is, word De Wet beskryf as 'n persoon met 'n gemiddelde vlak van vertroue.

### 7.5.2 Openhartigheid

Individue by wie hoër vlakke van openhartigheid voorkom is gewoonlik eerlik, reguit en opreg. Daarteenoor is individue met laer vlakke van openhartigheid geneig om andere te manipuleer deur middel van vleiery en kullery. Hierdie individue is voorts gekompliseerd, skerpsinnig en outokraties. De Wet se

openhartigheid word getoon deur persoonlikheidskenmerke soos ***eerlikheid***, ***openhartigheid*** en ***opregtheid.*** Hierdie eienskappe was kenmerkend deur sy lewe. De Wet het ook ***lof*** betoon wanneer hy gevoel het dat dit nodig is. Tydens een insident het De Wet van ***manipulasie*** gebruik gemaak wat 'n aanduiding is van 'n lae vlak van openhartigheid.

De Wet is as kind deur sy onderwyseres bestempel as 'n *mannetjie van sy woord* (Olivier, 1971, p. 3). Hugh Gunn, die direkteur van onderwys in die Oranjerivier-kolonie, het ook vir De Wet in 1914 as 'n man van sy woord beskryf (Rosenthal, 1968; Van Schoor, 2007). Verder het president Steyn De Wet vir sy ***eerlikheid*** en betroubaarheid bewonder (Van Schoor, 2007). President Kruger het ook De Wet as eerlik en betroubaar beskryf (Reitz, 1929).

De Wet het gewoonlik reguit en ***openhartige*** toesprake gelewer. Voorbeelde hiervan was toe De Wet in die volksraad op die man af gepraat het oor die ekonomiese toestand en Jameson-inval (Rosenthal, 1968). De Wet en Steyn het per geleentheid 'n toespraak op die markplein in Klerksdorp gehou waartydens hy die volk openhartig adviseer het. Voorbeelde van toesprake waartydens De Wet sonder skroom gepraat het, sluit sy toesprake by Paarlberg en Koppies in, sowel as sy huldigingredes by Kruger, De la Rey en Steyn se begrafnisse (Kestell, 1920). In sy uitlatings teenoor Botha was De Wet ook reguit (Rosenthal, 1968).

Gedurende die oorlog het De Wet die burgers ***openhartig*** met die probleem van die walaers gekonfronteer. De Wet het hulle nie gevra om die waens huis toe te stuur nie, maar hulle bevéél om dit te doen. Hy het ook sy eie burgers gekritiseer wanneer hulle fouteer het, soos met die beskadiging van die Long Tom-kanon wat op Gun Hill gestaan het (Rosenthal, 1968).

As minister van landbou het De Wet ***opregtheid*** demonstreer. Hy het geduldig na die boere geluister en gereeld die trein laat stop wanneer hy op reis was om beter insigte in landbouprobleme te kry (Rosenthal, 1968).

By Moddervlei was De Wet vol ***lof*** vir die burgers, aangesien hulle alles sou opoffer vir hulle vryheid (C. R. De Wet, 1902). Ook wanneer die Britte lof verdien het, het De Wet lof betuig. Een van die Britse kolonne het 'n vinnige inval na Bethlehem onderneem en 'n aantal burgers, waaronder landdros De Villiers, is oorval en gevange geneem. Volgens De Wet was dit 'n vernuftige plan en alhoewel dit die vyand was, het De Wet gevoel dat goeie werk lof verdien (L. Scholtz, 2003). De Wet was dus eerlik en reguit in sy kritiek, maar ook eerlik in sy lof teenoor vriend en vyand.

Slegs een aanduiding kon in die biografiese data gevind word waar De Wet deur middel van sarkasme twee kommandante ***gemanipuleer*** het. Dit was ten tye van die gevegte by Thaba N'chu waar die burgers paniekbevange die hasepad gekies het. De Wet het hierdie onwillige en vlugtende burgers met sy sambok bygekom. Onder die vlugtelinge was daar ook twee kommandante wat saam met die burgers probeer wegkom het. De Wet het hulle geprys vir hulle goeie optrede en sarkasties opgemerk dat hulle saam met die burgers huiswaarts kon keer, want hy het nie lafaards in sy kommando nodig nie. Dit het die gewenste uitwerking gehad, want die kommandante het verskoning aangebied en toestemming gevra om aan die front te bly (Thring, ter perse).

De Wet kan bestempel word as 'n eerlike, opregte en openhartige persoon. Hy het nie andere met kullery of vleiery gemanipuleer nie en kan beskryf word as 'n individu met 'n hoë vlak van openhartigheid.

### 7.5.3 Altruïsme

Altruïsme dui op 'n besorgdheid oor die welsyn van ander persone. Individue by wie hoër vlakke van altruïsme voorkom, is vrygewig, konsidererend, hulpvaardig en verdraagsaam. Individue by wie laer vlakke van altruïsme voorkom, is meer selfgesentreerd en huiwerig om by ander se probleme betrokke te raak. Dit blyk uit die biografiese data dat De Wet vanaf 'n jong ouderdom tekens van altruïsme getoon het. Dit was gedurende die oorlog prominent, veral in die hulp wat hy aan die burgers, sowel as die vyandelike magte verleen het. Die persoonlikheids-

eienskappe wat De Wet se altruïsme weerspieël, is: ***hulpvaardigheid***, ***besorgdheid***, ***respek vir lewens*** (besorg oor ander se lewens), ***agting vir burgers se behoeftes*** (besorg oor burgers se welstand), ***bemoediging*** en ***medelye***. ***Selfgesentreerdheid*** is die teenoorgestelde eienskap van altruïsme.

Reeds vanaf 'n jong ouderdom het De Wet ***hulpvaardigheid*** getoon. As veldkornet en ouderling moes sy vader dikwels van die huis weggaan en dan het De Wet sy moeder met die boerdery bygestaan (Olivier, 1971). In 1897 het die runderpes uitgebreek en De Wet was die bure behulpsaam met die inenting van hul beeste (Kestell, 1920).

Gedurende die oorlog was De Wet ***besorg*** oor die burgers se welstand en was hy vertroud met elkeen se omstandighede (De Villiers, 1999). Tydens die geveg by Laingsnek was dit koud en De Wet het gemerk dat sy assistent, veldkornet Buys, besig was om te verkluim. Hy het die burgers in 'n kring so naby as moontlik aan mekaar laat sit met Buys in die middel – ‘n optrede wat waarskynlik Buys se lewe gered het. (Olivier, 1971). Ná die geveg het De Wet wag gestaan en opgemerk dat etlike burgers nie dié nag die koue sou kon uitstaan nie. Hy het die burgers in 'n leë hut laat bymekaarkom en vuur aan die binnekant gemaak (Kestell, 1920). Alhoewel dit 'n groot waagstuk gedurende 'n oorlogsituasie was, het De Wet hiermee meer as een lewe gered.

De Wet was ook ***besorg*** oor die burgerlikes en het op 6 Julie 1900 die vroue en kinders beveel om Bethlehem te verlaat aangesien daar 'n hewige stryd sou plaasvind (Lourens & Lourens, 2002). 'n Verdere voorbeeld is De Wet se besorgdheid oor Maria Koopmans-De Wet, 'n bekende patriotiese leidster. In Julie 1902 het De Wet, vergesel van Maria Koopmans-De Wet, die huweliksbevestiging van De La Rey se dogter in Kaapstad bygewoon. Met hulle aankoms het die skare in so ‘n mate om haar saamgedrom dat De Wet besorg was oor haar veiligheid en haar van die skare weggehou het (F. S. Malan, 1853; Raath, 2007).

Gedurende die slag van Nicholsonsnek het De Wet ***respek vir die lewens*** van die burgers asook vir dié van die Britse soldate getoon. Hy het die burgers gedwing

om geweervuur te staak nadat vlae van oorgawe deur die vyand omhoog gehou is. De Wet het ook daarteen besluit om die vyand agterna te sit (C. R. De Wet, 1902). Tydens hierdie slag was dit buitengewoon warm en water moes 'n myl ver gehaal word. Die toestand van die gewondes het De Wet ontstel. Hy het gevolglik opdrag gegee dat die gewondes na skadu geskuif word en water aan hulle gegee moet word. Daarna het De Wet 'n boodskap aan generaal George White, die Britse bevelvoerder, gestuur waarin hy versoek het dat ‘n ambulans die Britse soldate moet vervoer, en het ook versoek dat hulle die dooie soldate moet begrawe (Breytenbach, 1977; Rosenthal, 1968).

De Wet se ***agting vir die burgers se behoeftes*** spreek duidelik uit sy optrede na die slag van Nicholsonsnek. Aangesien die burgers daardie dag niks te ete gehad het nie, het De Wet toegesien dat daar braaivleis, vetkoeke en koffie was en het hulle boonop daardie nag van brandwag en nagdiens verskoon. (C. R. De Wet, 1902). De Wet het ook 'n paar keer die veiligheid van die burgers se lewens bo die bereiking van 'n militêre doelwit gestel. Indien dit geblyk het dat daar groot lewensverliese kon wees, het De Wet opdrag gegee dat daar teruggeval moes word. Hier kan die beleg van Ladysmith, die gevegte by Roodepoort en Bethlehem asook die skermutseling met die meelwaens as voorbeelde genoem word (Pretorius, 1976; L. Scholtz, 2003).

Na afloop van die Vrede van Vereeniging moes die Boereleiers die oorgawe en die vredesvoorwaardes aan die burgers, sowel as vroue en kinders in die konsentrasiekampe verduidelik. De Wet wou graag soveel moontlik van die konsentrasiekampe besoek ten einde hom te vergewis van die omstandighede waarin die vroue en kinders hulle bevind het (Kestell, 1920). Met hierdie besoeke het hy die vroue ***bemoedig.*** Tydens die inhuldiging van die Vrouemonument het De Wet gemeld dat die volk trots kan wees op sulke moeders en kinders.

In die tronk het De Wet ook ***medelye*** vir mede-gevangenes getoon. Hy het aan die direkteur van die gevangenis geskryf en gevra dat hulle as politieke gevangenes behandel moes word. Na sy vrylating uit die tronk, het De Wet by generaal Smuts vir hul vrylating gepleit (Rosenthal, 1968). Volgens Kestell (1920)

het De Wet hom aan die kant van die swakkeres geskaar en vir hulle in die bres getree. Van Schoor (2007) het hierdie onselfsugtige optrede van De Wet bevestig deur te meld dat hy nooit iets van ander sou eis wat hy nie bereid was om self na te kom nie.

Twee voorbeelde van ***selfgesentreerdheid*** (die teenoorgestelde eienskap van altruïsme) is in die biografiese data gevind. Die eerste was gedurende 1883 toe De Wet op Rooikoppies gewoon het. Hy was nie besonder geïnteresseerd in sy bure nie en was ook onbesorg oor hulle opinie van hom (Shearing & Shearing, 1999). Die tweede voorbeeld is die beleëring van Wepener waar De Wet se weersin in oorlopers die oorhand oor sy taktiese besluitneming gekry het. By hierdie geleentheid het De Wet uiteindelik niks meer bereik as om die burgers aan gevaar bloot te stel nie (Thring, ter perse).

Volgens die biografiese data wil dit voorkom of De Wet oorwegend onselfsugtig opgetree het. By verskeie geleenthede het hy mense bygestaan en aan hulle hulp verleen. De Wet was bekommerd oor die burgers se welstand en het sover moontlik lewensverlies probeer voorkom. Slegs by twee geleenthede is daar selfgesentreerd opgetree. Oor die algemeen kan De Wet dus as 'n altruïstiese persoon beskryf word.

### 7.5.4 Inskiklikheid

Inskiklikheid is 'n reaksie op interpersoonlike konflik en 'n faset van instemmendheid. Individue by wie hoër vlakke van inskiklikheid voorkom, is sagmoedig, onderdruk hulle aggressie en is gou om te vergewe en te vergeet. Individue by wie laer vlakke van inskiklikheid voorkom, verkies daarenteen om mee te ding eerder as om saam te werk. Hierdie individue is voorts ook hardkoppig en eiesinnig. Die biografiese data hou ‘n beeld van De Wet voor as ***onversetlik*** (nie-inskiklik), ***onbuigbaar*** en ***onverbiddellik***, maar daar is egter enkele voorbeelde waar De Wet ***inskiklik*** opgetree het.

Talle voorbeelde dui daarop dat De Wet ***onversetlik*** was. Tydens die slag van Paardeberg wou hy nie moed opgee om Cronjé te probeer red nie. Desondanks De Wet se pogings om Cronjé te help, het Cronjé egter nie uit die laer gebreek nie. Cronjé se oorgawe het De Wet nog meer vasberade gemaak om met die stryd voort te gaan. Volgens L. Scholtz (1984) het Cronjé en De Wet nie oor die weg gekom nie, aangesien albei koppige en dominerende persone was. 'n Verdere voorbeeld van De Wet se onversetlikheid was gedurende die geveg om Bethlehem waar Clements, die Britse bevelvoerder, oorgawe van De Wet geëis het, maar De Wet sondermeer geweier en voortgeveg het (L. Scholtz, 2003).

Voorbeelde van De Wet se ***nie-inskiklikheid*** is ook in die biografiese data gevind. In September 1900 het die distrikskommissaris van Kroonstad, kaptein De Bertodano, sy bes gedoen om De Wet te oortuig dat verdere verset sinloos was. De Wet was bereid om vrede te sluit, maar het egter die onafhanklikheid van die twee republieke as ononderhandelbare voorwaarde gestel (L. Scholtz, 2003). Volgens L. Scholtz (2003) het hy hardkoppig geweier om met Transvalers saam te werk. Alhoewel Botha alles in sy vermoë gedoen het om 'n ontmoeting met die Vrystaatse opperbevelvoerder te bewerkstellig om gesamentlike optrede uit te stip, wou De Wet nie met Botha saamwerk nie. Daar was ook geen inskiklikheid by De Wet te bespeur as dit oor verwoesting van plase of die mishandeling en doodmaak van diere gegaan het nie.

De Wet was verder nie bereid om sy onafhanklikheid op te offer nie. Hieroor was hy ***onbuigbaar*** en wou geen kompromie aangaan nie (A. J. McLeod, 2004). Indien De Wet oortuig was dat hy reg was, kon niemand hom van mening laat verander nie. Van Schoor (2007) het De Wet se onbuigbaarheid soos volg opgesom: *"wit was wit, en swart was swart en grys was nie daartussen-in nie"* (p. 53).

De Wet was ***onverbiddelik*** in sy houding teenoor verraaiers, oorlopers en drosters. Toe sy broer wou oorgee, het De Wet hom toegesnou dat hy gek is (C. R. De Wet, 1902). Gedurende die oorlog het assistent-kommandant Fourie, een van De Wet se dapperste offisiere, begin moed verloor en aangedui dat hy na die

vyand wou oorloop. De Wet was onversetlik hieroor, het Fourie se rang van hom weggeneem en hom voor 'n krygshof gedaag (L. Scholtz, 2003). Hy het verder die oorgawe van Prinsloo as 'n gruwelike moord op die regering, land en volk bestempel (Muller, 1980). Die rede waarom hy die oorgawe van Prinsloo so sterk afgekeur het was omdat Prinsloo volgens De Wet soos 'n verraaier oorgegee het en nie vir sy vryheid geveg het nie.

Alhoewel daar voorbeelde in die biografiese data te vinde is oor De Wet se onbuigsaamheid, is daar ook voorbeelde van sy ***inskiklikheid***. De Wet was grootmoedig om sy foute te erken en sou die feite in die oë kyk en regstel waar hy verkeerd was (Van Schoor, 2007). Aangesien De Wet geweier het om oor te gee, maak dit sy berusting en inskiklikheid tydens die Verdrag van Vereeniging soveel meer uitsonderlik. Gedurende die byeenkoms van die Boere-afgevaardigdes (tydens die onderhandelinge te Vereeniging) het De Wet daarop gewys dat die eerste Boereoorlog in Suid-Afrika deur geloof gewen is. Volgens De Wet was die oorlog 'n geloofsaak. Tydens die vredesonderhandeling was De Wet aanvanklik nie bereid om onafhanklikheid prys te gee nie, maar toe dit egter duidelik geword het dat die stryd nie voortgesit kon word nie, het hy met die besluit van die afgevaardigdes om oor te gee, saamgestem (Rossouw, 2003).

De Wet moes voor sy vrylating uit die tronk aan sekere voorwaardes voldoen, naamlik hy moes byvoorbeeld 'n onderneming van goeie gedrag teken, hom nie weer aan politieke opstande skuldig maak nie en nie sy huis verlaat nie. De Wet het daartoe ***ingestem*** en is op 20 Desember 1915 vrygelaat (Kestell, 1920). Na sy vrylating het hy egter verskeie toesprake gehou en hom dus aan politieke opstande skuldig gemaak. Na ‘n waarskuwing van Botha het De Wet die beperkinge gehoorsaam en op sy plaas gebly (Rosenthal, 1968).

De Wet se onbuigsaamheid en onversetlikheid het meestal voorgekom wanneer sy waardes met betrekking tot die land, mede-burgers en geloof in gedrang was. Die teenoorgestelde is egter ook waar. In sommige situasies was De Wet bereid om toe te gee, maar die gedrag is egter deur laer vlakke van inskiklikheid oorheers.

### 7.5.5 Beskeidenheid

Individue by wie hoër vlakke van beskeidenheid voorkom, is nederig en verkies om in die agtergrond te bly, maar het nie noodwendig 'n lae selfbeeld nie. Individue by wie laer vlakke van beskeidenheid voorkom, glo egter hulle is meerderwaardig en kom arrogant, aanstellerig en selfversekerd voor. Wat De Wet se persoonlikheid aanbetref, is beskeidenheid vanaf 'n jong ouderdom by hom opgemerk. Selfs as leier was hy nederig en het hy dikwels aangevoer dat alles God se wil is. ***Beskeidenheid, beleefdheid*** (hoflikheid) en ***nederigheid*** kon dikwels in De Wet se lewe opgemerk word. Die teenoorgestelde van beskeidenheid, naamlik ***arrogansie*,** is ook deur een bron aan De Wet toegeskryf.

In die biografiese data is verskeie voorbeelde van De Wet se ***beskeidenheid*** gevind (Van Schoor, 2007). De Wet is byvoorbeeld in sy afwesigheid deur sy makkers tot veldkornet verkies. Hy was later bereid om as bevelvoerder te bedank nadat offisiere hom daarvan beskuldig het dat hy nie reëls en regulasies nakom nie (C. R. De Wet, 1902; Trew, 1999). Hy het dit ook verkies om te bid voor die aanvaarding van leierskapsposisies, al dan nie (Olivier, 1971). Met De Wet se aanstelling as waarnemende president het hy beskeie sy kamerade bedank vir die vertroue wat hulle in hom gestel het (Rosenthal, 1968).

De Wet se ***beskeidenheid*** was ook in sy persoonlike lewe en sienings oor sake duidelik. Hy het nooit sukses as 'n persoonlike prestasie beskou nie (Pretorius, 2001; Van Schoor, 2007). Die vertroue van die burgers was vir hom voldoende beloning. De Wet het na homself verwys as 'n instrument in die hande van God. Verder was persoonlike gerief nie by hom ‘n prioriteit nie. Volgens De Wet (in Kestell, 1920) was die maak van beelde en skilderye ydel en sondig. De Wet was 'n eenvoudige individu wat roem aan ydelheid gelykgestel het (Van Schoor, 2007). Daar bestaan ook heelwat voorbeelde van De Wet se beskeidenheid gedurende die oorlogstydperk. De Wet was byvoorbeeld as ‘n burger by die Heilbron kommando ingeskakel, waar hy binne 'n kort tydperk die rang van veggeneraal aangebied is. Alhoewel De Wet dit aanvaar het, wou hy eerder die veldtog as 'n

gewone burger meemaak (Olivier, 1971). Wanneer De Wet 'n oorwinning behaal het, het hy aan God die eer gegee en gesê dat dit Sy wil is:

> *If the reader is eager to know how it was that I kept out of the enemy's hands until the end of the war, I can only answer although I may not be understood, that I ascribed it to nothing else than this: It was not God's will that I should fall into their hands.*
>
> (C. R. De Wet, 1902, p. 264)

Gedurende die oorlog het De Wet wêreldbekendheid verwerf. In Engeland, Frankryk, Amerika en selfs in Rusland het daar spotprente in die koerante verskyn waarin hy uitgebeeld is as 'n kryger wat altyd aan die verdwyn of ontsnap was. Daar is ook gedigte en liedjies oor hom geskryf (Opperman, 1990; Rosenthal, 1968). De Wet het na die huldebetoon in Europa verwys as 'n marteling.

In die laaste paar jaar van sy lewe het De Wet baie besoekers op sy plaas ontvang. Hy het hulle met waardigheid en ***beleefdheid*** ontvang, ongeag wie dit was (Rosenthal, 1968). By 'n geleentheid het 'n vrou uit bewondering 'n roset op De Wet se bors vasgespeld, maar hy het dit later weggegee. Hy het dit afgekeur as burgers wat nog nie in gevegte betrokke was nie, met veelkleurige linte op hul bors rondgery het om ander te beïndruk (Van Schoor, 2007).

'n Voorbeeld van sy ***nederigheid*** het hom afgespeel tydens die onthulling van die Vrouemonument. Die ou kerkvader, doktor Andrew Murray (reeds 85 jaar), was ook teenwoordig. De Wet het 'n sambreel oor hom gehou en Murray het verneem wie die vriend is wat hom die guns bewys. Op die antwoord dat dit De Wet is, wou Murray hom hiervoor bedank. De Wet het egter net gesê*: "Nee, 'n mens kan betaal om dit te kan doen"* (Kestell, 1920, p.170). 'n Verdere voorbeeld was tydens De Wet se siekbed na die oorlog. 'n Groep predikante het hom besoek, vir hom gebid en na hom as 'n nasionale held verwys. In antwoord hierop het De Wet gemeld dat hy eintlik *niemand* is nie, maar bloot lief is vir sy mense (Rosenthal, 1968).

Daar is slegs een voorbeeld in die biografiese data gevind waar 'n persoon De Wet as ***arrogant*** beskryf het. Dié voorval het plaasgevind waar De Wet vir generaal Cronjé moes bystaan. Generaal Cronjé wou nie na hom luister nie en het De Wet beskryf as iemand met 'n hoë dunk van homself en wat eiegeregtig en parmantig optree (De Vries, 1987; L. Scholtz, 1984).

De Wet was deurgaans 'n beskeie en nederige persoon wat nie op sy prestasies geroem het nie en hy het die verering van die wêreld as ydel ervaar. De Wet het dus 'n hoë vlak van beskeidenheid getoon.

### 7.5.6 Saggeaardheid

Saggeaardheid is 'n faset wat dui op simpatie met en besorgdheid oor ander mense se welstand. Saggeaarde individue word beïnvloed deur die behoeftes van ander en tree dikwels goedhartig op. Individue by wie laer vlakke van saggeaardheid voorkom, is hardvogtig en word minder geraak deur mense se lyding. Hierdie individue neem oorwegend rasionele en logiese besluite.

De Wet se saggeaardheid het na vore gekom in sy optrede teenoor sy familie, vriende, burgers en selfs teenoor vreemdelinge. Hy het gevoelens soos ***jammerhartigheid***, ***simpatie*** en ***goedhartigheid*** getoon. Gedurende die oorlog moes De Wet egter dikwels ***rasionele*** besluite neem om sodoende die burgers se veiligheid te verseker.

De Wet het nie tydens die oorlog afgestomp geraak teenoor die lyding van andere nie. Hy het ***jammer*** gevoel vir die families van afgestorwe burgers en aan hulle geskryf om meegevoel te betuig (Van Schoor, 2007). 'n Verdere voorbeeld van De Wet se ***simpatie*** was tydens sy amp as minister van landbou waar hy na die boere geluister het en probeer help het waar hy kon (Kestell, 1920). Op 'n vergadering in die *Scotia Hall* in die werkersklas-voorstad van Braamfontein, het De Wet ook sy simpatie met die wit werkende mans uitgespreek (Rosenthal, 1968).

Daar bestaan ook aanduidings in die biografiese data van De Wet se ***goedhartigheid***. 'n Voorbeeld hiervan is ná die geveg by Mostertshoek toe die gevangenes 'n versoek aan De Wet gerig het om hulle perde te behou. De Wet was altyd gereed om aan 'n redelike versoek gehoor te gee en hy het beveel dat die gevangenes hulle perde mag behou en dat al die ander perde tussen die kommando's versprei moes word (Thring, ter perse). Volgens Kestell (1920) het De Wet veral simpatie met arm mense gehad en was hy ten gunste van geldelike steun aan hulpbehoewende blankes. Verder het hy gehoor gegee aan die Vrystaatse melaatses wat na ander plekke as Robbeneiland wou gaan.

Individue wat nie saggeaard is nie, word beskryf as realiste wat besluite op grond van hul logika neem. Gedurende die oorlog moes De Wet heelwat ***rasionele besluite*** neem om sodoende die burgers se lewens te red. Sy vindingryke besluite ten opsigte van ontsnappings is emosieloos geneem, want dit het vir hom die verskil tussen lewe of dood beteken. Een van De Wet se vindingryke planne was om die burgers die Magaliesberge soos bobbejane te laat uitklim terwyl hulle deurentyd onder skoot was (Rosenthal, 1968).

De Wet se optrede teenoor verraaiers en oorlopers was ook op ***realisme*** gegrond. Hy het nie belang gestel in die verraaiers se pleidooie nie en wou verraaiers op die plek doodskiet. De Wet het verder sy kommandoleiers in Kaapland opdrag gegee om alle lojaliste se huise op dieselfde skaal af te brand as wat die Britte dit in die republieke gedoen het (Jooste & Oosthuizen, 2000). De Wet het 'n verdere opdrag gegee dat gewapende swartmense en gekleurde spioene summier tereggestel moet word. Daarmee is amptelike magtiging verleen aan weerwraakmaatreëls om die Britte te laat afsien van hul verskroeide-aarde-beleid in die republieke, asook die bewapening van gekleurdes en swartmense.

Die biografiese data toon dat De Wet 'n saggeaarde persoon was. Hy het simpatie betuig en goedhartigheid getoon. Gedurende die oorlog was hy egter verplig om rasionele besluite te neem om lewensverliese te voorkom. Hierdie hardvogtige optredes van De Wet het egter net gedurende die oorlog voorgekom. Oor die algemeen kan De Wet dus as 'n saggeaarde persoon beskryf word.

### 7.6 Pligsgetrouheid

Pligsgetrouheid is die laaste faktor van die Vyf-Faktor model. Pligsgetroue individue is hardwerkend, doelgerig en gedetermineerd. Individue by wie hoër vlakke van pligsgetrouheid voorkom, is noukeurig, stiptelik en betroubaar en die eienskap word daarom geassosieer met akademiese- en loopbaansukses (Judge 2008; O'Conner & Paunonen, 2007). Daarteenoor is individue by wie laer vlakke van pligsgetrou-heid voorkom, lui, onverantwoordelik en impulsief (Costa & McCrae, 1992; Wang & Erdheim, 2007).

Pligsgetrouheid word onderverdeel in ses fasette: bevoegdheid, orde, dienswilligheid, prestasie-strewendheid, selfdissipline en oorweging. De Wet se persoonlikheid word vervolgens aan die hand van hierdie fasette beskryf.

#### 7.6.1 Bevoegdheid

Bevoegdheid het betrekking op bekwaamheid en effektiwiteit. Bevoegde individue voel in staat om uitdagings en lewenstake te hanteer en is gewoonlik doeltreffend, deeglik en vindingryk. Individue by wie laer vlakke van bevoegdheid voorkom, voel minder bevoeg om uitdagings en lewenstake te hanteer.

De Wet se lewe en persoonlikheid word oor die algemeen gekenmerk deur bevoegdheid wat hy op verskeie maniere gedemonstreer het, byvoorbeeld (a) ***intellektuele bevoegdheid***, (b) ***leierskap***, (c) ***invloedryke persoonlikheid***, (d) ***misleiding van die vyand*** en ***ontsnappingspogings***, (e) ***taktiese insig***, (f) ***lojaliteit*** en ***respek*** wat teenoor hom betoon is en (g) ***vertroue*** wat ***in hom*** gestel is. De Wet se ***weifelagtigheid*** tydens geïsoleerde gevalle, dui egter op die teenoorgestelde van bevoegdheid.

Volgens die biografiese data het De Wet oor ***intellektuele bevoegdheid*** beskik. Alhoewel De Wet net drie maande formele skoolopleiding ontvang het, het hy uitgeblink in rekenkunde (Bateman, 1977) en was hy skrander en skerpsinnig

(Rosenthal, 1968). Die intellektuele bevoegdheid het gedurende die oorlog tydens taktiese beplanning gemanifesteer.

De Wet se natuurlike ***leierskap*** was ook 'n aanduiding van bevoegdheid. Hy was vanaf sy kinderjare ‘n leier en namate hy ouer geword het, is hy by verskeie geleenthede as leier verkies. Tydens die Anglo-Boereoorlog het hy binne vier maande die hoogste rang bereik en het hy ook as volksraadslid in die Oranje-Vrystaat en ZAR gedien. Hy het per geleentheid selfs as president waargeneem (Kestell, 1920; Rosenthal, 1968).

De Wet se karaktervastheid en sy sterk***, invloedryke persoonlikheid*** het bygedra tot sy bevoegdheid om spanning- en stresvolle situasies te hanteer. De Wet kon merkwaardig kalm bly onder druk (Brebner, 2000). Sy onverskrokke en vreeslose optrede in oorlogsituasies getuig ook van 'n sterk persoonlikheid (Van Schoor, 2007). Kestell (1920) het De Wet as volg beskryf:

> *Wat getref het van De Wet as openbare spreker was sy kragtige persoonlikheid. Sy woorde het indruk gemaak, maar wat oorweldig het, was die man self. Meer en meer het mense nou 'n besef gekry van wat De Wet eintlik beteken. Ook sy vyande het hom meer objektief begin gadeslaan. Misverstand en vooroordeel het op die agtergrond geraak. Met onbenewelde oog het voor- en teenstander die groot man leer ken soos hy werklik was.* (p. 253)

De Wet het wêreldberoemdheid verwerf vir sy ***ontsnappingspogings*** en ***misleiding van die vyand***. Deur die loop van die oorlog het die Britse magte drie dryfjagte van stapel gestuur om hom te vang, maar was telkens onsuksesvol. Die Britte het erken dat indien hulle daarin kon slaag om De Wet te vang, hulle so te sê die oorlog klaar gewen het. De Wet het telkens met vindingryke ontsnappingsplanne vorendag gekom om ongedeerd te ontsnap en dan weer elders 'n onverwagse aanval geloods (Pretorius, 1976; L. Scholtz, 2003). Volgens L. Scholtz (2003) was De Wet se ***taktiese insig*** en oorwinnings veral by

Koedoesberg en Sprinkaansnek skitterend. As taktikus het hy bo die meeste van sy tydgenote uitgestyg. Sonder dat hy ooit enige militêre opleiding ontvang het, het De Wet met welslae kragte gemeet teen die beste Britse militêre leiers.

Die ***lojaliteit*** en ***respek*** wat De Wet ontvang het, was gebaseer op sy bekwaamhede. Die verpletterende nederlaag wat De Wet vir generaal Broadwood toegedien het, het tot 'n heldeverering onder sy landgenote gelei en bewondering by sy teenstanders afgedwing (Van Schoor, 2007). Volgens Pretorius (2001) het De Wet se bekwaamheid en persoonlikheid 'n groot rol in sy sukses gespeel.

De Wet se leierskap het hoë eise aan die burgers gestel, maar dit het ook ***lojaliteit*** geïnspireer. Die volgende is 'n voorbeeld hiervan. In Junie 1902 is vrede gesluit en die krygsgevangenes in Ceylon kon slegs na hul vaderland terugkeer indien hulle trou aan die koning gesweer het (Groenewald, 1992). Na die oorlog is 'n afgevaardigde na Ceylon gestuur om die oorblywende burgers te oorreed om huis toe te kom. Uiteindelik was daar net drie gevangenes: Geldenhuys, Van Rooyen en Engelbrecht. Na ongeveer 'n jaar het Geldenhuys gesterf. Van Rooyen het besluit om die eed af te lê en Hendrik Engelbrecht het alleen agtergebly. Selfs in die moeilike toestande waarin hy hom in Hambantota bevind het, het hy volgehou dat hy slegs sou oorgee indien De Wet hom daartoe opdrag gee. Nog 'n voorbeeld van lojaliteit was tydens De Wet se aanhouding in die gevangenis. Duisende vroue van oor die hele land het na die Uniegebou opgetrek om te pleit vir sy vrylating (Du Toit, 1999). Hoewel daar nie aan die vroue se versoekskrif voldoen is nie, het dit 'n kragtige invloed gehad en demonstreer hoe die meeste burgers gevoel het.

Wat ***respek*** aanbetref, was De Wet geliefd onder die volk en het hy hul respek afgedwing (Van Schoor, 2007). Tydens De Wet se amp as minister van landbou het hy die verantwoordelikhede wat daarmee saamgegaan het, goed hanteer. Alhoewel die amptenare in sy departement oorwegend Engelssprekend was, het hulle melding gemaak van sy hoflikheid en hul respek vir hom. Volgens dominee Van Heerden (in Kestell, 1920) kon De Wet eerbied en vertroue inboesem sonder om te praat of 'n bevel te gee.

De Wet se burgers het ***vertroue*** in sy bevoegdheid as hulle leier gehad (Rossouw, 2003; L. Scholtz, 2003). Volgens Van Schoor (2007) was De Wet 'n buitengewone krygsman en gebore leier en die meeste van die burgers het hom onvoorwaardelik vertrou. Hy het sover moontlik die veiligheid van die burgers eerste gestel.

Die teenoorgestelde van De Wet se bevoegdheid word ook in die biografiese data gevind. Volgens L. Scholtz (2003) het De Wet soms 'n ***weifelagtigheid*** getoon. Dit het meegebring dat De Wet sy veldtog teen die verwoesting van spoorlyne in Junie 1900 gestaak het. Hy kon die staking van hierdie veldtog nooit oortuigend motiveer nie. Weens dieselfde weifelagtigheid het De Wet by Doornberg 'n kans laat verbygaan om Roberts vas te trek. In 'n ander geveg by Bethlehem het De Wet, volgens Van Schoor (2007), swak oordeel aan die dag gelê deur die beskikbare kommando's in 'n gebied te konsentreer wat nie teen die sterker vyand opgewasse sou wees nie. Botha het ook De Wet se bevoegdheid bevraagteken. Volgens hom was De Wet 'n *newspaper hero* en dat sy reputasie toe te skryf was aan die oordrywing van die Britse oorlogskorrespondente (L. Scholtz, 2003).

Volgens die biografiese data kan De Wet as 'n bevoegde persoon beskryf word. Sy bevoegdheid is veral deur sy intellektuele bekwaamheid, leierskap en sterk persoonlikheid ondersteun. In teenstelling hiermee, het hy egter ook weifelagtigheid getoon. Hierdie weifelagtigheid het soms veroorsaak dat sy oordeel hom in die steek gelaat het. In die algemeen gesien het hierdie weifelagtigheid egter nie De Wet se bevoegdheid beduidend verminder nie.

### 7.6.2 Orde

Ordelikheid is die tweede faset van pligsgetrouheid. Individue by wie hoër vlakke van orde voorkom, is netjies, georganiseerd, deeglik, noukeurig en metodies. Individue met lae vlakke van orde is ongeorganiseerd, verstrooid en agterlosig.

***Noukeurigheid*** en ***deeglike voorbereiding*** was vir De Wet belangrik omdat hy dit aan die veiligheid van die burgers gelykgestel het. Daarbenewens het ‘n voorkeur vir ***orde*** en ***dissipline*** ook by hom voorgekom gedurende die oorlogsituasie.

De Wet het ***noukeurigheid*** hoog op prys gestel. 'n Voorbeeld hiervan is die opblaas van die spoorlyn by Renosterrivier. Alhoewel die burgers in die donker moes sukkel om die lonte te vind en aan die brand te steek, het De Wet seker gemaak dat al die skote ontplof het (Kestell, 1920). De Wet was ook gesteld op ***deeglike voorbereidings*** en beplanning soos dit byvoorbeeld geblyk het uit sy voorbereiding vir die tweede inval van die Kaapkolonie (Doyle, 1902).

Verskeie voorbeelde van De Wet se behoefte aan ***orde*** is in die biografiese data gevind. Met sy aanstelling as vise-kommandant het De Wet alle reëlings vir die spoedige vertrek van die kommando vinnig getref (C. R. De Wet, 1902). Gegee De Wet se ordelikheid en organiseerdheid, het hy Cronjé se kamp hinderlik gevind waar vriende en familie in- en uitgestroom het om hom geluk te wens met sy oorwinning by Magersfontein (Shearing & Shearing, 1999).

Na die oorlog wou De Wet weer sy plaas in ***orde*** bring. In De Wet se eie woorde:

> *Een van die eerste dinge wat ek gedoen het, was om my draad en ysterpale te gaan eis by die Engelse. Maar nee, ek moes ondervind dat ek nie baas was van my eie goed nie: die antwoord wat ek gekry het, was dat ek die draad en pale moes koop – my eiendom koop! Dan sou ek liewers na die winkels gaan! Later is my draad en pale op 'n hoop gegooi en vir 'n geringe som so goed as weggegee. Maar ook nou wou ek nie wat my eie goed was, koop nie.* (Kestell, 1920, p. 162)

Volgens Van Schoor (2007) was De Wet streng met die handhawing van tug en orde in 'n kommando. De Wet se hoë standaard van ***dissipline***, wat hy veral met sy sambok toegepas het, het die burgers tot gehoorsaamheid gedwing. Volgens Rosenthal (1968) het De Wet met geloof, inspanning, vindingrykheid en dissipline

– soms selfs met sy sambok - die Britse generaals telkens met sy oorlogstaktiek uitoorlê. Verdere voorbeelde waar De Wet die sambok gebruik het om dissipline te handhaaf, was onder meer tydens ’n veldslag by Thaba N’chu waar die burgers op ‘n stadium paniekerig geraak en gevlug het. De Wet het gewoonlik wanneer hy onwilligheid by die burgers bespeur het nie gehuiwer om hulle met sy sambok aan te spoor nie. Hy het ook die sambok gebruik wanneer hy burgers teëgekom het wat na sy oordeel lyf weggesteek het of gehuiwer het om bevele uit te voer (Natrass & Spies, 1994), of voorrade geplunder het (Kestell, 1920).

By Doornkraal is die burgers onverwags deur die Britse magte oorval en die meeste het paniekerig probeer ontvlug. De Wet se woorde: "*kom terug, moenie wegjaag nie, storm die vyand!"* het op dowe ore geval (Wessels, 2002, p. 167). Hy het agter hulle aangejaag met die sambok in sy hand, maar kon die paniekbevange vlugtelinge nie keer nie (Brits, 1970; De Jager, 2000). Dié voorval by Doornkraal is dus 'n voorbeeld waar De Wet ***misluk*** het om ***dissipline*** te handhaaf. Soms wanneer die sambok nie die gewenste uitwerking gehad het nie, het De Wet die burgers onder klippe gesteek om te keer dat hulle nie vlug nie (L. Scholtz, 2003). As uiterste maatreël het De Wet soms gedreig om die burgers te skiet as hulle nie sou luister nie (Bateman, 1977; Kruger, 1967).

De Wet het sy sambok ook gebruik om die Britte tydens die oorlog te ***dissiplineer***. Die powere pogings van die Britse krygsgevangenes om die waens deur die driwwe te stoot, het De Wet glad nie beïndruk nie. Een van die offisiere, majoor Smith, het geweier dat sy soldate help. De Wet het hom hieroor aangespreek en daarna met die sambok bygekom (De Villiers, 1999). De Wet het ook 'n jong man, genaamd Langton met die sambok geslaan omdat hy nie vrae wou beantwoord nie. Volgens De Wet was dit net 'n paar ligte rapse, maar dit het wel die gewensde reaksie gehad (Potgieter, 2000).

Slegs een voorbeeld van gebrekkige organisasie kon in die biografiese data oor De Wet gevind word. Dit was tydens November 1901 toe Rimington 'n aanval op De Wet geloods het. De Wet het nie tyd gehad om behoorlik daarvoor te beplan nie en die geveg het ongekoördineerd plaasgevind (Barthorp, 1987; Evans, 2000).

Oor die algemeen het De Wet egter streng dissipline toegepas en 'n hoë vlak van orde getoon. Hy kan daarom beskryf word as 'n ordelike persoon wat deeglik, metodies en noukeurig te werk gegaan het.

**7.6.3 Dienswilligheid**

Individue by wie hoër vlakke van dienswilligheid voorkom bly getrou aan hulle etiese beginsels en morele verpligtinge. Individue by wie laer vlakke van dienswilligheid voorkom, is daarenteen meer gemaksugtig en kan selfs onbetroubaar of ongeloofwaardig optree. Hulle toon eienskappe soos afgetrokkenheid, sorgeloosheid, verstrooidheid en vitterigheid. De Wet se etiese gedrag het veral te doen gehad met sy ***beginselvastheid***, ***spaarsamigheid***, ***respek vir mense en hulle eiendom***, ***geloofsoortuigings***, ***morele beginsels*** en ***morele verpligtinge***.

De Wet was ‘n ***beginselvaste*** persoon (Kestell, 1920, p. 309), deurdat hy by sy beskouing van die waarheid gebly het, ongeag wie sy teenparty was. De Wet het 'n ingebore afkeer aan ***verkwisting*** gehad en het nie geld aan weeldeartikels bestee nie. In die volksraad het hy ook dikwels die ander gemaan om versigtig met die staat se finansies te werk (Van Schoor, 2007).

De Wet het ook by verskeie ander geleenthede sy etiese optrede getoon. Ten spyte daarvan dat hy die Britte as vyande beskou het, het hy hulle as opponente ***gerespekteer*** (L. Scholtz, 2003) en hulle vlag met respek behandel (Rosenthal, 1968). Volgens Van Schoor (2007) het De Wet nie toegelaat dat die burgers die spot met die vyand dryf nie.

Etiese gedrag wat verband hou met De Wet se ***geloofsoortuiging*** is dat hy nie die Here se naam misbruik het of gevloek het nie (Coetzer, 2000). Hy het ook geglo dat dit oneties was om 'n ander land met geweld (volgens hom teen God se wil) oor te neem (Rosenthal, 1968). Volgens Van Schoor (2007) het die verminkte liggame van Britse soldate De Wet aangegryp omdat hulle volgens hom skepsels van God was.

Die verwoesting van plase het teen De Wet se ***morele beginsels*** ingedruis. Die Britse verskroeide-aarde-beleid het De Wet tot vergeldingsmaatreëls laat oorgaan. Hy het 'n proklamasie uitgereik waarvolgens Britse troepe wat op heterdaad betrap word terwyl hulle huise afbrand en vroue en kinders in gevangenskap wegvoer, summier doodgeskiet kon word. Op dieselfde wyse het hy teen die lojaliste in die Kaap opgetree (Alberts, 2005).

Twee insidente het gedui op De Wet se ingesteldheid ten opsigte van ***morele verpligtinge***. Die eerste insident was by Koedoesbergdrift waar De Wet die Britse opmars met ‘n beperkte mannekrag van 350 burgers en 'n kanon moes stuit. (Breytenbach, 1977). In die tweede geval was De Wet bereid om Cronjé te help, maar het weereens aan die nodige burgers, kanonne en ammunisie ontbreek (Rosenthal, 1968).

Daar kon slegs een voorbeeld in die biografiese data gevind word waar De Wet se optrede teen sy geloofsoortuiging ingedruis het. Die insident het in De Wet se kinderjare plaasgevind toe hy sonder toestemming op 'n Sondag gaan jag het (Kestell, 1920).

De Wet was 'n betroubare en geloofwaardige persoon wat getrou gebly het aan sy etiese beginsels, morele verpligtinge en geloofsoortuiging. In die algemeen kan De Wet daarom as 'n persoon by wie 'n hoë vlak van dienswilligheid voorgekom het, beskryf word.

### 7.6.4 Prestasie-strewendheid

Individue by wie hoër vlakke van prestasie-strewendheid voorkom, het hoë aspirasie-vlakke en werk hard om hulle doelwitte te bereik. Sulke persone is ywerig en toon eienskappe soos ambisie, vasberadenheid en volharding. Individue by wie laer vlakke van prestasie-strewendheid voorkom, se gedrag dui daarenteen op gebrekkige ambisie. Die meeste voorbeelde van De Wet se ***vasberadenheid*** en ***doelgerigtheid*** is gedurende die oorlogsituasie aangetref.

Daar is verskeie voorbeelde in die biografiese data gevind wat op De Wet se ***vasberadenheid*** en volharding gedui het. Die volgende voorbeeld is die enigste voorbeeld wat in die biografiese data gevind is wat nie met die oorlog verband hou nie. Na die dood van sy moeder het De Wet daagliks doelgerig gewerk om die plaas te help opbou, want dit was die ideaal wat sy van jongs af by hom ingeprent het (Olivier, 1971).

'n Britse offisier het ook die volgende oor De Wet se ***vasberadenheid*** gesê: *"In sy binneste hart is die Britse leër trots op De Wet … hy is die moedigste onder die moediges, en ongeëwenaard in sy kennis van die land waar hy voor veg tot die dood toe"* (Kestell, 1920, p. 269). Selfs ná die oorgawe by Paardeberg was De Wet gedetermineerd om met die stryd voort te gaan, alhoewel die burgers se motivering intussen afgeneem het (C. R. De Wet, 1902).

'n Verdere beskrywing van De Wet se ***vasberadenheid*** word deur De Villiers (1979) gegee:

> *Hoofd Komdt. Christiaan de Wet is een vastberaden man, een man vol geestdrift en ijver en een man die tot het uiterste toe zal strijden. Hij heeft dan moed ook nog nimmer verloren. Hij is een sterke ondersteuner van ZHEd. President Steyn en waar deze twee leiders schouder aan schouder staan, kan men op hen vertrouwen als op een rots.* (p. 92)

L. Scholtz (1984) het De Wet se ***doelgerigtheid*** soos volg beskryf*: "Met sy ystere selfdissipline en bomenslike wilskrag was dit De Wet wat saam met president M.T. Steyn die siel en simbool geword het van 'n vryheidstryd wat die verbeelding aangegryp het"* (p. 100). Trew (1999) het hierdie stelling van Scholtz bevestig deur te meld dat alhoewel Botha aansienlike suksesse by Bloedrivierpoort en Bakenlaagte behaal het, hy nooit die doelgerigte briljantheid van De Wet as guerrilla-leier geëwenaar het nie.

In die biografiese data is daar wel 'n voorbeeld gevind wat dui op ‘n gebrek aan veglus en ongemotiveerdheid. Gedurende die 1914-Rebellie het 'n hewige skietery tussen die burgers van generaals Beyers en Botha ontstaan. Volgens Rosenthal (1968) was De Wet se veglus met die aanhoor hiervan geblus.

De Wet het 'n hoë vlak van prestasie-strewendheid getoon. Die voorbeelde wat in die biografiese data voorkom dui daarop dat hy volhardend en vasberade gewerk het om sy doelwitte te bereik.

### 7.6.5 Selfdissipline

Selfdissipline is die vermoë om 'n taak te begin en dit deur te voer, nieteenstaande verveling of ander dinge wat die aandag kan aftrek. Individue by wie hoër vlakke van selfdissipline voorkom, kan hulself motiveer om take deeglik te voltooi. Individue by wie laer vlakke van selfdissipline voorkom, openbaar daarenteen meermale 'n gebrek aan deursettingsvermoë of stel take dikwels uit. Hulle is gewoonlik lui en verstrooid. As kind en as parlementslid het De Wet heelwat take aangepak wat hy met sukses ***deurgevoer*** het.

As 7-jarige seuntjie het De Wet bewys dat hy take kon ***deurvoer*** toe hy verantwoordelik was vir die kalwers gedurende hulle gesin se verhuising na 'n nuwe plaas. Hierdie taak het hy suksesvol afgehandel (Rosenthal, 1968). Gedurende 1883 het De Wet hutbelasting ingesamel. Alhoewel dié taak hom nie aangestaan het nie, het De Wet besef dat dit noodsaaklik was en het hy sy volle gewig agter hierdie taak gegooi (Olivier, 1971). As minister van landbou was hy ook suksesvol in sy amp. Alhoewel hy soms eng opgetree het, is heelwat wetgewings wat deur De Wet voorgestel is, deur die parlement aanvaar. So het hy byvoorbeeld die uitvoer van Angora-bokke verbied, die beperkingswet op volstruis-uitvoer op die wetboek geplaas en die loonfondswet deurgevoer (Kestell, 1920; Van Schoor, 2007). De Wet was nie lui nie en hy het rus, soos leeglêery, as 'n siekte beskou (Van Schoor, 2007).

Die data dui daarop dat De Wet by geleentheid 'n taak onvoltooid gelaat het. In Junie 1900 het hy die opblaas van spoorlyne gestaak en na Lindley getrek. Die rede(s) vir hierdie optrede, is nie in die biografiese data gevind nie.

Soos die definisie aandui, is selfdissipline die vermoë om 'n taak te begin en dit deur te voer. Aangesien die onsuksesvolle deurvoer van 'n taak slegs een keer voorgekom het, word De Wet as 'n persoon met ‘n hoë vlak van selfdissipline beskryf.

### 7.6.6 Oorweging

Oorweging verwys na die neiging om noukeurig te dink voordat ‘n handeling uitgevoer word. Individue by wie hoër vlakke van oorweging voorkom, is gewoonlik deeglik en versigtig. Individue by wie laer vlakke van oorweging voorkom, is oorhaastig, praat soms voordat hulle dink en is ook impulsief en ongeduldig. Gedurende die oorlog het De Wet ***goeie besluite*** geneem, asook minder goeie besluite waar hy ***weifelagtig*** was.

Alhoewel daar dikwels gedurende die oorlog vinnige besluite geneem moes word, het De Wet, indien moontlik, ***goeie oorweging*** aan elke plan gegee. Hy het gevolglik goeie taktiese oorwinnings behaal, waaronder die slag van Sannaspos. Volgens verskeie outeurs, soos J. C. Hopkins en Halstead (1900-1902), Lourens en Lourens (2002), sowel as Wessels (2002) het De Wet bewys dat hy op taktiese vlak ‘n uitstekende militêre leier was. Volgens kommandant Potgieter (in Van Schoor, 2007), een van De Wet se veldkornette, het hy ernstig nagedink oor probleme voordat hy besluite geneem het.

Soos alreeds genoem, het L. Scholtz (1984) melding gemaak van 'n ***weifelagtigheid*** by De Wet. Hy het dit soos volg gestel:

> *Sy sterk persoonlikheid en leierskwaliteit, sy byna fanatiese dryfkrag en geloof in die Afrikaner se saak, het die feit verhul dat hy soms baie weifelagtig – selfs doelloos – in 'n spesifieke*

> *onderneming kon optree. Oor die breër kwessies – ja, in die opsig was daar weinig mense wat by Christiaan se wilskrag en deursettingsvermoë kon kers vashou. Maar as dit gekom het by die vertaal van ideë en ideale in die praktyk, dan was dit soms net asof hy na 'n tyd geesdrif verloor en teruggedeins het waar meedoënloosheid juis sukses kon beteken het.* (L. Scholtz, 1984, p. 116)

In die biografiese data het slegs L. Scholtz se aanhaling gedui op 'n weifelagtigheid by De Wet. Al die ander aanduidings in die biografiese data dui daarop dat De Wet noukeurige en weldeurdagte besluite geneem het. Alles in ag genome, beskik De Wet dus oor 'n hoë vlak van oorweging.

In tabel 3 word 'n opsomming gegee van die kwalitatiewe data soos verkry uit biografiese data.

Tabel 3

*Kwalitatiewe data volgens biografiese data*

| **Faktor** | **Faset** | **Mate waarin eienskappe voorkom** |
|---|---|---|
| Neurose | Angstigheid | Gemiddeld |
| | Vyandigheid | Hoog |
| | Depressie | Gemiddeld |
| | Selfbewustheid | Gemiddeld |
| | Impulsiwiteit | Hoog |
| | Kwetsbaarheid | Gemiddeld |
| Ekstroversie | Warmte | Hoog |
| | Gemeenskapsgevoel | Hoog |
| | Selfgeldendheid | Hoog |
| | Aktiwiteit | Hoog |
| | Opwinding-soeke | Hoog |
| | Positiewe gevoelens | Hoog |
| Ontvanklikheid | Fantasie | Laag |
| | Estetika | Gemiddeld |
| | Gevoelens | Hoog |
| | Aksies | Hoog |
| | Idees | Hoog |
| | Waardes | Laag |
| Instemmendheid | Vertroue | Gemiddeld |
| | Openhartigheid | Hoog |
| | Altruïsme | Hoog |
| | Inskiklikheid | Laag |
| | Beskeidenheid | Hoog |
| | Saggeaardheid | Hoog |
| Pligsgetrouheid | Bevoegdheid | Hoog |
| | Orde | Hoog |
| | Dienswilligheid | Hoog |
| | Prestasie-strewend | Hoog |
| | Selfdissipline | Hoog |
| | Oorweging | Hoog |

## 7.7 Resultate van NEO-PI-R

Drie deskundiges (sien afdeling 6.6) op die gebied van De Wet se lewe het elk die NEO-PI-R voltooi. Die voltooide vraelyste is verwerk (sien Tabel 6) en daar is gevind dat hierdie drie kundiges oor 18 fasette saamgestem het. Hierdie vraelyste word as kwantitatiewe data in die studie hanteer.

In die volgende tabel word die verwerkte data en die 18 fasette waar die ooreenkomste gevind is, aangetoon. Die onderskeie faktore, fasette en mate waarin eienskappe van De Wet voorkom, word telkens aangedui.

Tabel 4

*Verwerkte kwantitatiewe data volgens die NEO-PI-R*

| Faktor | Faset | Mate waarin eienskappe voorkom |
|---|---|---|
| Neurose | Vyandiggesindheid | Hoog |
| | Depressie | Gemiddeld |
| | Kwetsbaarheid | Gemiddeld |
| Ekstroversie | Warmte | Laag |
| | Gemeenskapsgevoel | Gemiddeld |
| | Selfgeldendheid | Hoog |
| | Aktiwiteit | Hoog |
| | Opwinding-soeke | Hoog |
| | Positiewe gevoelens | Gemiddeld |
| Ontvanklikheid | Gevoel | Gemiddeld |
| | Aksies | Gemiddeld |
| | Idees | Gemiddeld |
| | Waardes | Laag |
| Instemmendheid | Vertroue | Laag |
| | Openhartigheid | Laag |
| | Altruïsme | Laag |
| | Inskiklikheid | Laag |
| Pligsgetrouheid | Prestasie-strewendheid | Hoog |

Met die faktor neurose het die drie deskundiges oor die fasette van vyandiggesindheid, depressie en kwetsbaarheid saamgestem. By die faktor ekstroversie was daar eenstemmigheid oor al ses fasette. Op die faktore van ontvanklikheid en instemmendheid het die deskundiges oor vier van die ses fasette saamgestem. Die deskundiges het egter net oor een faset op die faktor van pligsgetrouheid saamgestem, naamlik prestasie-strewendheid. Van die 18 ooreenstemmende fasette van die kwantitatiewe data, stem nege van hierdie fasette ooreen met die navorsingsbevindinge (kwalitatiewe data) van hierdie studie. Die ooreenstemmings word in die volgende tabel aangedui.

Tabel 5

*Vergelyking van die 18 ooreenstemmende fasette met die navorsingsbevindinge*

| **Faktor** | **Faset** | **Kwantitatiewe data** | **Kwalitatiewe data** |
|---|---|---|---|
| Neurose | Vyandiggesindheid | ***Hoog*** | ***Hoog*** |
| | Depressie | ***Gemiddeld*** | ***Gemiddeld*** |
| | Kwetsbaarheid | ***Gemiddeld*** | ***Gemiddeld*** |
| Ekstroversie | Warmte | Laag | Hoog |
| | Gemeenskapsgevoel | Gemiddeld | Hoog |
| | Selfgeldendheid | ***Hoog*** | ***Hoog*** |
| | Aktiwiteit | ***Hoog*** | ***Hoog*** |
| | Opwinding-soeke | ***Hoog*** | ***Hoog*** |
| | Positiewe gevoelens | Gemiddeld | Hoog |
| Ontvanklikheid | Gevoel | Gemiddeld | Hoog |
| | Aksies | Gemiddeld | Hoog |
| | Idees | Gemiddeld | Hoog |
| | Waardes | ***Laag*** | ***Laag*** |
| Instemmendheid | Vertroue | Laag | Gemiddeld |
| | Openhartigheid | Laag | Hoog |
| | Altruïsme | Laag | Hoog |
| | Inskiklikheid | ***Laag*** | ***Laag*** |
| Pligsgetrouheid | Prestasie-strewendheid | ***Hoog*** | ***Hoog*** |

Die nege fasette wat deur kwantitatiewe- sowel as die kwalitatiewe data ondersteun word, is: (a) vyandiggesindheid, (b) depressie, (c), kwetsbaarheid, (d) selfgeldendheid, (e) aktiwiteit, (f) opwinding-soeke, (g) waardes, (h) inskiklikheid en (i) prestasie-strewendheid. Die fasette waar die grootste verskille tussen kwantitatiewe- en kwalitatiewe data voorgekom het, was onder andere: warmte, openhartigheid en altruïsme.

Ten einde die kwalitatiewe en kwantitatiewe data duidelik te illustreer, word die gegewens in tabelformaat uiteengesit. Die drie deskundiges wat die NEO-PI-R voltooi het, word onderskeidelik as *kundige 1, 2 en 3* in die tabel aangehaal. Daar word na die navorsingsbevindinge as *kwalitatiewe data* verwys. Die tabel met verwerkte kwantitatiewe- en kwalitatiewe data word vervolgens aangebied.

Tabel 6

*Verwerkte kwantitatiewe- en kwalitatiewe data op grond van die deskundiges en biografiese inligting*

| | N1 Angstigheid | N2 Vyandigheid | N3 Depressie | N4 Selfbewustheid | N5 Impulsiwiteit | N6 Kwetsbaarheid | E1 Warmte | E2 Gemeenskapsgevoel | E3 Selfgeldend | E4 Aktiwiteit | E5 Opwinding-soeke | E6 Positiewe gevoelens | 01 Fantasie | 02 Estetika | 03 Gevoelens | 04 Aksies | 05 Idees | 06 Waardes | A1 Vertroue | A2 Openhartigheid | A3 Altruïsme | A4 Inskiklikheid | A5 Beskeidenheid | A6 Saggeaardheid | C1 Bevoegdheid | C2 Orde | C3 Dienswilligheid | C4 Prestasie-strewend | C5 Selfdissipline | C6 Oorweging |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Kundige 1 | G | H | G | L | G | G | L | G | H | H | H | H | L | G | G | G | L | L | L | L | L | L | G | G | H | H | H | H | H | H |
| Kundige 2 | L | H | G | L | H | G | L | G | H | H | H | G | H | L | G | G | L | L | L | L | L | L | L | L | L | H | L | H | G | L |
| Kundige 3 | G | H | G | H | G | G | L | G | H | H | H | G | G | G | G | L | L | L | L | L | L | L | H | G | L | G | L | H | L | G |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Kwalitatiewe data | G | H | G | G | H | G | H | H | H | H | H | H | L | G | H | H | H | L | G | H | H | L | H | H | H | H | H | H | H | H |

Nota: H beteken hoog
G beteken gemiddeld
L beteken laag

Kundige 1, 2, 3 verwys na die kwantitatiewe data
Kwalitatiewe data verwys na die navorsingsbevindinge

## 7.8 Samevatting

Die navorser het De Wet se persoonlikheid aan die hand van die Vyf-faktor model beskryf. Biografiese data is ontleed en gekodeer volgens De Wet se persoonlikheidseienskappe. Die verskillende faktore en die onderskeie fasette van die model is verduidelik, waarna De Wet se persoonlikheidseienskappe aan die hand hiervan bespreek is. Elke faset is afgesluit met 'n kort opsomming van die mate waartoe De Wet se persoonlikheidseienskappe in die betrokke faset voorkom. De Wet is verder aan die hand van die NEO-PI-R deur drie kenners geëvalueer. 'n Bespreking van die kwantitatiewe- sowel as die kwalitatiewe data het gevolg met 'n uiteensetting van die onderskeie ooreenkomste en verskille.

De Wet kan beskryf word as 'n emosioneel stabiele persoon wat stresvolle situasies kon hanteer sonder om ontsteld te raak, maar hierteenoor het hy wel vyandiggesindheid en impulsiwiteit getoon. De Wet kan voorts as 'n onselfsugtige en konsidererende persoon beskou word wat hulpvaardigheid teenoor andere betoon het. Hoewel De Wet 'n hoë vlak van beskeidenheid getoon het, was hy egter nie 'n baie inskiklike persoon nie. Eienskappe soos doelgerigtheid, gedetermineerdheid, georganiseerdheid, betroubaarheid, handhawing van hoë standaarde en 'n strewe na doelwitbereiking, kan ook aan De Wet toegedig word. Hoofstuk 8 handel oor die bespreking van die resultate wat in hierdie hoofstuk gevind is.

# HOOFSTUK 8

# BESPREKING

## 8.4 Hoofstukoorsig

Hierdie hoofstuk behels 'n bespreking van die navorsingsbevindinge soos beskryf in hoofstuk 7. Die hoofstuk begin met 'n beskrywing van die politieke, ekonomiese, sosiale en historiese konteks vir die tydperk 1854-1922 waarna die verskillende persoonlikheidseienskappe van De Wet bespreek word. Aandag word gegee aan die kwantitatiewe en kwalitatiewe data met ‘n aanduiding tot watter mate die data ooreenstem, of verskil. Die hoofstuk sluit af met ‘n addisionele gedeelte wat oor De Wet se leierskap handel. Hierdie gedeelte is ingesluit omdat De Wet 'n goeie militêre leier was.

## 8.5 Politieke, ekonomiese, sosiale en historiese konteks vanaf 1854 tot 1922

Gedurende die grootste gedeelte van De Wet se lewe het daar oorloë in Suid-Afrika gewoed. Verskeie grensoorloë het plaasgevind, met die eerste Basoeto-oorlog wat in 1857 uitgebreek het. Daar was ook oorloë tussen die Boere en die Basoeto’s, die Sekoekoen en die Matabeles. Verder het die Eerste Vryheidsoorlog uitgebreek. Die Anglo-Boereoorlog het drie jaar geduur en De Wet was midde in hierdie oorlog. In 1914 het die Rebellie plaasgevind, waarin De Wet ook ‘n prominente rol gespeel het. Dit is dus duidelik dat De Wet in veeleisende omstandighede grootgeword en gelewe het (Van Rooyen, 1982; Van Schoor, 2007).

Volgens F. Jacobs (2005) eindig oorloë nie met die sluit van vredesverdrae nie, aangesien daar na afloop daarvan steeds lyding ervaar word. In die tydperke wat direk op oorloë volg, is mense dikwels nie net van hulle eiendom ontneem nie, maar in baie gevalle ook van hul menswaardigheid gestroop. As gevolg van die Anglo-Boereoorlog is baie plase vernietig en was die eienaars na die oorlog verplig

om hul grond te verlaat en in die stede na werk te gaan soek. Die boere het wel mettertyd hulle materiële besittings herwin, maar die haat en afsku teenoor die Briite het langer geduur.

Armoede is 'n verdere gevolg van oorlog. Alhoewel daar ná die Anglo-Boereoorlog geweldige armoede onder die boere bestaan het, het De Wet reeds voor die oorlog in 'n kultuur van armoede grootgeword. Giliomee (2004) het verklaar dat hoewel goud in 1886 ontdek is, Suid-Afrika nie 'n ryk land was nie. Die gouderts was arm, opvoedingsvlak was laag en die land was meestal droog wat verbouing van gewasse bemoeilik het. Ofskoon armoede aan die orde van die dag was, is daar nuwe telegraaflyne aangelê, die hooggeregshof is ingestel, nuwe paaie en brûe is gebou en dobbelhuise het opgeskiet (Grundlingh, 1986). Ontwikkelinge op landbougebied het 'n verdere uitdaging aan boere gestel. Teen 1890 het ongeveer 90% van die Afrikaners 'n bestaan as boere gemaak.

Buiten die swak ekonomiese toestand in die laat 1800’s en vroeë 1900’s, het die Afrikaners ook ander probleme ondervind. In 1862 het droogte in die Oranje-Vrystaat geheers en in 1893 het droogtetoestande landwyd geheers. Die gevolg hiervan was veevrektes, die prys van wol het gedaal, sprinkaanplae het die boere geteister en bek-en-klouseer het onder die vee uitgebreek. Hoewel 1895 vir die eerste keer ‘n goeie jaar was, het runderpes en maagkoors twee jaar later uitgebreek en boonop gepaardgegaan met verdere droogtetoestande (Giliomee, 2004; Van Schoor, 2007). Die boere het derhalwe in onsekere tye geleef en ‘n bestaan probeer maak.

Met bogenoemde as politieke, ekonomiese en sosio-historiese konteks, is dit duidelik dat De Wet in 'n onseker en uitdagende tydperk met hoë stresvlakke geleef het. In die ontleding van die gegewens van die Vyf-faktor model is dit belangrik om die agtergrondinligting in gedagte te hou.

## 8.6 Bespreking van die persoonlikheidseienskappe van De Wet aan die hand van 'n teoretiese model

De Wet se persoonlikheid is volgens die faktore van die Vyf-faktor model beskryf, naamlik: neurose, ekstroversie, ontvanklikheid vir ondervindinge, instemmendheid en pligsgetrouheid. Tabel 7 is aangebied as 'n grafiese voorstelling van die verwerkte kwantitatiewe- en kwalitatiewe data (sien afdeling 7.7).

### 8.3.1 Neurose

Volgens Costa en McCrae (1992) is neurose 'n aanduiding van 'n persoon se emosionele stabiliteit, maar dit is nie aanduidend van psigopatologie nie. Neurose verwys na dimensies van 'n normale persoonlikheid. Volgens Costa en McCrae kan 'n persoon neuroties wees sonder om psigiese afwykings te toon, terwyl die teenoorgestelde ook waar is. Neurose word onderverdeel in die volgende fasette: angs, vyandiggesindheid, depressie, selfbewustheid, impulsiwiteit en kwetsbaar-heid (sien afdelings 4.5.3.1 en 7.2).

Volgens die kwalitatiewe data het De Wet gemiddelde vlakke van angs, depressie, selfbewustheid en kwetsbaarheid getoon. Sy vlakke van vyandiggesindheid en impulsiwiteit kan as hoog beskryf word. Dit wil dus voorkom of De Wet in die algemeen 'n gemiddelde vlak van neurose getoon het. Persoonlikheidseien-skappe wat hy getoon het, was onder andere bekommernis, angstigheid, woede, ongeduld, hartseer, buierigheid en swak oordeel. Hierdie eienskappe het grootliks tydens die oorlog en die 1914-Rebellie voorgekom. Slegs die eienskappe van hartseer, humeurigheid en 'n voorkeur om alleen te wees, is deurgaans in De Wet se lewe gevind. Die navorser maak dus die aanname dat die ander eienskappe van neurose (met die uitsondering van hartseer, humeur en onttrekking) direk verband gehou het met oorlogsituasies waarin De Wet hom bevind het, aangesien die oorlog onsekerheid en onveiligheid teweeg gebring het. Hoewel De Wet nie as 'n neurotiese persoon beskryf kan word nie, is daar sekere interessante fasette van neurose wat die navorser vervolgens bespreek om 'n duideliker beeld van De Wet se persoonlikheid te bied. Hierdie fasette is ***vyandiggesindheid***, depressie (spesifiek ***hartseer*** en ***afsondering***), sowel as ***impulsiwiteit***.

De Wet se hoë vlak van ***vyandiggesindheid*** word deur die kwantitatiewe data bevestig. Alhoewel beide die kwalitatiewe- en kwantitatiewe data De Wet as 'n vyandige en humeurige persoon beskryf, is die navorser van mening dat hierdie eienskap moontlik nie met woede, frustrasie of bitterheid verband hou nie. Die navorser meen dat dié vyandiggesindheid meer dui op De Wet se geaardheid, wat een van aktiwiteit en selfgeldendheid was. Die meeste gevalle waar De Wet woede, frustrasie of bitterheid getoon het, was ten tye van oorlogsituasies. Hierdie emosies wat De Wet ervaar het kan in die konteks van 'n oorlogsituasie verstaan word, aangesien daar lewens op die spel was. De Wet se woede-uitbarstings teenoor ongedissiplineerde burgers kan byvoorbeeld teruggevoer word na orde en dissipline, wat belangrike eienskappe in oorlogsituasies is (Van Schoor, 2007; Wessels, 2002). Volgens Jensen-Campbell, Knack, Waldrip en Campbell (2007) korreleer samestemming en pligsgetrouheid negatief met woede. Dit bevestig dus die navorser se mening dat woede nie 'n inherente persoonlikheidseienskap van De Wet was nie, want hy het hoë vlakke van beide instemmendheid en pligsgetrouheid getoon.

Costa en McCrae (1992) het genoem dat ***vyandiggesindheid*** negatief korreleer met instemmendheid. De Wet het 'n hoë vlak van instemmendheid getoon, wat beteken dat hy volgens Costa en McCrae 'n lae vlak van vyandiggesindheid behoort te toon. Die navorsingsbevindinge het egter op die teenoorgestelde gedui. Volgens die navorser het dit dus die aanname ondersteun dat De Wet se vyandiggesindheid eerder verband hou met aktiewe en selfgeldende persoonlikheidseienskappe as met woede en aggressie.

Individue by wie hoër vlakke van ***vyandiggesindheid*** voorkom, is geneig om woede, frustasie en bitterheid te ervaar. Hier kan De Wet se verbitterdheid teenoor die Britte as gevolg van hul verskroeide-aarde-beleid as voorbeeld genoem word. Volgens F. Jacobs (2005) het die verskroeide-aarde-beleid baie lyding vir die burgerlike bevolking meegebring. Die verwoesting van die plase as gevolg van dié taktiek was wreed en geweldadig. Meer as 30 000 plase is verwoes, die land se veestapels is uitgewis en sowat 500 000 perde is in die

oorlog dood. Verder is vroue en kinders in konsentrasiekampe aangehou. Dit is dus te verstane dat De Wet te midde van hierdie omstandighede verbitterd gevoel het. Hierdie reaksie van De Wet was egter nie uniek nie, want volgens Rice (2004) was die konsentrasiekampe 'n groot bron van bitterheid onder die boeregesinne.

In die biografiese data is dikwels melding gemaak van emosies wat De Wet getoon het, byvoorbeeld dat hy ***hartseer*** was, dat hy gehuil het en dat hy hom afgesonder het. Hierdie emosies is kenmerke van depressiewe gevoelens. Slegs een geval is in die biografiese data gevind waar De Wet nié gedurende die oorlog en rebellie hierdie emosies getoon het nie. Met die dood van sy moeder (as 17-jarige seun) was De Wet hartseer. Dus, wat hartseer betref, het De Wet 'n natuurlike reaksie op die dood van naasbestaandes getoon. Tydens die oorlog het De Wet tien van sy 16 kinders, asook ander familielede en vriende aan die dood afgestaan. Coetzer (2000) en Kestell (1920) bevestig die navorser se mening dat De Wet normale hartseer ondervind het, aangesien hulle verklaar het dat hy 'n opgewekte en gelykmatige mens was. Die navorser is ook van mening dat die konsentrasiekampe, strafkampe, onveilige omstandighede, skeiding van geliefdes en fisiese uitputting verder bydraend was tot die burgers se emosionele ingesteldheid.

Dit is ook belangrik om daarop te let dat De Wet dit soms verkies het om alleen te wees. Sy ***afgesonderdheid***, wat 'n kenmerk van depressie is, was dus ‘n voorkeur. In die biografiese data word byvoorbeeld deurgaans genoem dat hy *verkies* het om alleen na Kroonstad te ry, of dat hy hom afgesonder het om aan sy boek te werk (Bateman, 1977; Van Schoor, 2007). Hierdie keuse van De Wet om soms alleen te wees verskil van alleenheid as gevolg van depressie.

Volgens die navorser was De Wet nie depressief nie, want hy het nie die eienskap, hopeloosheid, getoon nie (sien afdeling 7.2.3). Chien, Ko en Wu (2007) het die navorser se gevolgtrekking bevestig deur te noem dat 'n hoë vlak neurose en lae vlakke van instemmendheid, ekstroversie, sowel as pligsgetrouheid, depressie

voorspel. De Wet het die teenoorgestelde op hierdie vlakke getoon met 'n gemiddelde vlak van depressie.

Volgens die kwalitatiewe data kan De Wet as 'n ***impulsiewe*** persoon beskryf word. Die kwantitatiewe data het hierdie beskrywing ondersteun. Alhoewel beide die kwalitatiewe- sowel as die kwantitatiewe data aanduidend is van De Wet se impulsiwiteit, verskil die navorser hiervan. In die algemene spreektaal word 'n impulsiewe persoon beskryf as iemand wat altyd besig is, vinnig werk, haastig is en dinge doen sonder om behoorlik daaroor na te dink. Indien De Wet aan hierdie definisie geëvalueer word, sou hy as impulsief beskryf kon word, want volgens die biografiese data was hy 'n doener eerder as 'n denker. Verder het hy ook rus en sonde met mekaar gelyk gestel (Pretorius, 1976; Van Schoor, 2007). Volgens Costa en McCrae (1992) se definisie beteken impulsiwiteit egter die onvermoë om behoeftes en begeertes te beheer, asook om versoekings te weerstaan. Volgens hiérdie definisie was De Wet nie impulsief nie, want daar is geen aanduidings in die biografiese data wat daarop gedui het dat hy nie in beheer van sy behoeftes en begeertes was nie. Jensen-Campbell, et al. (2007) het verklaar dat selfbeheer en die weerstaan van versoekings positief met instemmendheid sowel as pligsgetrouheid gekorreleer het. Aangesien De Wet beide 'n hoë vlak van instemmendheid sowel as pligsgetrouheid getoon het, impliseer dit dat hy volgens Jensen-Campbell, et al. in beheer van sy behoeftes en begeertes was. Die navorser is dus van mening dat De Wet wel 'n impulsiewe persoon was, maar alleenlik as dit teen die algemene definisie van impulsiwiteit geëvalueer word en nie teen die definisie van Costa en McCrae nie.

### 8.3.2 Ekstroversie

Ekstroversie, die tweede faktor van die Vyf-faktor model, bestaan uit die volgende fasette: warmte, gemeenskapsgevoel, selfgeldendheid, aktiwiteit, opwinding-soeke en positiewe gevoelens (sien afdeling 4.5.3.2 en 7.3). De Wet kan as 'n ekstroverte persoon beskryf word, want volgens die biografiese data het hoër vlakke ten opsigte van al ses fasette by hom voorgekom. Ekstroversie is die

enigste faktor waar die deskundiges se kwantitatiewe data op al ses fasette in ooreenstemming is.

Die kwantitatiewe data verskil egter op drie fasette van die kwalitatiewe data. Die kwantitatiewe data bevestig die volgende kwalitatiewe navorsingsbevindinge: soeke na opwinding, selfgeldendheid en aktiwiteit. Die faset van gemeenskaps-gevoel en positiewe gevoelens het nie 'n groot verskil tussen die kwantitatiewe- en kwalitatiewe data getoon nie, maar daar was egter 'n groot verskil op die faset van warmte.

Die fasette ***warmte***, ***gemeenskapsgevoel*** en ***positiewe gevoelens*** word vervolgens verder bespreek om 'n moontlike verklaring vir die teenstrydighede tussen die kwantitatiewe- en kwalitatiewe data te verskaf. De Wet het volgens die drie deskundiges (kwantitatiewe data) 'n lae vlak van warmte en gemiddelde vlakke van gemeenskapsgevoel en positiewe gevoelens getoon. Hierdie drie fasette het met die kwalitatiewe data verskil, want hiervolgens het De Wet 'n hoë vlak van warmte, gemeenskapsgevoel en positiewe gevoelens getoon. Vriendelikheid, liefdevolheid en opgeruimdheid is persoonlikheidseienskappe wat gewoonlik met warm persoonlikhede geassosieer word.

Daar kom verskeie voorbeelde in die biografiese data voor wat De Wet se ***warmte*** bevestig, byvoorbeeld sy vriendelike en hartlike optrede teenoor Brit, boer en besoekers. Verder het De Wet warmte getoon deur mense met gasvryheid te onthaal en slaapplek aan te bied as hulle op reis was. Gedurende die oorlogsituasie was De Wet besorg oor die burgers se welstand en het hy volgens De Villiers (1999) almal persoonlik geken. Rossouw (2003) het gemeld dat De Wet die veiligheid van die burgerlikes gerespekteer het. Hy het swart mense wat gevange geneem is, vrygelaat indien geen bewyse van hulle betrokkenheid in die oorlogsbedrywighede gevind kon word nie. Soos in hoofstuk 7 aangetoon is, het verskeie skrywers ook genoem dat De Wet deernis met mense gehad het.

Volgens die definisie is individue by wie hoër vlakke van ***gemeenskapsgevoel*** voorkom, gewoonlik uitgaande, spontaan en spraaksaam. By De Wet het hoër

vlakke van gemeenskapsgevoel voorgekom. Selfs tydens gevegte, het hy tyd gemaak om by vriende te kuier, soos byvoorbeeld met die geveg by Dewetsdorp. Die Britte was verbaas oor *die generaal* wat sy huis gaan besoek het terwyl hulle geveg het, maar volgens Kestell (1920) het die Britte nie die Boere-tradisies verstaan nie (sien afdeling 8.3.4). Nog 'n voorbeeld van De Wet se toegeneëndheid teenoor vriende, was na 'n skermutseling by Witklip. De Wet se kommando het dié nag op Cornelis Wessels se plaas oorgebly. Na die kommando se vertrek die volgende oggend, het De Wet egter agtergebly om eers saam met president Steyn en Wessels ontbyt te geniet (H.C. Hopkins, 1963; L. Scholtz, 2003).

Die navorser is van mening dat die teenstrydigheid tussen die kwantitatiewe- en kwalitatiewe data moontlik voorkom as gevolg van 'n onakkurate beeld van De Wet wat in die algemene literatuur voorgehou word. De Wet word uitgebeeld as 'n bedrywige generaal wat die Britte om die bos gelei het en op vindingryke maniere ontsnap het - vandaar sy bynaam die *boer-pimpernel* (Pretorius, 2001a). Hy het nie leeglêery geduld nie, was altyd besig en sy gesigsuitdrukking was gewoonlik streng en emosieloos (dit word deur foto's van De Wet illustreer). Die navorser meen dat mense oor die algemeen die streng beeld met De Wet assosieer. Die biografiese en historiese data beskryf egter 'n *ander* beeld van De Wet: 'n persoon wat vir sy naaste omgegee het en wat liefde, vriendelikheid en opgeruimdheid getoon het.

In die literatuur het verskeie navorsers op grond van hulle studies bepaalde stellings gemaak wat betrekking het op die Vyf-faktor model. Drie van hierdie stellings van onder andere Costa en McCrae (1992), asook McAdams (2002), word op die bevindinge van dié studie toegepas om te bepaal of dit die data ondersteun al dan nie. Hierdie drie stellings het te doen met die fasette van ***aktiwiteit*** en ***positiewe gevoelens,*** sowel as die faktor ***ekstroversie*.** Volgens Costa en McCrae (1992) korreleer ***aktiwiteit*** positief met die faktor van pligsgetrouheid. Hierdie stelling word ondersteun deur die kwalitatiewe data van die studie aangesien De Wet wel 'n hoë vlak van aktiwiteit en pligsgetrouheid getoon het.

De Wet het ook ***positiewe gevoelens*** deur sy humor en kwinkslae getoon. Coetzer (2000) het De Wet beskryf as 'n ondeunde persoon wat lief was om poetse te bak terwyl die burgers dit dikwels moes ontgeld. McAdams (2002) asook Costa en McCrae (1992) het verklaar dat humor 'n manier is om spanning te hanteer. Volgens die biografiese data was humor inherent 'n persoonlikheidseienskap van De Wet en het hy dit moontlik as verdedigingsmeganisme gebruik.

Costa en McCrae (1992) het verder verklaar dat ***ekstroversie*** verband hou met 'n persoon se geestesgesondheid. Die kwalitatiewe data het aangetoon dat De Wet ‘n ekstrovert was met 'n gemiddelde vlak van neurose. Dit ondersteun dus die stelling van Costa en McCrae. Ekstroverte persone kan volgens McAdams (2002) ook deur middel van rasionele aksies, positiewe denke, substitusie en weerhouding spanning hanteer. Hierdie stelling van McAdams word bevestig deur L. Scholtz (2003) se opmerking dat De Wet se kalmte, wanneer hy onder druk verkeer het, opvallend was.

### 8.3.3 Ontvanklikheid

Ontvanklikheid is die derde faktor van die Vyf-faktor model en bestaan uit die volgende ses fasette: fantasie, estetika, gevoelens, aksies, idees en waardes (sien afdeling 4.5.3.3 en 7.4). Volgens die kwalitatiewe navorsingsbevindinge was De Wet ontvanklik vir gevoelens, aksies en idees, maar nie om sy waardes te verander nie. Bepaalde probleme is ondervind om De Wet se ontvanklikheid vir fantasie en estetika te bepaal en dit word later in hierdie afdeling in meer besonderhede bespreek. Die kwantitatiewe data het op vier fasette met mekaar ooreengestem, naamlik: gevoelens, aksies, idees en waardes. Slegs op een faset, naamlik waardes, het die kwantitatiewe- en kwalitatiewe data ooreengestem.

Volgens die navorser is ontvanklikheid die enigste faktor waar daar nie genoeg biografiese data bestaan om betekenisvolle gevolgtrekkings te kon maak nie. Dit was veral die fasette van ontvanklikheid vir estetika en fantasie wat problematies was. ***Ontvanklikheid vir estetika*** dui daarop dat individue waardering vir kuns en

skoonheid toon. ***Ontvanklikheid vir fantasie*** dui weer daarop dat individue 'n lewendige verbeelding het en tyd spandeer deur te dagdroom. Die navorser is van mening dat daar veral twee redes bestaan waarom die evaluering van hierdie twee fasette problematies was.

Eerstens kon min biografiese data oor hierdie spesifieke fasette gevind word. Wat ***ontvanklikheid vir estetika*** aanbetref, kon daar geen aanduidings in die biografiese data gevind word oor De Wet se waardering van kuns en skoonheid, al dan nie. Hy het die skep van beelde en skilderye as ydel beskou, maar nêrens word sy gevoel daaroor aangetoon nie (Kestell, 1920). Wat ***ontvanklikheid vir fantasie*** aanbetref, word aanvaar dat De Wet nie 'n dromer was nie, want volgens Van Schoor (2007) en Rosenthal (1968) was hy nie 'n individu met ‘n voorkeur vir dagdromery nie. In die biografiese data is daar ook geensins melding gemaak van sy verbeelding nie, alhoewel sy vindingrykheid dikwels gemeld is (Evans, 2000; L. Scholtz, 2003; Trew, 1999).

Inligting oor sekere dele van De Wet se lewe ontbreek en kan as 'n tweede rede aangevoer word. De Wet se lewe tydens die Anglo-Boereoorlog en 1914-Rebellie is redelik volledig geboekstaaf, maar selfs gedurende hierdie tydperke word nie melding gemaak van sy ontvanklikheid vir estetika en fantasie nie. Die biografiese data maak in breë trekke melding van De Wet se kinderjare, rondtrekkery, tyd oorsee saam met Botha en De La Rey, sowel as sy laaste jare op die plaas. Daar bestaan beperkte inligting oor De Wet se verhouding met sy gesin, sy stokperdjies, belangstellings en persoonlike smaak. Geen inligting is byvoorbeeld oor De Wet se huislike opset, tuin of troeteldiere gevind nie. Wat wel uit die biografiese data (Rosenthal, 1968) geblyk het, is dat De Wet en sy gesin, net soos ander gesinne, in 'n hartbeeshuis gebly het. Alhoewel hulle nie veel materiële besittings gehad het nie, is geestelike waardes beklemtoon (Van Schoor, 2007).

In 1997 het McCrae en Costa (in McAdams, 2002) in ‘n studie met ongeveer 10 000 volwassenes bo die ouderdom van 35 jaar, bevind dat daar ‘n positiewe korrelasie was tussen ontvanklikheid vir ondervinding en die aantal jare van skoolopleiding. Alhoewel hierdie studie van McCrae en Costa 'n honderd jaar ná

die leeftyd van De Wet uitgevoer is, is die navorser van mening dat die bevindinge van die 1997-studie wel van toepassing gemaak kan word op De Wet se situasie, aangesien die Vyf-faktor model eers gedurende die afgelope dekade werklik nagevors is. Soos alreeds aangetoon, het De Wet hoër vlakke van ontvanklikheid op gevoelens, aksies en idees getoon. Daar kan egter nie aanvaar word dat hy in die algemeen hoër vlakke van ontvanklikheid getoon het nie, want hierdie drie fasette verteenwoordig slegs sowat 50% van die faktor. Teenstrydighede word egter ervaar as die inligting oor De Wet met McCrae en Costa se studie vergelyk word. Volgens die studie moes laer vlakke van ontvanklikheid by De Wet voorgekom het, gegee slegs sy drie maande formele skoolopleiding. De Wet het in die algemeen egter gemiddelde tot hoër vlakke van ontvanklikheid getoon aangesien hy hoër vlakke van ontvanklikheid op drie fasette en gemiddelde vlakke van ontvanklikheid op een faset getoon het. Volgens die navorser is 'n moontlike verklaring die gebrek aan inligting op die fasette van fantasie en estetika. Die teendeel kan egter waar wees indien meer inligting beskikbaar is.

'n Moontlike verklaring waarom die kwalitatiewe- en kwantitatiewe data op die fasette van estetika en fantasie verskil, is waarskynlik die gebruik van die NEO-PI-R as meetinstrument. Volgens die navorser is dit moeilik om sommige van die vrae in die vraelys te beantwoord met onvoldoende inligting oor De Wet. Die volgende vrae in die NEO-PI-R het gehandel oor die faset van fantasie: (a) as kind het hy selde fantasie-speletjies gespeel, (b) hy het probleme ondervind om sy gedagtes vrylik te laat gaan sonder kontrole of leiding en (c) hy het 'n baie aktiewe verbeelding. Die NEOP-PI-R se vrae wat ontvanklikheid vir estetika bepaal het, is onder andere: (a) estetika en kunstigheid is nie vir hom van belang nie, (b) om na ballet- of dansuitvoerings te kyk, verveel hom en (c) gedigte het geen of min effek op hom. Die deskundiges se verwerkte tellings (kwantitatiewe data) het gewissel van 'n hoë vlak van ontvanklikheid vir estetika en fantasie tot 'n lae vlak van ontvanklikheid vir albei fasette.

Dit is egter nie verbasend dat laer vlakke van ontvanklikheid vir waardes by De Wet waargeneem is nie. De Wet se belangrikste waardes het bestaan uit ***nasionalisme***, ***patriotisme*** en ***godsdiens***. De Wet se ***nasionale bewustheid***

was duidelik sigbaar in sy liefde vir sy land. Hy het opofferings gemaak om die onafhanklikheid van sy land te verdedig. Met selfdissipline en wilskrag het De Wet saam met president Steyn die simbool geword van 'n vryheidstryd wat die verbeelding van hul navolgers aangegryp het (Oost, nie gedateer; L. Scholtz, 2003). Indien De Wet van ’n saak oortuig was, sou hy tot die einde daarvoor baklei het (Kestell, 1920; Van Schoor, 2007). De Wet was nie bereid om nasionalisme te heroorweeg nie en het dus laer vlakke van ontvanklikheid op waardes getoon.

De Wet was streng ***patrioties*** en het verraaiers nie geduld nie. Volgens Van Schoor (2007) was sy afkeur vir verraaiers en oorlopers duidelik. Die voorval van die oorloper Morgendaal kan as voorbeeld genoem word. De Wet het ’n offisier beveel om Morgendaal te skiet aangesien Morgendaal nie opdragte wou uitvoer nie. De Wet se houding teenoor sy broer kan ook aan hierdie patriotisme gekoppel word. Sy broer het na die vyand oorgeloop en De Wet het die burgers beveel om hom dood te skiet indien hulle hom sou teëkom (Doyle, 1902; Rossouw, 2003). De Wet het geen simpatie met oorlopers en verraaiers gehad nie, maar sou wel wapenafleggers weer in sy kommando toelaat (Van Schoor, 2007). De Wet se laer vlakke van ontvanklikheid vir waardes is deur sy houding teenoor verraaiers en oorlopers bevestig.

***Godsdiens*** het vanaf die vroegste tye 'n belangrike rol in die Afrikanervolk se lewe gespeel met die eerste kerkie wat alreeds in 1501 by Mosselbaai opgerig is. Teen die einde van die 18de eeu was die blanke bevolking van die land oorwegend Protestants (Giliomee, 2004; Van der Watt, 1977) en De Wet het gevolglik met die beoefening van Christelike godsdiens grootgeword. Sy ma het hom uit die Bybel leer lees en hy het op 16-jarige ouderdom gekatkiseer. Sy vader het hom as jong seun ook berispe omdat hy die Sondag ontheilig het deur 'n blesbok te gaan jag (Bateman, 1977; Olivier, 1971). Van Schoor (2007) het genoem dat De Wet as volwasse man gewoonlik na aandete vir sy gesin uit die Statebybel gelees het, soos wat sy voorgeslagte ook gedoen het.

Volgens De Wet was ***godsdiens*** nie teenstrydig met oorlogvoering nie, want vir hom was die Anglo-Boereoorlog 'n saak van geloof (Rosenthal, 1968). De Wet was egter nie uitsonderlik in sy standpunt oor godsdiensbeoefening nie, want in die literatuur is daar byvoorbeeld die volgende gevalle opgeteken: (a) president Kruger het nét die Bybel gelees, nie eers die koerant nie. Hy het ook die Ou Testament geken en as lekeprediker opgetree, (b) president Steyn het vele kere verklaar dat niks sonder die wil van God gebeur nie en dat God hulle sal help net soos Hy hulle voorvaders gehelp het en (c) tydens 'n kommando-vergadering voor 'n geveg is daar gewoonlik gebid, toesprake gelewer en dan is die lied *Slechts vertrouwen dat is al* (*Slegs maar vertroue*) gesing (Farwell, 1976; Fisher, 1969; Pakenham, 1999).

Volgens MacDonald (2000), Saroglou (2002), asook Taylor en MacDonald (1999) het instemmendheid en pligsgetrouheid 'n positiewe korrelasie met godsdiensbeoefening getoon. MacDonald het verder genoem dat ekstroversie ook 'n positiewe korrelasie met godsdiens getoon het. Aangesien hoër vlakke van instemmendheid, pligsgetrouheid en ekstroversie by De Wet voorgekom het, bevestig dit dus sy ingesteldheid teenoor godsdiens. De Wet se geloofsoortuiging was ook dus bydraend tot sy laer vlak van ontvanklikheid van waardes.

### 8.3.4 Instemmendheid

Die faktor van instemmendheid, die vierde faktor van die Vyf-faktor model, bestaan uit die volgende ses fasette: vertroue, openhartigheid, altruïsme, inskiklikheid, beskeidenheid en saggeaardheid (sien afdeling 4.5.3.4 en 7.5). Volgens die kwalitatiewe data het De Wet hoër vlakke van openhartigheid, altruïsme, beskeidenheid en saggeaardheid getoon, maar 'n gemiddelde vlak van vertroue en 'n laer vlak van inskiklikheid. Die kwantitatiewe data verskil egter van die kwalitatiewe data in dié sin dat die deskundiges De Wet op vier van die ses fasette as laag beskryf het. Volgens die kwantitatiewe data het De Wet laer vlakke van vertroue, openharigheid, altruïsme en inskiklikheid getoon. Daar was nie ooreenstemming tussen die deskundiges oor die fasette van beskeidenheid en

saggeaardheid nie.  Die kwantitatiewe- en kwalitatiewe data het slegs op die faset van inskiklikheid ooreengestem.

Vervolgens word die fasette van ***openhartigheid*** en ***altruïsme*** bespreek om moontlike verklarings vir die teenstrydighede tussen die kwantitatiewe- en kwalitatiewe data te bied.  Volgens die kwantitatiewe data het De Wet 'n lae vlak van openhartigheid en altruïsme getoon, terwyl die kwalitatiewe data die teenoorgestelde aangedui het.  Die faset ***inskiklikheid*** sal ook kortliks bepreek word, aangesien dit betekenisvol is dat beide die kwantitatiewe- sowel as kwalitatiewe data aangetoon het dat De Wet 'n lae vlak inskiklikheid gehad het.  Die verband tussen ***instemmendheid*** en ***leierskap*** sal laastens bespreek word.

In die biografiese data word daar nie spesifiek gemeld dat De Wet 'n saggeaarde en altruïstiese persoon was nie, maar met noukeurige ontleding van die data, word dit duidelik dat hy wél oor hierdie eienskappe beskik het.  Individue by wie 'n hoë vlak van **altruïsme** voorkom, is besorg oor die welsyn van ander persone.  De Wet het byvoorbeeld verskeie kere die burgers se lewens gered soos gedurende Junie 1901 toe dit baie koud was en swaar sneeuneerslae voorgekom het (Alberts, 2005).  Hy het die burgers styf teen mekaar laat sit sodat hulle genoeg hitte kon kry en by 'n ander geleentheid het hy vuur gemaak, wat 'n groot waagstuk in die oorlogsituasie was (Kestell, 1920;  Rosenthal, 1968).

Nie net was De Wet besorg oor die burgers se lewens nie, maar ook oor dié van die  vyand.  Hy het dikwels vir vyandelike gewondes water laat aandra en ook 'n dokter ontbied (C. R. De Wet, 1902; Rossouw, 2003).  Volgens Costa en McCrae (1992) korreleer altruïsme positief met ekstroversie.  Die kwalitatiewe data het hierdie hipotese van Costa en McCrae bevestig.  Dit was nie net gedurende die oorlog dat De Wet na die burgers omgesien het nie, maar hy het oor die algemeen vir mense, vriende en familie omgegee.  Tydens sy termyn as volksraadslid het De Wet geduldig na die mense geluister en sover moontlik aan hulle versoeke probeer voldoen.  Voorbeelde hiervan is toe hy aan die versoek van die melaatses voldoen het om hulle nie meer na Robbeneiland te stuur nie en tweedens die uitbetaling van ‘n pensioen aan oud-president Reitz (Kestell, 1920).  Aangesien daar genoeg

voorbeelde in die biografiese data voorgekom het wat aangetoon het dat De Wet wél altruïsties was, dra die manier waarop De Wet in die literatuur uitgebeeld (sien afdeling 8.3.2) word moontlik by tot hierdie teenstrydigheid tussen die kwantitatiewe- en kwalitatiewe data.

Die tweede faset waarop die kwantitatiewe- van die kwalitatiewe data verskil het, is ***openhartigheid***. Openhartige individue is gewoonlik eerlik, reguit, opreg en probeer nie ander deur middel van vleiery of kullery manipuleer nie. De Wet het van 'n jong ouderdom reeds eienskappe soos eerlikheid, opregtheid en openlikheid getoon. Voorbeelde hiervan is onder andere: (a) hy is as kind deur verskillende persone as eerlik bestempel, (b) hy het die waarheid aan die mense vertel met betrekking tot die oorlog, (c) hy was reguit en opreg met sy voorstelle in die parlement, (d) hy het die burgers direk met probleme gekonfronteer en (e) alhoewel hy nie 'n goeie spreker was nie, het hy opreg gepraat. Volgens die kwantitatiewe data word De Wet voorgestel as 'n manipuleerder met eienskappe soos gekompliseerdheid en outokrasie. Aangesien daar net een voorbeeld van De Wet se manipulerende gedrag in die biografiese data voorkom, is dit onduidelik waarom die deskundiges hom as 'n nie-openhartige persoon beskou het. Volgens die navorser behoort daar verdere ondersoek na hierdie teenstrydigheid tussen die kwantitatiewe- en kwalitatiewe data ingestel te word, ten einde 'n bevredigende verklaring daarvoor te vind.

Beide die kwantitatiewe- en die kwalitatiewe data het aangetoon dat De Wet ***nie 'n inskiklike*** persoon was nie. Dit het veral voorgekom in sy houding teenoor onwillige en ongedissiplineerde burgers, verraaiers en oorlopers, asook ten opsigte van sy vryheidsideaal en waardes. Hierdie lae vlakke van inskiklikheid hou volgens die navorser verband met De Wet se laer vlakke van ontvanklikheid vir waardes. Soos reeds aangetoon, was hy nie bereid om sy waardes te verander as dit in stryd was met sy geloofsoortuiging, liefde vir sy volk of patriotisme nie. Volgens die navorser het die burgers (wat meestal boere was) in 'n moeilike en uitdagende tyd grootgeword en met moeite hul plase opgebou. Om hierdie rede sou hulle nie inskiklikheid getoon het as dit oor die behoud van vryheid en hulle plase gegaan het nie. Farwell (1976) het verklaar dat: *"In South Africa there was*

*(and still is) something almost sacred about a farm. A farm was more than the means for making a living, more than just a home"* (p. 354).

Volgens Judge en Bono (2000) is ***instemmendheid*** die sterkste en mees konsekwente voorspeller van transformatiewe ***leierskapsgedrag***. Die vier aspekte van transformatiewe leierskap is charisma, inspirasie, individuele oorweging en intellektuele stimulasie. Charismatiese leiers weerspieël gewoonlik 'n gevoel van doelgerigtheid, visie, opwinding en trots. Sulke leiers wat hulle volgelinge inspireer, verduidelik belangrike doelwitte eenvoudig en is gesteld daarop om hulle visie aan hul volgelinge oor te dra. Individuele oorweging dui op die persoonlike aandag wat aan die volgelinge gegee word. Met intellektuele stimulasie voorsien leiers hulle volgelinge van nuwe idees en laat hulle toe om probleme op hul eie manier op te los (R. L. Taylor & Rosenbach, 2000). De Wet se leierskapsvermoë is in hoofstuk 7 onder die fasette van selfgeldendheid en bevoegdheid bespreek. Volgens die navorser voldoen hy aan die vier aspekte van Taylor en Rosenbach se teorie, terwyl Judge en Bono se bevindinge dit ook bevestig.

### 8.3.5 Pligsgetrouheid

Pligsgetrouheid, die vyfde faktor van die Vyf-faktor model, bestaan uit die volgende ses fasette: bevoegdheid, orde, dienswilligheid, prestasie-strewendheid, selfdissipline en oorweging (sien afdeling 4.5.3.5 en 7.6). Pligsgetroue individue is gewoonlik doelgerig, gedetermineerd, noukeurig, stiptelik en betroubaar. Individue by wie laer vlakke van pligsgetrouheid voorkom is daarteenoor gewoonlik lui, onverantwoordelik en impulsief (Costa & McCrae, 1992; McAdams, 2002). Volgens die kwalitatiewe data het De Wet in die algemeen hoër vlakke van pligsgetrouheid getoon, want op al ses die fasette het hy hoër vlakke van belewing getoon. Pligsgetrouheid was die faktor wat die minste ooreenstemming tussen die drie deskundiges getoon het. Die deskundiges het slegs op een van die fasette, naamlik prestasie-strewendheid, met mekaar ooreengestem. Dit was ook die enigste faset waar die kwantitatiewe- en kwalitatiewe data ooreengestem het.

Die fasette van ***bevoegdheid***, ***selfdissipline***, ***orde*****,** ***dienswilligheid*** en ***oorweging*** word kortliks bespreek aangesien die deskundiges nie hieroor kon saamstem nie. Die besprekings bied ook moontlike verklarings vir teenstrydighede in die kwantitatiewe- en kwalitatiewe data. Soos in hoofstuk 7 aangetoon is, verwys ***bevoegdheid*** na bekwaamheid, verstandigheid, wysheid en effektiwiteit. Individue by wie hoër vlakke van bevoegdheid voorkom, voel opgewasse om die lewe te kan hanteer. Volgens Costa en McCrae (1992) toon bevoegdheid die grootste korrelasie met 'n goeie selfbeeld en interne lokus van kontrole. Verder korreleer bevoegdheid negatief met neurose. Hierdie hipoteses van Costa en McCrae word deur die kwalitatiewe data bevestig, aangesien De Wet 'n hoë vlak van bevoegdheid en 'n gemiddelde vlak van neurose getoon het.

Daar bestaan nie twyfel dat De Wet bevoeg, bekwaam en verstandig was nie. Hy was gewild onder die burgers, vriende, boere en selfs die Britte (Kestell, 1920; Olivier, 1971; Van Schoor, 2007). Die volgende vraag kan egter nou gevra word: "Was De Wet gewild as gevolg van sy bevoegheid of het hy oor 'n charismatiese persoonlikheid beskik?" Op 7 Februarie 1922 het die Oranje-Vrystaat een van die grootste begrafnisse nóg beleef, naamlik dié van De Wet. By die kerk was meer as 21 000 mense en meer as 10 000 mense het by die Vrouemonument waar hy begrawe is, saamgekom (Kestell, 1920; Rosenthal, 1968). Dit was 'n bevestiging van De Wet se gewildheid. De Wet het ook die lojaliteit van die burgers geniet soos byvoorbeeld in die geval van Engelbrecht wat geweier het om oor te gee, aangesien hy 'n belofte aan De Wet gemaak het (Groenewald, 1992).

Die navorser is van mening dat beide faktore, naamlik bevoegdheid en charisma 'n rol in De Wet se gewildheid gespeel het. Daar bestaan voldoende voorbeelde in die biografiese data wat aangetoon het dat hy (a) 'n goeie leier was, (b) dapper was, (c) nooit van die burgers iets gevra het wat hy nie self sou doen nie, (d) vindingryke planne uitgedink het om die vyand te mislei, (e) respek van die burgers, presidente en die Britte afgedwing het en (f) vertroue by mense ingeboesem het (Changuion, 2001; Coetzer, 2000; Thring, ter perse; Van Schoor, 2007).

De Wet het deurentyd 'n hoë vlak van ***selfdissipline*** getoon. Volgens die navorser hou dit verband met die era waarin De Wet grootgeword het. De Wet het in 'n patriargale stelsel grootgeword waar vaders die hoofde van gesinne was en verantwoordelik was vir die toepassing van dissipline (Botha, Lombaard & Van Wyk, 2005). Hiervan getuig die insident waar De Wet die blesbok op die Sondag gaan jag het en hy daarna deur sy vader betig is (Kestell, 1920). Soos in afdeling 8.3.3 aangetoon is, het die patriargale De Wet gewoonlik saam met sy eggenote en kinders om die tafel gesit en het hy aan die einde van aandete vir hulle uit die Statebybel voorgelees. Met die uitbreek van die oorlog het die vaders hul gewere opgeneem en gaan veg. Dit het beteken dat die patriarge in 'n kommando saamgevoeg is. Volgens die navorser verduidelik dit moontlik die gebrek aan dissipline in die kommando's, aangesien die hoofde van huishoudings nou opdragte en bevele van ander moes ontvang.

Volgens die kwalitatiewe data het De Wet 'n hoë vlak van ***orde*** getoon. De Wet het reeds aan die begin van die Anglo-Boereoorlog genoem dat die burgers ongedissiplineerd was. Soos reeds aangetoon, was die burgers nie daaraan gewoond om bevele te ontvang nie (C.R. De Wet, 1902). Dit was dan ook die rede waarom De Wet 'n sambok gebruik het en soms die burgers onder klippe gesteek het as hulle nie bevele wou gehoorsaam nie (L. Scholtz, 2003; Trew, 1999). De Wet wou die orde en dissipline op kommando verseker, want die gebrek daaraan kon in 'n oorlogsituasie lewensgevaarlik wees. De Wet was egter nie die enigste bevelvoerder wat van 'n sambok gebruik gemaak het nie. Bevelvoerders soos Joubert, Botha en Viljoen het ook 'n sambok gebruik om orde te handhaaf (Farwell, 1976). Pretorius (1990) het gemeld dat verskeie strawwe op kommando toegepas is, waarvan lyfstraf een van die metodes was. Hy het genoem dat lyfstraf nie verwar moet word met die sambokslae wat offisiere op die ingewing van die oomblik aan burgers toegedien het wat geweier het om militêre dissipline te handhaaf nie. Volgens Rossouw (2003) is daar wel kritiek te lewer op sekere van De Wet se metodes, maar alles in ag genome kan aanvaar word dat De Wet se optrede tydens die Anglo-Boereoorlog ingepas het met die beginsels van geregverdige oorlogvoering. Volgens Rossouw kan die beginsel van geregverdige oorlogvoering soos volg gedefinieer word:

> *'n Geregverdige oorlog kan slegs gevoer word as 'n laaste uitweg. Alle nie-geweldadige opsies moet uitgeput wees voor gebruik van geweld geregverdig kan word. 'n Geregverdige oorlog is slegs geregverdig as dit deur 'n wettige owerheid gevoer word. 'n Geregverdige oorlog kan slegs gevoer word om kwaad wat aangerig is, reg te stel. Die geweld wat in die oorlog gebruik word, moet proporsioneel wees tot die aanvanklike leed wat aangedoen is. Daar moet in die geregverdige oorlog onderskei word tussen krygers en burgerlikes. Burgerlikes mag nooit 'n teiken in die oorlog wees nie*. (2003, p. 16)

Wat ordelikheid aanbetref, was De Wet omgekrap oor die teenwoordigheid van vroue, asook die onordelikheid in Cronjé se kamp. Ter ondersteuning van De Wet se ordelikheid, het Pretorius (1991) genoem dat die vroue 'n negatiewe uitwerking op die burgers se moraal gehad. Burgers het hul stellings verlaat om die vroue in die kamp te besoek en dit het laksheid teweeggebring. Die vroue het ook die beweeglikheid van die kommando's vertraag. Volgens die navorser was De Wet se misnoë en ongeduld met die vrouens in die kamp dus geregverdig, want soos alreeds genoem, kon gebrek aan dissipline en orde lewensverliese veroorsaak.

De Wet het ook hoë vlakke van ***dienswilligheid*** en ***oorweging*** getoon. Dienswilligheid beteken om getrou te bly aan etiese beginsels en morele verpligtinge (Costa & McCrae, 1992). In hoofstuk 7, asook afdeling 8.3.3 is De Wet se nasionalisme, patriotisme, vryheidsin en geloofsoortuiging in besonderhede bespreek. Hierdie aspekte was vir De Wet belangrik en volgens die voorbeelde in die biografiese data was De Wet getrou aan sy etiese beginsels en morele verpligtinge. Oorweging beteken dat De Wet 'n plan noukeurig, deeglik en versigtig oorweeg het voor die uitvoering daarvan. In 'n oorlogsituasie was dit vanselfsprekend dat De Wet soms haastige besluite moes neem om die burgers uit die gevaar te kry en te herorganiseer. Volgens Coetzer (2000) was De Wet van nature 'n haastige man, maar hy kon op geen voorval wys waar De Wet oorhaastig of sonder behoorlike oorweging opgetree het nie. Hy het verder genoem dat De

Wet 'n sterk invloed op die burgers uitgeoefen het en dat laasgenoemde lief was vir hom. Dit was slegs L. Scholtz (2003) wat van 'n weifelagtigheid by De Wet melding gemaak het.

Met die ontleding van die vyf fasette naamlik bevoegdheid, orde, dienswilligheid, selfdissipline en oorweging, is dit onduidelik waarom die kwantitatiewe data nie groter ooreenstemming toon nie. Die teenstrydighede wat tussen die kwantitatiewe- en kwalitatiewe data by pligsgetrouheid gevind is, verdien volgens die navorser verdere navorsing aangesien geen aanvaarbare verklaring tans daarvoor aangebied kan word nie.

## 8.4 Leierskap

In die biografiese data word daar deurlopend melding gemaak van De Wet se militêre leierskap en volgens J. Malan (1990) was De Wet een van die uitstaande leiersfigure tydens die Anglo-Boereoorlog. A. J. McLeod (2004) het verder genoem dat De Wet as aanvoerder nooit onwillig was om groter magte te konfronteer nie en dat hy altyd geglo het in die superioriteit van die burgers. Hy word dus gesien as 'n uitstaande militêre strateeg, 'n natuurlike leier en 'n man wat aksie verkies het. President Reitz het die volgende oor De Wet gesê:

> *Die naam van generaal De Wet is die gehele wêreld deur bekend as 'n dapper en bekwame krygsman. Van bekwame krygshelde, egter, is die geskiedenis van die wêreld vol. Maar De Wet was iets beters en groters en edelers as 'n voortreflike leidsman van kommando's. Hy was 'n patriot, 'n man wat hom opgeoffer het, nie ter wille van roem of van persoonlike voordele nie, maar om die onafhanklikheid van sy land te verdedig. Dat Christiaan standvastig was, het sy hele lewensloop, het al sy doen en late getoon. En dit was hy nie net maar op die slagveld nie, maar ook in die Raadsaal*. (Aangehaal in Kestell, 1920, p. 309-312)

De Wet se suksesse met guerrilla-oorlogvoering het hom ongetwyfeld as 'n legende van dié oorlog laat uitstaan. Hy was 'n persoon sonder enige formele militêre opleiding, maar hy het oor die nodige intuïsie, militêre vernuf en natuurlike leierskap beskik. Hy het uiteindelik uit die stryd getree as 'n internasionaal erkende militêre leier (De Vries, 1987). In afdeling 8.3.5 is die vraag gevra of De Wet gewild was as gevolg van sy bevoegdheid of as gevolg van sy charismatiese persoonlikheid. 'n Verdere vraag vloei uit die voorafgaande vraag: “Was De Wet 'n goeie militêre leier op grond van sy bevoegdheid of op grond van sy charismatiese leiereienskappe?” Daar is reeds genoem dat instemmendheid die mees konsekwente voorspeller van transformatiewe leierskapsgedrag is (Judge & Bono, 2000). Volgens Yukl (2002) word die terme charisma en transformatiewe leierskap as wisselterme gebruik. De Vries (1987), R. L. Taylor en Rosenbach (2000), Von Clausewitz (1976), sowel as Wass de Czece (1992), het van die belangrikste persoonlikheidseienskappe van 'n militêre leier geïdentifiseer, naamlik beskeidenheid, bevoegdheid, coup d’oeil, erkenning van foute, fisiese en psigiese gesondheid, asook geloof in God. *Coup d’oeil* word volgens Von Clausewitz (1976) as *met eerste oogopslag* of *vlugtige blik* gedefinieer.

Hierdie persoonlikheidseienskappe van 'n militêre leier word in die eerste kolom van tabel 7 aangebied. Volgens die navorser kon 26 van die 28 eienskappe wat deur die militêre leiers geïdentifiseer is, in die biografiese data van De Wet gevind word. In die tweede kolom van die tabel word die persoonlikheidseienskappe van De Wet, soos beskryf deur die Vyf-faktor model, weergegee. In die laaste kolom word die mate waarin dit in De Wet se lewe voorgekom het, aangedui.

Tabel 7

*Persoonlikheidseienskappe van 'n militêre leier, soos gemanifesteer in die lewe van De Wet*

| **Persoonlikheidseienskap** | **Faset** | **Kwalitatiewe bevindinge** |
|---|---|---|
| Beskeidenheid | Beskeidenheid | Hoog |
| Bevoegdheid | Bevoegdheid | Hoog |
| Coup d'oeil | Bevoegdheid | Hoog |
| Erkenning van foute | Inskiklikheid | Laag |
| Fisiese gesondheid | Geen faset | - |
| Geloof in God | Waardes | Laag |
| Gesonde oordeel | Bevoegdheid | Hoog |
| Goeie selfbeeld | Selfbewustheid | Gemiddeld |
| Humor | Positiewe gevoelens | Hoog |
| Inisiatief | Bevoegdheid | Hoog |
| Integriteit | Geen faset | - |
| Intellektuele krag | Idees | Hoog |
| Intuïsie | Bevoegdheid | Hoog |
| Kommunikasie vaardighede | Gemeenskapsgevoel | Hoog |
| Kreatiewe intelligensie | Bevoegdheid | Hoog |
| Lojaliteit | Bevoegdheid | Hoog |
| Moed | Bevoegdheid | Hoog |
| Onselfsugtigheid | Altruïsme | Hoog |
| Opoffering | Altruïsme | Hoog |
| Persoonlike vermoëns | Bevoegdheid | Hoog |
| Psigiese gesondheid | Depressie | Gemiddeld |
| Selfdissipline | Selfdissipline | Hoog |
| Vasberadenheid | Prestasie-strewendheid | Hoog |
| Verantwoordelikheid | Selfdissipline | Hoog |
| Vertroue | Bevoegdheid | Hoog |
| Vinnige beplanning | Bevoegdheid | Hoog |
| Vinnige denke | Bevoegdheid | Hoog |
| Vinnige optrede | Bevoegdheid | Hoog |

Die volgende persoonlikheidseienskappe, naamlik erkenning van foute (grootmoedigheid) en geloof in God, word kortliks bespreek aangesien dit voorkom of De Wet nie oor hierdie eienskappe beskik het nie. Alhoewel De Wet 'n lae vlak

van inskiklikheid getoon het, was hy grootmoedig om te erken as hy fouteer het of verkeerd was. Hy het byvoorbeeld erken dat president Kruger reg was oor die konsessie-planne en ook dat die volksraad reg was in hulle besluit oor die spoorlyne (sien afdeling 7.5.4). Geloof in God word deur middel van die faset waardes bepaal. Volgens die tabel wil dit voorkom asof De Wet nie geloof in God gehad het nie, want hy het 'n lae vlak van ontvanklikheid van waardes getoon. Hierdie gevolgtrekking is egter korrek, aangesien De Wet 'n lae vlak van ontvanklikheid van waardes gehad het, wat beteken dat hy nie sy waardes soos godsdiensoortuiging, nasionalisme en patriotisme sou prysgee nie. Dit beteken dus dat De Wet wel geloof in God gehad het, asook sterk geloofsoortuigings (sien afdeling 7.5.4). Vir De Wet was die oorlog 'n saak van geloof en hy het ook in die tronk sy Bybel gelees. Na aanleiding van die inligting soos weergegee in tabel 7 is die navorser van mening dat De Wet 'n goeie leier was op grond van sy bevoegdheid en nie as gevolg van sy charismatiese persoonlikheid nie.

## 8.5 Samevatting

Volgens L. Scholtz (2003) was De Wet se nasionalisme, sy karakter en die wyse waarop hy die Britse generaals telkemale uitoorlê het tekens van 'n legendariese held. Hierdie hoofstuk het egter aangetoon dat De Wet meer as 'n legende was. Alhoewel die literatuur meestal De Wet as 'n ernstige en kwaai bevelvoerder (baie keer met sy sambok in die hand) voorstel, het voorbeelde in die biografiese data aangetoon dat hy 'n warm en saggeaarde persoon was wat vir die burgers, vriende, familie, asook die vyand, omgegee het.

Nasionalisme, patriotisme en geloofsoortuigings het 'n belangrike rol in De Wet se lewe gespeel en was hy nie bereid om hierdie waardes op te offer of te verander nie. In die biografiese data het sy afkeur in verraaiers en oorlopers hierdie patriotisme ondersteun. De Wet het tot met die ondertekening van die Vredesverdrag by Vereeniging geglo dat die twee republieke moes voortveg vir hul onafhanklikheid. Hy het ook tydens die 1914-Rebellie geglo dat indien ‘n regering

‘n land met geweld wil oorneem, dit teen God se wil is. Vir De Wet was die oorlog en die Rebellie 'n geloofsaak.

Die biografiese data het ook verskeie voorbeelde opgelewer wat De Wet se leierskap en bevoegdheid aangetoon het. Hier kan misleiding van die vyand en sy waaghalsige ontsnappingspogings genoem word. Die studie het ook aangetoon dat De Wet nie 'n leier op grond van sy charismatiese persoonlikheid was nie, maar vanweë sy bevoegdheid. Sy leierskap kan ook verbind word met sy hoë vlak van selfgeldendheid, asook dat hy 'n aktiewe en besige persoon was. Verder was hy baie gesteld op ordelikheid en dissipline in sy kommando. In die volgende hoofstuk sal die gevolgtrekkings en aanbevelings bespreek word.

# HOOFSTUK 9

# GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

## 9.1 Hoofstukoorsig

Die hoofstuk dien as afsluiting en fokus op die belangrikste bevindinge van die studie. Die waarde van die studie asook die beperkinge daarvan, word bespreek. Die hoofstuk sluit af met aanbevelings vir verdere navorsing.

## 9.2 Persoonlikheidseienskappe van De Wet aan die hand van die Vyf-faktor model

Die doel van die studie was om die *mens* agter die legende na vore te bring. Daar is ook gepoog om moontlike antwoorde en verklarings op onbeantwoorde vrae te gee.

Die Vyf-faktor model van persoonlikheid is in die studie van De Wet toegepas en dertig persoonlikheidstrekke is op grond van hierdie model ontleed en beskryf (Costa & McCrae, 1992). Volgens hierdie model kan De Wet as 'n ekstroverte, instemmende en pligsgetroue individu beskryf word. Die ontleding van die biografiese data het aan die lig gebring dat De Wet teenstrydige gevoelens en optredes openbaar het. Hy was byvoorbeeld een oomblik woedend, net om die volgende oomblik weer kalm en rustig voor te kom. Ook het hy gevoelens van hartseer getoon by die afbranding van plase, maar dan weer met 'n strak gesig by die graf van sy eie kind gekniel. Wanneer hierdie teenstrydige gedrag ontleed word, wil dit egter voorkom asof spesifieke situasies en omstandighede 'n rol hierin gespeel het. Vervolgens word sekere persoonlikheidstrekke bespreek in 'n poging om moontlike verklarings te bied vir sommige van De Wet se teenstrydige gedrag.

### 9.2.1 Kinderjare en vroeë volwassenheid

De Wet het in die 1850's op 'n plaas grootgeword. Die meeste boere was nie welgesteld nie, hoewel groot gesinne aan die orde van die dag was. De Wet het 13 broers en susters gehad en het self later 16 kinders gehad. Alhoewel De Wet in moeilike omstandighede grootgeword het, het kinders nogtans hulle lewens verwyl met aangename speelaktiwiteite. As kind en jong man het De Wet die volgende eienskappe getoon: leierskap, soeke na opwinding, eerlikheid, godsdienstigheid, verantwoordelikheid en intellektuele bevoegdheid. Reeds op sewejarige ouderdom het hy verantwoordelikheid getoon deur om te sien na die kalwers terwyl die gesin van een plaas na 'n ander getrek het. Hy het ook vroeg in sy lewe leierskapseienskappe getoon. Verskeie voorbeelde is in die biografiese data gevind wat aangetoon het dat De Wet gewoonlik as leier onder sy maats en vriende verkies is. Hier kan byvoorbeeld genoem word dat hy in sy afwesigheid as veldkornet verkies is. Sy nasionalistiese strewes was ook op 'n jong ouderdom duidelik waar hy tydens die Basoeto-oorlog wag gestaan het en dit vir hom 'n beloning was om sy land en mense te kon dien.

De Wet het as kind intellektuele bevoegdheid getoon. Volgens sy onderwyseres was hy goed met hoofrekene. Later was hy in staat om met slegs drie maande formele skoolopleiding 'n boek te skryf. As jong man het De Wet ook vele kere na verskillende plase getrek waar hy telkens nuwe boerderymetodes op die proef gestel het. Hy het ook sy hand aan transportry gewaag en op 'n keer selfs 'n slaghuis bestuur. Hierdie gedrag van De Wet het daarop gedui het dat hy 'n aktiewe lewe gelei het en waarskynlik 'n intelligente persoon was. Intelligente persone raak gewoonlik gou verveeld en het gedurige stimulasie nodig (Kapp, 1991). De Wet het gedurig nuwe uitdagings gesoek en aktiwiteite aangepak. Hierdie aanname van De Wet se intelligensie word ondersteun deur verskillende prestasies, soos byvoorbeeld sy ontsnappingspogings gedurende die Anglo-Boereoorlog, termyne as volksraadslid en leierskapposisies wat hy beklee het ten spyte van beperkte skoolopleiding. Hagen het die volgende aangaande intelligensie en taalgebruik genoem: *"… algemene taalontwikkeling soos blyk uit die peil van woordeskat, gekompliseerdheid van taalgebruik en omvang van*

*inligting waaroor die kind beskik,* [is] *die belangrikste identifiseringsmedia vir begaafdheid"* (aangehaal in Kapp, 1991, p. 148).

Die persoonlikheidseienskappe wat De Wet gedurende sy kinderjare en vroeë volwassenheid getoon het, was deurgaans in sy lewe merksaam. De Wet het wel eienskappe, soos byvoorbeeld altruïsme, vyanddiggesindheid, dienswilligheid en selfdissipline in sy latere lewe getoon wat nie in sy kinderjare voorgekom het nie. Dit is egter moontlik dat hierdie eienskappe wél in De Wet se kinderjare aanwesig was, maar weens beperktheid van die biografiese data oor beide die kinderjare en vroeë volwassenheid, is daar bloot net nie daarvan melding gemaak nie.

### 9.2.2 Middel volwassenheid

Soos alreeds in vorige hoofstukke aangedui, was De Wet se middel volwassenheid (1899-1910) onseker en veeleisend. Hierdie onsekerheid het meegebring dat hy dit moeilik gevind het om 'n normale lewe te lei. De Wet se middel volwassejare het gepaardgegaan met die Anglo-Boereoorlog wat 'n sentrale rol in sy lewensgeskiedenis gespeel het. Nie net het die oorlog 'n invloed op elke burger wat aan die oorlog deelgeneem het, gehad nie, maar die gevolge daarvan het uitgekring na vroue en kinders. Ná die oorlog was byna al die plase in die ZAR en Oranje-Vrystaat afgebrand en daar was weinig heenkome vir die meeste gesinne. Die burgers was ook baie arm na die oorlog en 'n groep mense moes na Europa vertrek om geld vir die behoeftiges en wese in te samel. In 1914 het die Rebellie plaasgevind waarin De Wet ook 'n leidende rol gespeel het. Die Rebellie, waar boer teen boer geveg het, het eweneens 'n groot invloed op De Wet se middel volwassenheid gehad.

As 'n jong man van ongeveer 30-jarige ouderdom het De Wet die volgende persoonlikheidseienskappe getoon wat nié gedurende sy kinderjare en vroeë volwassenheid opmerklik was nie: vyandiggesindheid, warmte, vertroue, gemeenskapsgevoel, ordelikheid, selfgeldendheid, aktiewe lewe, openhartigheid, beskeidenheid, dienswilligheid en prestasie-strewendheid. In die biografiese data word De Wet meestal uitgebeeld as 'n ongeduldige, vyandiggesinde persoon met

‘n vinnige humeur wat selfs sy burgers met die sambok geslaan het. Hier word egter van twee verskillende eienskappe melding gemaak, naamlik vyandig-gesindheid en ordelikheid. Die rede waarom De Wet die burgers soms met die sambok geslaan het, was waarskynlik nie uit woede nie, maar om orde en dissipline in die kommando’s te handhaaf en sodoende lewens te spaar. Daar is voorbeelde in die biografiese data gevind wat daarop gedui het dat De Wet soms ongewild onder sy burgers was. In teenstelling daarmee het duisende vroue by geleentheid vir sy vrylating gepleit. Volgens die navorser het De Wet se gewildheid verband gehou met sy beheptheid met orde en dissipline. Barry Richter (in E. Theron, 2001) het verklaar dat alhoewel De Wet soms ongewild was, hy nooit sou huiwer om De Wet se opdragte of versoeke uit te voer nie. Dit wil voorkom of De Wet hierdie eienskappe van dissipline, ordelikheid, woede, verbitterheid en frustrasie gedurende die oorlogsituasie geopenbaar het. Die navorser is dus van mening dat hierdie persoonlikheidstrekke nie inherente eienskappe van De Wet was nie, maar dat dit te voorskyn gekom het tydens spesifieke omstandighede waarin hy hom bevind het.

Die biografiese data dui ook op fluktuasies in De Wet se gemoedstemming, waar hy byvoorbeeld een oomblik woedend vir 'n burger sou wees, net om daarna weer kalm met 'n ander burger te gesels. Moontlike antwoorde op hierdie uiteenlopende gedrag van De Wet is verskaf met die beskrywing en ontleding van die biografiese data. Dit het geblyk dat De Wet nooit sonder rede woedend teenoor 'n burger sou optree nie, maar dat dit gewoonlik verband gehou het met sy waardes of vir die voorkoming van lewensverlies. Van Schoor (2007) ondersteun hierdie siening en meld dat De Wet se gramskap nooit op onskuldiges geval het nie. Dit kom voor asof De Wet se lojaliteit aan sy waardestelsel wel 'n inherente persoonlikheids-eienskap was wat selfs gedurende sy kinderjare teenwoordig was.

De Wet was besorg oor sy burgers en selfs die gewonde Britse soldate, maar was ook bereid om sy eie broer dood te skiet. Hierdie optrede van De Wet kan waarskynlik aan sy sterk nasionalistiese, eerder as aan woede-uitbarstings, toegeskryf word. De Wet was nie bereid om op te hou veg vir die onafhanklikheid van die Oranje-Vrystaat en die ZAR nie. Sy broer se oorgawe aan die Britte was

iets waarmee De Wet hom nie kon versoen nie. Sy liefde vir sy land en sy sterk afkeur van oorlopers en verraaiers het sy liefde vir sy broer oorskadu.

Daar was verskille tussen die kwantitatiewe en kwalitatiewe data ten opsigte van die fasette van warmte, altruïsme en gemeenskapsgevoel. Die kwalitatiewe data het aangedui dat De Wet 'n warm, saggeaarde en uitgaande persoon was. Sy saggeaardheid kon opgemerk word in sy houding teenoor die burgers, sowel as teenoor die Britse soldate. Die kwantitatiewe data, daarenteen, het aangedui dat De Wet formeel, afsydig, selfgesentreerd en huiwerig was om by ander se probleme betrokke te raak. Volgens die navorser is die drie deskundiges (kwantitatiewe data) se beskrywing van De Wet as 'n ekstroverte en instemmende persoon gegrond op hul kennis van De Wet en nie soseer op ‘n indiepte ontleding van biografiese data aan die hand van 'n teoretiese model nie.

Gedurende die oorlogstydperk het De Wet se vindingrykheid en militêre bevoegdheid gereeld na vore gekom. Na die oorlog was De Wet alombekend in Suid-Afrika, sowel as in die buiteland. Net soos met sy gebrekkige skoolopleiding, het De Wet geen militêre opleiding gehad nie. Die navorser is van mening dat De Wet se sukses as bevelvoerder toegeskryf kan word aan sy natuurlike leierseienskappe, asook sy intuïtiewe besluitnemingsbevoegdheid en oordeel. Alhoewel hierdie leierseienskappe van De Wet veral in die oorlog duidelik geword het, was dit 'n inherente eienskap wat reeds sedert sy kinderjare aanwesig was.

De Wet was nie van nature 'n angstige, hartseer, alleenlopende, depressiewe of bekommerde persoon nie, maar het uitsluitlik gedurende spanningsvolle situasies, byvoorbeeld die Anglo-Boereoorlog en 1914-Rebellie hierdie persoonlikheidseienskappe getoon. Hy was byvoorbeeld hartseer met die dood van Danie Theron, die oorgawe by Paardeberg, die inname van Bloemfontein, asook met die ondertekening van die Verdrag van Vereeniging. Hierdie eienskappe het hy dus net getoon onder stresvolle, lewensgevaarlike en veeleisende omstandighede.

Volgens die biografiese data sowel as die mening van twee van die deskundiges, word De Wet as 'n impulsiewe persoon beskryf, maar die navorser verskil egter

van hierdie bevinding. Die navorser is van mening dat De Wet meer aktiewe- as impulsiewe gedrag getoon het, aangesien daar geen voorbeelde in die biografiese data is wat aandui dat hy nie sy behoeftes en begeertes (Costa & McCrae, 1992) kon beheer nie. Aangesien hierdie twee deskundiges van die definisie van Gouws, Louw, Meyer en Plug (1979) rakende oorhaastige en aktiewe gedrag gebruik gemaak het, kan dit as moontlike verklaring dien waarom De Wet deur hulle as impulsief beskryf word.

### 9.2.3 Laat volwassenheid

Net soos met De Wet se kinder- en jeugjare, bestaan daar beperkte biografiese data oor sy latere lewe. Na die 1914-Rebellie is daar min oor De Wet se privaatlewe gedokumenteer. Persoonlikheidseienskappe wat De Wet gedurende hierdie fase van sy lewe getoon het, was onder andere: warmte, gemeenskapsgevoel, inskiklikheid, beskeidenheid en dienswilligheid. Na die oorlog en rebellie het De Wet meer inskiklik geword aangesien hy vrygelaat is op sekere voorwaardes, wat hy wél nagekom het. Hy het ook teen die einde van sy lewe ingestem dat 'n Joodse kunstenaar, Moses Kottler, 'n beeld van hom vir die Afrikaanse Universiteit in Stellenbosch maak.

## 9.3 Waarde van studie

### 9.3.1 Akademiese waarde

Alhoewel daar akademiese werke oor De Wet is (A. J. Pienaar, 1975; Pretorius, 1976; Rossouw, 2003), bestaan daar geen psigobiografiese studies nie. Daar bestaan ook geen studie waarvolgens 'n wetenskaplik-gefundeerde persoonlikheidsontleding van De Wet gedoen is nie. In hierdie verband noem L. Scholtz (2003) dat: *"… daar beslis 'n leemte in die geskiedskrywing oor De Wet is"* (p. 10). Hy het verder gemeld dat dit verbasend is dat daar so weinig aandag deur wetenskaplike historici aan De Wet gewy is. Hierdie studie het dus bygedra tot 'n wetenskaplike persoonlikheidsontleding van De Wet.

### 9.3.2 Waarde as psigobiografiese navorsing

In Suid-Afrika is daar veral in die laaste dekade ’n oplewing in psigobiografiese navorsing, maar desnieteenstaande hierdie toename is daar steeds nog talryke persone wat in Suid-Afrika bestudeer kan word. Verskillende psigobiografiese studies is in Suid-Afrika uitgevoer op die lewens van sportlui (Hansie Cronjé, Raymond Carlson), skrywers en digters (Langenhoven, Jonker), politici (Verwoerd, Biko, Smuts), kunstenaars (Monroe, Martins), sielkundiges (Horney, Klein) en medici (Schweitzer, Barnard). Daar bestaan egter geen psigobiografiese studies oor die lewens van Boeregeneraals in Suid-Afrikaanse oorloë, met spesifieke verwysing na die Anglo-Boereoorlog nie.

### 9.3.3 Beskrywing en ontleding van De Wet se lewe

In die uitvoer van hierdie psigobiografiese studie is De Wet se persoonlikheid in totaliteit beskryf en ontleed met behulp van die Vyf-faktor model (Costa & McCrae, 1992). Sekere persoonlikheids-eienskappe is deurgaans in sy lewe opgemerk, soos byvoorbeeld sy vertroue in God, warmte, gemeenskapsgevoel, leierskap, beskeidenheid en bevoegdheid. Volgens die biografiese data was daar ook ander persoonlikheidseienskappe wat net in sekere omstandighede, byvoorbeeld gedurende oorlogsituasies, duidelik geword het. Hierdie eienskappe was onder andere: angstigheid, depressie en self-dissipline. Die waarde van die psigobiografiese studie is daarin geleë dat persoonlikheidseienskappe van De Wet, wat nie vantevore uitgelig is nie, aan die lig gekom het.

### 9.3.4 Moontlike verklarings vir De Wet se teenstrydige gedrag

Die waarde van die studie word verder beklemtoon deurdat moontlike antwoorde op verskeie vrae voorgestel kon word deur middel van ‘n goeie ontleding en beskrywing van De Wet se lewe. Voorbeelde hiervan is De Wet se besorgdheid oor die burgers, maar daarteenoor sy intensie om sy broer dood te skiet. ’n Verdere voorbeeld is De Wet se sagmoedigheid in teenstelling met sy manier om 'n sambok te gebruik vir dissipline. 'n Verdere teenstrydigheid in De Wet se lewe

is dat hy sekere persone, soos Steyn, ten volle vertrou het, maar ander persone, soos Botha, gewantrou het.

### 9.3.5 De Wet se bevoegdheid as militêre leier

Alhoewel dit nie 'n doelwit van die studie was nie, het die beskrywing van De Wet se persoonlikheid sy militêre leiereienskappe beklemtoon. Volgens verskeie bekende militariste (sien afdeling 8.4) is daar sekere eienskappe waaroor suksesvolle militêre leiers beskik. Hierdie eienskappe is met De Wet se persoonlikheidseienskappe vergelyk en daar is gevind dat De Wet met uitsondering van twee eienskappe, oor al die eienskappe van 'n suksesvolle militere leier beskik het. Hierdie twee eienskappe kon egter nie deur die NEO-PI-R geëvalueer word nie (sien tabel 8).

### 9.3.6 Waarde van die navorsingsontwerp

Hierdie studie het die waarde van die spesifieke navorsingsontwerp beklemtoon. Die navorsingsontwerp kan as 'n gemengde-metode, enkelgevalstudie-ontwerp beskryf word waar kwalitatiewe biografiese data, sowel as kwantitatiewe psigometriese data gebruik is. Die navorsingsontwerp was waardevol vir die volgende redes: (a) dit is 'n longitudinale studie wat beteken dat dit die individu se volledige lewe (68 jaar) in oënskou neem, (b) dit fokus op 'n gedetailleerde studie van 'n enkele geval, en (c) dit fokus op die individu binne sy sosio-kulturele en historiese konteks. Bogenoemde redes het die kwaliteit van die studie verhoog.

### 9.3.7 Die Vyf-faktor model

In die psigobiografiese studie van De Wet, is daar van die Vyf-faktor model van Costa en McCrae (1992) gebruik gemaak. Die model is in besonderhede bespreek van die ontstaan tot en met die huidige gebruik daarvan in verskillende dissiplines. Volgens verskeie navorsers is die Vyf-faktor model tans die persoonlikheidsmodel waaroor die meeste navorsing gedoen word. Hierdie studie dra daartoe by dat die

bruikbaarheid en effektiewe aanwending van die Vyf-faktor model in psigobiografiese studies beklemtoon is.

## 9.4 Beperkinge van studie

Tydens die uitvoering van die studie het die navorser sekere probleme ondervind. Vervolgens sal hierdie probleme bespreek word onder die afdelings: (a) biografiese data, (b) die Vyf-faktor model van persoonlikheid, (c) psigobiografiese studies en (d) kwantitatiewe data.

### 9.4.1 Biografiese data van De Wet

Hoewel daar genoegsame biografiese data oor De Wet se lewe beskikbaar was om 'n geldige studie te doen, het die biografiese data het egter van bron tot bron verskil. Onderwerpe waaroor die biografiese data die meeste verskil het, was (a) datums van spesifieke veldslae en gevegte, (b) die aantal dooies, gewondes en oorlewendes per veldslag, (c) watter kommando's saam met De Wet in gevegte betrokke was, (d) hoeveel stemme op elke persoon tydens verkiesings uitgebring is, en (e) hoeveel vroue in die optog na die Uniegebou deelgeneem het. Aangesien die studie oor die beskrywing van De Wet se persoonlikheid gehandel het, het hierdie inligting nie 'n direkte invloed op die studie gehad nie. Die inligting was egter vir die navorser belangrik ten einde 'n geheelbeeld van De Wet se lewe te vorm. Die her-opsporing van sekere data is ook bemoeilik omdat datums byvoorbeeld verskil het.

In die tweede plek was daar beperkte biografiese data oor sekere dele van De Wet se lewe beskikbaar. Die meerderheid biografiese data het gehandel oor sy lewe tydens die Anglo-Boereoorlog en 1914-Rebellie. Min inligting is in die biografiese data oor De Wet se kinderjare en laat volwasse jare gevind, met beperkte inligting oor sy huislike lewe, sy persoonlike verhoudings en sosiale lewe. Indien hierdie data wel beskikbaar was, kon De Wet se lewe byvoorbeeld in terme van ontvanklikheid vir fantasie en estetika beter beskryf word.

### 9.4.2 Vyf-faktor model van persoonlikheid

Daar was ook beperkinge in die toepassing van die Vyf-faktor model, aangesien sekere persoonlikheidseienskappe van De Wet nie met behulp van die Vyf-faktor model beskryf kon word nie. Die volgende is voorbeelde van persoonlikheids-eienskappe, gedrag en ingesteldhede wat nie beskryf kon word nie: dapperheid, gelowigheid, taktvolheid, krygstaktiek, geestelike ingesteldheid en fisiese gesondheid. Van hierdie gemelde eienskappe kon wel in ander faktore vervat word, soos byvoorbeeld krygstaktiek en dapperheid wat in De Wet se bevoegdheid geïnkorporeer is. Dieselfde geld byvoorbeeld vir De Wet se gelowigheid. Die NEO-PI-R maak nie voorsiening om hierdie eienskap spesifiek te evalueer nie, maar dit is weereens in De Wet se waardestelsel geïnkorporeer. Die navorser is van mening dat indien daar vir hierdie eienskappe spesifiek voorsiening gemaak is in die Vyf-faktor model, De Wet se lewe in meer besonderhede beskryf kon word.

Die tweede probleem wat met die Vyf-faktor model ondervind is, was die vraelys. Sekere vrae wat in die NEO-PI-R gestel is, kon nie objektief beantwoord word nie, aangesien dié inligting nie in die biografiese data beskikbaar was nie. Dit sluit stellings soos die volgende in: (a) estetika was nie vir hom belangrik nie, (b) hy het somtyds heeltemal onwaardig gevoel, (c) hy het van helder kleure gehou en (d) ballet of dansuitvoerings het hom verveel. Dit was veral die faktore van ontvanklikheid, waar die NEO-PI-R nie gemeet het wat dit veronderstel was om te meet nie.

Sommige van die definisies van fasette het dit moeilik gemaak om tussen die fasette te onderskei. Hier kan veral die fasette van selfdissipline en oorweging genoem word. Volgens die definisie van selfdissipline openbaar persone met laer vlakke van selfdissipline meermale 'n gebrek aan deursettingsvermoë of stel take dikwels uit. Die definisie van oorweging bepaal dat persone met laer vlakke van selfdissipline dikwels oorhaastig is, praat voor hulle dink, nie goeie besluite neem nie en ongeduldig is. Die persoonlikheidseienskap, weifelagtigheid, kan dus by beide fasette inskakel. Die navorser moes in sulke gevalle noukeurige ontleding

van definisies doen, soms met behulp van woordeboeke, ten einde dit onder die regte opskrif te klassifiseer. 'n Verdere probleem was dat definisies soms verwarring veroorsaak het. Hier kan die definisie van impulsiwiteit genoem word, aangesien die definisie van Costa en McCrae (1992) verskil van die alledaagse definisie van impulsiwiteit. In hierdie geval is Costa en McCrae se definisie noukeurig gevolg.

### 9.4.3 Psigobiografiese studies

In hoofstuk 5 is daar spesifiek gelet op moontlike beperkinge en tekortkominge van psigobiografiese navorsing. Verskillende metodologiese oorwegings is gedefinieer waarna betrokke voorsorgmaatreëls voorgestel is om die invloed daarvan te beperk. Hoewel die navorser geen probleme met hierdie beperkings in die studie ondervind het nie, was die enigste beperking die feit dat daar geen naasbestaandes van De Wet meer leef nie. In 'n persoonlike kommunikasie met twee verlangse neefs van De Wet, kon geen addisionele data verkry word nie. Indien meer inligting oor De Wet se privaatlewe ingesamel kon word, is die navorser van mening dat 'n meer volledige beskrywing van hom gegee sou kon word.

### 9.4.4 Kwantitatiewe data

Die kwantitatiewe data wat deur middel van vraelyste, soos deur drie deskundiges voltooi, ingesamel is, was waardevol vir die studie. Die navorser is egter van mening dat meer proefpersone (kundiges op die gebied van De Wet se lewe) die geldigheid van die studie kon verhoog. Dit is egter moeilik om deskundiges op te spoor wat in een spesifieke persoon spesialiseer.

## 9.5 Aanbevelings

Volgens die navorser is hierdie studie 'n beginpunt vir verdere studies rakende De Wet. Die navorser stel voor dat De Wet se lewe op dieselfde wyse as hierdie

studie beskryf kan word, maar wel deur middel van **ander persoonlikheidstoetse** soos byvoorbeeld die Jung-, 16PF- en Myers Briggs-vraelys wat ander persoonlikheidseienskappe evalueer. Ander sielkundige toetse, soos byvoorbeeld die IPAT-angsskaal, kan ook gebruik word om te bepaal of De Wet werklik depressief was en of dit net aan omstandighede te wyte was. Die navorser stel verder voor dat **ander psigologiese teorieë,** soos byvoorbeeld Levinson se teorie van die menslike lewensirkel ook gebruik kan word om ontwikkeling van De Wet se lewe te beskryf.

Vir verdere studies word ook voorgestel dat daar spesifiek op De Wet se **militêre loopbaan** gefokus kan word. De Wet was 'n bekende krygsman met geen militêre ondervinding en dus kan 'n sielkundige studie oor sy militêre loopbaan 'n waardevolle bydrae in die Suid-Afrikaanse geskiedenis lewer.

Derdens kan die **lewens van Boeregeneraals** soos byvoorbeeld Steyn, Botha, De la Rey, Hertzog en Beyers op dieselfde manier en volgens dieselfde teorie as wat in dié studie gebruik is, beskryf en ontleed word. Dit behoort 'n intensiewe studie te wees en 'n groep studente kan byvoorbeeld as 'n projek daaraan werk. Kwalitatiewe data van só ‘n projek kan gevolglik met kwalitatiewe data van De Wet vergelyk word en verdere gevolgtrekkings kan gemaak word. Die navorser is van mening dat hierdie tipe studie 'n aanduiding sal gee van wat die werklike invloed van die oorlog op die lewens van De Wet en die ander bevelvoerders was.

Verder sal dit ook waardevol wees om te bepaal of die militêre bevelvoerders (soos byvoorbeeld De La Rey en Botha) oor dieselfde **leiereienskappe** as De Wet beskik het. Hierdie tipe studie kan ook met ‘n studie oor De Wet se militêre loopbaan, geïnkorporeer word.

Bogenoemde studie kan verder uitgebrei word deur die **Britse bevelvoerders** soos Roberts, Kitchener, Chamberlain, Broadwood, Taylor, Grant, Methuen en Knox se persoonlikhede met behulp van die Vyf-faktor model te beskryf. Veelvuldige gevolgtrekkings sal gemaak kan word soos byvoorbeeld of die Britse militêre bevelvoerders min of meer oor dieselfde persoonlikheidseienskappe as die

Boere beskik het. Moontlike afleidings en gevolgtrekkings kan oor die invloed van die oorlog gemaak word. Indien die Britse bevelvoerders dieselfde persoonlikheidseienskappe, byvoorbeeld angstigheid en vyandigheid, gedurende die oorlog getoon het, kan die aanname volgens die navorser gemaak word dat dit nie inherente persoonlikheidseienskappe is nie, maar deur sekere situasies veroorsaak word. Militêre leiereienskappe van die Britte kan ook met die leiereienskappe van die Boere bevelvoerders vergelyk word en die navorser is van mening dat die meeste eienskappe wat De Wet getoon het, ook by hierdie bevelvoerders aanwesig sal wees.

’n Laaste aanbeveling is dat studies onderneem behoort te word ten einde 'n **Suid-Afrikaanse meetinstrument** volledig te ontwikkel. N. Taylor (2005) het in haar studie begin om 'n Suid-Afrikaanse meetinstrument vir die Vyf-faktor model te ontwikkel met die doel om eenvoudiger taal en meer Suid-Afrikaanse terme in die meetinstrument in te bou. Hierdie meetinstrument moet egter nog verder ontwikkel word. 'n Verbeterde meetinstrument en die toepassing daarvan in psigobiografiese studies kan 'n waardevolle hulpmiddel in die Suid-Afrikaanse samelewing wees indien dit geldig en betroubaar is.

### 9.6 Samevatting

Hierdie studie is waardevol aangesien dit tot dusver die enigste wetenskaplike beskrywing en ontleding van generaal De Wet se persoonlikheidseienskappe behels. Soos in die eerste hoofstuk genoem, moes die persoon agter die legende weer ontdek en na vore gebring word. In hierdie studie is De Wet se persoonlikheid beskryf en is hy as mens weer na die voorgrond gebring. Die studie het ook daarin geslaag om 'n holistiese beeld van De Wet te gee met ‘n aanduiding waar hy in die sosio-kulturele konteks ingepas het. Soos aangetoon, kan die studie van De Wet verder uitgebrei word deur data van ander Boere- en Britse bevelvoerders by verdere studies in te sluit. Volgens die navorser behoort hierdie tipe studies nog meer lig op De Wet as mens te werp.

Dit wil dus voorkom of De Wet 'n komplekse persoon was met heelwat teenstrydige eienskappe. Die beskrywing en ontleding van die biografiese data het moontlike antwoorde vir hierdie teenstrydige optredes aangebied. Dit het uit die kwalitatiewe data geblyk dat die meeste van hierdie teenstrydige optredes situasie-gebonde was, met veral die oorlog en Rebellie wat 'n groot rol hierin gespeel het. Verder is die navorser van mening dat die beeld wat van De Wet geskep is, hetsy as held, leier of rebel, nie altyd korrek is nie. Die beskrywing en ontleding van die biografiese data het egter die navorser in staat gestel om hierdie (moontlike) verkeerde beeld van De Wet te kon herstel. Die een beeld wat egter korrek in die literatuur uitgebeeld word, is dat De Wet 'n bevoegde bevelvoerder gedurende die Anglo-Boereoorlog was wat die Britse magte gereeld met sy vindingryke ontsnappingsplanne onkant betrap het.

Opsommend kan De Wet beskryf word as 'n ekstrovertiese persoon met deernis vir sy familie, vriende, burgers en selfs die Britse soldate. Hy het persoonlikheidseienskappe soos warmte, saggeaardheid, beskeidenheid en altruïsme getoon, maar ook eienskappe soos angstigheid, vyandiggesindheid en impulsiwiteit geopenbaar. Hierdie was egter nie inherente eienskappe nie en is te wyte aan stresvolle en gevaarlike situasies. De Wet was 'n aktiewe persoon wat daarvan gehou het om nuwe metodes op die proef te stel en was hy gereeld op soek na opwinding. Hy het sterk oor sy waardes gevoel en was nie bereid om sy geloofsoortuigings, nasionalisme en patriotisme hiervoor in te boet nie. De Wet was 'n bevoegde bevelvoerder met eienskappe soos ordelikheid, dienswilligheid, prestasie-strewendheid en self-dissipline.

# BRONNELYS

Adams, G. R., & Schvaneveldt, J. D. (1985). *Understanding research methods.* New York: Longman.

Alberts, P. (2005). Dokumentering van die brutaliteit van oorlog. In P. Alberts (Red.), *Die smarte van oorlog* (pp. 33-270). Brandfort: Kraal Uitgewers.

Alexander, I. E. (1988). Personality, psychological assessment and psychobiography. *Journal of Personality, 56*(1), 265-294.

Allport, G. W. (2007). What is a trait of personality? In D. C. Funder & D. J. Ozer (Eds.), *Pieces of the personality puzzle* (4th ed., pp. 43-46). New York: Norton.

Aluja, A., Cuevas, L., García, L. F., & García, O. (2000). Zuckerman's personality model predicts MCMI-III personality disorders. *Personality and Individual Differences, 42*(6), 1311-1321.

American Psychological Association. (2002). *Publication Manual of the American Psychological Association* (5th ed.). Washington, DC: Author.

Anastasi, A., & Urbina, A. (1997). *Psychological testing* (7th ed.). Upper Saddle River, NJ: Prentice-Hall.

Anderson, J. W. (1981a). The methodology of psychological biography. *Journal of Interdisciplinary History, XI*(3), 455-475.

Anderson, J. W. (1981b). Psychobiographical methodology: The case of William James. In L. Wheeler (Ed.), *Review of personality and social psychology* (2nd ed., pp. 245-272). Beverly Hills, CA: Sage.

Anderson, J. W. (1988). Henry A. Murray's early career: A psychobiographical exploration. *Journal of Personality, 56*(1), 139-172.

Anderson, J. W. (2005). The psychobiographical study of psychologists. In W. T. Schultz (Ed.), *Handbook of psychobiography* (pp. 203-209). New York: Oxford University Press.

Anderson, R. D. (1999). *Inside the mind of Joseph Smith. Psychobiography and the book of mormon.* Salt Lake City, UT: Signature Books.

Ashton, M. C., Jackson, D. N., Helmes, E., & Paunonen, S. V. (1998). Joint factor analysis of the personality research form and the Jackson Personality Inventory: Comparisons with the Big Five. *Journal of Research in Personality, 32*(2), 243-250.

Ashton, M. C., & Lee, K. (In press). The prediction of honesty-humility-related criteria by the HEXACO and Five-Factor Models of personality. *Journal of Research in Personality.*

Avia, M. D., Sanz, J., Sánchez-Bernardos, M. L., Marinez-Arias, M. R., Silvia, F., & Graña, J. l. (1995). The Five-Factor Model – relations of the NEO-PI with other personality variables. *Personality and Individual Differences, 19*(1), 81-97.

Bagby, R. M., & Marshall, M. B. (2003). Positive impression management and its influence on the Revised NEO Personality Inventory: A comparison of analog and differential prevalence group designs. *Psychological Assessment, 15*(3), 333-339.

Bahns, T. M. (2001). Review of the NEO-4. In S. Barbara, B. S. Plake & J. C. Impara (Eds.), *The fourteenth mental measurements yearbook* (pp. 827-829). Lincoln, NE: Buros Institute of Mental Measurements.

Banister, P., Burman, E., Parker, I., Taylor, M., & Tindall, C. (1994). *Qualitative methods in psychology.* Buckingham: Open University Press.

Barbaranelli, C., & Caprara, G. V. (2000). Measuring the Big Five in self-report and other ratings: A multitrait-multimethod study. *European Journal of Psychological Assessment, 16*(1), 31-43.

Barbaranelli, C., Caprara, G. V., Rabasca, A., & Pastorelli, C. (2003). A questionnaire for measuring the Big Five in late childhood. *Personality and Individual Differences, 34*(4), 645-664.

Barbary, J. (1969). *The Boer War.* New York: Meredith.

Bareira, L. D. (2001). *The life of Helen Martins, creator of the Owl House: A psychobiographical study.* Unpublished master's dissertation, University of Port Elizabeth, Port Elizabeth.

Barnard, C. J. (1970). *Generaal Louis Botha op die Natalse front: 1899 – 1900.* Kaapstad: Balkema.

Barthorp, M. (1987). *The Anglo-Boer Wars: 1815-1902.* Great Britian: The Bath Press.

Bass, B. M. (1990). *Bass & Stogdill's handbook of leadership: Theory, research and managerial applications* (3rd ed.). New York: Free Press.

Bateman, P. (1977). *Generals of the Anglo-Boer War.* Cape Town: Purnell for South African Historical Mint.

Benyon, J. (1986). The British Colonies. In T. Cameron (Ed.), *An illustrated history of South Africa* (pp.161-179). Johannesburg: Jonathan Ball.

Berg, B. L. (2001). *Qualitative research methods for the social sciences* (4th ed.). Needham Heights, MA: Allyn & Bacon.

Biesanz, J. C., & West, S. G. (2004). Towards understanding assessments of the Big Five: multitrait-multimethod analyses of convergent and discriminant validity across measurement occasion and type of observer. *Journal of Personality, 72*(4), 845-876.

Biggs, I. (2007). *Ray Charles: A psychobiographical study.* Unpublished master's dissertation, Rhodes University, Grahamstown.

Blackburn, R., Renwick, S. J. D., Donnelly, J. P., & Logan, C. (2004). Big Five or Big Two? Superordinate factors in the NEO Five Factor Inventory and the Antisocial Personality Questionnaire. *Personality and Individual Differences 37*(5), 957-970.

Block, J. (2001). Millennial contrarianism: The Five-Factor approach to personality description 5 years later. *Journal of Research in Personality, 35*(1), 98-107.

Borkenau, P. (1990). Comparing exploratory and confirmatory factor analysis: A study on the 5-Factor Model of personality. *Personality and Individual Differences 11*(5), 515-524.

Borkenau, P. (1992). Implicit personality theory and the Five-Factor Model. *Journal of Personality, 60*(2), 296-327.

Botha, W. F., Lombard, F. J., & Van Wyk, G. J. (2005). *Afrikaanse Woordeboek.* Paarl: Paarl Drukpers.

Botwin, M. D. (1995). Review of the Revised NEO Personality Inventory. In J. C. Conoley & J. C. Impara (Eds.), *The twelfth mental measurements yearbook* (pp. 862-863). Lincoln, NE: Buros Institute of Mental Measurements.

Boukes, A. M. (1994). *A psychological profile of an Olympic athlete.* Unpublished honours treatise, University of Port Elizabeth, Port Elizabeth.

Breakwell, G. M., Hammond, S., & Fife-Schaw, C. (2000). *Research methods in psychology* (2nd ed.). London: Sage.

Brebner, W. J. C. (2000). 'n Leier, koel en bedaard. In M. C. E. Van Schoor (Red.), *Generaal C R de Wet. 'n Bloemlesing* (pp. 20). Bloemfontein: Oorlogsmuseum.

Breytenbach, J. H. (1977). *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902.* Pretoria: Die Staatsdrukker.

Briggs, S. R. (1992). Assessing the Five-Factor Model of personality description. *Journal of Personality, 60*(2), 253-293.

Brits, J. P. (1970). Die slag van Doornkraal – toe De Wet se manskappe nie wou veg nie. *Historia, 15*(3), 192-196.

Bromley, D. B. (1986). *The case-study method in psychology and related disciplines*. New York: John Wiley & Sons.

Buchanan, T., Johnson, J. A., & Goldberg, L. R. (2005). Implementing a Five-Factor personality inventory for use on the Internet. *European Journal of Psychological Assessment, 21*(2), 115-127.

Burger, J. M. (2000). *Personality* (5th ed.). Belmont, CA: Wadsworth/Thomson Learning.

Burgers, M. P. O. (1939). *Die mens Langenhoven.* Kaapstad: Nasionale Pers, Beperk.

Burgers, M. P. O. (1960). *C. L. Leipoldt: 'n Studie in stof-keuse, -verwerking en -ontwikkeling.* Kaapstad: Nasionale Boekhandel, Beperk.

Buss, D. M. (1996). Social adaptation and five major factors of personality. In J. S. Wiggins (Ed.), *The Five-Factor Model of personality. Theoretical perspectives* (pp. 180-208). London: The Guilford Press.

Caprara, G. V., Barbaranelli, C., & Guido, G. (2001). Brand personality: How to make the metaphor fit? *Journal of Economic Psychology, 22*(3), 377-395.

Carlson, R. (1988). Exemplary lives: The use of psychobiography for theory development. *Journal of Personality, 56*(1), 105-138.

Carr, M. J. (2000). Birthmothers and subsequent children: The role of personality traits and attachment history. *Journal of Social Distress and the Homeless, 9*(4), 339-348.

Carver, M. (2000). *The National Army Museum book of the Boer War.* London: Pan Books.

Cavaye, A. L. M. (1996). Case study research: a multi-faceted research approach for IS. *Info Systems, 6*(3), 227-242.

Cervone, D., & Pervin, L. A. (2008). *Personality. Theory and research* (10th ed.). New York: John Wiley & Sons.

Chamberlayne, P., Bornat, J., & Wengraf, T. (2000). Introduction: The biographical turn. In P. Chamberlayne, J. Bornat, & T. Wengraf (Eds.), *The turn to biographical methods in social science* (pp.1-30). London: Routledge.

Changuion, L. A. (2000). *Die lewe in die Suid-Afrikaanse Boerekrygsgevange-kampe tydens die Anglo-Boereorolog 1899-1902.* Ongepubliseerde meestersgraad, Universiteit van Pretoria, Pretoria.

Changuion, L. A. (2001). *Uncle Sam, Oom Paul en John Bull. Amerika en die Anglo-Boereoorlog 1899-1902.* Pretoria: Protea Boekehuis.

Chase, S. E. (2003). Learning to listen: Narrative principles in a qualitative research methods course. In R. Josselson, A. Lieblich, & D. P. McAdams (Eds.), *Up close and personal: the teaching and learning of narrative research* (pp. 79-99). Washington DC: APA Press.

Chien, L., Ko, H., & Wu, J. Y. (2007). The Five-Factor Model of personality and depressive symptoms: One-year follow-up. *Personality and Individual Differences 43*(5), 1013-1023.

Christians, C. G. (2005). Ethics and politics in qualitative research. In N. K. Denzin & Y. S. Lincoln (Eds.), *The Sage handbook of qualitative research* (3rd ed., pp. 139-164). Thousand Oaks, CA: Sage.

Church, A. T., Katigbak, M. S., Reyes, J. A. S., Salanga, M. G. C., Miramontes, L. A., & Adams, N. B. (In press). Prediction of cross-situational consistency of daily behavior across cultures: Testing trait and cultural psychology perspectives. *Journal of Research in Personality.*

Claasen, M. (2007). *Hendrik Frensch Verwoerd: A psychobiographical study.* Unpublished master's dissertation, Nelson Mandela Metropolitan University. Port Elizabeth.

Clark, L. A. (1993). Personality disorder diagnosis: Limitations of the Five-Factor Model. *Psychological Inquiry, 4*(2), 100-104.

Cloete, P. (1999). *The inner journey of Helen Martins, the creator of the Owl House: A psychobiographical study.* Unpublished honours treatise, University of Port Elizabeth, Port Elizabeth.

Cloete, P. G. (2000). *The Anglo-Boer War. A chronology.* Pretoria: J. P. van der Walt.

Cloninger, S. (2009). *Theories of personality. Understanding persons* (5th ed.). New Jersey: Pearson Education International.

Coetzer, L. (2000). Ons het ons land verloor. In M. C. E. Van Schoor (Red.), *Generaal C R de Wet. 'n Bloemlesing* (pp. 66-68). Bloemfontein: Oorlogsmuseum.

Costa, P. T. (1991). Clinical use of the Five-Factor Model: An introduction. *Journal of Personality Assessment, 57*(3), 393-398.

Costa, P. T., & McCrae, R. R. (1992). *NEO PI-R. Professional Manual.* FL: Psychological Assessment Resources.

Costa & McCrae's Five-factor theory. (n.d.). Retrieved September, 3, 2006, from http:/www.uwm.edu/~vince/psy407/wwwcourse.407.lec10.fivefactor.handout.htm

Daiute, C., & Fine, M. (2003). Researchers as protagonists in teaching and learning qualitative research. In R. Josselson, A. Lieblich, & D. P. McAdams (Eds.), *Up close and personal: The teaching and learning of narrative research* (pp. 61-77). Washington DC: APA Press.

Davenport, T. R. H. (1987). *South Africa: A modern history* (3rd ed.). Johannesburg: Macmillan.

David, M., & Sutton, C. D. (2004). *Social research: The basics.* London: Sage.

Dawda, D. (1997). *Personality or factor-analytically developed, lay person, self-reported, single-word adjectival descriptors of global characteristics of personality structure: the NEO Five-Factor Model and skimming the surface of the wetlands of personality.* Retrieved November, 19, 2005, from http://www.sfu.ca/~wwwpsyb/issues/1997/summer/dawda.html

De Bruin, G. P. (2005). Personality assessment. In C. Foxcroft & G. Roodt (Eds.), *An introduction to psychological assessment in the South African context* (2nd ed., pp. 153-168). Cape Town: Oxford University Press.

De Jager, A. H. (2000). *Mense en gebeure in die Noord-Oos Vrystaat tydens die Anglo-Boereoorlog* (3de uitg.). Frankfort: Alet Fourie.

Del Barrio, V., Carrasco, M. A., & Holgado, F. P. (2006). Factor structure invariance in the Children's Big Five Questionnaire. *European Journal of Psychological Assessment, 22*(3), 158-167.

Demorest, A. P. (1995). The personal script as a unit of analysis for the study of personality. *Journal of Personality, 63*(3), 569-592.

Denissen, J. A., & Penke, L. (In press). Individual reaction norms underlying the Five-Factor Model of personality: First steps towards a theory-based conceptual framework. *Journal of Research in Personality*.

Denzin, N. K. (1994). The art and politics of interpretation. In N. K. Denzin & Y. S. Lincoln (Eds.), *Handbook of qualitative research* (pp. 500-513). Thousand Oaks, CA: Sage.

Denzin, N. K., & Lincoln, Y. S. (2000). Introduction: The discipline and practice of qualitative research. In N. K. Denzin & Y. S. Lincoln (Eds.), *Handbook of qualitative research* (2nd ed., pp. 1-29). Thousand Oaks, CA: Sage.

De Villiers, J. W. (1979). *Rondom die Anglo-Boereoorlog 1899-1902.* Johannesburg: Perskor.

De Villiers, J. W. (1999). *C.R. De Wet in die Kaapkolonie. 10 Februarie 1901 – 28 Februarie 1901.* Bloemfontein: Oorlogsmuseum.

De Vries, R. (1987). *Mobiele oorlogvoering. ‘n Perspektief vir Suider-Afrika*. Pretoria: Harman.

De Wet, C. R. (1902). *Three years war*. Westminster: Archibald Constable.

De Wet, H. C. (2001). *Familie De Wet – 300 jaar.* Florida, Johannesburg: Outeur.

De Wet, I. J. C. (1954). *Met Genl. De Wet op kommando.* Johannesburg: Afrikaanse Pers.

DeYoung, C. G., Peterson, J. B., & Quilty, L. C. (2007). Between facets and domains: 10 Aspects of the Big Five. *Journal of Personality and Social Psychology, 93*(5), 880-896.

Digman, J. M. (1989). Five robust trait dimensions: Development, stability and utility. *Journal of Personality, 57*(2), 195-214.

Digman, J. M. (1996). The curious history of the Five-Factor Model. In J. S. Wiggins (Ed.), *The Five-Factor Model of personality: Theoretical perspectives* (pp. 1-21). London: The Guilford Press.

Digman, J. M. (1997). Higher-order factors of the Big Five. *Journal of Personality and Social Psychology, 73*(6), 1246-1256.

Donnellan, M. B., Conger, R. D., & Bryant, C. M. (2004). The Big Five and enduring marriages. *Journal of Research in Personality, 38*(5), 481-504.

Dooley, D. (1995). *Social research methods* (3rd ed.). NJ: Prentice-Hall.

Dorros, S., Hanzal, A., & Segrin, C. (In press). The Big Five personality traits and perceptions of touch to intimate and nonintimate body regions. *Journal of Research in Personality.*

Doyle, A. C. (1902). *The great Boer War. A two year record, 1899-1901.* London: Smith, Elder, & Co.

Du Bruyn, J. T. (1986). The great trek. In T. Cameron (Ed.), *An illustrated history of South Africa* (pp.127-143). Johannesburg: Jonathan Ball.

Duffy, M. E. (1998). Combined quantitative and qualitative approach. In A. S. de Vos (Ed.), *Research as grass roots: For the social sciences and human service professions* (2nd ed., pp. 357-362). Pretoria: Van Schaik.

Du Toit, B. (1999). *Die verhaal van Johanna Brandt.* Pretoria: Protea Boekhuis.

Edwards, D. (1990). *Case study research method: A theoretical introduction and practical manual.* Unpublished manuscript, Rhodes University, Grahamstown.

Edwards, D. (1993). Persoonlikheid. In D. A. Louw & D. J. A. Edwards (Reds.), *Sielkunde. 'n Inleiding vir studente in Suider-Afrika* (pp. 589-652). Isando, Durban: Lexicon.

Edwards, D. (1998). Types of case study work: A conceptual framework for case-based research. *Journal of Humanistic Psychology, 38,* 36-70.

Edwards, J. A., & Collins, E. M. (2008). Evidence for the Big Five personality trait structure in memory organization. *Personality and Individual Differences, 44*(7), 1465-1473.

Edwards, M. J. (2004). *A psychobiographical study of Albert Schweitzer.* Unpublished master's dissertation, University of Port Elizabeth, Port Elizabeth.

Egan, V., Deary, I., & Austin, E. (2000). The NEO-FFI: Emerging British norms and an item-level analysis suggest N, A and C are more reliable than O and E. *Personality and Individual Differences, 29*(5), 907-920.

Egger, J. I. M., De Mey, H. R. A., Derksen, J. J. L., & Van der Staak, C. P. F. (2003). Cross-cultural replication of the Five-Factor Model and comparison of the NEO-PI-R and MMPI-2 PSY-5 scales in a Dutch psychiatric sample. *Psychological Assessment, 15*(1), 81-88.

Elder, G. (1981). History and the life course. In D. Bertaux (Ed.), *Biography and society. The life history approach in the social sciences* (pp. 77-111). Beverley Hills, CA: Sage.

Elliot, G. (1910). *Adam Bede.* London: Ward.

Elliot, R., Fischer, C. T., & Rennie, D. L. (1999). Evolving guidelines for publication of qualitative research studies in psychology and related fields. *British Journal of Clinical Psychology, 38,* 215-229.

Elms, A. C. (1994). *Uncovering lives*: *The uneasy alliance of biography and psychology.* New York: Oxford University Press.

Elms, A. C. (2005). If the glove fits. The art of theoretical choice in psychobiography. In W. T. Schultz (Ed.), *Handbook of psychobiography* (pp. 84 - 94). New York: Oxford University Press.

Eloff, C. C. (1985). Amptelike benaming vir die Boererepubliek Oranje-Vrystaat. *Tydskrif vir Suid-Afrikaanse Stedelike en Streeksgeskiedenis, 18,* 16-17.

Engler, B. (2006). *Personality theories. An introduction* (7th ed.). Boston, MA: Houghton Mifflin.

Espinosa, M. J. (2006). *Eugene De Kock: A Psychobiograhical study.* Unpublished honours treatise. Rhodes University, Grahamstown.

Espinosa, M. J. (2008). *Melanie Klein: A psychobiographical study.* Unpublished master's dissertation, Rhodes University, Grahamstown.

Evans, M. M. (2000). *Encyclopedia of the Boer War: 1899-1902*. Santa Barbara, CA: ABC-Clio.

Ewen, R. B. (1998). *An introduction to theories of personality* (5th ed.). Mahwah, NJ: Lawrence Erlbaum Associates.

Ezzy, D. (2002). *Qualitative analysis. Practice and innovation*. London: Routledge.

Farwell, B. (1976). *The great Anglo-Boer War.* London: Harper & Row.

Feist, J., & Feist, G. J. (2009). *Theories of personality* (7th ed.). Singapore: McGraw Hill.

Fisher, J. (1969). *The Afrikaners.* London: Cassell & Company.

Fleck, M. (2000). Vergewe of Vergewe? In M. C. E. Van Schoor (Red.), *Generaal C R de Wet. ‘n Bloemlesing* (pp. 84). Bloemfontein: Oorlogsmuseum.

Flick, U. (2007). *Designing qualitative research.* London: Sage.

Fouché, J. P. (1999). *The life of Jan Christiaan Smuts: a psychobiographical study.* Unpublished doctoral thesis, University of Port Elizabeth, Port Elizabeth.

Fourie, M. C. (2006). Geskiedenisbrokkies van Dewetsdorp en sy distrik. *OVK Nuus/News, 8*, 7-12.

Funder, D. C. (2004). *The personality puzzle* (3rd ed.). New York: Norton.

Furnham, A. (1996). The Big Five versus the Big Four: The relationship between the Myers-Briggs Type Indicator (MBTI) and NEO-PI Five-Factor Model of personality. *Personality and Individual Differences, 21*(2), 303-307.

Furnham, A., & Dissou, G. (2007). The relationship between self-estimated and test-derived scores of personality and intelligence. *Journal of Individual Differences, 28*(1), 37-44.

Furnham, A., & Fudge, C. (2008). The Five-Factor Model of personality and sales performance. *Journal of Individual Differences, 29*(1), 11-16.

Furnham, A., Moutafi, J., & Chamorro-Premuzic, T. (2005). Personality and intelligence: Gender, the Big Five, self-estimated and psychometric intelligence. *International Journal of Selection and Assessment, 13*(1), 11-24.

Giliomee, H. (2004). *Die Afrikaners. ‘n Biografie.* Kaapstad: Tafelberg.

Gilmore, W. J. (1984). *Psychohistorical inquiry. A comprehensive research bibliography.* London: Garland.

Goldberg, L. R. (1990). An alternative "description of personality": The Big Five factor structure. *Journal of Personality and Social Psychology, 59*(6), 1216-1229.

Goldberg, L. R. (1992). The development of markers for the Big Five factor structure. *Psychological Assessment, 4*(1), 26-42.

Gosling, S. D., Rentfrow, P. J., & Swann, W. B. (2003). A very brief measure of the Big Five personality domains. *Journal of Research in Personality, 37*(6), 504-528.

Gouws, L. A., Louw, D. A., Meyer, W. F., & Plug, C. (1979). *Psigologie Woordeboek*. Johannesburg: McGraw-Hill.

Grant, S., & Langan-Fox, J. (2007). Personality and the occupational stressor – strain relationship: The role of the Big Five. *Journal of Occupational Health Psychology, 12*(1), 20-33.

Great ideas in personality – Five-Factor Model. Retrieved September, 3, 2006, from http://www.personalityresearch.org/bigfive.html

Greeff, P. (2002). *Daniel Hartman Craven: A psychobiographical study.* Unpublished honours treatise, University of Port Elizabeth, Port Elizabeth.

Green, S. J. (2006). *Karen Horney: A psychobiographical study.* Unpublished master's dissertation, Rhodes University, Grahamstown.

Groenewald, C. (1992). *Bannelinge oor die oseaan. Boerekrygsgevangenes 1899-1902.* Pretoria: Van der Walt.

Gronn, P. (1993). Psychobiography on the couch: Character, biography and the comparative study of leaders. *The Journal of Applied Behavioral Science, 29*(3), 343-358.

Groth-Marnat, G. (1997). *Handbook of psychological assessment* (3rd ed.). New York: John Wiley & Sons.

Grundlingh, A. M. (1986). Prelude to the Anglo-Boer War. In T. Cameron (Ed.), *An illustrated history of South Africa* (pp.183-199). Johannesburg: Jonathan Ball.

Grütter, W., & Van Zyl, D. J. (1982). *The story of South Africa* (2nd ed.). Cape Town: Human & Rousseau.

Hall, D. (1999). *The Hall handbook of the Anglo-Boer War.* Pietermaritzburg: University Press.

Hampson, S. E., Andrews, J. A., Barckley, M., & Peterson, M. (2007). Trait stability and continuity in childhood: Relating sociability and hostility to the Five-Factor Model of personality. *Journal of Research in Personality, 41*(3), 507-523.

Harrison, D. (1985). *The white tribe of Africa.* London: British Broadcasting Corporation.

Heaven, P. C. L., & Shocket, I. M. (1995). Dimensions of neuroticism: Relationships with gender and personality traits. *Personality and Individual Differences, 18*(1), 33-37.

Henington, C. (2001). Review of the NEO-4. In S. Barbara, B. S. Plake & J. C. Impara (Eds.), *The fourteenth mental measurements yearbook* (pp. 830-831). Lincoln, NE: Buros Institute of Mental Measurements.

Hermans, H. J. M. (1988). On the integration of nomothetic and idiographic research methods in the study of personal meaning. *Journal of Personality, 56*(4), 785-812.

Herzberg, P. Y., & Brähler, E. (2006). Assessing the Big-Five personality domains via short forms. A cautionary note and a proposal. *European Journal of Psychological Assessment, 22*(3), 139-148.

Hess, A. K. (1992). Review of the NEO Personality Inventory. In J. J. Kramer & J. C. Conoley (Eds.), *The eleventh mental measurements yearbook* (pp. 603-605). Lincoln, NE: Buros Institute of Mental Measurements.

Heuchert, J. W. P., Parker, W. D., Stumpf, H., & Myburgh, C. P. H. (2000). The Five-Factor Model of personality in South African college students. *American Behavioral Scientist, 44*(1), 112-125.

Heydenrych, D. H. (1986). The Boer Republics, 1852-1881. In T. Cameron (Ed.), *An illustrated history of South Africa* (pp.143-160). Johannesburg: Jonathan Ball.

Hirsh, J. B., & Peterson, J. B. (In press). Predicting creativity and academic success with a "fake-proof" measure of the Big Five. *Journal of Research in Personality*.

Hobson, J. A. (1969). *The war in South Africa. Its causes and effects.* New York: Howard Fertig.

Hogan, R. (1989). Review of the NEO Personality Inventory. In J. C. Conoley & J. J. Kramer (Eds.), *The tenth mental measurements yearbook* (pp. 546-547). Lincoln, NE: Buros Institute of Mental Measurements.

Hopkins, H.C. (1963). *Maar één soos hy.* Kaapstad: Tafelberg.

Hopkins, J. C., & Halstead, M. (1900-1902). *South Africa and the Boer-British War.* Toronto, Canada: War Book.

Howard, G. S. (1991). Culture tales. A narrative approach to thinking, cross-cultural psychology, and psychotherapy. *American Psychologist, 46*(3), 187-197.

Howe, M. J. A. (1997). Beyond psychobiography: Towards more effective synthesis of psychology and biography. *British Journal of Psychology, 88*(2), 235-248.

Huberman, A. M., & Miles, M. B. (2002). *The qualitative researcher's companion.* Thousand Oaks, CA: Sage.

Huysamen, G. K. (1980). *Beginsels van sielkundige meting* (2de uitg.). Pretoria: Academica.

Huysamen, G. K. (1983). *Inferensiële statistiek en navorsingsontwerp – 'n inleiding* (3de uitg.). Pretoria: Academica.

Huysamen, G. K. (1985). *Navorsingsontwerp en variansieontleding – 'n inleiding.* Pretoria: Academica.

Ingham, K. (1986). *Jan Christian Smuts. The conscience of a South African.* New York: St. Martin.

Jackson, K. (2006). *A psychobiography of Marilyn Monroe.* Unpublished honours treatise, Rhodes University, Grahamstown.

Jacobs, A. (2004). *Cornelis Jacobus Langenhoven: a psychobiographical study.* Unpublished master's dissertation, University of Port Elizabeth, Port Elizabeth.

Jacobs, F. (2005). 'n Vallende traan. In P. Alberts (Red.), *Die smarte van oorlog* (pp. 19-25). Brandfort: Kraal Uitgewers.

Jansen, E., & Jonckheere, W. (1999). *Boer en Brit. Afrikaanse en Nederlandse tekste uit en om die Anglo-Boereoorlog.* Pretoria: Protea Boekhuis.

Jensen-Campbell, L. A., Knack, J. M., Waldrip, A. M., & Campbell, S. D. (2007). Do Big Five personality traits associated with self-control influence the regulation of anger and aggression? *Journal of Research in Personality, 41*(2), 403-424.

John, O. P. (1989). Towards a taconomy of personality descriptors. In D. M. Buss & N. Cantor (Eds.), *Personality psychology. Recent trends and emerging directions* (pp. 261-274). New York: Springer-Verlag.

John, O. P., & Srivastava, S. (1999). The Big Five trait taxonomy: History, measurement, and theoretical perspectives. In L. A. Pervin & O. P. John (Eds.), *The handbook of personality: Theory and Research* (2nd ed., pp. 102-138). New York: The Guilford Press.

Johnson, W., & Krueger, R. F. (2004). Genetic and environmental structure of adjectives describing the domains of the Big Five Model of personality: A nationwide US twin study. *Journal of Research in Personality, 38*(5), 448-472.

Jooste, G., & Oosthuizen, A. (2000). *So het hulle gesterf.* Pretoria: Van der Walt.

Josselson, R., Lieblich, A., & McAdams, D.P. (2003). *Up close and personal: The teaching and learning of narrative research.* Washington DC: APA Press.

Judge, T. A., & Bono, J. E. (2000). Five-Factor Model of personality and transformational leadership. *Journal of Applied Psychology, 85*(5), 751-765.

Judge, T. A., Higgins, C. A., Thoresen, C. J., & Barrick, M. R. (1999). The Big Five personality traits, general mental ability, and career success across the life span. *Personnel Psychology, 52*(3), 621-652.

Judge, T. A., & Ilies, R. (2002). Relationship of personality to performance motivation: A meta-analytic review. *Journal of Applied Psychology, 87*(2), 797-807.

Judge, T. A., Martocchio, J. J., & Thoresen, C. J. (1997). Five-Factor Model of personality and employee absence. *Journal of Applied Psychology, 82*(5), 745-755.

Juni, S. (1995). Review of the Revised NEO Personality Inventory. In J. C. Conoley & J. C. Impara (Eds.), *The twelfth mental measurements yearbook* (pp. 863-868). Lincoln, NE: Buros Institute of Mental Measurements.

Kammrath, L. K., Ames, D. R., & Scholer, A. A. (2007). Keeping up impressions: Inferential rules for impression change across the Big Five. *Journal of Experimental Social Psychology, 43*(3), 450-457.

Kaplan, R. M., & Saccuzzo, D. P. (2001). *Psychological testing. Principles, applications and issues* (5th ed.). Belmont, CA: Wadsworth/Thomson Learning.

Kapp, J. A. (1991). *Kinders met probleme. 'n Ortopedagogiese perspektief* (2de uitg.). Pretoria: Van Schaik.

Katigbak, M. S., Church, A. T., Guanzon-Lapeña, M. A., Carlota, A. J., & Del Pilar, G. H. (2002). *Journal of Personality and Social Psychology, 82*(1), 89-101.

Kazdin, A. E. (1982). *Single-case research designs.* Oxford: Oxford University Press.

Kelly, W. E., & Johnson, J. L. (2005). Time use efficiency and the Five-Factor Model of personality. *Education, 125*(3), 511-514.

Kendall, P. C., Butcher, J. N., & Holmbeck, G. N. (1999). *Handbook of research methods in clinical psychology* (2nd ed.). New York: John Wiley & Sons.

Kerlinger, F. N. (1985). Research designs: exploratory and descriptive. In G. R. Adams & J. D. Schvaneveldt (Eds.), *Understanding research methods* (pp. 101-117). New York: Longman.

Kerlinger, F. N., & Lee, H. B. (2000). *Foundations of behavioral research* (4th ed.). Orlando, FL: Harcourt College.

Kestell, J. D. (1903). *Through shot and flame.* London: Methuen.

Kestell, J. D. (1920). *Christiaan de Wet. 'n Lewensbeskrywing.* Kaapstad: De Nationale Pers.

Kestell, J. D. (1999). *Met die Boerekommando's.* Pretoria: Protea Boekhuis.

Kilian, J. D. (1975). *Laat ons veg. Met genl. De Wet op Amajuba en in die ramkraal.* Johannesburg: Perskor.

Kline, P. (1993). *The handbook of psychological testing.* New York: Routledge.

Kline, P. (2000). *The handbook of psychological testing* (2nd ed.). New York: Routledge.

Kosek, R. B. (1999). Adaptation of the Big Five as a hermeneutic instrument for religious constructs. *Personality and Individual Differences, 27*(2), 229-237.

Kotton, D. A. (2002). *Bantu Stephen Biko: a psychobiographical case study.* Unpublished master's dissertation, University of Port Elizabeth, Port Elizabeth.

Kramer, D. (2002). A psychobiographical analysis of faith, hope, and despair in suicide. *Journal of Adult Development, 9*(2), 117-127.

Kruger, R. (1967). *Good-bye Dolly Gray. A history of the Boer War.* London: Nel Mentor.

Lamiell, J. T. (1997). Individuals and the differences between them. In R. Hogan, J. Johnson, & S. Briggs (Eds.), *Handbook of personality psychology* (pp. 117-141). San Diego, CA: Academic Press.

Larsen, R. J., & Buss, D. M. (2002). *Personality psychology: Domains of knowledge about human nature.* New York: McGraw-Hill.

Lass, H. R. (1975). *Die grondleggers van rewolusionêre oorlogvoering. Mao Tse Tung, Vo Nguyen Giap en Ché Guevara*. Potchefstroom: Potchefstroom Herald.

Leedy, P. D. (1998). The nature of research in the caring professions. In A. S. de Vos (Ed.), *Research at grass roots: For the social sciences and human service professions* (2nd ed., pp. 3-19). Pretoria: Van Schaik.

Levine, H. G. (2001). Designing qualitative research. In B. L. Berg (Ed.), *Qualitative research methods for the social sciences* (4th ed., pp. 15-38). Needham Heights, MA: Allyn & Bacon.

Leyds, W. J. (1906). *The first annexation of the Transvaal.* London: T. Fisher Unwin.

Loehlin, J. C., McCrae, R. R., Costa, P. T., & John, O. P. (1998). Heritablities of common and measure-specific components of the Big Five personality factors. *Journal of Research in Personality, 32*(4), 431-453.

Loewenthal, K. M. (2001). *An introduction to psychological tests and scales.* (2nd ed.). London: Psychology Press.

Lopez, S. J., & Snyder, C. R. (2003). *Positive psychological assessment. A handbook of models and measures*. Washington, DC: American Psychological Association.

Lourens, J., & Lourens, J. A. J. (2002). *Te na aan ons hart. Aspekte van die Anglo-Boereoorlog in die Reitz-omgewing.* Reitz: Outeur.

Louw, D. A. (1982). Die psigologie as wetenskap. In D. A. Louw (Red.), *Inleiding tot die psigologie* (pp. 1-37). Johannesburg: McGraw-Hill.

Louw, D. A., & Edwards, D. J. A. (1997). Psychology: an introduction. In D. A. Louw & D. J. A. Edwards (Eds.), *Psychology. An introduction for students in Southern Africa* (2nd ed., pp. 1-59). Johannesburg: Heinemann.

Louw, D. A., & Van Jaarsveld, P. E. (1989). Gemoedsversteurings. In D. A. Louw (Red.), *Suid-Afrikaanse handboek van abnormale gedrag* (pp. 167-188). Johannesburg: Southern Boekuitgewers.

MacDonald, D. A. (2000). Spirituality: Description, measurement, and relation to the Five-Factor Model of personality. *Journal of Personality, 68*(1), 153-197.

Maddi, S. R., & Costa, P. T. (1972). *Humanism in personology. Allport, Maslow and Murray.* Chicago, IL: Aldine Atherton.

Madge, R. (1988). Cattell se faktoranalitiese model van persoonlikheid. In W. F. Meyer, C. Moore, & H. G. Viljoen (Reds.), *Persoonlikheidsteorieë - van Freud tot Frankl* (pp. 307-332). Johannesburg: Lexicon.

Magnavita, J. J. (2002). *Theories of personality. Contemporary approaches to the science of personality.* New York: John Wiley & Sons.

Malan, F. S. (1853). *Marie Koopmans-De Wet.* Kaapstad: Van de Sandt de Villiers Drukpers.

Malan, J. (1990). *Die Boere-offisiere van die Tweede Vryheidsoorlog, 1899-1902.* Pretoria: Van der Walt.

Marais, P. (1999). *Die vrou in die Anglo-Boereoorlog 1899-1902.* Pretoria: Van der Walt.

Maraun, M. D. (1997). Appearance and reality: Is the Big Five the structure of trait descriptors? *Personality and Individual Differences, 22*(5), 629-647.

Marshall, C., & Rossman, G. B. (1999). *Designing qualitative research* (3rd ed.). Thousand Oaks, CA: Sage.

Marshall, J. (1994). Issues of evaluation. In P. Banister, E. Burman, I. Parker, M.Taylor, & C. Tindall (Eds.), *Qualitative methods in psychology* (pp.142-160). Buckingham: Open University Press.

Maruta, T., Yamate, T., Limori, M., Kato, M., & Livesley, W. J. (2006). Factor structure of the Dimensional Assessment of Personality Pathology – basic questionnaire and its relationship with the Revised NEO Personality Inventory in a Japanese sample. *Comprehensive Psychiatry, 47*(6), 528-533.

Marvick, E. J. (1996). Psychobiography and the early modern French court: Notes on method with some examples. *French Historical Studies, 19*(4), 943-965.

Matthews, G., Deary, I. J. & Whiteman, M. C. (2005). *Personality traits* (2nd ed.). New York: Cambridge University Press.

Matsimbi, W. E. (1997). *Cross-cultural generalisability of the Five-Factor Model: A study on South African white-collar males.* Unpublished master's Degree, University of the Witwatersrand, Johannesburg.

Mayer, J. D. (2005). A tale of two visions. Can a new view of personality help integrate psychology? *American Psychologist, 60*(4), 294-307.

Mazlish, B. (1981). Psychobiographical methodology: The case of William James. In L. Wheeler (Ed.), *Review of personality and social psychology* (2nd ed., pp. 245-272). Beverly Hills, CA: Sage.

McAdams, D. P. (1988). Biography, narrative and lives: An introduction. *Journal of Personality, 56*(1), 1-18.

McAdams, D. P. (1994). *The person. An introduction to personality psychology*. San Diego: Harcourt Brace College.

McAdams, D. P. (1996). Personality, modernity, and the storied self: A contemporary framework for studying persons. *Psychological Inquiry, 7*(4), 295-321.

McAdams, D. P. (2002). *The person. An integrated introduction to personality psychology* (3rd ed.). New York: John Wiley & Sons.

McAdams, D. P. (2005). What psychobiographers might learn from personality psychology. In W. T. Schultz (Ed.), *Handbook of psychobiography* (pp. 64-80). New York: Oxford University Press.

McAdams, D. P. (2006). *The person. A new introduction to personality psychology* (4th ed.). New York: John Wiley & Sons.

McAdams, D. P., Anyidoho, N. A., Brown, C., Huang, Y. T., Kaplan, B., & Machado, M. A. (2004). Traits and stories: Links between dispositional and narrative features of personality. *Journal of Personality, 72*(4), 761-784.

McCrae, R. R. (1989). Why I advocate the Five-Factor Model: Joint factor analyses of the NEO-PI with other instruments. In D. M. Buss & N. Cantor (Eds.), *Personality psychology. Recent trends and emerging directions* (pp. 237-245). New York: Springer-Verlag.

McCrae, R. R. (1991). The Five-Factor Model and its assessment in clinical settings. *Journal of Personality Assessment, 57*(3), 399-414.

McCrae, R. R., & Costa, P. T. (1989). The structure of interpersonal traits: Wiggins's Circumplex and the Five-Factor Model. *Journal of Personality and Social Psychology, 56*(4), 586-595.

McCrae, R. R. & Costa, P. T. (1999). A Five-Factor theory of personality. In L. A. Pervin & O. P. John (Eds.), *The handbook of personality. Theory and research* (2nd ed., pp. 139-153). New York: Guilford Press.

McCrae, R. R., & Costa, P. T. (2003). *Personality in adulthood: A Five-Factor theory perspective.* New York: Guilford Press.

McCrae, R. R., Costa, P. T., Terracciano, A., Parker, W. D., Mills, C. J., De Fruyt, F., et al. (2002). Personality trait development from age 12 to age 18: Longitudinal, cross-sectional, and cross-cultural analyses. *Journal of Personality and Social Psychology, 83*(6), 1456-1468.

McCrae, R. R., & John, O. P. (1992). An introduction to the Five-Factor Model and its applications. *Journal of Personality, 60*(2), 175-215.

McCrae, R. R., & Terracciano, A. (2005). Personality profiles of cultures: Aggregate personality traits. *Journal of Personality and Social Psychology, 89*(3), 407-425.

McLeod, A. J. (2005). ‘n Psigo-biografiese studie van Generaal J. H. de la Rey en sy ervaring van die Anglo-Boereoorlog. *Historia, 50*(2), 63-83.

McLeod, A. J. (2004). *The psychological impact of guerilla warfare on the boer forces during the Anglo-Boer War.* Unpublished doctoral thesis, University of Pretoria, Pretoria.

McLeod, A. J., & Pretorius, F. (2002). M. T. Steyn se ervaring van die Anglo-Boereoorlog vanuit ‘n sielkundige perspektief. *Historia, 47*(1), 33-55.

McLeod, J. (1997). *Narrative and psychotherapy.* London: Sage.

Meintjes, J. (1969). *Stormberg. A lost opportunity.* Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

Meintjes, J. (1970). *General Louis Botha. A biography.* London: Cassell.

Meyer, W. F. (1988a). Die holistiese teorie van Gordon Allport. In W. F. Meyer, C. Moore, & H. G. Viljoen (Reds.), *Persoonlikheidsteorieë - van Freud tot Frankl* (pp. 343-371). Johannesburg: Lexicon.

Meyer, W. F. (1988b). Inleiding tot deel 4: Die dimensionele benadering. In W. F. Meyer, C. Moore, & H. G. Viljoen (Reds.), *Persoonlikheidsteorieë - van Freud tot Frankl* (pp. 257-261). Johannesburg: Lexicon.

Meyer, W. F. (1988c). Die konstitusionele tipologie van Sheldon. In W. F. Meyer, C. Moore, & H. G. Viljoen (Reds.), *Persoonlikheidsteorieë - van Freud tot Frankl* (pp. 265-276). Johannesburg: Lexicon.

Meyer, W., & Moore, C. (2003a). Personology. In W. F. Meyer, C. Moore, & H. G. Viljoen (Eds.), *Personology: From individual to ecosystem* (3rd ed., pp. 1-22). Sandown: Heinemann.

Meyer, W., & Moore, C. (2003b). Behavioural and learning theory approaches. In W. F. Meyer, C. Moore, & H. G. Viljoen (Eds.), *Personology: From individual to ecosystem* (3rd ed., pp. 248-320). Sandown: Heinemann.

Meyer, W.F., Moore, C., & Viljoen, H. G. (2003). *Personology: From individual to ecosystem* (3rd ed.). Sandown: Heinemann.

Miles, M. B., & Huberman, A. M. (1994). *Qualitative data analysis* (2nd ed.). Thousand Oaks, CA: Sage.

Miller, T. R. (1991). The psychotherapeutic utility of the Five-Factor Model of personality: A clinician's experience. *Journal of Personality Assessment, 57*(3), 415-433.

Mischel, W., Shoda, Y., & Smith, R. (2004). *Introduction to personality. Toward an integration (7*th ed.). New York: John Wiley & Sons.

Mongrain, M. (1993). Dependency and self-criticism located within the Five-Factor Model of personality. *Personality and Individual Differences, 15*(4), 455-462.

Moore, C. (2003). Person-orientated approaches. In W Meyer, C. Moore, & H. Viljoen (Eds.), *Personology: From individual to ecosystem* (3rd ed., pp. 322-498). Sandown: Heinemann

Morasco, B. J., Gfeller, J. D., & Elder, K. A. (2007). The utility of the NEO-PI-R validity scales to detect response distortion: A comparison with the MMPI-2. *Journal of Personality Assessment, 88*(3), 276-283.

Morey, L. C., & Zanarini, M. C. (2000). Borderline personality: Traits and disorder. *Journal of Abnormal Psychology, 109*(4), 733-737.

Morrison, N. (2004). *The personality of an elite ultramarathon athlete: a case study of Bruce Fordyce.* Unpublished master's dissertation, University of Port Elizabeth, Port Elizabeth.

Morse, J. M. (1994). Designing funded qualitative research. In N. K. Denzin & Y. S. Lincoln (Eds.), *Handbook of qualitative research* (pp. 220-233). Thousand Oaks, CA: Sage.

Mosupye, T. (n.d.). *Revised NEO Personality Inventory (NEO PI-R).* Retrieved July, 14, 2008, from http://www.pai.org.za/neopi-r.htm

Mount, M. K., Barrick, M. R., & Strauss, J. P. (1994). Validity of observer ratings of the Big Five personality factors. *Journal of Applied Psychology, 79*(2), 272-280.

Mõttus, R., Pullmann, H. & Allik, J. (2006). Toward more readable Big Five personality inventories. *European Journal of Psychological Assessment, 22*(3), 149-157.

Muck, P. M., Hell, B., & Gosling, S. (2007). Construct validation of a short Five-Factor Model instrument. *European Journal of Psychological Assessment, 23*(3), 166-175.

Murphy, K. R., & Davidshofer, C. O. (2001). *Psychological testing. Principles and applications.* (5th ed.). Upper Saddle River, NJ: Prentice Hall.

Musek, J. (2007). A general factor of personality: Evidence for the Big One in the Five-Factor Model. *Journal of Research in Personality, 41*(6), 1213-1233.

Muller, C. F. J. (1980). *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis.* Pretoria: Academica.

Munter, P. O. (1975). Psychobiographical assessment. *Journal of Personality Assessment, 39*(4), 424-428.

Muris, P., Meesters, C., & Diederen, R. (2005). Psychometric properties of the Big Five Questionnaire for Children (BFQ-C) in a Dutch sample of young adolescents. *Personality and Individual Differences, 38*(8), 1757-1769.

Myers, M. (2000). *Qualitative research and the generalizability question: standing firm with Proteus.* Retrieved November, 9, 2008, from http:/www.nova.edu/sss/QR/QR4-3/myers.html

Nachmias, C., & Nachmias, D. (1990). *Research methods in the social science* (2nd ed.). London: Hodder & Soughton

Nattrass, G., & Spies, S. B. (1994). *Jan Smuts. Memoirs of the Boer War.* Johannesburg: Jonathan Ball.

Neale, J. M., & Liebert, R. M. (1986). *Science and behavior: An introduction to methods of research* (3rd ed.). London: Prentice-Hall.

Neuman, W. L. (2003). *Social research methods. Qualitative and quantitative approaches* (5th ed.). Boston, MA: Allyn & Bacon.

Noftle, E. E., & Shaver, P. R. (2006). Attachment dimensions and the Big Five personality traits: Associations and comparative ability to predict relationship quality. *Journal of Research in Personality, 40*(2), 179-208.

Noftle, E. E., & Robins, R. (2007). Personality predictors of academic outcomes: Big Five correlates of GPA and SAT scores. *Journal of Personality and Social Psychology, 93*(1), 116-130.

Ochberg, R. L. (1988). Life stories and the psychosocial construction of careers. *Journal of Personality, 56*(1), 174-204.

O'Connor, M. C., & Paunonen, S. V. (2007). Big Five personality predictors of post-secondary academic performance. *Personality and Individual Differences, 43*(5), 971-990.

Olivier, B. (1971). *Krygsman Christiaan de Wet.* Kaapstad: Tafelberg.

Olson, B. D., & Suls, J. (2000). Self-, other-, and ideal-judgments of risk and caution as a function of the Five-Factor Model of personality. *Personality and Individual Differences, 28*(2), 425-436.

Olson, D. R. (1990). Thinking about narrative. In B. K. Britton & A. D. Pellegrini (Eds.), *Narrative thought and narrative language* (pp. 99-111). NJ: Lawrence Erbaum.

Oost, H. (nie gedateer). Generaal Christiaan de Wet. In ‘n SAUK publikasie. *So onthou ek …* (pp. 8-11). Johannesburg: Suid Afrikaanse Uitsaaidiens Koöperasie.

Oosthuizen, A. V. (1999). *Rebelle van die Stormberge – Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902 (2de uitg.).* Pretoria: Van der Walt.

Pakenham, T. (1986). The Anglo-Boer War, 1899-1902. In T. Cameron (Ed.), *An illustrated history of South Africa* (pp. 200-219). Johannesburg: Jonathan Ball.

Pakenham, T. (1999). *Die Boere-oorlog.* (Herdruk). Jeppestown: Protea Boekhuis.

Patton, M. Q. (1990). *Qualitative evaluation and research methods* (2nd ed.). Newbury Park, CA: Sage.

Pauls, C. A., & Crost, N. W. (2005). Effects of different instructional sets on the construct validity of the NEO-PI-R. *Personality and Individual Differences, 39*(2), 297-308.

Paunonen, S. V., & Ashton, M. C. (2001). Big Five factors and facets and the prediction of behavior. *Journal of Personality and Social Psychology, 81*(3), 524- 539.

Paunonen, S. V., & Jackson, D. N. (2000). What is beyond the Big Five? Plenty! *Journal of Personality, 68*(5), 821-835.

Penley, J. A., & Tomaka, J. (2002). Associations among the Big Five, emotional responses, and coping with acute stress. *Personality and Individual Differences, 32*(7), 1215-1228.

Perugini, M., Gallucci, M., & Livi, S. (2000). Looking for a simple Big Five factorial structure in the domain of adjectives. *European Journal of Psychological Assessment, 16*(2), 87-97.

Perry, M. J. (In process). *The life of Olive Schreiner: A psychobiographical study.* Unpublished doctoral thesis, Rhodes University, Grahamstown.

Pervin, L. A., & John, O. P. (2001). *Personality: Theory and research* (8th ed.). New York: John Wiley & Sons.

Phares, E. J. (1991). *Introduction to personality* (3rd ed.). New York: HarperCollins.

Piedmont, R. L., & Ciarrocchi, J. W. (1999). The utility of the Revised NEO Personality Inventory in outpatient, drug rehabilitation context. *Psychology of Addictive Behaviors, 13*(3), 213-226.

Piedmont, R. L., McCrae, R. R., & Costa, P. T. (1991). Adjective checklist scales and the Five-Factor Model. *Journal of Personality and Social Psychology, 60*(4), 630-637.

Piedmont, R. L., McCrae, R. R., Riemann, R., & Angleitner, A. (2000). On the invalidity validity scales: Evidence from self-reports and observer ratings in volunteer samples. *Journal of Personality and Social Psychology, 78*(3), 582-593.

Pienaar, A. J. (1975). *Christiaan Rudolph de Wet in die Anglo-Boereoorlog.* Ongepubliseerde meestersgraad, Potchefstroom Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, Potchefstroom.

Pienaar, F. F. (2000). *Op kommando met Steyn en De Wet*. Pretoria: Protea Boekhuis.

Potgieter, P. D. (2000). Pres. Steyn onder die sambok. In M. C. E. Van Schoor (Red.), *Generaal C R de Wet. 'n Bloemlesing* (pp. 36). Bloemfontein: Oorlogsmuseum.

Pretorius, F. (1976). Die eerste dryfjag op Hoofkmdt. C R. De Wet. *Christiaan De Wet Annale, 4*, 1-198.

Pretorius, F. (1985). *1899-1902. Die Anglo-Boereoorlog.* Kaapstad: Don Nelson.

Pretorius, F. (1990). Straf op kommando gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902. *Military History Journal, 8*(3), 1-4.

Pretorius, F. (1991). *Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog. 1899-1902.* Kaapstad: Human & Rousseau.

Pretorius, F. (1999). *Life on commando during the Anglo-Boer War. 1899-1902.* Pretoria: Human & Rousseau.

Pretorius, F. (2000). The experience of the Bitter-ender Boer in the Guerilla phase of the South African War. In J. Gooch (Ed.), *The Boer War. Direction, experience and image* (pp. 166-183). London: Frank Cass.

Pretorius, F. (2001a). *The great escape of the boer pimpernel. Christiaan de Wet. The making of a legend.* Pietermaritzburg: University of Natal Press.

Pretorius, F. (2001b). The Anglo-Boer War: An overview. In F. Pretorius (Ed.), *Scorched earth* (pp. 10-35). Cape Town: Human & Rosseau.

Pretorius, F. (2007). De la Rey. Die leeu van Wes-Transvaal. Pretoria: Protea Boekhuis.

Punch, K. F. (1998). *Introduction to social research. Quantitative and qualitative approaches.* London: Sage.

Punch, K. F. (2000). *Developing effective research proposals.* London: Sage.

Quirk, S. W., Christiansen, N. D., Wagner, S. H., & McNulty, J. L. (2003). On the usefulness of measures of normal personality for clinical assessment: Evidence of the incremental validity of the Revised NEO Personality Inventory. *Psychological Assessment, 15*(3), 311-325.

Raath, A. W. G. (2007). *De La Rey: 'n Stryd vir vryheid.* Brandfort: Kraal Uitgewers.

Rammstedt, B., & John, O. P. (2007). Measuring personality in one minute or less: A 10-items short version of the Big Five Inventory in English and German. *Journal of Research in Personality, 41*(1), 203-212.

Rayner, M. (2006). *Battlefields – exploring the arenas of war, 1805-1945.* Kaapstad: Struik.

Reitz, D. (1929). *Commando. A Boer journal of the Boer War*. London: Faber & Faber.

Rice, M. (2004). *From Dolly Gray to Sarie Marais. The Boer War in popular memory.* Cape Town: Fischer.

Roberts, B. (2002). *Biographical research.* Buckingham: Open University Press.

Rogers, A. G. (2003). Qualitative research in psychology: Teaching of narrative research. In R. Josselson, A. Lieblich, & D. P. McAdams (Eds.), *Up close and personal: The teaching and learning of narrative research* (pp. 49-60). Washington DC: APA Press.

Rosenthal, E. (1968). *General de Wet. A biography*. Cape Town: Simondium.

Rosenwald, G. C. (1988). A theory of multiple-case research. *Journal of Personality, 56*(1), 239-264.

Rossier, J., De Stadelhofen, F. M., & Berthoud, S. (2004). The hierarchical structures of the NEO PI-R and the 16 PF5. *European Journal of Psychological Assessment, 20*(1), 27-38.

Rossouw, S. H. (2003). *'n Eties-historiese beskouing van die rol van genl C.R. de Wet in die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*. Ongepubliseerde meestersgraad, Universiteit van Pretoria, Pretoria.

Rothmann, F. L. (1976). *Oorlogsdagboek van 'n Transvaalse burger te velde 1900-1901* (2de uitg.). Kaapstad: Tafelberg.

Rózsa, S., et al. (2008). A study of affective temperaments in Hungary: Internal consistency and concurrent validity of the TEMPS-A against the TCI and NEO-PI-R. *Journal of Affective Disorders, 106*(1), 45-53.

Rubinstein, G. (2005). The Big Five among male and female students of different faculties. *Personality and Individual Differences, 38*(7), 1495-1503.

Rubinstein, G. (2006). The Big Five and self-esteem among overweight dieting and non-dieting women. *Eating Behaviors, 7*(4), 355-361.

Rubinstein, G., & Strul, S. (2007). The Five-Factor Model (FFM) among four groups of male and female professionals. *Journal of Research in Personality, 41*(4), 931-937.

Runyan, W. M. (1981a). A historical and conceptual background to psychohistory. In D. Bertaux (Ed.), *Biography and society: The life history approach in the social sciences* (pp. 3-49). Beverley Hills, CA: Sage.

Runyan, W. M. (1981b). Alternatives to psychoanalytic psychobiography. In D. Bertaux (Ed.), *Biography and society: The life history approach in the social sciences* (pp. 219-241). Beverley Hills, CA: Sage.

Runyan, W. M. (1982). In defence of the case study method. *American Journal of Orthopsychiatry, 52*(3), 413-436.

Runyan, W. M. (1983). Idiographic goals and methods in the study of lives. *Journal of Personality, 51*(3), 414-437.

Runyan, W. M. (1984). *Life histories and psychobiography. Explorations in theory and method.* New York: Oxford University Press.

Runyan, W. M. (1988a). Progress in psychobiography. *Journal of Personality, 56*(1), 295-326.

Runyan, W. M. (1988b). *Psychology and historical interpretation*. New York: Oxford University Press.

Runyan, W. M. (1997). Studying lives: Psychobiography and the conceptual structure of personality psychology. In R. Hogan, J. Johnson, & S. Briggs (Eds.), *Handbook of personality psychology* (pp. 41-64). San Diego, CA: Academic Press.

Runyan, W. M. (2003). From the study of lives and psychohistory to historicizing psychology: A conceptual journey. *Annual of Psychoanalysis, 31*, 119-133.

Runyan, W. M. (2005). Evolving conceptions of psychobiography and the study of lifes. In W. T. Schultz (Ed.), *Handbook of psychobiography* (pp. 19-38). New York: Oxford University Press.

Runyan, W. M. (2006). Psychobiography and the psychology of science: Understanding relations between the life and work of individual psychologists. *Review of General Psychology, 10*(2), 147-162.

Rush, B. K., Malec, J. F., Moessner, A. M., & Brown, A. W. (2004). Preinjury personality traits and the prediction of early neurobehavioral symptoms following mild traumatic brain injury. *Rehabilitation Psychology, 49*(4), 275-281.

Ryckman, R. M. (1989). *Theories of personality* (4th ed.). Pacific Grove, CA: Brooks/Cole Publishing Company.

Saggino, A. (2000). The Big Three or the Big Five? A replication study. *Personality and Individual Differences, 28*(5), 879-886.

Sampson, P. J. (1915). *The capture of De Wet. The South African rebellion 1914.* London: Edward Arnold.

Sarbin, T. R. (1986). The narrative as a root metaphor for psychology. In T.R. Sarbin (Ed.), *Narrative Psychology: The storied nature of human conduct* (pp. 3-21). New York: Praeger.

Saroglou, V. (2002). Religion and the five factors of personality: A meta-analytic review. *Personality and Individual Differences, 32*(1), 15-25.

Saucier, G. (2002). Orthogonal markers for orthogonal factors: The case of the Big Five. *Journal of Research in Personality, 36*(1), 1-31.

Saucier, G., & Goldberg, L. R. (1996). The language of personality: Lexical perspectives on the Five-Factor Model. In J. S. Wiggins (Ed.), *The Five-Factor Model of personality: Theoretical perspectives* (pp. 21-50). London: The Guilford Press.

Saucier, G., & Goldberg, L. R. (1998). What is beyond the Big Five? *Journal of Personality, 66*(4), 495-524.

Saulsman, L. M., & Page, A. C. (2004). The Five-Factor Model and personality disorder empirical literature: A meta-analytic review. *Clinical Psychology Review, 23*(8), 1055-1085.

Schaefer, P. S., Williams, C. C., Goodie, A. S., & Campbell, W. K. (2004). Overconfidence and the Big Five. *Journal of Research in Personality, 38*(5), 473-480.

Schmidt, J. A., Wagner, C. C., & Kiesler, D. J. (1999). Convert reactions to Big Five personality traits: The impact message inventory and the NEO-PI-R. *European Journal of Psychological Assessment, 15*(3), 221-232.

Schoeman, K. (1998). *Witnesses to war.* Kaapstad: Human & Rousseau.

Scholtz, G. D. (1977). *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner, Deel IV, 1881-1899.* Johannesburg: Perskor.

Scholtz, G. D. (2000). *The Anglo-Boer War. 1899-1902.* Pretoria: Protea Boekhuis.

Scholtz, L. (1977). Die strategiese oogmerke van Genl. C. R. de Wet tydens die eerste dryfjag, Julie – Augustus 1900. *Historia, 22*(1), 12-19.

Scholtz, L. (1984). *Beroemde Suid-Afrikaanse krygsmanne*. Kaapstad: Rubicon.

Scholtz, L. (1999). *Waarom die Boere die oorlog verloor het.* Pretoria: Protea Boekhuis.

Scholtz, L. (2003). *Generaal Christiaan de Wet as veldheer.* Pretoria: Protea Boekhuis.

Scholz, R. W, & Tietje, O. (2002). *Embedded case study methods. Integrating quantitative and qualitative knowledge.* Thousand Oaks, CA: Sage.

Schultz, D. P., & Schultz, S. E. (2001). *Theories of personality* (7th ed.). Belmont, CA: Wadsworth/Thomson Learning.

Schultz, D. P., & Schultz, S. E. (2009). *Theories of personality* (9th ed.). Belmont, CA: Wadsworth/Thomson Learning.

Schultz, W. T. (2003). The prototypical scene: A method for generating psychobiographical hypotheses. In R. Josselson, A. Lieblich, & D. P. McAdams (Eds.), *Up close and personal: The teaching and learning of narrative research* (pp. 151-175). Washington DC: APA Press.

Schultz, W. T. (2005a). Introducing psychobiography. In W. T. Schultz (Ed.), *Handbook of psychobiography* (pp. 3-18). New York: Oxford University Press.

Schultz, W. T. (2005b). How to strike psychological pay dirt in biographical data. In W. T. Schultz (Ed.), *Handbook of psychobiography* (pp. 42-64). New York: Oxford University Press.

Schurink, E. M. (1998). Deciding to use a qualitative research approach. In A. S. de Vos (Ed.), *Research at grass roots: For the social sciences and human service professions* (2nd ed., pp. 239-263). Pretoria: Van Schaik.

Schurink, W. J. (1988). Lewensgeskiedenisse: Die gebruik van persoonlike dokumente. Die filosofie van kwalitatiewe navorsing. In M. Ferreira, J. Mouton, G. Puth, E. Schurink, & W. Schurink (Reds.), *Inleiding tot kwalitatiewe metodes* (pp. 1-13). Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

Schutte, N. S., Malouff, J. M., Segrera, E., Wolf, A., & Rodgers, L. (2003). States reflecting the Big Five dimensions. *Personality and Individual Differences, 34*(4), 591-603.

Seibert, S. E., & Kraimer, M. L. (2001). The Five-Factor Model of personality and career success. *Journal of Vocational Behavior, 58*(1), 1-21.

Shantall, T. (2003). The existential theory of Viktor Frankl (1905-1998). In W. Meyer, C. Moore, & H. Viljoen (Eds.), *Personology: From individual to ecosystem* (3rd ed., pp. 432-459). Sandown: Heinemann.

Shapiro, M. J. (1986). Reading biography. *Philosophy of the Social Sciences, 16*(3), 331-365.

Sharpe, J. P., & Desai, S. (2001). The Revised NEO Personality Inventory and the MMPI-2 Psychopathology Five in the prediction of aggression. *Personality and Individual Differences, 31*(4), 505-518.

Shearing, T., & Shearing, D. (1999). *Commandant Gideon Scheepers and the search for his grave.* Sedgefield: Taffy and David Shearing.

Shearing, T., & Shearing, D. (2000). *General Jan Smuts and his long ride.* Sedgefield: Taffy and David Shearing.

Silverman, D. (2005). *Doing qualitative research.* (2nd ed.). London: Sage.

Simango, M. (2006). *A psychobiographical study of Winnie Madikizela Mandela.* Unpublished Honours treatise. Rhodes University, Grahamstown.

Smeeton, B. (2005). *The psychological development of a Springbok rugby player. A psychobiographical study of Raymond Carlson.* Unpublished honours treatise, Rhodes University, Grahamstown.

Smit, G. J. (1983a). *Psigometrika. Aspekte van toetsgebruik* (2de uitg.). Pretoria: HAUM.

Smit, G. J. (1983b). *Navorsingsmetodes in die gedragswetenskappe.* Pretoria: HAUM.

Smith, J. A. (2003a). Introduction. In J. A. Smith (Ed.), *Qualitative psychology* (pp. 1-3). London: Sage.

Smith, J. A. (2003b). Validity and qualitative psychology. In J. A. Smith (Ed.), *Qualitative psychology* (pp. 232-235). London: Sage.

Smuts, C. (2009). *A psychobiographical study of Isie Smuts.* Unpublished master's dissertation, Nelson Mandela Metropolitan University, Port Elizabeth.

Soldz, S., & Vaillant, G. E. (1999). The Big Five personality traits and the life course: A 45-year longitudinal study. *Journal of Research in Personality, 33*(2), 208-232.

Sollod, R. N., Wilson, J. P., & Monte, C. F. (2009). *Beneath the mask. An introduction to theories of personality* (8th ed.). New York: John Wiley & Sons.

Spence, D. P. (1982). *Narrative truth and historical truth: Meaning and interpretation in psychoanalysis.* New York: Norton.

Stake, R. E. (2005). Qualitative case studies. In N. K. & Y. S. Lincoln (Eds.), *Handbook of qualitative research* (3rd ed., pp. 443-466). Thousand Oaks, CA: Sage.

Steel, P., & Ones, D. S. (2002). Personality and happiness: A national-level analysis. *Journal of Personality and Social Psychology, 83*(3), 767-781.

Steinmeyer, J. (1946). *Spykers met koppe.* Kaapstad: Nasionale Pers.

Stemmet, J. F. (1975). Die insameling van outobiografiese getuienisse oor die Anglo-Boereoorlog, *Christiaan de Wet-Annale, 3,* 105-122.

Strauss, A. L. (1987). *Qualitative analysis for social scientists.* New York: Cambridge University Press.

Strauss, C. M. (1998). *The Five-Factor Model of personality and locus of control as predictors of managers' performance.* Unpublished master's thesis, University of the Witwatersrand, Johannesburg.

Stroud, L. (2004). *A psychobiographical study of Mother Teresa.* Unpublished doctoral thesis, University of Port Elizabeth, Port Elizabeth.

Taylor, A., & MacDonald, D. A. (1999). Religion and the Five-Factor Model of personality: An exploratory investigation using a Canadian university sample. *Personality and Individual Differences, 27*(6), 1243-1259.

Taylor, N. (2005). *The construction of a South African five factor personality questionnaire*. Unpublished master's dissertation, Rand Afrikaans University, Johannesburg.

Taylor, R. L., & Rosenbach, W. E. (2000). *Military Leadership: In pursuit of excellence* (4th ed.). Boulder, CO: Westview Press.

Theron, E. (2001). Richter het nooit geweier om De Wet se opdragte uit te voer. In Volksblad en die Oorlogsmuseum. *Ons lesers vertel. Die lief en leed soos ná 100 jaar onthou* (pp. 84-86). Bloemfontein: Oorlogsmuseum.

Theron, J. P. (2000). Soos ek die Generaal geken het. In M. C. E. Van Schoor (Red.), *Generaal C R de Wet. 'n Bloemlesing* (pp. 39-41). Bloemfontein: Oorlogsmuseum.

Thring, A. L. (In press). *Seven months of commando*. Bloemfontein: War Museum.

Trew, P. (1999). *The Boer War generals*. Johannesburg: Jonathan Ball.

Trull, T. J. (1992). DSM-III-R personality disorders and the Five-Factor Model of personality: An empirical comparison. *Journal of Abnormal Psychology, 101*(3), 553-560.

Urbina, S. (2004). *Essentials of psychological testing.* Hoboken, NJ: John Wiley & Sons.

Vadum, A. C., & Rankin, N. O. (1998). *Psychological research. Methods for discovery and validation.* Boston, MA: McGraw Hill.

Van Bart, M., & Van Bart, E. (2005). *Inwyding: Anglo-Boereoorlog-monument te Laborie, Paarl. [Brosjure]. Kaapstad: Sanlam Trust.*

Van den Bergh, G. (1996). *24 Veldslae en slagvelde van die Noordwes Provinsie.* Potchefstroom: Noordwes Toerisme Assosiasie.

Van der Merwe, L. M. (1978). *Ingrid Jonker: 'n Psigologiese analise.* Ongepubliseerde doktorale tesis, Universiteit van Pretoria, Pretoria.

Van der Watt, P. B. (1977). *Die Nederduitse Gereformeerde kerk 1834-1866.* Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Van Hartesveldt, F. R. (2000). *The Boer War. Historiography and annoted bibliography.* London: Greenwood.

Van Niekerk, C. A. (2000). Tot heil van sy volk. In M. C. E. Van Schoor (Red.), *Generaal C R de Wet. 'n Bloemlesing* (pp. 9-11). Bloemfontein: Oorlogsmuseum.

Van Niekerk, L. E. (1985). *Kruger se regterhand. 'n Biografie van dr. W. J. Leyds.* Pretoria: Van Schaik.

Van Niekerk, R. (2007). *'n Psigobiografiese ontleding van Christiaan Neethling Barnard se loopbaanontwikkeling.* Ongepubliseerde meesters-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch.

Van Niekerk, T. (2003). *'n Feministiese analise van animasiekarakters vanuit 'n feministiese benadering.* Ongepubliseerde Magister Verhandeling, Universiteit van Pretoria, Pretoria.

Van Rooyen, J. J. (1982). *Kalender van die eeue.* Stellenbosch: Albertyn.

Van Schoor, M. C. E. (1973). *De Wet en sy verkenners.* Johannesburg: Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie.

Van Schoor, M. C. E. (2006). *Generaal J.C.G. Kemp en die epiese woestyntog.* Pretoria: Protea Boekhuis.

Van Schoor, M. C. E. (2007). *Christiaan Rudolph de Wet: Krygsman en volksman.* Protea Boekhuis.

Van Schoor, M. C. E., Malan, S. I, & Oberholster, J. J. (1964). *Christiaan Rudolph de Wet 1854 – 1922* (2de uitg.). Bloemfontein: N G Sendingpers.

Van Tonder, J. J. (1971). *Sewentien perd- en ruitermonumente in Suid-Afrika.* Krugersdorp: Outeur.

Van Tonder, J. J. (1974). *Kinderhelde en heldinnetjies van Suid-Afrika.* Krugersdorp: Perskor.

Van Wyk, J. (2001). Olof Bergh was 'n baie gehate man onder die Boere; het talle vermoor. In Volksblad en die Oorlogsmuseum. *Ons lesers vertel. Die lief en leed soos ná 100 jaar onthou* (pp. 173-175). Bloemfontein: Oorlogsmuseum.

Vearing, A., & Mak, A. S. (2007). Big Five personality and effort-reward imbalance factors in employees' depressive symptoms. *Personality and Individual Differences, 43*(7), 1744-1755.

Velting, D. M. (1999). Suicidal ideation and the Five-Factor Model of personality. *Personality and Individual Differences, 27*(5), 943-952.

Viljoen, H. G. (2003). The analytical theory of Carl Jung (1875-1961). In W. Meyer, C. Moore, & H. Viljoen (Eds.), *Personology: From individual to ecosystem* (3rd ed., pp. 93-125). Sandown: Heinemann.

Von Clausewitz, C. (1976). *On war*. NJ: Princeton University Press.

Vorster, M. S. (2003). *The life of Balthazar Johannes Vorster: A psychobiographical study.* Unpublished master's dissertation, University of Port Elizabeth, Port Elizabeth.

Wakabayashi, A., Baron-Cohen, S., & Wheelwright, S. (2006). Are autistic traits an independent personality dimension? A study of the Autism-Spectrum Quotient (AQ) and the NEO-PI-R. *Personality and Individual Differences, 41*(5), 873-883.

Waldman, D. A., Atwater, L. E., & Davidson, R. A. (2004). The role of individualism and the Five-Factor Model in the prediction of performance in a leaderless group discussion. *Journal of Personality, 27*(1), 1-28.

Walker, D. F., & Gorsuch, R. L. (2002). Forgiveness within the Big Five personality model. *Personality and Individual Differences, 32*(7), 1127-1137.

Wang, M., & Erdheim, J. (2007). Does the Five-Factor Model of personality relate to goal orientation? *Personality and Individual Differences, 43*(6), 1493-1505.

Warmenhoven, A. (2004). *A psychobiographical study of Wessel Johannes "Hansie" Cronje.* Unpublished master's dissertation, University of Port Elizabeth, Port Elizabeth.

Warmenhoven, A. (2006). *The emotional intelligence of "Hansie" Cronje: A psychobiographical study.* Unpublished doctoral thesis, Rhodes University, Grahamstown.

Wass de Czece, H. (1992). A Comprehensive View of Leadership. In R. L.Taylor & W. E. Rosenbach (Eds.), *Military Leadership: In pursuit of Excellence* (pp. 27-36). Boulder, CO: Westview Press.

Wassermann, J. M. (2004). *The Natal Afrikaner and the Anglo-Boer War.* Unpublished doctoral thesis, University of Pretoria, Pretoria.

Watson, L. C. (1976). Understanding a life history as a subjective document: Hermeneutical and phenomenological perspectives. *Ethos, 4*(1), 95-131.

Wessels, E. (1999). *Kwinkslag: Humor in die Anglo-Boereoorlog 1899-1902.* Pretoria: Van der Walt.

Wessels, E. (2001). *They fought on foreign soil.* Bloemfontein: Anglo Boer War Museum.

Wessels, E. (2002). *Veldslae. Anglo-Boereoorlog 1899-1902.* Pretoria: LAPA.

White, J. K., Hendrick, S. S., & Hendrick, C. (2004). Big Five personality variables and relationship constructs. *Personality and Individual Differences 37*(7), 1519-1530.

Widiger, T. A. (1992). Review of the NEO Personality Inventory. In J. J. Kramer & J. C. Connoley (Eds.), *The eleventh mental measurements yearbook* (pp. 605-606). Lincoln, NE: Buros Institute of Mental Measurements.

Widiger, T. A. (2005). Five-Factor Model of personality disorder: integrating science and practice. *Journal of Research in Personality, 39*(1), 67-83.

Wiersma, J. (1988). The press release: Symbolic communication in life history interviewing. *Journal of Personality, 56*(1), 205-238.

Wiggins, J. S., & Pincus, A. L. (1992). Personality: Structure and assessment. *Annual Review Psychology, 43*(1), 473-504.

Wiggins, J. S., & Trapnell, P. D. (1997). Personality structure: The return of the Big Five. In R. Hogan, J. Johnson, & S. Briggs (Eds.), *Handbook of personality psychology* (pp. 735-765). San Diego, CA: Academic Press.

Wildeboer, L. (2005). The boers were never guerrillas. *Southern Africa Arms and Ammunition Collectors Association, 28,* 29-36.

Wolfe, R. (2001). Designing qualitative research. In B. L. Berg (ed.), *Qualitative research methods for the social sciences* (4th ed., pp. 15-38). Needham Heights, MA: Allyn & Bacon.

Wu, K., Lindsted, K. D., Tsai, S., & Lee, J. W. (2008). Chinese NEO-PI-R in Taiwanese adolescents. *Personality and Individual Differences 44*(3), 656-667.

Yamagata, S., Suzuki, A., Yoshimura, K., Riemann, R., Ando, J., Ono, Y., et al. (2006). Is the genetic structure of human personality universal? A cross-cultural twin study from North America, Europe, and Asia. *Journal of Personality and Social Psychology, 90*(6), 987-998.

Yardley, L. (2000). Dilemmas in qualitative health research. *Psychology and Health, 15,* 215-228.

Yin, R. K. (1994). *Case study research: Design and methods* (2nd ed.). Beverly Hills, CA: Sage.

Yin, R. K. (2003a). *Case study research: Design and methods* (3rd ed.). Thousand Oaks, CA: Sage.

Yin, R. K. (2003b). Validity and qualitative psychology. In J. A. Smith (Ed.), *Qualitative psychology* (pp. 232-235). London: Sage.

Young, M. S., & Schinka, J. A. (2001). Research validity scales for the NEO-PI-R: additional evidence for reliability and validity. *Journal of Personality Assessment, 76*(3), 412-420.

Yukl, G. A. (2002). *Leadership in organizations.* New York: Prentice Hall.

Zhang, L. (2006). Thinking styles and the Big Five personality traits revisited. *Personality and Individual Differences 40*(6), 1177-1187.

Bylaag 1

*Belangrikste kontak met opponente waaraan De Wet deel gehad het*




| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | Amajuba | 27-01-1881 | 20 | Swawelkrans | 04-06-1900 |
| 2 | Ingogo | 08-02-1881 | 21 | Roodewal | 07-04-1900 |
| 3 | Bezuidenhoutspas | 18-10-1899 | 22 | Roodepoort | 15-06-1900 |
| 4 | Rietfontein | 24-10-1899 | 23 | Bethlehem | 07-07-1900 |
| 5 | Nicholsonsnek | 30-10-1899 | 24 | Brandwaterkom | 15-07-1900 |
| 6 | Ladysmith | 02-11-1899 – 28-02-1900 | 25 | Vredefort | 24-07-1900 |
| 7 | Bulwana | 04-11-1899 | 26 | Methuen | 09-08-1900 |
| 8 | Zwartbooiskop | 28-11-1899 | 27 | Magatosnek | 16-08-1900 |
| 9 | Magersfontein | 11-12-1899 | 28 | Frederikstad | 20-10-1900 – 25-10-1900 |
| 10 | Koedoesbergdrif | 05-02-1900 – 08-02-1900 | 29 | Doornkraal | 06-11-1900 |
| 11 | Watervaldrif | 15-02-1900 | 30 | Dewetsdorp | 21-11-1900 – 23-11-1900 |
| 12 | Paardeberg | 17-02-1900 – 27-02-1900 | 31 | Tafelkop | 02-21-1900 |
| 13 | Poplar Grove | 07-03-1900 | 32 | Tabaksberg | 29-01-1901 |
| 14 | Bloemfontein | 13-03-1900 | 33 | Vrouelaer | 03-06-1901 |
| 15 | Sannaspos | 31-03-1900 | 34 | Graspan | 06-06-1901 |
| 16 | Mostertshoek | 04-04-1900 | 35 | Tierkloof | 28-09-1901 |
| 17 | Jammerbergdrif | 09-04-1900 – 25-04-1900 | 36 | Spytfontein | 30-10-1901 |
| 18 | Swartlapberg | 28-04-1900 | 37 | Krismiskop | 25-12-1901 |
| 19 | Greylingstadstasie | 28-05-1900 | 38 | Holspruit | 22-02-1902 |

Bylaag 2

*Meetinstrumente wat gebruik is om geldigheid van die NEO-PI-R te bepaal*

| **Meetinstrument** | **Outeur(s)** | **Datum** |
|---|---|---|
| Adjective Check List | Gough en Heilbrun | 1965 |
| Adult Suicidal Ideation Questionnaire | Reynolds | 1991 |
| Autism-Spectrum Quotient | Baron-Cohen, Wheelwright, Skinner, Martin en Clubley | 2001 |
| Baddeley Reasoning Test | Baddeley | 1968 |
| Barron-Welsh Art Scale | Welsh | 1987 |
| Beck Depression Inventory | Beck, Rush, Shaw en Emery | 1979 |
| Brief Symptom Inventory | Derogatis | 1993 |
| California Psychological Inventory | Gough | 1969 |
| Centre for Epidemiological Studies-Depressed Mood Scale | Isreal, House, Schurman, Heaney en Mero | 1989 |
| Coping Resources Inventory | Hammer en Marting | 1988 |
| Dictionary of Occupational Titles | US Department of Labor | 1991 |
| Effort-Reward Imbalance Questionnaire | Siegrist | 1996 |
| General Knowledge Test | Irving, Cammock en Lynn | 2001 |
| HEXACO Personality Inventory | Lee en Ashton | 2004 |
| Hogan Personality Inventory | Hogan | 1986 |
| Injury Severity Score | Baker, O'Neill, Haddon en Long | 1974 |
| Jackson Personality Inventory | Jackson | 1967 |

| | | |
|---|---|---|
| Junior Eysenck Personality Inventory | Eysenck | 1963 |
| Love Attitudes Scale-Short Form | Hendrick, Hendrick en Dicke | 1998 |
| Minnesota Multiphasic Personality Inventory | Butcher, Dalhstrom, Graham, Tellegen en Kaemmer | 1989 |
| Myers-Briggs Type Indicator | Myers en McCaulley | 1985 |
| Occupational Stress Indicator | Cooper, Sloan en Williams | 1988 |
| Personal Assessment of Intimacy in Relationships | Schaefer en Olson | 1981 |
| Personal Problems Checklist for Adults | Schinka | 1985 |
| Personality Psychopathology Five | Harkness en McNulty | 1994 |
| Personality Research Form | Jackson | 1967 |
| Profile of Mood States | McNair, Lorr en Droppelman | 1992 |
| Relationship Assessment Scale | Hendrick | 1988 |
| Scholastic Aptitude Test (Revised) | Harper | 2002 |
| Sixteen Personality Factors | Cattell | 1956 |
| Social Support Scale | Caplan, Cobb, French, Van Harrison en Pinneau | 1975 |
| Temperament and Character Inventory | Cloninger, Svrakic en Przybeck | 1993 |
| Temperament Evaluation of the Memphis, Pisa, Paris and San Diego Autoquestionnaire | Akiskal, Mendlowicz, Jean-Louis, Rapaport, Kelsoe, et al. | 2005 |
| Wonderlic Personnel Test | Wonderlic | 1992 |
| Zuckerman-Kuhlman Personality Questionnaire | Zuckerman, Kuhlman, Teta, Joireman en Kraft | 1993 |

Bylaag 3

*Studies wat onderneem is om die Groot Vyf se bydrae tot ander eienskappe/gedrag/situasies te bepaal*

| **Eienskappe/Gedrag/ Ingesteldhede/Situasies** | **Navorser(s)** | **Jaar van publikasie** |
|---|---|---|
| Aangetrokkenheid | Noftle en Sahver<br>White, Hendrick & Hendrick | 2006<br>2004 |
| Beserings | Rush, Malec, Moessner en Brown | 2004 |
| Denkstyle | Zhang | 2006 |
| Depressie | Roza, et al<br>Chien, Ko en Wu | 2008<br>2007 |
| Geestesgesondheid | Steel en Ones | 2002 |
| Genotipe | Johnson en Krueger<br>Loehlin, McCrae, Costa en John | 2004<br>1998 |
| Geslag | Rubinstein<br>Rubinstein en Strul | 2005<br>2007 |
| Gesondheid | Mongrain<br>Schutte, Malouff, Segrera, Wolf en Rodgers | 1993<br>2003 |
| Huwelike | Donnellan, Conger en Bryant<br>Dorros, Hanzal en Segrin | 2004<br>Ter perse |
| Indrukvorming | Kammrath, Ames en Scholer | 2007 |
| Kinders | Del Barrio, Carrasco en Holgado<br>Hampson, Andrews, Barckley en Peterson | 2006<br>2007 |
| Kognisie | J. A. Edwards en Collins<br>Furnham, Moutafi en Chamorro-Premuzic | 2007<br>2005 |

| | | |
|---|---|---|
| Leierskap | Judge en Bono<br>Waldman, Atwater en Davidson | 2000<br>2004 |
| Motivering | Denissen en Penke<br>Judge en Ilies | Ter perse<br>2002 |
| Risiko's | B. D. Olson en Suls | 2000 |
| Selfmoord | Velting | 2007<br>1999 |
| Selfvertroue | Mongrain<br>Schaefer, Williams, Goodie en Campbell | 1993<br>2004 |
| Sin vir humor | Lopez en Snyder | 2003 |
| Skolastiese prestasie | O'Connor en Paunonen<br>Noftle en Robins | 2007<br>2006 |
| Spanning | Penley en Tomaka<br>Vearing en Mak | 2002<br>2007 |
| Vergewensgesindheid | Walker en Gorsuch | 2002 |
| Werkstevredenheid | Grant en Langan-Fox<br>Seibert en Kraimer | 2007<br>2001 |